
AOSIS

HTS | TEOLOGIESE STUDIES
THEOLOGICAL STUDIES

Supplementum 13



# Martin Luther

## 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte

Ignatius W.C. van Wyk

HTS Teologiese Studies / Theological
Studies Supplement 13

# Martin Luther

## 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte

AOSIS

Published by AOSIS (Pty) Ltd, 15 Oxford Street, Durbanville 7550, Cape Town, South Africa
Postnet Suite #110, Private Bag X19, Durbanville 7551, South Africa
Tel: +27 21 975 2602
Fax: +27 21 975 4635
Email: info@aosis.co.za
Website: https://www.aosis.co.za

Copyright © N. van Wyk. Licensee: AOSIS (Pty) Ltd
The moral right of the author has been asserted.

Cover image: Original design created with the use of an image found at https://en.wikipedia.org/wiki/File:Martin_Luther_by_Cranach-restoration.jpg. This is a faithful photographic reproduction of Martin Luther as a two-dimensional, public domain work of art (Luther46c.jpg). The work of art itself is free to use in the public domain. The original artwork is part of a collection from Augsburg, St. Anne's Church.

Published in 2019
Impression: 1

ISBN: 978-1-928523-07-9 (print)
ISBN: 978-1-928523-08-6 (ebook)
ISBN: 978-1-928523-09-3 (pdf)

DOI: https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91
How to cite this work: Van Wyk, I.W.C., 2019, 'Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte', in *HTS Theological Studies/Teologiese Studies*, suppl. 13, 75(5), pp. i–326, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91

Printed and bound in South Africa.

Listed in OAPEN (http://www.oapen.org), DOAB (http://www.doabooks.org/) and indexed by Google Scholar. Some rights reserved.

This is an open access publication. Except where otherwise noted, this work is distributed under the terms of a Creative Commons Attribution-NonCommercial-ShareAlike 4.0 International license (CC BY-NC-SA 4.0), a copy of which is available at https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/. Enquiries outside the terms of the Creative Commons licence should be sent to the Rights Department, AOSIS, at the above address or to publishing@aosis.co.za

The publisher accepts no responsibility for any statement made or opinion expressed in this publication. Consequently, the publishers and copyright holder will not be liable for any loss or damage sustained by any reader as a result of his or her action upon any statement or opinion in this work. Links by third-party websites are provided by AOSIS in good faith and for information only. AOSIS disclaims any responsibility for the materials contained in any third-party website referenced in this work.

Every effort has been made to protect the interest of copyright holders. Should any infringement have occurred inadvertently, the publisher apologises and undertakes to amend the omission in the event of a reprint.

HTS Teologiese Studies / Theological Studies Supplement 13

# Martin Luther

## 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte

Ignatius W.C. van Wyk

AOSIS

# Religious Studies domain editorial board at AOSIS

## Commissioning Editor: AOSIS Scholarly Books

Andries van Aarde Post-retirement Professor in the Dean's Office, Faculty of Theology, University of Pretoria, South Africa

## Board Members

**Warren Carter**, Professor of New Testament, Brite Divinity School, Fort Worth, United States

**Christian Danz**, Dekan der Evangelisch-Theologischen Fakultät der Universität Wien and Ordentlicher Universität professor für Systematische Theologie und Religionswissenschaft, University of Vienna, Austria

**Pieter G.R. de Villiers**, Associate Editor, Extraordinary Professor in Biblical Spirituality, Faculty of Theology, University of the Free State, South Africa

**Musa W. Dube**, Department of Theology & Religious Studies, Faculty of Humanities, University of Botswana, Botswana

**David D. Grafton**, Professor of Islamic Studies and Christian-Muslim Relations, Duncan Black MacDonald Center for the Study of Islam and Christian-Muslim Relations, Hartford Seminary, Hartford, Connecticut, United States

**Jens Herzer**, Theologische Fakultät der Universität Leipzig, Germany

**Jeanne Hoeft**, Dean of Students and Associate Professor of Pastoral Theology and Pastoral Care, Saint Paul School of Theology, United States

**Dirk J. Human**, Associate Editor, Deputy Dean and Professor of Old Testament Studies, Faculty of Theology, University of Pretoria, South Africa

**D. Andrew Kille**, Former Chair of the SBL Psychology and Bible Section, and Editor of the Bible Workbench, San Jose, United States

**William R.G. Loader,** Emeritus Professor Murdoch University, Perth, Western Australia

**Isabel A. Phiri**, Associate General Secretary for Public Witness and Diakonia, World Council of Churches, Geneva, Switzerland

**Marcel Sarot**, Emeritus, Professor of Fundamental Theology, Tilburg School of Catholic Theology, Tilburg University, the Netherlands

**Corneliu C. Simut**, Professor of Historical and Dogmatic Theology, Emanuel University, Oradea, Bihor, Romania

**Rothney S. Tshaka**, Professor and Head of Department of Philosophy, Practical and Systematic Theology, University of South Africa, Pretoria, South Africa

**Elaine M. Wainwright**, Emeritus Professor School of Theology, University of Auckland, New Zealand; Executive Leader, Mission and Ministry, McAuley Centre, Australia

**Gerald West,** Associate Editor, School of Religion, Philosophy and Classics in the College of Humanities, University of KwaZulu-Natal, South Africa


# Peer review declaration


The publisher (AOSIS) endorses the South African 'National Scholarly Book Publishers Forum Best Practice for Peer Review of Scholarly Books'. The manuscript was subjected to rigorous two-step peer review prior to publication, with the identities of the reviewers not revealed to the author(s). The reviewers were independent of the publisher and/or authors in question. The reviewers commented positively on the scholarly merits of the manuscript and recommended that the manuscript be published. Where the reviewers recommended revision and/or improvements to the manuscript, the authors responded adequately to such recommendations.

## Research Justification

In 2017 the world celebrated 500 years of the Reformation in the 16th century. Martin Luther was at the centre of this jubilee. He is the father of the Protestant Church. A large section of the Afrikaans-speaking community in Sub-Saharan Africa, and those scattered all over the world, belong to one of the Protestant churches. There is, however, not a single academic introduction to Luther in Afrikaans. This publication will be the very first. The purpose is also to introduce both the well-known and unknown writings of Luther to students and lecturers. Most readers will be able to read passages from his letters, sermons and commentaries for the first time. This book will hopefully be the beginning of a Sub-Saharan African Luther reception, and a major contribution to the South African scholarship on Church History. It may well be the first publication that offers biographical information, as well as information on and translations of his writings. The book is written from a Southern African perspective. The author is looking to Luther for answers to African problems and challenges. Many of Luther's writings are relevant to our situation. For example, he urged authorities and parents to ensure education for all children. In this country thousands of children are not at school, or do not complete their school education. Although we are centuries apart, we could still learn from Luther in this regard. Specialists in Church History and Systematic Theology, as well as ministers and students, should find the book interesting, helpfull and educational. Hopefully the book will become prescribed literature at faculties of theology and seminars. Universally accepted methodologies in the writing of Church History are followed. One of the unique features of this research is the translations into Afrikaans of quotations from Medieval German and Latin. This has never been done previously. Some paragraphs in two chapters have been published before. I have indicated these clearly, even though they have been reworked and expanded on. No part of this book is plagiarised. All research and translations are my own work, as I do not rely on any other person or source.

**Prof. Dr I.W.C. van Wyk,** Department of Historical and Systematic Theology, Faculty of Theology and Religion, University of Pretoria, South Africa.

Vir Neltjie

# Inhoudsopgawe


Summary xv
Outeursbiografie xix
Voorwoord xxi

**Hoofstuk 1: Gesinslewe, opvoeding en onderwys 1**
1.1. Inleiding 1
1.2. Biografie 2
1.2.1. Die kind Luther en sy gesin 2
1.2.2. Luther se skoolopleiding 4
1.2.3. Luther as gesinsman 5
1.2.4. Opvoeding en onderrig in die Luther-huishouding 9
1.2.5. Luther se sukses in opvoeding en onderwys 12
1.3. Geskrifte oor huwelik, gesin en die onderwys 13
1.3.1. Huwelik en gesin 13
1.3.2. Opvoeding en onderwys 17
1.3.3. Opvoeding tuis 26
1.4. Teologiese verband: Die kinderdoop 28
1.5. Impulse vir die gesins- en onderwyskrisis vandag 32
1.6. Oorsig 33

**Hoofstuk 2: Tersiêre opleiding en die taak van die universiteit 35**
2.1. Inleiding 35
2.2. Biografie 36
2.2.1. Luther se tersiêre opleiding 36
2.2.2. Invloede op Luther se akademiese vorming 39
2.2.2.1. Die Erfurt-Ockhamisme 39
2.2.2.2. Humanisme 41
2.2.2.3. Augustinus 43
2.2.2.4. Johannes von Staupitz 44

2.2.2.5. Mistiek 46
2.2.2.6. Bernhard van Clairvaux 49
2.2.3. Navorsing, lesings en disputasies 50
2.2.4. Vroeë ontwikkeling van die Lutherse universiteitswese 54
2.3. Geskrifte: Vroeë disputasies 56
2.3.1. Disputasie teen die skolastieke teologie 56
2.3.2. Disputasie oor die aflaatstelsel 59
2.4. Die waarde van die Luther-navorsing vir teologiese opleiding in die suidelike halfrond 67
2.5. Oorsig 68

**Hoofstuk 3: Die klooster: Wie is God? 69**
3.1. Inleiding 69
3.2. Biografie 70
3.2.1. Luther word priester 70
3.2.2. Die algemene godsdienstigheid van daardie tyd 72
3.2.3. Sy lewe as monnik en priester 73
3.2.4. Doseerwerk en navorsing as priester 74
3.2.5. Luther se angservarings as priester en die ontdekking van die genade van die evangelie 77
3.3. Teologiese besinnings oor die predestinasie-angs 83
3.3.1. *'n Preek ter voorbereiding op die dood* 83
3.3.2. *De servo arbitrio* 84
3.3.3. *Die loflied van Maria* 87
3.4. Vandag nog aktueel? 90
3.5. Oorsig 91

**Hoofstuk 4: Wat is teologie? 93**
4.1. Inleiding 93
4.2. Biografie: Naamsverandering en vrye kritiese debatvoering 94
4.3. Teologie: Geskrifte en histories sistematiese besinnings 97
4.3.1. Kruisteologie: Die *Heidelbergse disputasie* 97
4.3.2. Die primêre en sekondêre take van die teoloog 99

4.3.3. Die vryheid van ’n Christenmens 101
4.3.4. Die uitsluitlikheidsformules 110
4.3.5. Weereens: Wat is teologie volgens Luther? 113
4.4. Enige relevansie? 115
4.5. Oorsig 116

**Hoofstuk 5: Die Bybel: Vertaling, verstaan en gebruik 117**
5.1. Inleiding 117
5.2. Biografie 118
5.2.1. Die gebeure tussen Januarie 1520 en 04 Mei 1521 118
5.2.2. In die Wartburgkasteel 120
5.2.3. Studeerwerk, geskrifte en postille 122
5.2.4. Die vertaling van die Bybel in die moedertaal 127
5.3. Geskrifte en besinnings oor die Woord van God 130
5.3.1. Die wetenskap van Bybelvertaling 130
5.3.2. Teologie as Skrifuitleg 133
5.3.2.1. Luther en die Bybel 133
5.3.2.2. Christosentriese Bybelverstaan 134
5.3.2.3. Skrifverstaan as onderskeidingsleer 135
5.3.3. Hermeneutiese vertrekpunte van Bybeluitleg 136
5.3.4. Die voorwaardes vir korrekte Skrifverstaan 139
5.3.4.1. Gebed (*oratio*) 139
5.3.4.2. Meditasie (*meditatio*) 139
5.3.4.3. Aanvegting (*tentatio*) 140
5.4. Teologiese verband 141
5.4.1. Kerk van die Woord 141
5.4.2. Die gebruik van die Woord by formele kerklike pligplegings 148
5.4.2.1. Lukas 14:1–6 (Die man wat aan water gely het) 150
5.4.2.2. Matteus 23:6–12 (ereplekke en voorste sitplekke) 151
5.5. Oorsig 153

**Hoofstuk 6: Regverdiging en die werke** **155**
6.1. Inleiding 155
6.2. Sistematiese besinning oor die regverdigingsleer 156
6.2.1. Die regverdigingsleer as die hart van Luther se teologie 156
6.2.2. Estetiese innovasie 158
6.2.3. Drie gestaltes van geregtigheid en sonde 163
6.2.4. Twee gestaltes van regverdiging 167
6.2.5. Regverdiging en geloof in God se barmhartigheid 169
6.2.6. Geloofsgeregtigheid en werke 170
6.3. Die regverdigingsleer: 'n Argiefstuk? 175
6.4. Oorsig 176

**Hoofstuk 7: Regverdiging en geregtigheid in die ekonomie** **177**
7.1. Inleiding 177
7.2. Biografie 178
7.2.1. Die sosio-ekonomiese werklikhede van Middel-Duitsland 178
7.2.2. Katharina von Bora as beroepsvrou 181
7.2.3. Die aflaatstelsel: Onetiese welvaartsgodsdiens 183
7.3. Stellings, preke en geskrifte oor ekonomiese vraagstukke 187
7.3.1. *Die 95 stellings teen die aflaat* 187
7.3.2. Die *preek oor die aflaat en die genade* 189
7.3.3. Die *preek oor die onregverdige Mammon* 190
7.3.4. Die uitleg van die Sewende Gebod 194
7.3.5. Gemeentelike finansies en die eise van die liefde 197
7.4. Armoede in Suider-Afrika: Diakonale kerkwees? 200
7.5. Oorsig 201

**Hoofstuk 8: Kerk en politiek** **203**
8.1. Inleiding 203
8.2. Biografie 204

8.2.1. Luther, die Ryk, die keisers en die vorste 204
8.2.2. Die boere-opstand 208
8.3. Geskrifte 212
8.3.1. Hervorming van die Christendom: Adelgeskrif 212
8.3.2. Christelike regering 216
8.3.3. Die plig van owerheid en onderdaan 218
8.3.4. Gehoorsaamheidsplig en die 'twee regimente-leer' 219
8.3.5. Vrede ten alle tye! 222
8.3.6. Die verwerping van geweld en straf vir geweldenaars 223
8.3.7. Christenskap en oorlog 225
8.4. Teologiese verband: Skuld en skuldvergewing volgens die vyfde bede 227
8.5. Oorsig 229

**Hoofstuk 9: Oudword, siekte en die dood 231**

9.1. Inleiding 231
9.2. Biografie 232
9.2.1. Die pes 232
9.2.2. Die dood van sy eie kinders 233
9.2.3. Sy eie siekte en dood 234
9.3. Tafelgesprekke, geskrifte, briewe, gesange en preke 240
9.3.1. Tafelgesprekke 240
9.3.2. Geskrifte 242
9.3.3. Troosbriewe en -gesange 250
9.3.4. Preke 257
9.4. Sistematiese opheldering van enkele eskatologiese vraagstukke 260
9.4.1. Die dood as 'slaap' 260
9.4.2. Die laaste oordeel en die regverdiging deur die geloof 263
9.5. Teologiese verband: Herinneringskultuur 267
9.5.1. Melanchthon se lyksrede 267
9.5.2. Uitgawes van Luther se versamelde werke 270

9.5.3. Die behoefte aan 'n biografie 270
9.5.4. Gedenkdae en die Luther-jubileum van 1617 271
9.5.5. 1717–1917 274
9.6. Oorsig 275

**Aanhangsel** **277**
**Literatuurverwysings** **291**
**Index** **317**

# Summary

Martin Luther (1483-1546) was responsible for starting the reformation of the sixteenth century in Europe. It is important that South Africans get acquainted with the man, his thoughts and his writings. We can no longer rely on a few remarks from secondary works on this important theologian.

This is the first academic work on the life, thoughts and writings of Martin Luther in Afrikaans. For the first time, the primary sources of Luther's works were used in writing the book. Important enunciations of Luther were translated from late-medieval German and Latin into Afrikaans, whilst the original wordings are presented in footnotes.

One of the aims of this book is to show the relevance of Luther for the South African context. The themes were chosen and constructed in a way that demonstrates the relevance for present-day southern African debates. In spite of the historic and cultural distance between Luther and us, there are still many similarities in terms of questions and challenges.

One unique aspect of the book is that themes that are not normally considered together are discussed together here, to enhance the present-day relevance of Luther's thoughts for our African context.

Chapter one deals with Luther's family life, his education and his writings on the school-system and education of children. The quality of education for children remains one of southern Africa's biggest challenges. Luther's vision for a new school-system is worth reconsidering. The theme of infant baptism is discussed in this chapter, because it helps to understand his vision for education for all.

Chapter two deals with Luther's academic education and his understanding of the task of the university. The various academic

influences on his theological thinking are explained. Special attention is given to the disputation-system of that time. Without this academic mechanism, it would not have been possible to criticise the indulgences of that time.

Chapter three deals with the question ‘who is God?’, with Luther’s change of career and his religious conflicts receive attention. Many pages are devoted to his fear of God’s wrath and the unknown outcome of God’s predestination. His discovery of God’s righteousness in Christ is explained. Three of Luther’s publications on his new understanding of God are presented.

The fourth chapter deals with question ‘what is theology?’ Information on his change in name is provided. His new name ‘Luther’ was an indication of his new direction in theology, namely, a critical approach to medieval theology. This ‘new theology’ is discussed by concentration on his ‘Heidelberg disputation’, his ‘Freedom of a Christian’, and a preface to a group of sermons. Two short systematic orientations give clarity on his exclusivity particles and his understanding of theology as ‘wisdom’.

Chapter five deals with the Bible. Translation, understanding and the use of the Bible receive attention. After a short systematic overview on his understanding of the Bible, some of his writing concerning the themes mentioned are discussed.

Chapter six deals with the question of justification and good deeds. Hence, this is one of the main themes of his theology, and a careful account is given of his arguments. The aesthetic dimensions of his teachings on justification are also explained.

Chapter seven deals with justification and justice in the economy. This chapter is of special importance to the African situation and is recommended for careful consideration. The role of his wife, Katharina von Bora, as an entrepreneur should receive curious readers. The economic background to the *95 Theses* is also discussed.

Chapter eight deals with the relationship between church and politics. The duty of the state and the question of violent

resistance are discussed. Literature, such as his exposition of the ‘*magnificat*’, is used in order to give a more balanced view of Luther’s stance on these matters.

Chapter nine deals with the problems of aging, sickness and death. In this chapter, the ‘human heart’ of the reformer is discovered. The way he dealt with the death of his daughters and parents gives us an entirely different – more humane – picture of this man. The way he and his colleagues dealt with death and buried people conveys important lessons to communities where respect for the dead has disappeared.

The book ends with a chronological overview of Luther’s life and important events during his lifetime.

# Outeursbiografie

**Prof. Dr Ignatius W.C. (Natie) van Wyk**
Affiliasie: Departement Historiese en Sistematiese Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria, Pretoria, Suid-Afrika
Epos: hto@mweb.co.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-5761-2572

Natie van Wyk (1953) is tans navorsingsgenoot van die Departement Historiese en Sistematiese Teologie, Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. Hy was vóór sy emeritaat in 2018, professor in Sistematiese Teologie. Hy het tussen 1981 en 1984 onder Gerhard Sauter in Bonn, Duitsland, studeer. In hierdie tyd doen hy ook periodiek navorsing in Tübingen en Wuppertal. Hy was sedert 1996 Hoof van die Hervormde Teologiese Opleiding en sedert 2005 Direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie. Gedurende 2016 en 2017 was hy verantwoordelik vir die organisering van Reformasie 500 in Suid-Afrika. Hy was die redakteur van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* en afdelingredakteur van die *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*. Hy is getroud met Prof. Dr Neltjie van Wyk (Verpleegkunde, UP). Hulle het twee seuns, Gert en Naas.

# Voorwoord

Daar kan tereg gevra word waarom 'n boek in Afrikaans oor Martin Luther geskryf word so kort na die 500-jarige viering van die Reformasie in 2017. Is daar in 2017 nie genoeg oor hierdie man en sy teologie geskryf nie? My betrokkenheid by die viering van die Reformasie in 2017 het my bewus gemaak van die gebrek aan kennis oor Luther en sy teologie onder Afrikaanssprekendes en gevolglik die nodigheid van 'n publikasie soos hierdie een. Selfs predikante met 'n universiteitsopleiding weet bitter min van die eerste en belangrikste reformator. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar betreklik min oor Luther in die loop van jare in Afrikaans geskryf is. Daar bestaan in elk geval nie 'n omvattende wetenskaplike biografie en/of teologie van Luther wat in Afrikaans gepubliseer is nie.[1] Die jubileum van 2017 kan beslis nie die laaste woord in Afrikaans oor Luther wees nie. Hopelik sal dié jubileum wel die beginpunt van 'n grondige Afrikaanse Luther-resepsie aandui.

Resente biografieë oor Luther beslaan almal 300 bladsye of méér. Aangesien hierdie publikasie méér as 'n biografie wil wees, kan daar slegs aan sekere biografiese inligting aandag geskenk word. Slegs historiese gegewens wat met die teologiese tekste verband hou en/of die agtergrond skets, geniet aandag. Die historiese inligting word aan die begin van elke hoofstuk en in langer voetnote aangebring. Die voetnote van hierdie publikasie is daarom van besondere belang en behoort noukeurig gelees te word. Die ontstaanshorison van Luther se uitsprake is van groot belang vir die historiese teologie. Om hierdie rede word daar

1. Klaus Nürnberger se *Sistematiese teologie* (1975) is oorwegend Luthers van aard, maar is nie suiwer Lutherse dogmatiek nie. Sy Luther-boek (2005) is slegs in Engels beskikbaar. Kleiner, populêre en/of populêr wetenskaplike publikasies word nie hier verreken nie.

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, 'Voorwoord', in 'Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte', *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. xxi–xxiv, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.00

plek-plek kontekstuele inligting aangebied. Ons volstaan egter nie met die kontekstualiteit van sy teologie nie, aangesien Luther veel meer is as sy historiese konteks. Hy bly rigtinggewend in 'n konteks baie ver verwyderd van die Europese Laat Middeleeue. Kontekstualisering en herkontekstualisering is een van die doelwitte van hierdie publikasie (net soos dit tans in die Duitse Luther-navorsing die geval is – vgl. Leppin [2010] 2017:314–316).

In die boek word daar breedvoerig op sekere geskrifte van Luther of op groot gedeeltes uit ander geskrifte gekonsentreer. Een van die gebreke van die Afrikaanse teologiese tradisie is dat die inhoud van Luther se geskrifte nie verreken word nie. Die beskrywing van Luther se teologie steun meestal op 'n paar geykte aanhalings komende uit hoofsaaklik Nederlandse sekondêre literatuur oor Luther. Die bestudering van die primêre bronne was vir die meeste Afrikaanse teoloë nog nooit 'n prioriteit nie. Een rede kan wees dat Afrikaanssprekende mense nog nooit kans gesien het om Luther se Latynse en Laat-Middeleeuse Duitse tekste te lees nie. Die teologiese gedeeltes in hierdie boek maak onder meer gebruik van uitvoerige daarstellings van sekere geskrifte met die bedoeling om die leser op hierdie wyse in te lyf in Luther se styl en die inhoud van sy denke. Al die aanhalings word in idiomatiese Afrikaans aangebied en is die pennevrug van die outeur. Daar word dus afgesien van 'n letterlike, woord vir woord vertaling van tekste. Waar daar na belangrike of unieke uitsprake verwys word, word die oorspronklike woorde van Luther in die voetnote aangebring – vir kontrole deur die leser.

Martin Luther se geskrifte geniet nie normatiwiteit binne die Afrikaanssprekende gemeenskappe, wat oorwegend nie aan een van die Lutherse kerke gekoppel is nie. Nogtans word daar dikwels verwysings na Luther en die Lutherse tradisie gemaak – klaarblyklik omdat hy tog 'n verskuilde gesagsfiguur in die kollektiewe gedagtenis van die Afrikaanssprekende is. Daar word binne die Afrikaanssprekende teologiese gemeenskappe (al is dit net vaagweg) vermoed dat ons in Luther met 'n geloofwaardige verklaarder van die Skrif te make het. Dit blyk verder dat belangstellendes tog graag breedvoeriger met Luther se eie

woorde, uitdrukkings en argumente kennis wil maak, en om hierdie rede word sekere van Luther se belangrike of omvangryke relevante gedeeltes uit geskrifte daargestel. In plaas daarvan om ’n paragraaf of twee oor sy verstaan van die huwelik aan te bied, word die leser eerder aan een of twee van sy geskrifte oor die huwelik voorgestel. Hierdie strategie kan moontlik net groter begrip vir sy standpunte wek. ’n Kolleksie van losstaande aanhalings uit Luther se werk wat sekondêr aaneengeryg word, skep dikwels ’n verwronge beeld van sy denke.

Die verband tussen Luther se biografie en teologie is ’n komplekse aangeleentheid. Onlangse kongresse in Duitsland (vgl. Korsch & Leppin [2010] 2017) het hierdie kompleksiteit indringend bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat die problematiek nie bevredigend uitgepluis kan word nie (Leppin [2010] 2017). Daar word daarom in hierdie boek afgesien van ’n teoretiese standpuntinname oor die verhoudingsproblematiek. Vir ’n ‘inleiding’ is dit ook nie gebiedend noodsaaklik nie. Biografiese inligting word ’n bietjie anders as gewoonlik aangebied. Die uniekheid van die aanbieding van die biografiese inligting hang saam met en vloei voort uit die tematiese ordening van die stof. Luther se biografie word dus nie konsekwent chronologies gevolg nie, aangesien ’n tematiese ordening soms ’n vooruitgryp en soms ’n teruggryp op sy lewe vereis.

Daar het die afgelope dekade internasionaal honderde boeke oor Luther se lewe en werk verskyn. Hier kan nie werklik iets nuuts gesê word deur ’n Suid-Afrikaner wat nie gereeld direkte toegang tot die Duitse argiewe en biblioteke het nie. Nogtans word ’n Afrikaanse bydrae tot die Luther-resepsie aangebied. Binne ons konteks in Suider-Afrika hoop ons om uit Luther se werk impulse tot antwoorde te kry op die godsdienstige en sosiaal-politieke vraagstukke waarmee ons gekonfronteer word. Ons unieke invalshoek en eie vraagstellings verskil van bydraes uit ander lande en kontekste. Ons unieke vraagstellings kan dalk help om die diepte en rykdom van Luther se teologie net nog duideliker aan te dui. Met dié boek wil ek ’n bydrae lewer tot die vestiging van ’n outentieke Afrikaanse Luther-resepsie.

Nog ’n onderskeidende kenmerk van die boek is die teologiese verbande wat tussen bepaalde temas gelê word. Die doop kom byvoorbeeld ter sprake binne die konteks van die gesinslewe en nie as ’n aparte tema nie, dikwels aan die einde van ’n boek. Die verbandlegging (wat soms dalk vreemd kan voorkom) is ’n metodologiese benadering met die potensiaal om die relevansie van Luther se teologie vir Afrikaanssprekendes aan te dui. Sy hantering van sondevergewing kry byvoorbeeld aandag in die hoofstuk oor die politiek – juis omdat skuld en vergewing ons volg waar ons ook in die wêreld is.

In die boek word daar afgesien van polemiek en kritiese gesprekvoering. Waar daar krities ingespeel word (ter wille van aktualisering) op hedendaagse tendense en neigings, word daar geen literatuur aangegee nie. Die rede: Die beperkte ruimte laat nie verwysings na sekondêre gespreksliteratuur toe nie. In debatte wat uit hierdie publikasie voortspruit, kan sekondêre Afrikaanse literatuur betrek word.

Hoofstuk 1

# Gesinslewe, opvoeding en onderwys

## 1.1. Inleiding

Afrikaanssprekende gemeenskappe in suidelike Afrika en elders in die wêreld, word deur twee groot krisisse gekonfronteer, naamlik 'n gesins- en 'n onderwyskrisis. Huwelike verbrokkel teen 'n vinnige tempo met die gevolg dat meer en meer kinders in onstabiele omstandighede grootword. Hand aan hand met die gesinskrisis, gaan die onderwyskrisis. Ondanks uitstaande skoolonderrig in sekere gebiede en in sekere gemeenskappe, beleef talle gemeenskappe skoolonderrig as 'n ramp. Elke leser van hierdie boek weet van die groot getal leerlinge wat nooit by matriek uitkom nie, en van die skokkende statistieke wat aantoon dat talle laerskoolkinders nie met begrip kan lees nie.

Die vraag is: Kan ons uit Martin Luther se lewe en werk positiewe idees kry vir die taak wat voorlê? Ek meen dit is wel die geval. Nieteenstaande die groot historiese afstand tussen ons en Luther, bly die basiese uitdagings dieselfde. By Luther leer ons wat nodig is vir 'n gelukkige gesinslewe en suksesvolle skoolonderrig.

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, 'Gesinslewe, opvoeding en onderwys', in 'Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte', *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 1–33, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.01

# 1.2. Biografie

## 1.2.1. Die kind Luther en sy gesin

Dit is onseker wanneer Martin Luther gebore is. Daar word in die navorsing aanvaar dat hy op 10 November 1483 in Mansfeld gebore is, maar dit kon net sowel 1484 gewees het. Volgens sy eerste biograaf, Philipp Melanchthon[2] ([1546] 2011:180), is hy in 1483 gebore. Die teologiese tradisie volg die Melanchthon-weergawe (Dietrich [2008] 2013:15–19; Leppin [2006] 2010:16; Schilling 2014:24). Hy is op 11 November in die Petrus Paulus-kerk in Eisleben as Martin Luder[3] gedoop.

2. Melanchthon het ook 'n inskrywing in die Wittenbergse Dekaansboek gemaak waarin hy die geboortejaar as 1483 vasgestel het. Melanchthon het dit gedoen op grond van die mening van Luther se jonger broer Jacob. Hy het die mening van die familie verwoord. Daar moet egter onthou word dat tot en met 1900 daar geen sekere datum was nie. Die menings het gewissel tussen 1482 en 1484. In 1883 het die Duitse keiser 'n jubileumjaar uitgeroep wat die mening rondom 1483 versterk het. Die jubileum van 1983 het die jaartal weer onder debat gestel. Die volgende inligting is in die debat ingetrek. Ten gunste van 1482 geld die volgende argumente: Volgens Melanchthon was Luther in Oktober 1508, 26 jaar oud. In 1542 het Luther self gemeen dat hy 60 jaar oud was – (WA TR 5, 138–139. Nr. 5428; WA TR 5 [1531–46] 1919:138–139). Volgens Melanchthon se latere inskrywing by die Luther-skildery van Hans Reifenstein, het Luther op 64-jarige ouderdom gesterwe. Die plaat op Luther se graf in die stadskerk van Jena, wat in die kasteelkerk in Wittenberg gedupliseer is, stel dat Luther op 07 Desember (!) 1482 in die ouderdom van 63 jaar, 2 maande en 10 dae gesterwe het. Ten gunste van 1484 geld die volgende argumente: Volgens Melanchthon is Luther se mening in bogenoemde tafelgesprek dat hy 60 jaar oud in 1542 sou wees, nie korrek nie. Hiervoor beroep hy hom op Luther se moeder wat beweer het dat hy slegs 58 jaar oud sou wees. In 1545 sou Melanchthon blykbaar iewers geskryf het dat Luther 62 jaar oud sou wees. Op 10 November 1558 het die Senaat van die Universiteit van Wittenberg die man gedenk wat toe 74 jaar tevore gebore is. Die eerste kort biografie van Luther dui die geboortejaar as 1484 aan. Luther het eenkeer (WA 47, 581, 26; [1537–1540] 1912:581) aangedui dat hy in die jaar gebore is toe die pous gesterf het. Sixtus IV het in 1484 gesterf. Luther het in Julie 1498 (WA 47, 383, 24; [1537–1540] 1912:383) gereken dat hy 15 jaar oud was. Volgens legendes het sy moeder, Margarethe, vertel dat sy toevallig in Eisleben was en deur die geboorte van Martin verras is. Dít moes dan in 1484 gewees het. Volgens die huidige stand van die navorsing is daar dus 'n groter waarskynlikheid dat hy in 1484 gebore is. Daar word egter volhard met die tradisie van 1483 (vgl. Staats 2015:237–238).

3. Martin heet eers sedert 1517 Luther. Die verandering aan die spelling van sy van geniet aandag in Hoofstuk 4.

Die naam Martin is ontleen aan die heilige Martin wat op 11 November herdenk is.

Martin Luder was die oudste seun van Hans en Margarethe Luder van Eisleben, Duitsland. Sy moeder was 'n nooi Lindemann uit Eisenach. Volgens sy eie weergawe was hulle gewone, arm boere.[4] Hy (WA TR 5, 51, 8–13. Nr. 2888a; Dithmar 2010) het by tafelgesprekke die volgende van hulle vertel: 'My vader was in sy jeug 'n arm boerseun. My moeder het al haar hout op die rug gedra. Net só het sy ons ook [*gedra*] en grootgemaak ...'.

En verder (WA TR 5, 558, 13–22, Nr. 6250; Dithmar 2010):

> Ek is 'n plaaskind. My voorouers, my oupa en my pa was werklike boere gewees. My vader het [*later*] na Mansfeld getrek en dáár op die myn gaan werk. Dít is wie ek is! Ek het egter 'n Baccalaureaat, is 'n [*man met*] 'n Magister en het 'n monnik geword. Ek het die pous in die hare gevlieg, en hy vir my. Ek het 'n weggeloopte non as vrou geneem. Sou die sterre dít ooit kon voorspel? Wie sou dít vir my kon beloof het? (p. 19)

In 1484 verhuis die familie na Mansfeld waar Hans op 'n klein skaal met koperontginning begin. Hieruit sou hy 'n klein fortuintjie gemaak het. Hier het Martin sy kinderjare deurgebring terwyl die

4. Die Luther-argeologie van die laaste dekades het Luther se bewering oor sy ouers se armoede onder verdenking gebring. Daar is met redelike sekerheid vasgestel dat sy pa uit die elite van die boeregemeenskap van Möhra gekom het. Hy het op 'n jong ouderdom kennis van die mynbou en koperverwerking opgedoen en saam met sy vrou 'n winsgewende bedryf opgebou. Hy het 'n aandeel in minstens vyf ontginningsgebiede gehad. Dit was egter harde handearbeid. Hans het ander arbeiders in 'hofsake' teen die adel verteenwoordig. Hy was dus in vandag se taal 'n 'vakbondleier', met 'n jaarlikse inkomste van 80 Gulde. Hy was self 'n grondbesitter en het geld teen rente uitgeleen. Die feit dat sy moeder hout op haar rug gedra het, is ook nie vreemd vir vroue uit die middelstand van daardie tyd nie. Weens die agteruitgang van die mynbouwese en die hoë inflasie het die gesin wel later finansiële probleme ontwikkel. Hy het egter met 'n batige saldo van 1250 gulde gesterwe. Dit is duidelik dat Hans sy seun se studieskuld in Erfurt kon betaal. Die feit dat Martin priester geword het, het die verhouding met sy vader vertroebel. Sy huwelik in 1525 het die wonde genees. Hy het voor hulle dood troosbriewe aan sy ouers geskryf, wat bewys dat hy 'n goeie verhouding met hulle gehad het (vgl. Treu 2015a:189–190).

gesin al groter[5] geword het. Hy beskryf sy eie opvoeding as streng, maar liefdevol.[6] Hy is opgevoed in die tradisionele kerklike vroomheid.

## 1.2.2. Luther se skoolopleiding

Op 12 Maart 1491 is Martin as sewe-jarige kind in die 'openbare skool' ('*Trivialschule*') in Mansfeld opgeneem. Hier word hy geleer om te lees, te skryf en te bereken. Die onderrig was van 'n baie hoë standaard, aangesien dit 'n inleidende kursus was tot die *trivium* – die drie basiese vakke van die universiteitswese, naamlik grammatika, logika en retoriek. Aangesien universiteitsonderrig in Latyn geskied het, het hy van 'laerskooldae' af intensiewe Latynonderrig ontvang. Sy goeie kennis van Latyn sou dit vir hom moontlik maak om met gemak teologiese en filosofiese werke te bestudeer wat slegs in Latyn beskikbaar was. Martin het hierdie skool egter as 'n 'eselstal en

5. Dit is onseker hoeveel broers en susters Luther gehad het. Die vermoede is dat daar sewe was. Dit is ook onseker wie die oudste was. Een broer (Jacob) en vier susters het volwassenheid bereik. Twee susters het getrou en het kinders gehad. Die oudste suster se vier kinders is by haar dood deur Luther aangeneem. Die broers en susters het in die graafskap Mansfeld gebly en met mynwerkers en/of kinders van mynwerkers getrou. Luther was bewus van die finansiële agteruitgang van die graafskap, en só ook van sy eie familie. Die hoë insetkoste het die mynbou-industrie benadeel en grootliks geruïneer. Jacob en sy seun Fabian moes in 1550 ander werk gaan soek. Luther het 'n noue verbintenis met Jacob gehad. Hy was die enigste persoon wat Martin met 'jy' ('*du*') aangespreek het. Selfs sy vrou, Katharina, het hom as 'u' aangespreek (vgl. Treu 2015b:723–724).

6. Die teorie dat Luther 'n swak verhouding met sy ouers, maar veral sy pa gehad het, is bedenklik. Dat hy hard grootgemaak is, en selfs by tye onredelik geslaan is, is nie te betwyfel nie. In daardie tyd was dit nie vreemd nie. Die poging van die moderne psigoanalise om 'n lynregte verband tussen sy vrees vir sy pa en sy angs vir die toornige God in die klooster te trek, is nie geloofwaardig nie, gewoon omdat daar té min historiese gegewens vir hierdie teorie bestaan. Luther se vrees vir die God van die oordeel het eerder met die vroomheidsteologie van daardie tyd te make gehad. Dit is wel waar dat sy pa ongelukkig was oor sy intrek in die klooster, maar hy het met beide sy ouers 'n hartlike verhouding tot en met hulle dood gehandhaaf. Hy was veral dankbaar dat sy pa aan hom 'n goeie skoolopleiding verskaf het. Wat wel uit die bronne begrond kan word, is Luther se behepteid met die duiwel en hekse. Selfs sy humanistiese opleiding kon hom nie bevry van die vrese waaraan hy as kind voortdurend blootgestel is nie (vgl. Lohse 1995:41–42).

duiwelskool' ('*Eselstall und Teufelschule'*) (Schwilk 2017:23) beskryf. Hy moes dinge soos 'n papegaai uit sy kop leer en is brutaal met 'n rottang gestraf deur dronk, inkompetente onderwysers. Sy pa, Hans Luder, het gelukkig die insig gehad om sy begaafde kind na 'n behoorlike 'Latynskool' te stuur. Hy en een van die buurkinders is in Februarie 1497 tot die 'katedraalskool' (*'Domschule'*) van Magdeburg toegelaat. In hierdie kerklike skool word hy blootgestel aan 'n godsdienstige rigting bekend as die *via moderna*. In die katedraal sien hy hoe die monnike in afsondering van die wêreld en in totale toewyding aan Christus lewe. Om geld te verdien, dupliseer hulle teologiese boeke. Die monastieke lewenswyse en die ywer vir teologiese literatuur beïndruk Martin geweldig. Sy latere besluit om priester te word, kan ook na dié positiewe ervarings in Magdeburg teruggevoer word (Schwilk 2017:24). Vroeg in 1498 verwissel Martin weer van skool. Hy gaan na sy moeder se geboortedorp, Eisenach, waar hy eers by 'n familie met die van Cottas, en later by vriende met die van Schalbe, tuisgaan. Sy verblyf by die Schalbes, asook die onderrig aan die 'Predikanteskool van St. Georges', was 'n belangrike fase in sy ontwikkeling. Sy musiektalent is daar ontdek en ontwikkel. Verder is hy blootgestel aan die humanisme en die disputasiekultuur. Sy blootstelling aan die bronne van die Westerse kultuur, gepaardgaande met intensiewe studie van Latyn, het hom verder voorberei vir sy latere hantering van die filosofie. Martin het as 15-jarige Cicero, Vergilius, Seneca en Hores as ontspanningsliteratuur gelees (Schwilk 2017:25–26).

## 1.2.3. Luther as gesinsman

Danksy die Reformasie het die huwelik as 'n God-gewilde instelling nuwe betekenis gekry. In Januarie 1519 het Luther nog asketiese en skeptiese uitsprake oor die huwelik gemaak. Teen Mei 1519 korrigeer hy homself en begin om in sy *Prediking oor die huwelik* totaal ander menings te uiter. Ondanks die feit dat hy (WA 2, 168; [1519] 1884:168) in daardie stadium nog steeds aan

die huwelik as sakrament vashou, sien hy die huwelik as ''n edel, groot en salige verband wat in die besonder bedoel is om kinders in die geloof op te voed' (WA 2, 170, 35; [1519] 1884:170). Kinderopvoeding was dus vir Luther in daardie stadium 'n veel belangriker tema as seksualiteit. Die gesin was vir hom dus die plek van gestaltegewing van die lewe en primêre ruimte van sosialisering. Hierdie perspektiewe sou hy in 1522 in sy geskrif *Oor die huwelikslewe* (WA 10(II), 267–304; [1522] 2016f) vollediger uitwerk. Dié insig van Luther is onmiddellik deur die Protestantse tradisie opgeneem en uitgebou. As bewys hiervoor kan verwys word na die *Huishouding van Christene* (*Oeconomia christiana*) van Justus Menitus (1499–1558) (Gause 2015:181), wat die eerste keer in 1529 gepubliseer is, en waarvan Luther die voorwoord geskryf het. Hierdie 'reformator van Thüringen' het in die publikasie breedvoerig verduidelik dat kinderopvoeding die primêre opdrag aan ouers is. Hy beskryf kinderopvoeding as ''n kosbare goeie werk en heilige godsdiens' (Gause 2015:181). Dit is hierdie punt wat tans aan verskeie Afrikaanse gemeenskappe voorgehou moet word.

Luther se begrip van die huwelik moet verstaan word teen die agtergrond van die godsdienstige en sosiaal-politieke realiteite van daardie tyd. Sy huweliksbegrip is daarom nie in die eerste instansie 'n abstrak teoretiese aangeleentheid nie, maar getuig van 'n voortgaande gesprek oor die herstrukturering van die kerk en die samelewing. In sy *Adelgeskrif* van 1520 (Luther [1520] 2016a) kla hy die wêreldlike en kerklike maghebbers aan dat hulle bygedra het tot die verval van die huwelik as instelling. Die punt wat hy uitlig, is dat daar toegelaat is dat honderde jong mans monnike en priesters geword het in 'n poging om uit armoede en verhongering te ontvlug. Hulle primêre doelwit was dus nie om die Here en sy kerk te dien nie, maar om ekonomies te oorleef. Luther beveel aan dat die kloosters leeggemaak moet word, en dat die jong mense aangemoedig moet word om te gaan boer. Terselfdertyd moet hulle geleer word om vir hulle daaglikse brood op die Here te vertrou. Met harde werk en die vertroue in die Here Christus se voorsienigheid, kan jong mense trou en as huwelikspare

op die plase gaan werk – sonder vrees vir armoede en honger (vgl. WA 6, 468; [1520] 2016a:132).

Luther se huwelik met Katharina von Bora is 'n baie belangrike moment in die Reformasiegeskiedenis. Katharina se lewensgang, die huwelik en die gevolge van hierdie huwelik verdien daarom nadere aandag.

Katharina is vermoedelik op 29 Januarie 1499 as dogter van Hans von Bora in Lippendorf, suid van Leipzig, Sakse gebore. Haar moeder sterf tydens haar geboorte. Haar vader kon die dogtertjie en haar drie boeties nie alleen versorg nie, en in 1505 laat hy Katharina vir versorging in die kloosterskool van die Benediktynse orde naby Brehna opneem. Sy sou hom nooit weer sien nie. In 1509 word Katharina oorgeplaas na die klooster Mariathron van die Sistynse orde in Nimbschen naby Grimma. Twee verlangse familielede in diens van die klooster ontferm hulle oor haar. Aangesien daar vir haar geen ander oorlewingsmoontlikhede was nie, lê sy haar nonne-geloftes in 1515 af. Talle van die jong nonne het gesmag na 'n lewe buite die kloostermure. Een van hulle was die suster van Johannes von Staupitz. Hulle het briewe uitgesmokkel waarin hulle die families versoek om hulle uit hierdie gevangenis te bevry. Die familiehoofde het Luther se hulp ingeroep. Hy was gewillig om te help, wel wetende dat 'n ontvoering uit die klooster die doodstraf sou beteken. Op Paasnag, 04 tot 05 April 1523, word Katharina saam met 11 ander nonne deur die koopman en voerverskaffer Leonhard Koppe na Torgau na veiligheid gebring. Hulle is in leë visbakke op 'n afleweringswa vervoer. Vandaar is nege van hulle na Wittenberg gestuur waar hulle in gevestigde huishoudings opgeneem is. Tussen 1523 en 1525 is Katharina bevoorreg om in die huise van die stadsekretaris Reichenbach en die skilder Lucas Cranach te woon. In hierdie tyd kry sy huweliksaanbiedinge van Hieronymus Baumgärtneren en Caspar Glatz. Sy gee egter te kenne dat sy eerder belangstel om met Luther te trou. Sy en die 41-jarige Martin word op 13 Junie 1525 voor enkele getuies deur Johannes Bugenhagen in die eg verbind. Op 27 Junie 1525 vind die openbare huweliksfees plaas. Die egpaar het ses kinders gehad: Johannes (07 Junie

1526 – 27 Oktober 1575), Elisabeth (10 Desember 1527 – 03 Augustus 1528), Magdalena (04 Mei 1529 – 20 September 1542), Martin (09 November 1531 – 04 Maart 1565), Paul (28 Januarie 1533 – 08 Maart 1593) en Margarethe (17 Desember 1534–1570). In 1539 breek 'n nuwe pesepidemie uit en neem die Luther-huishouding vier weeskinders aan. In Januarie 1540 het Katharina 'n miskraam en word sy ernstig siek. In Mei 1540 koop Luther vir haar die familie-landgoed Zülsdorf waar sy op groot skaal begin boer het. Sy het in 1541 maande lank op Zülsdorf gebly (Katharina se entrepeneurskap kry in Hoofstuk 7 verder aandag). Martin Luther sterf op 18 Februarie 1546 in Eisleben. Sy testament, waarin hy vra dat sy die enigste erfgenaam moet wees, word aanvanklik nie deur die owerhede erken nie. In November 1546 moet sy vir die keiserlike troepe na Magdeburg, en in April 1547 na Braunschweig vlug. In September 1552 breek die pes weer uit, en word die universiteit na Torgau verskuif. Sy verlaat Wittenberg met haar kinders Paul en Margarethe. Op pad na Torgau stort die koets in 'n sloot en word sy ernstig beseer. Katharina sterf op 20 Desember 1552 in Torgau. Sy is in die stadskerk begrawe, waar Melanchthon die begrafnisdiens gelei het.

Luther se huwelik het heftige kritiek uit talle oorde ontlok. Sy kollega, vriend en buurman, Melanchthon, was geskok en kwaad oor sy halsoorkop trouery. Die Wittenbergse juris Hieronymus Schurf het gewaarsku dat hy die bespotting van die wêreld gaan word. Die Roomse teoloë het heftige kritiek gelewer – onder meer dat hy en Katharina, hulle klooster-geloftes verbreek het. As Protestantse teenmaatreël het Lucas Cranach tussen 1525 en 1528 talle sketse en skilderye van die egpaar gemaak wat wyd versprei is – alles met die bedoeling om die mooiheid van die huwelik, ook van predikante, uit te beeld. Luther self moes ook apologie aanteken vir sy rewolusionêre optrede. Naas sy positiewe ervarings met 'n vrou se skoonheid, wat hy sy kollegas wat nog aan die selibaat vasgeklou het, nie wou ontsê nie, het hy eerder op die vrou as beeld van God gekonsentreer. Nieteenstaande die feit dat Luther die rol van die vrou tot die huishouding beperk het, en dat hy haar nie in die rol van predikant kon indink nie, het

hy haar as gelyke voor God, op grond van die priesterskap van alle gedooptes, gesien. Volgens Luther móét vroue ook deelneem aan die algemene verkondiging van die Woord. Die adellike Argula von Grumbach het op grond van hierdie argument ander vroue geïnspireer om Christelike lektuur vir vroue te skep. Die priesterskap van die gelowige impliseer verder dat man en vrou liefde moet beoefen. Naasteliefde begin in die huis, en die implikasie is dat man en vrou mekaar wedersyds tot hulp moet wees. Die gedagte dat die vrou die man se bediende is, kan nie by Luther gevind word nie. Luther se oortuiging dat Katharina sy erfgenaam moet wees, spruit voort uit die verstaan van die liefde. Luther het verder voorspraak gemaak vir die algemene skoolplig van dogters. Hy het die owerhede aangemoedig om meisieskole op te rig, en om die kurrikulum aan te pas vir hulle behoeftes (vgl. Bärenfänger 2015; Kohnle 2015:140–153; Köpf 2015:154–162; Leppin [2006] 2010:236–246; Schwilk 2017:283–286; Spehr 2017:179–181; Strohl 2015:470–471).

### 1.2.4. Opvoeding en onderrig in die Luther-huishouding

Martin en Katharina het aan hulle kinders ’n goeie opvoeding en skoolopleiding gegee. Hulle huishouding word tot vandag toe as die ideale voorbeeld voorgehou. Dit was veral in die 19de eeu dat die pastoriegesin voorgehou is as die ideaal wat nagestreef moet word. Dit geld nie net predikante-huishoudings nie, maar al die gesinne van die kerk. Volgens Luther is die belangrikste taak van ouers om hulle kinders goed op te voed – opvoeding wat begin en eindig by die Christelike geloof. Die egpaar het veral maaltye beskou as geleentheid om die kinders godsdienstig op te voed. Martin het uit die Bybel en die *Klein kategismus* voorgelees, en Katharina het die kinders kerklike liedere leer sing onder begeleiding van Martin se spel op die luit. Beide ouers het die kinders geleer om vóór en ná maaltye, asook soggens en saans te bid. Naas die godsdienstige opvoeding het die egpaar gesorg dat al die kinders goeie skoolonderrig ontvang.

Hieronymus Weller is heeltyds aangestel om die kinders van kleins af tuisonderrig te gee. Minstens Johannes het ook sedert 1542 skoolonderrig aan die Latynskool in Torgau ontvang. Ná sy pa se dood, het hy 'n advokaat geword (iets wat Luther sy kinders verbied het). Dit was ook nie net Luther se biologiese kinders wat aan goeie godsdiensonderrig en deeglike sekulêre onderwys blootgestel is nie. Die twaalf aangenome kinders is ook hieraan blootgestel. Die 30–50 loseerders en gaste kon ook na Luther se tafelgesprekke luister. Naas die tafelgesprekke het Luther dikwels aan huis gepreek. Die *Huispostille* van 1544 (wat tussen 1531 en 1534 gepreek is), het in die loop van die geskiedenis duisende herdrukke ondergaan, en op dié manier is miljoene mense reg oor die aarde aan sy godsdiensonderrig blootgestel (vgl. Spehr 2017:180–181).

Dit is nodig om kortliks nog iets oor die musiekonderrig te sê, aangesien musiek, en veral godsdienstige musiek, vir Luther van uiterste belang was. In 'n tafelgesprek het hy (WA TR 5, 557, Nr. 6248; [1531–46] 1919:557) gesê 'dat hy die musiek nog altyd liefgehad het' ('*musicam semper amavi*'). In sy kort *Skets oor die musiek* van 1530 (WA 30(II), 696, 2–8) verklaar hy sy liefde vir musiek 'omdat dit (1) 'n gawe van God en nie 'n menslike geskenk is nie, (2) die siel vrolik maak, (3) die duiwel verdrywe en (4) onskuldige vreugde bevorder'.[7] Op grond hiervan kom hy (WA 30(II), 696, 12; [1530] 1909:696) tot die volgende gevolgtrekking: 'Die belangrikste plek naas die teologie, gee ek aan musiek' ('*Proximum locum Musicae post Theologiam*'). Luther het daarna, in die loop van die jare, talle terloopse opmerkings oor musiek gemaak, soos dat dit die 'grootste kuns' ('*optima ars*') en die 'hoogste wetenskap' ('*optima scientia*') is. Die mees veelseggende uitspraak is 'dat daar naas die teologie geen ander wetenskap is wat aan musiek gelykgestel kan word nie' ('*post theologiam*

7. Luther se redes vir sy liefde vir die musiek: '*Eciam damnantes non placent Schwermerii, Quia 1. Dei donum non hominum est, 2. Quia facit letos animos 3. Quia fugat diabolum 4. Quia innocens gaudium facit.*'

*nullam esse artem, quae musicae possit aequari*'). Naas hierdie vergelykende uitsprake, is daar ook gedagtes soos: 'Musiek is die beste geneesmiddel vir 'n swaarmoedige mens', 'musiek is God se beste gawe – en word deur die Satan gehaat', 'musiek is 'n gawe en geskenk van God wat die duiwel verdrywe en mense vrolik maak', 'net die teologie en musiek skep 'n rustige en vrolike hart', 'die wonders van die oor (wat God se Woord deur musiek hoor) is belangriker as die wonders van die oog' en ''n mens herken die heilige, Christelike volk aan openbare gebede, lof en dank; daar waar daar Psalms en geestelike liedere gesing word' (vgl. Anttila 2017; Schilling 2012, 2017 vir talle verwysings uit briewe en tafelgesprekke).

Luther was 'n musikaal begaafde mens. Sy moeder kon sing, en hy het waarskynlik by haar dié kuns geleer. Luther kon later in sy lewe nog liedere uit sy kinderdae onthou. Hy het as kind in verskeie kore gesing en in die skoolkore van Mansfeld, Magdeburg en Eisenach gesing. Dit is bekend dat hy in Eisenach, as skoolkind, geld as straatmusikant verdien het. As koorsanger moes hy musiekonderrig ontvang het. Dit word ook aanvaar dat hy tydens sy voorgraadse studie in Erfurt musiekonderrig moes ontvang het, aangesien musiek deel van die kurrikulum uitgemaak het. Luther en sy gesin moes gereeld saamgesing het. Tien teen een het die gesin saam met die Melanchthon-huishouding musiek gemaak. Melanchthon was nie net 'n voortreflike digter nie, maar ook 'n goeie sanger en 'n uitnemende kenner van musiekteorie. 'n Paar vertellings het in bewaring gebly van hoe Luther en Melanchthon tydens reistogte saam met Justus Jonas gesing het.

In 1527–28 het Luther en Melanchthon begin om visitasie by die Protestantse gemeentes te doen. Een van hulle belangrikste doelwitte was om gemeentesang te bevorder. Hulle het daarom toegesien dat al die gemeentes die *Geystliches Gesank Buchleyn* van Johann Walters (Schilling 2012) aanskaf en gebruik vir die liturgiese gestaltegewing van die erediens. Luther het in 1524 'n lang voorwoord vir dié gesangeboek geskryf, wat as teologiese oriëntering kon dien. Die eerste gesangeboeke was daarom véél

meer as net gebruiksinstrumente vir gemeentesang. Dit was godsdienstig teologiese dokumente en het daarom deel gevorm van die kategetiese onderrig. Luther se kinders het daarom hulle pa se voorwoord, sowel as die inhoud van die gesangeboek by huisgodsdiens geleer (vgl. Schilling 2012).

## 1.2.5. Luther se sukses in opvoeding en onderwys

Die bydrae van die Reformasie tot die geletterdheid van die bevolking in die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie was geweldig groot. Die eerste geslag reformatore het die geletterdheidsyfer tot 30 persent laat styg (Hamman 2017:182). Aanvanklike weerstand deur die charismatiese vleuel van die Reformasie (Karlstadt en Müntzer) desnieteenstaande, het Luther en Melanchthon voortgegaan met die hervorming van die skoolsisteem. Alreeds so vroeg as 1524 het radikale hervormings in Wittenberg, Gotha, Halberstadt en Nordhausen plaasgevind. In dieselfde jaar het die Melanchthon-student Caspar Cruciger die rektoraat van 'n nuwe Latynskool in Magdeburg oorgeneem en is 'n akademiese gimnasium in Nürnberg opgerig met die bedoeling om dit eventueel in 'n universiteit te omskep (dieselfde het in 1622 in Strasbourg gebeur). In 1525 het die graaf van Mansfeld in Luther se geboortestad, Eisleben, 'n Latynskool gestig met 'n leerling van Luther ene Johannes Agricola as eerste rektor. Kenmerkend van hierdie skole (onder invloed van Melanchthon) was dat Latyn die onderrigtaal was, dat die getal van voorgeskrewe boeke beperk is (goeie literatuur moes deeglik bestudeer word) en dat die kinders in klasse ingedeel is volgens hulle vermoëns en kennisvlakke. Vanselfsprekend het die reformatore die finansiële ondersteuning van die adellikes gesoek, aangesien goeie skoolonderrig in hulle direkte belang was. Hulle kon nie funksioneer sonder geskoolde administratiewe klerke, asook kulturele, politieke en militêre leiers nie. Sekere adellikes het dit begryp en groot bydraes in hierdie verband gelewer. In 1543 het hertog Moritz van Sakse openbare skole op

grond van die sekularisering van die kloosters in Naumburg, Meissen en Grimma gestig. Philip die Groothartige het weer in 1527 skole in Marburg en Kassel opgerig, wat as voorbereiding tot die teologiese studie kon dien. In 1556 het hertog Christoph in Württemberg dertien van die veertien manlike kloosters in sy gebied in kloosterskole omskep. Van hierdie skole het gedien as voorbereiding vir teologiese studie, terwyl bekostigbare verblyf aan studente verskaf is – die bekendste die beroemde *Tübinger Stift* (‘n kerklike koshuis tot vandag toe vir teologiestudente). Die konsolidering van die kerklike skole was uiteindelik ook die basis vir die vorming van *Landeskirchen* (provinsiale kerke). Die latere Duitse kultuur- en geestesgeskiedenis is radikaal deur die nuwe Protestantse skoolsisteem beïnvloed (vgl. Hamman 2017:182–184).

## 1.3. Geskrifte oor huwelik, gesin en die onderwys

### 1.3.1. Huwelik en gesin

Einde September 1522 publiseer Luther (WA 10(II), 275–304; [1522] 2016f) sy eerste omvangryke en selfstandige publikasie oor die huwelik onder die titel *Oor die huwelikslewe* (*Vom ehelichen Leben*). Om begrip te hê vir die inhoud van hierdie geskrif, moet die historiese konteks in gedagte gehou word –’n tyd toe die huwelik as instelling nie geag is nie, aangesien die asketiese leefwyse as hoogste ideaal voorgehou is. Aangesien talle priesters wat na die Reformasie oorgeloop het, met gewese nonne getrou het, moes Luther leiding gee in’n nuwe situasie in die Duitse gemeenskap. Die leiding was daarom grootliks van’n praktiese aard, en eintlik was daar min sprake van’n teologiese besinning oor die huwelik.

Die publikasie is in drie dele ingedeel. Die eerste deel handel oor die vraag wie met wie mag trou. Die tweede deel handel oor die vraag wie, en onder watter omstandighede iemand mag skei. Die derde deel handel oor die Christelike

gestaltegewing van die huwelik. Daar word slegs aandag gegee aan uitsprake en gedeeltes wat binne die doelstelling van hierdie hoofstuk relevant is.

In Deel I gee Luther ’n Bybelse begronding van die huwelik, as ’n goeie instelling, wat binne die wil van God val. Hy verwys na Genesis 1 waarin God die bestaan van man en vrou as ‘goed’ beskryf. Sy wil is verder dat man en vrou nie alleen sal wees nie. Hy wil hê dat hulle saam moet wees, en dat hulle kinders sal voortbring. In die oë van God is dit alles ’n goeie ding. Luther onderstreep die goedheidsgedagte, aangesien min mense die huwelik en gesin in daardie tyd as goeie idees beskou het (WA 10(II), 276; [1522] 2016f:168–170). Luther bespreek dan ’n hele reeks van gevalle hoekom mense hulle nie in die huwelik kan en moet begewe nie. Volgens hom moet impotente mans, en mans wat gekastreer is, nie probeer om ’n huwelik aan te gaan nie (WA 10(II), 279–280; [1522] 2016f:174–176). Hy hou ’n lang lys van gevalle voor van mense wat nie met mekaar behoort te trou nie. Dit sluit in: Mense wat bloedverwant is, aangetroude familielede, voogde en die voog-kinders, ouers en aangenome kinders, kerkmense met mense uit ander godsdienste en mense met kriminele rekords, asook kerklidmate met prostitute (WA 10(II), 279–287; [1522] 2016f:176–186). Deel II handel oor die vraag wanneer ’n egskeiding moontlik duldbaar of noodwendig kan wees. Aangesien Luther nie met nuwe, insiggewende gedagtes na vore kom, word daar nie aandag aan hierdie gedeelte gegee nie.

Deel III is van belang vir die argument van hierdie hoofstuk. In dié gedeelte maak Luther belangrike uitsprake oor die samehang tussen die huwelik en kinderopvoeding. Hy begin egter met kritiek op die huwelik as instelling van God. In sy tyd is die huwelik as instelling nie met agting bejeën nie. Op grond van die invloed van die Romeinse filosofie is daar geargumenteer dat dit vir ’n man beter is om sonder ’n vrou te lewe. Ongelukkig het mans egter vroue ook nodig. Vroue is dus hoogstens gesien as ’n ‘noodwendige euwel’. Die feit dat sy ook God se skepsel is, is nie

erken nie. Die saamwoonverskynsel beskou hy daarom as een of ander vorm van prostitusie wat niks met die Bybelse gedagte van huwelik te make het nie (WA 10(II), 293; [1522] 2016f:196, ll. 20–33).[8] Volgens Luther is beide man en vrou beelddraers van God, en is dit goed dat hulle saam kan wees. Teenoor die kritici van die huwelik stel hy dat dit 'n goeie reëling is, aangesien dit liefde en vreugde meebring, en om hierdie rede glo hy dat die huwelik 'n instelling van God is. Weereens: Luther beskou die huwelik as 'n instelling van God omdat hy die vrou ook as God se skepsel beskou wat liefde en vreugde in 'n man se lewe bring. Die vrou is dus God se goeie gawe aan die man en daarom is die huwelik tussen 'n man en 'n vrou God se goeie wil (WA 10(II), 294–295; [1522] 2016f:198–200). Vrouwees en mawees dra God se goedkeuring weg. Dit is nie dinge waarop neergesien moet word nie, aangesien dié waardevolle bydrae tot menswees die vreugde van die lewe verdiep. In die lig van hierdie argument moet sy kritiek teen die kloosterwese verstaan word (WA 10(II), 297–298; [1522] 2016f:202–204). Luther argumenteer ten slotte dat die huwelik 'n God-gewilde instelling is omdat kinders nie net binne dié lewensverband gebore moet word nie, maar ook opgevoed moet word. Die huwelik is dus nie deur God ingestel vir blote voortplanting nie, maar ook vir onderwys en opvoeding. Luther (WA 10(II), 301; [1522] 2016f) sê die volgende mooi ding oor die huwelik:

> Die allerbeste aan die huwelikslewe – waarvoor 'n mens alles sal doen en verdra – is dat God die vrug van die liggaam gee [kinders gee], en beveel om hulle tot diens van God op te voed. Dít is op aarde die edelste, waardevolste werk, aangesien God niks beter kan laat geskied as om siele te red nie [...] Vader en moeder is inderdaad vir die kinders apostel, biskop en predikant deurdat hulle aan hulle die evangelie verkondig. Kortliks gestel, is daar nie op aarde 'n groter, edeler mag as dié van ouers oor hulle kinders nie, aangesien hulle geestelike en wêreldlike mag oor hulle het. Wie ander [*dit is die kinders*] die evangelie leer,

8. In gevalle waar tekste uit die Duits-Duitse en of Latyn-Duitse studie-uitgawes gebruik word, kom die reël-aanduidings uit hierdie weergawes en nie die WA nie. Die reël-aanduidings gebruik die tellings van die oorspronklike teks en nie die vertaling nie.

> is waarlik hulle apostel en biskop [...] Hieruit sien 'n mens raak hoe goed en ryk God se werk en instelling is.[9] (p. 210, ll. 19–34)

In 1523 skryf Luther (WA 11, 394–400; [1523] 2016d) 'n openbare brief in die vorm van 'n kort geskriffie aan Leonhard Koppe met die titel *Grond en regverdiging dat nonne volgens God se wil hulle kloosters mag verlaat*.[10] 'n Mens kan sonder vrees vir teëspraak beweer dat hierdie werkie een van dié is wat die wêreld verander het. Luther gee redes hoekom nonne hulle geloftes mag verbreek, die kloosters mag verlaat en in die huwelik tree. Die begronding van die huwelik as 'n goeie instelling van God sou die kultuurlandskap van Middel-Europa dramaties verander.

Luther begin sy brief deur Koppe die versekering te gee dat hy 'n goeie daad gedoen het toe hy die nonne uit die klooster by Nimbschen bevry het. Dat hy dit op Paassondag gedoen het, het groot simboliese waarde – 'n nuwe lewe is aan hulle geskenk. Sy daad laat die evangelie weer lewe, en was 'n bydrae in die stryd teen die Antichris. Hy is ook dankbaar dat Koppe bygedra het tot

9. Luther stel: *'Das aller best aber ym ehlichen leben / vmb wilchs willen auch alles tzu leyden vnnd tzu were / ist / das gott frucht gibt vnnd befilht auff tzutzihen tzu gottis dienst / das ist auff erden das aller edlist theurist werck / weyll gott nicht liebers geschehen mag / denn seelen erlloeszenn [...] Denn gewiszlich ist vater vnd mutter / der kinder Apostel / Bischoff / pfarrer / ynn dem sie das Euangelion yhn kundt machen / Vnd kurtzlich / keyn grosser edler gewalt auff erden ist / denn der elltern vber yhre kinder / Syntemal sie geystlich vnnd welltlich gewallt vber sie haben. Wer den andern das Euangelion leret / der ist warlich seyn Apostel vnd bischoff ... Darumb sihe / wie gutt vnd reych es sey was gottis werck vnd ordnung ist.'*

10. Op Palmsondag 04 April 1523 het Leonhard Koppe en sy neef Wolf Dommitzsch, met Luther se medewete, twaalf nonne uit die Sistynse klooster Marienthron naby Grimma ontvoer. Nege van hulle is op 07 April na die 'Swart Klooster' in Wittenberg gebring. Op Goeie Vrydag 9 April skryf Luther 'n ope brief aan Koppe waarin hy erken dat hy, Luther, die plan uitgewerk het. Op hierdie wyse beskerm hy Koppe teen vervolging. Die eerste druk moes in Mei al beskikbaar gewees het, aangesien Nikolaus Gerbel in Strasbourg al op 03 Junie 1523 van die brief geweet het. Die eerste uitgawe is deur Cranach en Döring in Wittenberg behartig. Die oorspronklike titel was: *Oorsaak* (*of eerder vraag*) *en antwoord hoekom jongvroue kloosters([volgens) God mag verlaat* (*Vrsach. vnd anttwortt. das iungkfrawen. kloster. gotlich. verlassen mugen)*. Ses ander uitgawes volg in Erfurt, Augsburg en Basel. 'n Nederduitse uitgawe verskyn ook later by Melchior Lotter in Wittenberg. In September 1523 het Johannes Dietenberger die eerste Roomse verweerskrif opgestel waarin Luther skerp veroordeel word (vgl. inleiding van Zschoch by [1523] 2016d:341).

die herstel van die dogters se familiebande. Hierdie ontvoering sal ook meehelp dat families sal begin insien dat meisies met talente en vaardighede nie in kloosters gevange gehou moet word nie. Hy verseker Koppe dat hy Christelik opgetree het – sy daad was tot eer van God en tot voordeel van sy naaste (WA 11, 394–396; [1523] 2016d:342–346). Luther gaan dan dieper in op wat alles in die klooster afgespeel het sodat Koppe nie gewetenswroegings moet ontwikkel nie. Hy wys eerstens daarop dat talle kinders hulle families versoek het om hulle te bevry, maar dat die ouers te bang vir die Roomse owerhede was. In die tweede instansie is die meisies selde aan die evangelieverkondiging blootgestel, en moes hulle alleen worstel met hulle maagdelikheid en liggaamlike begeertes. Die rituele nakoming van kerklike wette en regulasies het die meisies nie met hulle persoonlike probleme gehelp nie. Luther se derde argument het met godsdienstige dwang te make. Volgens hom kom die kloosterlewe op godsdienstige dwang neer en neem dít die lus en vreugde uit die godsdiens. Die dwang om slegs geloftes na te kom, veroorsaak ’n vreugdelose godsdiens en ’n geesgebrekkige lewe. In die vierde instansie is ’n vrou nie geskape om ’n maagd te bly nie, maar om te trou en kinders te baar. God se wil is nie dat almal in onthouding moet lewe nie, maar dat mense sy gawe van die huwelik sal aanneem en benut. God wil hê dat vroue gelukkig en vol vreugde deel van gesinne sal wees, en nie in eensaamheid in kloosters sal woon nie[11] (WA 11, 397–400; [1523] 2016d:346–354).

## 1.3.2. Opvoeding en onderwys

In Januarie – Februarie 1524 skryf Luther ’n lang brief[12] (wat eintlik ’n traktaat is) *Aan die stadsraadslede van al die*

11. Die kloosterbestaan, of die ‘huweliklose stand’, was vir Luther só ’n ernstige saak dat hy in 1530 gevra het dat die geestelikes wat in Augsburg vir die Ryksdag byeen was hierdie onaanvaarbare lewenswyse krities moes bespreek (vgl. WA 30 (II), 324–345; [1530] 2016c:680–700).

12. Hierdie brief is deur Lucas Cranach in Wittenberg gedruk. Daar was spoedig talle nadrukke en selfs vertalings in ander stede gewees. Die agtergrond van die brief of

*stede in Duitsland dat hulle Christelike skole moet oprig en in stand hou* (*An die Ratsherren aller Städte im deutschen Land, dass sie christliche Schulen errichten und unterhalten sollen*). Hierdie geskrif (WA 15, 27–53; [1524] 2016b) sou een van die basiese dokumente wees vir die vernuwing en hervorming van die skoolsisteem en die universiteitswese wat hy en Phillip Melanchthon deurgevoer het. Die brief handel oor 'n hele aantal sake, wat grootliks nog steeds vir ons in suidelike Afrika van belang is.

Luther wys die maghebbers daarop dat die hele onderwyssisteem in Duitsland geweldig agteruitgegaan het. Die eerste kommerwekkende saak is dat die skoolsisteem slegs begaan is oor die tydelike, aardse behoeftes. Kinders word onderrig sodat hulle een of ander werk kan verrig ten einde kos op die tafel te plaas. Luther (WA 15, 29; [1524] 2016b:362, ll. 15–22) maak hierteen beswaar, aangesien daar nie net na die tydelike behoeftes van mense omgesien moet word nie, maar ook na hulle ewige behoeftes. Kinders kan daarom nie slegs 'n suiwer sekulêre opvoeding ontvang nie; hulle moet ook Christelik opgevoed word. Om hierdie rede vra Luther dat die politieke maghebbers die ideaal moet ondersteun om Christelike skole op te rig en in stand te hou. Merkwaardig genoeg, vermaan hy (WA 15, 30; [1524] 2016b:364, ll. 21–40) hulle om finansiële bystand te verleen aan die 'behoeftige en arm kinders' wat nie goeie skole sal kan bekostig nie. Nie alleen die adel moet finansieel bydra nie, maar ook gewone burgers. Hulle moet nie geld verkwis op aflate, testamente, bedelmonnike en pelgrimstogte nie, maar eerder die geld spandeer om 'n goeie opvoeding vir al die kinders – die armes ingesluit – te verseker.

(voetnota 12 gaan voort...)
traktaat is die agteruitgang van die Duitse skoolsisteem aan die begin van die twintigerjare van die sestiende eeu. 'n Verdere rede is dat die radikale hervormers (die charismatiese groepering), 'n kans gesien het om hulle eie saak deur die onderwys te bevorder. Hulle simpatiseerder Andreas Bodenstein von Karlstadt was hulle woordvoerder in hierdie verband. Luther het besef dat die hoofstroom in die Reformasie nie die inisiatief aan hierdie groepering kan oorlaat nie (vgl. inleidende opmerkings van H. Zschoch by Luther ([1524] 2016b:359).

Die tweede saak wat Luther aanraak, het met die Paulus se uitspraak in 2 Korintiërs 6 te make waar die apostel die gemeente vermaan dat hulle die evangelie nie tevergeefs moet ontvang nie. Paulus se bedoeling is dat die gemeente met die Woord moet woeker. Hy (WA 15, 31–32; [1524] 2016b:366–368) wys daarop dat Duitsland ’n geseënde paar jaar agter die rug het waarin predikante Hebreeus en Grieks geleer is en dat hulle preke van hoë kwaliteit kon lewer. Hierdie goed geleerde predikante moet nou meehelp om die swak skole, die ‘eselstalle en duiwelskole’ (‘*Eselstalle und Teufelschulen*’), te omvorm tot skole waar kinders geleer sal word om op ’n hoë akademiese vlak met die Bybel om te gaan.

Die derde saak wat Luther (WA 15, 32-34; [1524] 2016b:368–372) aanraak, het met ouers te make. Hy herinner daaraan dat die Woord (die Vierde Gebod, Deut 32 en Ps 78) ouers vermaan om hulle kinders goed op te voed. Hy (WA 15, 33; [1524] 2016b:370, ll. 4–5) sê ‘dat dit net so verkeerd is om ’n skoolkind te verwaarloos as wat dit is om ’n maagd te verkrag’ (‘*non minus est negligere scholarem / quam corrumpere virginem*’). Die harde werklikheid is egter dat talle ouers die wet nie gehoorsaam nie. Daarvoor is talle redes: ongelowigheid, liefdeloosheid, onbevoegdheid, ’n gebrek aan tyd, kinderloosheid en die dood. Om hierdie rede wend hy hom tot die leiers van die stede. Hulle moet help om toe te sien dat die kinders goeie skoolopleiding ontvang. Hy probeer hulle oortuig dat dit in hulle beste belang is om dit te doen. Dit is nie in hulle stede se belang om slegs paaie en huise te bou, wapens aan te skaf en rykdom te vergader nie. Hulle beste belang bestaan veel eerder daarin dat die stede sal beskik oor ‘goeie, geleerde, denkende, eerbare en goed opgevoede burgers’ (WA 15, 35; [1524] 2016b: 372, ll. 31–32). Hy herinner hulle dat kinders in die gloriedae van die Romeinse Ryk naas Latyn, Grieks en Hebreeus, digkuns, verhaalkuns en wiskunde geleer het. En die owerhede het toegesien dat die hoë vlak van onderrig gehandhaaf is! Hy noem dit ‘’n onmenslike boosheid’ dat regeerders net aan hulle onmiddellike voordeel dink en nie aan diegene wat ná hulle kom nie. Regeerders wat nie

oor die belange van die volgende geslagte dink nie, 'moet eerder oor varke en honde regeer'. Ware menslike leiers bekommer hulle oor die jeug en hulle toekoms. Belangrik vir Luther is dat die Duitse volk van sy 'dierlikheid' bevry moet word – en dít kan slegs gebeur wanneer hulle in'n kultuurvolk verander wat hulle skoolkinders Hebreeus, Grieks en die kunste leer. Luther meen dat die Duitse volk die geleentheid het om bó ander volke uit te styg deur beter kenners van die Bybel te word. Taalvaardigheid en begrip van die Woord is die Duitsers se kans om deur ander gerespekteer te word. Die politici behoort hulle daarom te beywer vir die taalkundige ontwikkeling van kinders en ernstige Bybelstudie op skool. Sonder die taalkundige ontwikkeling van mense kan hulle nie net die evangelie nie, maar ook hulle natuurlike rede verloor, en só verdierlik (WA 15, 38; [1524] 2016b:378, ll. 21–36). Vir Luther is die lees van die Bybel in eie taal baie belangrik, maar vir dieper insig, vir die prediking, die apologetiek en die kategese, is kennis van die vreemde tale onontbeerlik. Weereens: Die saaklike uitleg van die Skrif is vir Luther die geleentheid wat die Duitsers het om vir ander volke iets van waarde te lewer. Wat hulle die wêreld kan bied, is goeie, Bybel-gefundeerde teologie – en hiertoe moet die politici meewerk (WA 15, 43; [1524] 2016b:386–388).

Aangesien Luther die stadsadministrasie aanspreek wat'n 'instelling van God' is, konsentreer hy verder op die wêreldlike belang van'n goeie skoolopleiding. Hy wys die burgermeesters en stadsraadslede daarop dat ook hulle goed opgeleide, ontwikkelde, gelowige mense nodig het vir die bestuur en administrasie van die stede. Merkwaardig in daardie tyd, versoek hy die politici om goeie skole te bou vir seuns *en meisies*. Hy het nog nie aan vroue in regeerposisies kon dink nie, maar het wel besef dat huisvroue en kinderversorgers ook goeie skoolopleiding nodig het. Hulle, as die primêre versorgers en opvoeders van kinders, moet ook geleerd en ontwikkeld wees (WA 15, 44; [1524] 2016b:389–390). In hierdie opsig was Luther sy eie tyd ver vooruit en kan hy as een van die baanbrekers van vroulike emansipasie en algemene skoolplig vir meisies gesien word.

Luther (WA 15, 46–49; [1524] 2016b:392–396) bewys hom in hierdie brief ook as ’n denkende pedagoog. Hy vermaan die ontvangers van sy brief dat hulle moet toesien dat skool vir die kinders lekker moet wees. Hulle moet nie opgesaal word met te veel donkiewerk nie. Te veel memoriseringswerk is demoverend en die eindelose herhaling van rympies neem die vreugde uit skoolwerk. Daar moet ook genoeg tyd wees vir speel (ook iets unieks in daardie tyd). Laastens meen hy dat kinders ook die geleentheid moet kry om vir kort tydperke in kerke, besighede en huishoudings te werk om praktiese ondervinding op te doen.

Laastens vermaan Luther (WA 15, 49–53; [1524] 2016b:396–404) die verteenwoordigers van die wêreldlike stand om toe te sien dat daar biblioteke en boekerye opgerig word wat vrylik toeganklik vir almal sal wees. Skole kan nie sonder biblioteke wees nie! Hy verwys na die Jode wat reuseversamelings van boeke gehad het waaruit kinders onderrig is. Die kinders van Christene verdien dieselfde. In die eerste plek behoort daar alle moontlike soorte Bybels te wees: Hebreeus, Grieks, Latyn en Duits. Goeie, beskikbare kommentare behoort ook deel van die versameling te wees – en nie net kommentare van Bybelboeke nie, maar ook van klassieke werke. Daar behoort ook handleidings te wees oor leermetodes en -tegnieke, aangesien selfs magisterstudente nie ’n idee het hoe om te leer nie. Grammatikahandboeke is vanselfsprekend. Verder behoort daar geskiedenisboeke te wees. Kinders behoort uit die geskiedenis te leer wat dom en fataal is sodat dieselfde foute nie herhaal word nie. Net so behoort daar boeke oor die ‘wetenskappe’ te wees wat kinders onder meer kan leer hoe om te boer.

Luther (WA 15, 53; [1524] 2016b) sluit sy brief met hierdie treffende en veelseggende woorde af:

> Hiermee beveel ek u almal God se genade aan. Mag Hy u harte verruim en u entoesiasties maak om die arm, versukkelde en verworpe jeug van harte aan te neem, en hulle met God se hulp tot ’n salige en Christelike bestaanswyse in Duitsland te help, waar daar in

> volledigheid en oorvloed omgesien sal word na liggaam en siel – tot lof en eer van God die Vader, deur Jesus Christus ons heiland. Amen.[13] (p. 404, ll. 11-16)

Ses jaar later,[14] publiseer Luther (WA 30(II), 517–588; [1530] 2016e) sy *Preek dat 'n mens kinders na die skool moet stuur* (*Predigt, dass man Kinder zur Schule schicken soll*). Hierdie 'preek' is op verskeie plekke gepreek en uiteindelik in boekvorm opgeneem. Luther het dit gedoen met die hoop dat soveel mense moontlik hiervan kennis sou neem. Luther se bedoeling is om die adel, die politieke amptenary en die breë publiek te motiveer om hulle kinders skool toe te stuur. Die gedagtes van geleerdheid, opvoeding en kulturele vorming (*Bildung*) moet positief bevorder word, aangesien almal, die kerk, die staat en die burgerlike samelewing daarby sal baat. Trouens – die kerk kan nie in stand gehou word en die staat kan nie funksioneer sonder 'n goeie skoolstelsel nie. Luther gee eers aandag aan die belang wat die kerk by goeie skoolopleiding het en dan konsentreer hy op die belangrikheid van uitnemende onderwys vir die staat en die gemeenskap. Hier word slegs op argumente gekonsentreer wat nie, of nie duidelik genoeg, in sy brief van 1524 oor die onderwys na vore kom nie.

13. Luther se eie woorde: '*Hie mit befilf ich euch alle Gottis gnaden / der woellt ewr hertzen erweychen vnd anzuenden / das sie sich der armen / elenden / verlassenen / iugent mit ernst annemen / vnd durch Goettliche hilfe / yhn radten vnd helfen / zu seligem vnd Christlichem regiment Deutsches lands an leyb vnd seel mit aller fuelle / vnd vberflus zu lob vnd ehren Gott dem vater durch Iesum Christum vnsern heyland. Amen.*'

14. In 1530 bevind Luther hom vier maande lank op die vesting Coburg aan die verste punt van die vorstedom Sakse en die naaste wat hy aan Worms kon kom sonder om in hegtenis geneem te word. Hierdie 'preek' van 15 Augustus 1530, is gerig aan sy bondgenoot sedert 1519, Lazarus Spengler (1479–1534) in Nürnberg. Die struktuur van die argument stem ooreen met die argument van sy brief van 1524. Inhoudelik is daar egter 'n klemverskuiwing. Hier gaan dit hoofsaaklik oor die belangrikheid van '*Bildung*' (dit is die omvattende kulturele vorming) vir die opgevoede, burgerlike elite. '*Bildung*' behoort volgens Luther nie slegs beskore te wees vir die kerklike elite nie, maar vir die hele burgerlike samelewing. Die noodsaaklikheid van omvattende intellektuele en kulturele vorming vir die bevolking het duidelik na vore gekom tydens die visitasies van 1526–1527. Die praktiese gevolge van hierdie visitasies was 'n skool wat Melanchthon op 23 Mei 1526 in Nürnberg geopen het, en die *Klein* en *Groot kategismusse* van Luther in 1529. Hierdie 'preek' wou heerser en onderdane motiveer om voort te gaan met hierdie kulturele hervorming (vgl. inleiding van H. Zschoch tot Luther 2016e:717, asook Van Dülmen [1983] 2017:186–187).

Inleidend merk Luther (WA 30(II), 519–521; 2016e:720–722) op dat die Duitsers oor die algemeen sku vir geleerdheid is. Talle mense meen dat dit goed genoeg is dat kinders Duits kan lees en basiese berekeninge kan maak. Die waarde van die antieke tale en die wetenskappe vir kerk en samelewing besef hulle ongelukkig nie. Die probleem is dat talle burgers slegs aan hulle onmiddellike belange soos kos dink. Luther se bedoeling is om die leser en toehoorder te oortuig dat die mens vir hoër dinge bestem is. Die meerdere kennis van die Woord en die bevordering van die welstand van die samelewing is vir hom ’n prioriteit. Luther (WA 30(II), 522; [1530] 2016e:724) is oortuig dat die kloosterwese in ’n groot mate vir hierdie ellendige situasie verantwoordelik is. Dáár is nie belangstelling vir deeglike teologie of die welwese van die samelewing nie. Hierdie situasie moet omgekeer word, aangesien ’n land *verdierlik* wanneer die Skrif en die wetenskappe nie geag word nie.

In die eerste gedeelte van sy betoog gaan dit oor die belang wat die kerk by goeie skoolonderrig het. Om dit te begrond, konsentreer hy op die belangrikheid van die amp van dienaar van die Woord. Hy (WA 30(II), 528; [1530] 2016e:728, ll. 30–31) verstaan die amp egter baie wyd. Naas predikante vir gemeentes is dosente, onderwysers en kapelane deel daarvan. Almal wat die Woord op een of ander wyse leer, verkondig en verduidelik, val hieronder. Die amp is die wil van God, en daar is duur betaal hiervoor – en wel deur die bloed van Christus. Dit moet te alle tye in stand gehou word en die enigste manier om dit te doen is om kinders aan te moedig om hulle hiervoor te laat oplei. Die aanmoediging moet in die eerste instansie van die ouers kom. Tweedens is onderwysers en predikante ook verantwoordelik om talentvolle kinders te motiveer om hulle vir dié amp voor te berei. Luther (WA 30(II), 533; [1530] 2016e:734, ll. 8–19) motiveer sy versoek deur die ‘nuttigheid’ van die amp te beklemtoon. Nie net het die dienaars van die Woord ’n belangrike pastorale funksie nie, maar hulle speel ook ’n belangrike maatskaplike rol. Hulle sê wat reg en verkeerd, goed of sleg is vir die samelewing. Die predikante ondersteun en versterk die wêreldlike owerhede en help om hulle in stand te hou deurdat hulle meewerk aan die

aardse vrede, oproer keer, oorlog afkeur en kinders vermaan om aan meerderes gehoorsaam te wees. Dít is die 'goeie werke' wat die verkondigers van die Woord doen (WA 30(II), 537–541; [1530] 2016e:738–740). Luther betoog dat geen kind weerhou moet word om 'n dienaar van die Woord te word nie. Nie diegene wat groot eiendomme kan erf, nie dié uit arm huishoudings, en ook nie die minder begaafdes nie. Almal wat wil, moet die voorreg hê om teologie te studeer. Dit gaan ook nie net om predikante met magisters nie, maar om jeugwerkers, kategete en kosters – almal wat op een of ander wyse die Woord verkondig. Almal moet so goed moontlik opgelei word (WA 30(II), 545–547; [1530] 2016e:746–748). Luther besef dat die amp van dienaar van die Woord nie noodwendig finansieel lonend is nie. Trouens, sommige kan dalk selfs broodgebrek ly. Dit is egter dikwels onder sulke omstandighede dat daar buitengewone seën op die arbeid rus. Ondanks 'n beskeie inkomste kan dienaars van die Woord net so goed lewe as 'n handwerker of 'n handelaar. Dis belangrik dat daar nie na rykdom gestreef moet word nie (WA 30(II), 552–553; [1530] 2016e:750–752).

In die tweede gedeelte van sy 'preek' behandel Luther die wêreldlike nut van goeie opleiding en opvoeding. Om dit te verduidelik, konsentreer hy op die 'amp van die owerheid'. Hierdie amp is nou nie só belangrik soos die amp van dienaar van die Woord nie, maar is ook van uiterste belang, aangesien die wêreld nie daarsonder kan funksioneer nie. Die wêreldlike amp is die skaduwee van die geestelike amp en ook ''n teken van Christus se heerskappy'. Luther noem dit ook ''n heerlike verordening en 'n voortreflike gawe van God' waarsonder die samelewing nie kan funksioneer nie (WA 30(II) 554; [1530] 2016e:754, ll. 4–12). Lank voor Thomas Hobbes het Luther (WA 30(II), 555; [1530] 2016e:754, ll. 17–19) al gesê dat die regering daar is 'om van wilde diere mense te maak en die mense daarvan te bewaar om weer soos wilde diere te word'. Die vraag is egter wie die ampte in die staatsdiens en regering moet beklee? Beslis nie mense wat net met die vuis wil regeer nie. Dit moet mense van wysheid wees. Kortom (WA 30(II), 557; [1530] 2016e:756, ll. 25–27):

'Nie vuisreg, maar kopreg, nie geweld nie, maar wysheid of intelligensie moet regeer onder die booswilliges en die goeies' ('*Nicht faust recht / sondern kopff recht / nicht gewalt / sondern Weisheit odder vernunfft mus regieren / vnter den boesen so wol / als vnter den guten*'). Om só te kan regeer, is daar regsgeleerdes en goed geskoolde mense nodig wat in diens van die regerings is. Deur die handhawing van reg en wysheid kan verseker word dat daar orde en vrede in 'n land sal wees. Jong mense moet vanselfsprekend opgelei word om hierdie take uit te voer. Om dié rede moedig Luther die bevolking aan om toe te sien dat die jeug die gepaste opleiding ontvang. Weereens vermaan hy (WA 30(II), 561–563; [1530] 2016e:760–762) ouers om geleerdheid nie ter wille van geld van hulle kinders te weerhou nie. Alle ouers moet besef dat hulle 'n verantwoordelikheid het jeens die hele samelewing, en daarom moet hulle toesien dat daar goed opgeleide persone sal wees wat positief kan bydra tot die goeie, ordelike en vreedsame funksionering van die samelewing. Hierdie 'goeie werke' mag nie deur ouers se selfsug verhinder word nie. Geleerdheid en wetenskap mag ook nie weens ouers se armoede agterweë gelaat word nie. Armoede kan en mag nie 'n rede vir die gebrek aan geleerdheid wees nie. Almal moet finansieel bydra tot studente se studie, aangesien geen enkele adellike in stand kan hou wat hy het sonder regsgeleerdes, sekretarisse en skrynwerkers nie – trouens niks in die samelewing kan bly staan as 'n klomp beroepe nie komplementerend funksioneer nie. 'Diens aan die gemeenskap' is vir Luther 'godsdiens' en behoort daarom deur eer en aansien beloon te word (WA 30(II), 567–569; [1530] 2016e:766–768). Luther sluit met 'n laaste gedagte af wat baie relevant in die huidige Suid-Afrikaanse konteks is, en dit handel oor die bekostigbaarheid van onderrig. Hy verwyt die Roomse kerklike sisteem van 'geldroof'. Baie geld is ingesamel vir die oprigting en instandhouding van geboue. Die nuwe regte kerklike praktyk moet toesien dat geld nie op geboue verkwis word nie, maar in onderwys geïnvesteer word. Beurse moet beskikbaar gestel word aan arm studente sodat almal wat wil die geleentheid kan kry om hulleself te bekwaam. Wanneer hierdie 'bekering' plaasvind, word daar van die owerhede verwag om 'verpligte skoolonderrig' in te stel en toe te sien dat kinders uit

alle sosiale stande opgelei word as juriste, skrywers, dokters en onderwysers (WA 30(II), 585–588; [1530] 2016e:782–786).

## 1.3.3. Opvoeding tuis

Huisgodsdiens was 'n belangrike aspek van die Luther se huishouding. Tydens huisgodsdiens het Luther sy *Klein kategismus*[15] gebruik om sy kinders die inhoud van die evangelie te leer. In die *Voorwoord tot die Duitse mis* (1526) het hy (WA 19, 76, 2–5; [1526] 1897) sy begrip van 'n kategismus soos volg uiteengesit:

> [*'n Kategismus*] is 'n [*plan*] van onderrig waarmee 'n mens heidene help om 'n Christene te word, en hulle leer en wys wat hulle moet glo, doen en moet laat sodat hulle kan weet waaroor die Christendom gaan. (p. 76)

Volgens Luther is kinders ook 'klein heidene', aangesien hulle die dinge van die geloof nog moet leer. Vir hom en Katharina was onderrig oor die gebed baie belangrik. Die laaste gedeelte van die kategismus (WA 30(I), 320–326; [1529] 2012) wat oor gebedsonderrig handel, word hier vir kennisname aangebied:

> *Hoe die huisvader sy mense moet leer om soggens en saans te bid.*
>
> Soggens, wanneer jy uit die bed opstaan, moet jy die kruis maak [*of 'n kruis om jou nek hang*], en sê: God, Vader Seun en Heilige Gees het oor my die wag gehou. Daarna moet jy gekniel of staande die Geloofsbelydenis opsê en die Onse Vader bid.

15. Luther het sedert 1520 aan kort verklarings van die Credo, die Tien Gebooie en die Onse Vader gewerk. Hy het verder gereeld in preke aan aspekte van die kategismus aandag gegee. Dieselfde geld sy *Bedeboekie* (*Betbüchlein*) wat sedert 1522 in talle uitgawes verskyn het. Die visitasiebesoeke van 1528 in Sakse het hom oortuig om 'n kort kategismus saam te stel vir predikante en familiehoofde. Die eerste eksemplare was eenblad-drukke waarvan slegs een fragment behoue gebly het. Die eerste boekuitgawe (1529) het in Hamburg in Nederduits verskyn. 'n Wittenbergse uitgawe van 1529 het ongelukkig nie in bewaring gebly nie. Wat wel behoue gebly het, is 'n druk van die uitgewer Konrad Treffer in Erfurt en 'n eksemplaar van die uitgewer Benzing-Claus in Marburg. Die *Klein kategismus* is deel van die wêreld-literatuurskat en in feitlik elke land en elke taal beskikbaar (vgl. inleiding van D. Korsch tot [1529] 2012:573).

As jy wil, kan jy ook hierdie gebed byvoeg:

Ek dank U, my hemelse Vader, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, dat U my deur hierdie nag van alle skade en gevaar bewaar het, en bid U, dat U my ook deur die loop van hierdie dag sal bewaar van sonde en allerhande euwels, sodat al my doen en late, ja my hele lewe U sal geval. Ek gee my lewe en my siel en alles [*wat ek het en besit*] oor in u hande. U heilige engel is met my, en daarmee het die bose vyand geen houvas op my nie. Amen.

Dan spring jy met vreugde aan die werk en sing miskien 'n lied soos die Tien Gebooie, of wat ook al in jou gedagtes opkom.

Saans, wanneer jy bed toe gaan, moet jy weer die kruis maak en sê: Mag God, Vader, Seun en Heilige Gees oor my die wag hou. Amen. Daarna moet jy gekniel of staande die Geloofsbelydenis en die Onse Vader opsê.

As jy wil, kan jy hierdie gebed ook bid:

Ek dank U, my hemelse Vader, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, dat U my hierdie dag deur u genade beskerm het, en bid U dat U al my sondes sal vergewe, [*oral*] waar ek onreg gepleeg het, en dat U my genadiglik deur die nag sal bewaar. Ek gee my liggaam en siel en alles [*wat ek is en besit*] oor in u hande. Mag u heilige engel met my wees, sodat die bose vyand geen houvas op my kan kry nie. Amen.

En dan val jy om, om vrolik te slaap.

*Hoe 'n huisvader sy mense moet leer om tafel- en dankgebede te doen.*

*Tafelgebed:*

Die kinders en die res van die huishouding moet met gevoude hande en met volle eerbied voor die tafel gaan staan en sê: Alle oë wag op U, Here, en U gee u kinders voedsel op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe in welgevalligheid. Welgevalligheid beteken hier: Alle diere ontvang soveel kos dat hulle opgeruimd en vrolik sal word, want besorgdheid en gierigheid verhinder sodanige welgevalligheid.

Hierna volg die Onse Vader en die volgende gebed: Here God, hemelse Vader, seën ons en hierdie gawes van U, wat ons uit u empatiese goedheid aanneem. Deur Jesus Christus onse Heer. Amen.

*Die dankgebed:*

Net só moet u ná die ete eerbiedig en met gevoude hande sê: Ons dank die Here, want Hy is vriendelik en sy goedheid duur tot in ewigheid. U gee aan alles wat lewe voedsel, U gee die vee voer, en aan die jong rawe wat daarna roep. U verlustig U nie in die krag van 'n perd, of die mag van 'n mens nie. Die Here het 'n welbehae in diegene wat Hom vrees en diegene wat op sy goedheid wag.

Hierna volg die Onse Vader en die volgende gebed: Ons dank U, Here God, Vader deur Jesus Christus, ons Here, vir al u weldade. U leef en regeer tot in ewigheid. Amen. (pp. 594–596)

## 1.4. Teologiese verband: Die kinderdoop

Luther is, soos die gebruik in daardie tyd, 'n dag ná sy geboorte op 11 November 1483 gedoop. Die doop sou later in sy lewe en as ouer en predikant 'n baie belangrike rol speel. Alreeds op 09 November 1519 het hy (WA 2, 727–737; [1519] 2015) 'n publikasie oor die doop,[16] met die titel *'n Preek oor die heilige, hoogwaardige sakrament van die doop* (*Sermon vom heiligen hochwürdigen Sakrament der Taufe*) die lig laat sien. Vir die Christelike opvoeding en lewe is die kinderdoop 'n saak van groot erns en betekenis.

16. Hierdie publikasie was een van drie vroeë Hoogduitse stigtingsliteratuur oor die sakramente wat hy in Oktober en November 1519 geskryf het. Al drie geskrifte is opgedra aan hertogin Margarethe von Braunschweig-Lüneburg, wat 'n belangrike rol in die vestiging van die Reformasie gespeel het. Luther en sy gesin kon ook later op haar finansiële en militêre invloed steun. Hierdie drie geskrifte oor die boetedoening, nagmaal en doop was die eerste Duitstalige geskrifte oor die Protestantse verstaan van die sakramente. In hierdie geskrifte het hy die praktiese konsekwensies van die regverdigingsboodskap vir die kerklike en Christelike lewe begin uitspel onder drie temas, naamlik die teken, die betekenis en die geloof – met ander woorde: wat tydens die gebruik van die sakrament gebeur, is 'n beskrywing van die geestelike dimense van diepte in die sakrament en die manier waarop daar met die sakrament omgegaan moet word. Luther beskryf die doop as die eerste teken van God se genade. Dit is die aanvang van die Christelike lewe en bestem hierdie lewe tot en met die dood. Aangesien die doop lewenslange betekenis het, is dit belangrik dat die kinders gedoop sal word en tot en met die dood hieroor onderrig sal word (vgl. inleiding van Korsch en Schilling tot Luther ([1519] 2015:3).

Luther begin sy uiteensetting oor die doop met die verduideliking dat doop in Grieks met *baptismos* en Latyn met *mersio* weergegee word. Die Duitse woord doop (*Taufe*) hou daarom verband met diepte (*Tiefe*). Aanvanklik was die doophandeling totale onderdompeling, met die bedoeling dat die simboliek van die doop hierdeur duidelik na vore sal kom. In Luther se tyd was dit egter nie meer die gebruik nie. Die kind se voorkop is simbolies afgewas. Volgens Luther is die doop'n uiterlike teken of herkenningsmerk wat die volk van God van ander volke onderskei. Om hierdie rede is daar drie sake wat'n mens rakende die doop in gedagte moet hou, naamlik (1) die teken, (2) die betekenis en (3) die geloof.

1. Die teken: Die doop simboliseer die afsterwe van die ou, sondige mens en die opstanding van die nuwe mens wie se sonde vergewe is en wat onder die belofte van'n nuwe lewe leef.
2. Die betekenis wys heen na die feit dat die mens wat ondergedompel word, werklik van dag tot dag sterf. Die eerste handeling van die doop herinner alle toeskouers aan die verganklikheid van die lewe. Die uittel uit die water simboliseer die nuwe geestelike geboorte – dit beteken die vermeerdering van die genade en geregtigheid tot en met die eindoordeel. Met die uittel uit die water word die dopeling beklee met die regte doopkleed van die onsterflike lewe in die hemel. Luther wys ook daarop dat daar'n lang tradisie bestaan waar die doop aan hand van die sondvloed verduidelik word. Noag is die simbool van die redding te midde van die ondergang van die mensdom. Luther (WA 2, 729; [1519] 2015:6, l. 39–8, l. 13) maak egter die volgende unieke opmerking: Inderdaad het duisende mense in die sondvloed gesterf, maar veel meer mense is sedert die geboorte van Christus gedoop. Die doop is daarom vir hom 'die sondvloed van genade'. God is geen wraaksugtige nie, maar die genadige en barmhartige Heer wat wil red. Luther wys verder daarop dat die dopeling inderdaad met die nuwe sondelose liggaam beklee word. Solank ons egter deel het aan die aardse

bestaan, bly ons onderworpe aan die sonde en die bose. Luther los die dialektiek van 'alreeds' – 'nog nie' op die volgende wyse op: Die hernuwingsproses begin by die doop en dit duur voort tot aan die einde van die lewe. Die doop is die versekering dat ons by die eindoordeel as totaal nuwe mense sal staan. Intussen is die lewe 'n proses waartydens vernuwing daagliks plaasvind. Daar is dus nie sprake van nou in die sonde lewe en later verlos word nie. Dat die vernuwingsproses nie tydens hierdie lewe afgehandel kan word nie, is vanselfsprekend, maar dit beteken nie dat niks van die vernuwingsproses raakgesien kan word nie. Nogtans is die sondige begeertes só onlosmaaklik deel van die menslike lewe dat toorn, haat en hooghartigheid deel van ons aardse lewe gaan bly. Hierdie toestand is geen rede vir troosteloosheid nie. Die doop is 'n heenwysing na die ewige verbond van genade wat ons met God het (WA 2, 730, 20–24; [1519] 2015:10). Die trooskarakter van die doop belig hy (WA 2, 731; [1519] 2015) soos volg:

> Sou hierdie verbond nie bestaan het en sou God nie barmhartigheid bewys het nie, sou geen sonde so klein gewees het dat dit ons tog nie uiteindelik sou kon verdoem nie. Want God se oordeel kan geen sonde verdra nie. Daarom is daar geen groter troos op die aarde nie as die doop, waarmee ons onder die oordeel van die genade en barmhartigheid te staan kom, die sonde nie oordeel nie, maar met daadkragtigheid uitdryf. So sê Augustinus heel mooi: Die sonde word in die doop geheel en al vergewe, maar nie só dat dit nie meer bestaan, maar só dat dit nie meer toegereken word nie.[17] (p. 12, ll. 14–22)

3. Die derde belangrike aspek van die doop het met die geloofslewe te make. Die gedoopte lewe met die troosryke

17. Luther se eie woorde: '*Wan nu diszer bund nit were / vnd gott nit barmhertziglich / durch die finger sehe / szo were kein sund szo kleyn / sie vordammet vnsz / dan gottis gericht mag kein sund leyden. Drumb ist kein grösser trost auff erden / dan die tauf / durch wilch wir yn der gnaden vnd barmhertzigkeit vrteyll treten / die / die sund nit richtet / sondern mit vielen vbungen ausz treybt. Alszo spricht san. Augustinus eynen feynen spruch / Die sund wirt yn der tauf / gantz vorgeben / nit alszo / das sie nit mehr da sey / sondern / das sie nit zu gerechnet wirdt.*'

wete dat God genadig met ons omgaan en ons nie in alle strengheid wil straf nie. Nieteenstaande ons voortslepende sondige bestaan, is die doop die troosvolle teken van die genadeverbond wat ons met God het. Gedoopte mense is 'kinders van barmhartigheid, die volk van genade en mense van die goeie wil van God' (WA 2, 732; [1519] 2015:14, ll. 28–30). Die implikasie is dat gedoopte mense niks verder hoef te doen om sekerheid oor hulle verlossing te kry nie. Pelgrimstogte en godsdienstige rituele is nie nodig nie. Die vertroue dat die barmhartige God sondes vergewe, is genoeg. Volgens Luther is die vergewing van sondes een saak. 'n Ander belangrike saak is die 'aflegging van die sondes' of die 'bevegting van die sondes' (WA 2, 734; [1519] 2015:18, ll. 7–8). Regverdigverklaring en regverdigwording is twee kante van dieselfde muntstuk. Die gedoopte moet lewenslank teen die sonde stry en daar kan nie slegs op God se wil tot vergewing van sondes gesteun word nie. Alle Christene moet dit met dieselfde intensiteit doen, aangesien daar slegs één belangrike gelofte is, naamlik die doopgelofte. Die geloftes van priesters, biskoppe of keisers is nie belangriker as die doopgelofte nie. Alle persone moet binne hulle eie 'stand' of beroepsveld die sonde beveg – en die een geveg is nie belangriker as die ander een nie (WA 2, 736; [1519] 2015:22–24). Luther sluit sy geskriffie af met woorde wat verdien om aangehaal te word. Die *ondankbaarheid* oor die doop is volgens hom die rede vir *ongeloof*, wat dan versteek word onder dinge soos die aflaatstelsel. Hy sê (WA 2, 736–737; [1519] 2015):

> Wanneer die heilige sakrament van die doop egter so 'n groot, genaderyke en troosvolle ding is, dan moet 'n mens met erns daarop let dat jy God daarvoor sonder oponthoud van harte en vrolik moet dank, loof en eer. Ek is bevrees dat die ondankbaarheid ons daartoe gebring het om blind te word en die genade nie te herken nie. Die ganse wêreld was vol van die doop en die genade; en is dit nog steeds. Ons is egter mislei deur ons eie angsvallige werke [*soos*] die aflaat en soortgelyke valse troos. Ons het geoordeel dat God nie vertrou kan word voordat ons self nie regverdig geword het en nie deur genoegdoening vir die [*eie*] sonde betaal het nie; so asof

> ons sy genade wou koop of betaal. Waarlik, wie God se genade nie só verstaan nie, naamlik dat dit die sondaar duld en salig wil maak nie, [*om sodoende*] sy oordeel [*in vertroue*] tegemoet te tree nie, sal hom nooit oor God kan verheug nie, en hom ook nie kan liefhê of loof nie. Maar wanneer ons hoor dat Hy ons sondaars in die verbond van die doop aanneem, verskoon en algaande rein maak, en ons dit met beslistheid glo, dan moet die hart vrolik word, God liefhê en loof.[18] (p. 24, ll. 4–16)

## 1.5. Impulse vir die gesins- en onderwyskrisis vandag

By die noukeurige bestudering van Luther se tekste word dit duidelik dat daar nog steeds op sy insigte gesteun kan word. Sy verdediging van die 'instelling van die huwelik' is van blywende betekenis – ook vir die moderne samelewing. Die dialektiek van vryheid en aangewese wees op outonomie en diensbaarheid wat Luther bepleit, is nog net so aktueel soos 500 jaar gelede (vgl. Gräb-Schmidt 2017:345–350).

Sy klem op die samehang tussen huwelik, opvoeding en onderwys is vandag uiters aktueel. Kinders uit gebroke en disfunksionele gesinne het in die meeste gevalle 'n agterstand in terme van onderwys. Die talle afwesige vaders in ons gemeenskappe skep vir talle kinders 'n skolastiese agterstand. Wie ernstig is oor opvoeding en onderwys sal alles moontlik moet doen om stabiele en liefdevolle tuistes vir kinders te skep.

---

18. Luther se eie woorde: '*Szo aber das heylig sacrament der tauff szo eyn grosz gnedigs vnd trostlichs dingk ist / ist mit ernst darauff zu sehen / das man gott yhe hertzlich vnd frolich dafur an vnterlasz danck / lob vnd eere sag / dann ich besorg der vndanck vordient hatt / das wyr blind worden / nit wirdig geweszen seyn solch gnad zu erkennen / vnd die gantz wellt voll tauff vnf gnad gottis geweszen vnd noch ist / wir aber / ynn die engstlichen eygene werck / dar / nach ynsz ablasz vnnd der gleychen falsche troste vorfuret seyn / vormeynt gott nit eerzutrawen / wyr weren dann frum vnd gnug gescheen fur die sund / alszwolten wyr yhn seyne gnad abekauffen odder betzalen / Furwar wer Gottis gnaden nit alszo achtet / das sie yhn als einen sunder dulden vnd selig machen werd / vnnd alleyn seynem gericht entgegen geht / der wirt gottis nymmer frohlich / mag yhn auch widder lieben noch loben.*'

Luther se oortuiging dat daar ruimte vir godsdiensonderrig in skole moet wees, is iets wat ernstige oorweging verdien. Sy argument téén ’n eendimensionele lewenswyse verdien oorweging in ’n land waar drukgroepe agiteer vir die verwydering van alle godsdiensonderrig in skole.

Luther se gedagte om die gesangeboek as hulpmiddel vir huisgodsdiens te gebruik, verdien oorweging. Ons lewe in ’n wêreld waar die teologiese inhoud van geestelike liedere nie meer belangrik is nie. Dit kan moontlik een rede wees hoekom jongmense nie meer die inhoud van die evangelie ken nie.

Luther se oortuiging dat daar in die onderwys geïnvesteer moet word, bly ’n belangrike aangeleentheid. Welvarende mense in ons wêrelddeel moet aangemoedig word om ruim tot goeie skoolonderrig by te dra. Sy insig dat daar oral biblioteke opgerig moet word, moet met entoesiasme ondersteun word. Talle plattelandse gebiede en informele nedersettings het nie eens ’n biblioteek nie. Kerke en gemeentes kan baie doen om te help. Daar moet onthou word dat die Reformasie in ’n groot mate ’n ‘*Bildungsbewegung*’ is – ’n beweging wat instaan vir die algemene intellektueel kulturele ontwikkeling van die samelewing (Schweitzer 2017).

## ■ 1.6. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor die huwelik, gesin, opvoeding en onderwys. Luther se gesins- en familielewe word breedvoerig bespreek. Sy skoolloopbaan word daargestel en sy idees oor hoe skoolonderrig verbeter kan word, kry aandag. Die godsdiensonderrig in die Luther-huishouding word as voorbeeld voorgehou. Die tema van die kinderdoop, wat indirek met die tema van hierdie hoofstuk saamhang, kry ten slotte aandag.

Hoofstuk 2

# Tersiêre opleiding en die taak van die universiteit

## 2.1. Inleiding

Die internasionale universiteitswese is grootliks ’n produk van die Europese universiteitswese. Martin Luther was bevoorreg om aan die oudste Duitse universiteit, naamlik Erfurt, te studeer. Hy het ook vir ’n kort rukkie aan die jongste universiteit in daardie tyd, naamlik Wittenberg, studeer. Hy sou vir sy hele akademiese loopbaan ’n professor aan daardie universiteit wees. Luther, en sy kollega Philipp Melanchthon, het teologiese opleiding radikaal vernuwe. Die laaste 500 jaar se teologiese opleiding is in ’n mindere of meerdere mate vrug van die reformatoriese vernuwing van die teologie. In die laaste dekades was daar baie veranderinge by baie teologiese fakulteite, ook in Suid-Afrika. In tye van aanhoudende verandering, onsekerheid en verwarring is dit noodsaaklik om weer op soek te gaan na die wortels van ons eie tradisie. Ook Suid-Afrikaners wat nie ’n sterk band met die

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Tersiêre opleiding en die taak van die universiteit’, in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/ Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 35–68, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.02

Lutherse tradisie het nie, kan baat vind by die ontdekking van die diepste wortels van die reformatoriese tradisie. In tye waarin die klassieke en Germaanse tale nie meer waardeer word nie, en waar allerlei manipulasietegnieke kritiese denke oorwoeker, is dit goed om die verhaal van Martin Luther te bestudeer.

# 2.2. Biografie

## 2.2.1. Luther se tersiêre opleiding

'Martinus Luder ex Mansfeldt'[19] begin in 1501, as 18-jarige, in Erfurt[20] te studeer. Erfurt (in 1379 gestig, gesluit in 1816 en weer heropen in 1994) is die oudste universiteit op Duitse bodem en het hoë aansien geniet. Soos elke ander student, moes hy eers die algemene voorstudie aan die Fakulteit Geesteswetenskappe (*Artistenfakultät*) voltooi voordat hy, soos beplan, met sy regstudie kon begin. Hierdie fakulteit was die toetrede-fakulteit van die Laat-Middeleeuse universiteit waar die *sewe vrye kunste* (*septem artes liberales*) bestudeer is. Die studie het met die *trivium*, die inleidende studie in grammatika, retoriek en dialektiek begin, en is met 'n *Baccalaureus Artium* afgesluit. Dit is opgevolg deur die *quadrivium*, met studie in rekenkunde, meetkunde, astronomie en musiekwetenskap, en wat met 'n *Magister Artium* afgesluit is[21] (vgl. Kohnle 2015:222; Schwilk 2017:30). Ná slegs 18 maande, lê Luther op 21 September 1502 sy eksamen af vir die *Baccalaureus Artium*, en ontvang die graad op 29 September 1502. Op grond van hierdie graad, kon Luther die jonger

19. 'n Afdruk van die oorspronklike, handgeskrewe studenteregister is te siene by Kohnle (2015:29).

20. Erfurt het in daardie stadium 89 kerke en 36 kloosters gehad.

21. Volgens Schwarz ([1986] 2014:17–18) was daar in die Laat Middeleeue 'n verlaging in standaarde te bespeur teenoor die Laat Antikiteit en Vroeë Middeleeue. Dit was vanweë die dominante posisie van die Aristoteles-resepsie in die universiteitswese. Die Aristoteliese logika (dialektiek), natuur- en moraalfilosofie was dominant, terwyl die retoriek en grammatika erg afgeskeep is. Eers onder die latere humaniste (1501–1505) sou vakgebiede soos poësie en geskiedenis weer die nodige aandag kry. Luther het dus by hierdie nuwe ontwikkelinge baat gevind.

studente in Latyn onderrig (Schwilk 2017:29). Luther het die magisterprogram gou bemeester en lê die eksamen vir die *Magister Artium* op 07 Januarie 1505 met sukses af. Vier weke later ontvang die pas 'gepromoveerde magister' die bruin-rooi magisterbaret, en lewer hy sy intreerede. Sy pa, Hans, was só trots op sy seun dat hy hom nie langer as 'jy' nie, maar as 'u' aangespreek het. Hy skenk die toekomstige regstudent ook 'n duur eksemplaar van Justinianus se *Codex Iuris Civilis*, 'n kosbare uitgawe van die Romeinse reg, met talle glosse van geleerde kommentaar, met die verwagting dat hy dit vir die res van sy loopbaan sou gebruik (Schwilk 2017:35).

Dit is belangrik om te weet dat Luther vir die magister hoofsaaklik aan die filosofie – en wel 'n spesifieke weergawe van filosofie – aandag geskenk het. In Erfurt was hy bevoorreg om in die leerskool van die *via moderna* opgelei te word. Hoekom? Die tradisionele *quadrivium* is volgens vaste voorskrifte geleer, met die bedoeling om te bewys dat die werklikheid 'n Godgewilde harmonie vorm. Kennis oor die wetmatigheid van die konstellasies van die sterre en die musikale proposisies was dus niks minder as 'n inleiding tot die studie van Petrus Lombardus se 'dogmatiek' nie, wat bewys dat God buite die ruimte en tyd van hierdie harmoniese sisteem werksaam is, maar tog op 'n mistieke wyse teenwoordig is. Teen hierdie spekulatiewe teologie, wat deur Thomas van Aquinas en Duns Scotus vervolmaak is, was die *via moderna* van die nominaliste in Erfurt gekant. Luther se filosofiese opleiding het dus in die teken van 'protesfilosofie' gestaan – 'n goeie leerskool vir sy latere protes teen die Roomse skolastiek (Schwilk 2017:30).

Nadat Luther die *Magister Artium* (algemene filosofiese opleiding) in Februarie 1505 behaal het, kon hy in Julie 1507 met formele studie in die teologie aan die Universiteit van Erfurt begin.[22] Luther is in 1507 tot priester gewy nog voordat hy die formele teologiese opleiding kon aanpak. Daarmee het hy in Julie 1507 in Erfurt begin. In Erfurt het die Augustynse orde

22. Luther se besluit om sy beplande regstudie te laat vaar en om priester te word en teologie te studeer, kry in Hoofstuk 3 aandag.

binne ordeverband (*conventus*) hul eie ordespesifieke opleiding gegee. Die hoof van hierdie opleiding was terselfdertyd ook professor aan die Universiteit.[23] Die studente was by die Universiteit ingeskryf, maar het hulle opleiding aan die klooster ontvang. Ná ’n vasgestelde studietyd kon iemand aan die universiteit gradueer. Alreeds op 08 tot 09 Maart 1509 behaal Luther die graad *Baccalaureus Biblicus*. Dit verskaf aan hom die titel *cursor*, wat beteken dat hy die inhoud van enkele boeke uit die Ou en Nuwe Testament kursories kon weergee. Sy volgende uitdaging was om as *Baccalaureus Sententiarius* die vier boeke van Petrus Lombardus (met tematies geordende aanhalings uit die Bybel en kommentaar van die kerkvaders) uit te lê. As *Baccalaureus Formatus* (iemand wat reeds die eerste twee boeke uitgelê het), kon hy ook aan die professore se disputasies deelneem. Ná vyf jaar kon iemand dan tot ‘lisensiaat’ in die teologie promoveer. Hierdie ‘doktorsgraad’ het aan iemand die bevoegdheid (*licentia*) gegee om die Heilige Skrif in alle detail en uitvoerigheid (*ordinarie et magistraliter*) uit te lê en om self disputasies aan te bied. Na die gepromoveerde is verwys as *Magister* (die bevoegde persoon), en nie ‘doktor’ nie (alhoewel dit die implikasie was). Op 19 Oktober 1512 promoveer Luther tot doktor in die teologie in Wittenberg met Johannes von Staupitz as studieleier.[24] By die tradisieryke universiteit van Erfurt was daar ontsteltenis dat die briljante Luther nie dáár gepromoveer het nie. Luther het egter die dosente van Erfurt as liggewigte beskou.

23. Tydens Luther se studietyd was Johannes Nathin († 1529) die hoof van die klooster. Daar is min oor hom bekend, aangesien hy nie ’n groot geleerde was nie. In sy lesings oor Petrus Lombardus het hy van Gabriel Biel se kommentaar gebruik gemaak. Dít sou Luther se onderbou in die skolastieke ‘dogmatiek’ wees. Gabriel Biel (1413–1495) was ’n volgeling van Willem van Ockham († 1347), Pierre d’Ailly († 1420), Duns Scotus († 1308) en Bonaventura († 1274). Nathin het hom dus besig gehou met die Laat-Franciskaanse, Ockhamistiese geleerdheid. Dit word dus betwyfel dat Luther hom as student met Thomas van Aquinas bemoei het (vgl. Schwarz [1986] 2014:29–30).

24. Von Staupitz was nie Luther se ‘promotor’ nie, maar slegs sy studieleier. Die hedendaagse term ‘*Doktorvater*’ is nie gepas om die feitelike situasie te beskryf nie. Hy het onder die voorsitterskap van die dekaan, Andreas Bodenstein von Karlstadt, ‘gepromoveer’ (Leppin [2006] 2010a:67).

Hy het ook nie vyf jaar nodig gehad om tot die vlak van doktor te beweeg nie. Oor die inhoud van Luther se teologiese opleiding en navorsing is daar min bekend. Wat bekend is, is dat hy in 1508–1509, saam met ses ander Augustynse doktorale studente, na Wittenberg gesekondeer is. Hy moes in die vakante filosofiepos Aristoteliese moraalfilosofie doseer, en gelyktydig aan sy doktoraal in teologie werk. In 1509 is hy skielik na Erfurt teruggeroep (waarskynlik op grond van interne konflikte binne die Augustynse orde). In 1510 het hy in Erfurt die status van *sentensiarius* bereik. 'n Eksemplaar van Lombardus se stellings, met Luther se kommentaar aan die kant, het behoue gebly. In hierdie glosse-kommentaar is die eerste kritiek teen die skolastieke moraalleer sigbaar. Naas sy bestudering van Petrus Lombardus, het hy hom ook bemoei met Augustinus se drie hoofwerke *De Trinitate, Confessiones* en *De civitate Dei*, asook die geskrifte van Anselmus van Canterbury en Bonaventura. In 1511 word hy na Wittenberg beroep as opvolger van Johannes von Staupitz (vgl. Köpf 2015:27–29).

## 2.2.2. Invloede op Luther se akademiese vorming

Luther is as student en jong priester deur 'n hele paar filosofiese en teologiese tradisies beïnvloed. Die ses belangrikste invloede geniet kortliks aandag.

### 2.2.2.1. Die Erfurt-Ockhamisme

Aan Erfurt het die filosofie van Willem van Ockham[25] (1285–1347, München) aandag geniet. Luther se leermeesters in die

25. Willem van Ockham was 'n Franciskaanse teoloog en verteenwoordiger van die *via moderna*. Ná sy toetrede tot die bedelorde, studeer hy in Oxford. Tot 1324 leer hy filosofie in Engeland. Die meeste van sy werke het in hierdie periode ontstaan. Tussen 1324 en 1328 is hy in Avignon waar hy sy leer voor die kurie moes verdedig. In 1328 word hy geëkskommunikeer nadat hy vir keiser Ludwig van Beiere begin werk het. Die keiser was 'n vyand van die pous. Onder Ludwig se beskerming skryf hy politieke strydgeskrifte teen die pous. Luther is in

Ockhamistiese filosofie was Jodocus Trutfetter[26] en Bartholomeus Arnoldi von Usingen. Luther se uiteindelike posisie ten opsigte van die filosofie kan teruggevoer word na wat hy by Von Usingen geleer het (wat nie in hart en siel 'n Ockhamis was nie). Volgens hom moes die teologiestudente Aristoteles ken, maar ook weet waar Aristoteles en die evangelie verskil. Hy het die evangelie as die 'hoogste waarheid' beskou, en daarom kon Aristoteles nie op absolute waarheid aanspraak maak nie (Dieter 2015:546). Hy het hulle verder geleer dat die rede nie in alle opsigte vertrou kan word nie en dat die Aristoteliese moraalleer wat begrond is in die natuurlike rede, vervang moet word met moraal wat vanuit die Woord geopenbaar word. By Ockham, volgens Von Usingen, het hy geleer dat die God van die filosowe nie die God van die Bybel is nie. Luther (WA 6, 600, 11; [1520] 1888:600) het in 1520 in sy *Disputasie teen die pouslike bul* beweer dat hy homself as deel van die 'Ockhamistiese faksie' ('*Occanicae factionis*') beskou, maar dit beteken nie dat hy ten volle 'n ondersteuner van Ockham kon wees nie, aangesien Luther juis talle aspekte van die Ockhamistiese filosofiese teologie beveg het. Ockham was die begronder van die *via moderna* of die nuwe weg in die filosofie. Hy het die kennisteorie van Thomas (1225–1274) en Scotus (1265–1308) verwerp wat geloof en rede as 'n eenheid beskou het. Ockham het 'n 'dubbele waarheidsopvatting' verdedig. Kennis oor God kan, volgens hom, slegs geopenbaarde kennis wees, aangesien die rede God nie kan ken nie. Aangesien teologiese uitsprake nie bewys kan word nie, kan kerklike beslissings willekeurig wees. Ockham was egter ook skepties oor die waarheid

(voetnota 25 gaan voort...)
Erfurt in die Ockhamistiese tradisie opgevoed – waarop hy nogal trots was. Hy het Ockham egter deur die bril van Gabriël Biel (Tübingen) geleer. Die *Disputasie teen die skolastieke teologie* was grootliks gemik teen Ockham en Biel. Nieteenstaande sy kritiek kan sekere van Luther se uitsprake, soos dié oor die *Deus revelatus* en die *Deus absconditus*, na Ockham teruggevoer word. Luther was dus 'n kritikus van Ockham, maar het tog belangrike dinge by hom geleer (vgl. Schenk 2015).

26. Trutfetter, 'n jeugvriend uit Eisenach, het 'n beroemde handboek oor die logika geskryf, getitel *Sumula totius logicae*. Met sy hulp het Luther 'n goeie kenner van die logika geword (Schwilk 2017:29).

van ervarings, aangesien die gehalte van sulke ervarings ook nie bewys kan word nie. Die gebrek aan eenduidigheid en sekerheid by Ockham blyk duidelik in Ockham se Godsleer. Hy onderskei tussen God se 'absolute mag' ('*potentia Dei absoluta*') en sy 'geordende mag' ('*potentia Dei ordinata*'), met die bedoeling om te onderskei tussen dít wat God in 'n absolute wyse kan doen, en dít wat Hy kan doen binne die grense van sy eie skepping en verlossingsweg. Die probleem is uiteindelik dat teologiese vraagstukke nie op 'n konsekwente wyse beantwoord word nie, en tot aanhoudende onsekerheid lei. Die onsekerheid blyk veral in Ockham se genadeleer. Hy was oortuig dat die mens uit eie krag die gebooie kan gehoorsaam. Genade is niks minder nie as 'God se aanvaarding' ('*acceptatio divina*') van die menslike poging. God se aanvaarding van die mens berus egter op die mens se eie wilsbeslissing – maar hierdie wilsbeslissing bly willekeurig, en daarom die onsekerheid oor die mens se lot. In Erfurt is Ockham aan hand van sy volgeling Gabriel Biel (1410–1495), professor in Tübingen, geleer. Luther kon daarom ook nie (minstens in die lesings) met Ockham self te make gekry het nie. Een saak wat hy nie in Erfurt geleer is nie, is dat Ockham 'n radikale pous-kritiese houding gehad het. Veral die ampsmisbruik van die pous het hy aangeval. Hy was oortuig dat die keiser, en nie die pous nie, in kwessies van aardse belang, die finale woord moes kry. Sou Luther hiervan kennis gedra het, sou dit hom kon gehelp het in sy eie denke oor die 'tweeregimente-leer' (vgl. Danz 2013:19–21; Leppin [2005] 2010c; Lohse 1995:30–33; Schwarz [1986] 2014:18–19).

## ☐ 2.2.2.2. Humanisme

'Humanisme' is 'n komplekse aangeleentheid wat nie eenduidig gedefinieer word nie. Volgens Burger (2015:300) is humanisme (in soverre dit vir die teologiese debat ter sake is) hoofsaaklik 'n geestelike beweging, gevoed deur literêre en filologiese belangstellings in antieke tekste, met die bedoeling om die intellektuele skatte van die geskrifte te laat herleef. Binne teologiese verband, is dit veral die tekste van die vroeë kerkvaders, Bybelse geskrifte en Romeinse filosowe wat aandag geniet het.

Humanisme moet histories en geografies gekategoriseer word. Daar kan hoogstens aanvaar word dat die Laat-Middeleeuse humanisme van die Noord-Europese gebiede ’n belangrike rol in Luther se denke gespeel het. Dit is egter nie seker watter aspekte van die humanisme hom beïnvloed het nie. Volgens Melanchthon het hy Cicero, Vergilius en Livius gelees as voorbeelde van menslike lewensvoering. Aan die einde van sy lewe het hy hulle ook gereeld aangehaal. In Erfurt is Luther goed onderrig in die klassieke antieke. Veral die antieke retoriek het deel van sy akademiese mondering geword. Hy het die goed versorgde tekste deur humaniste van die antieke filosowe en teoloë goed benut. Die bekendste hiervan is die 1516- en 1519-uitgawes van die Griekse Nuwe Testament deur Erasmus van Rotterdam. Minder bekend is dat Luther as *sentensiarius* alreeds in 1506 ’n gedrukte weergawe van Reuchlin[27] se *Rudimenta Hebraica* (Hebreeuse grammatika) begin benut het (Schwarz [1986] 2014:31). Luther was egter nie in die volle sin van die woord ’n humanis nie, aangesien hy ten diepste ’n teoloog was wat met die heilsvraag besig was. Luther (soos Calvyn) is wel deeglik deur humanistiese arbeid en onderrig gevorm, maar hy was nie ’n humanis nie (vgl. Burger 2015; Lohse 1995:37–38).

’n Belangrike aspek van die humanisme waarmee Luther te make gekry het, is die studiegroepe of verenigings (*sodalitates*) wat deur die gelykgesinde navorsers gevorm is. In talle gevalle is dit groepe wat gekorrespondeer het. Deur middel van

27. Luther het ’n besondere verhouding met Reuchlin gehad. Reuchlin was een van slegs twee professore in Hebreeus in daardie tyd. Hy het Reuchlin in Maart 1513 ondersteun in ’n konflik wat bepalend was vir akademiese vryheid. ’n Jood uit Keulen, Johannes Pfefferkorn, wat ’n Dominikaner geword het, het aanbeveel dat alle Joodse geskrifte in Duitse biblioteke verbrand moes word. Reuchlin het hom sterk teen Pfefferkorn uitgelaat. Die keiser het Pfefferkorn se kant gekies en op 7 Oktober 1512 beveel dat al Reuchlin se geskrifte verbied moes word. Hy is ook met ’n ketterverhoor in Keulen gedreig. Pous Leo X het weer Reuchlin se kant gekies en die biskop van Speyer versoek om die twis te besleg. Op 29 Maart 1514 is hy in Speyer van kettery vrygespreek. Die hele saak was vir Luther en Frederik die Wyse van belang. In Wittenberg is talle Joodse geskrifte, soos die Talmud, deur die humaniste bestudeer. Die akademiese vryheid van die universiteit was dus op die spel. Hierdie episode bewys weer hoe ’n belangrike rol Luther in die ontwikkeling van die universiteitswese gespeel het, en dat hy nie summier van anti-Semitisme beskuldig kan word nie (vgl. Schwilk 2017:102).

korrespondensie het hulle hul vir bepaalde prysenswaardige akademiese belange beywer. Die saak van Luther en sy volgelinge is versterk deur studiegroepe wat propagandisties die *Donkermanne-briewe* (*Epistolae obscurorum virorum*) versprei het. Hierdie briewe is tussen 1515 en 1517 deur Crotus Rubeanus en Ulrich von Hutten geskryf waarin hulle die powere Latyn van die bedelmonnike bespot het. Luther self het ook aan enkele humanistiese studiegroepe behoort. Noemenswaardig is die groep van Johannes Braun, hoofpredikant van die Mariakerk in Eisenach, en ’n groep in Erfurt wat die werk van Nikolaus Marschalk bevorder het. Marschalk het in 1500 die Latynse grammatika van Martianus Capella verwerk en terselfdertyd die skolastiek aangeval. In 1502 het Marschalk na Wittenberg geskuif, en dáár het sy en Luther se paaie weer gekruis. Die Ockhamiste en leermeesters van Luther in Erfurt, Jodokus Trutfetter en Arnoldi von Usingen, het ook belangstelling in die humanisme getoon en gespreksverenigings gevorm waarby Luther ingeskakel het (vgl. Burger 2015:301; Leppin [2005] 2010b:67–69).

### 2.2.2.3. Augustinus

Augustinus het ongetwyfeld groot invloed op Luther uitgeoefen. Dit is egter nie seker wanneer, waar en deur wie se toedoen hy Augustinus begin lees het nie. Daar is ook ’n verskil van mening in die navorsing oor die uiteindelike invloed wat Augustinus op Luther uitgeoefen het. Sommige navorsers praat van ’n Augustinus-Renaissance in die Laat Middeleeue, terwyl ander weer meen dat talle ander geleerdes dieselfde menings oor sonde en genade as Augustinus gehuldig het en dat Luther netsowel deur hulle beïnvloed kon gewees het. Die feit bly egter dat Luther sedert 1509 talle geskrifte van Augustinus deurgewerk en van kantnotas voorsien het. Augustinus se invloed blyk duidelik uit sy eerste Psalm-voorlesings (1515–1516) en die voorlesing van die Brief aan die Romeine (1515–1516). Wat Luther by Augustinus oorgeneem het, berus op sy eie, onafhanklike navorsing. Vir Luther staan Augustinus, saam met Paulus, teenoor Aristoteles en die skolastiek (Lohse 1995:36). Op 18 Mei 1517 skryf

hy met groot genoegdoening aan sy vriend Johannes Lang en lig hom in oor die vordering wat in Wittenberg gemaak word met Augustinus se teologie. Hy (WA Br 1, 99, 8–13, Nr. 41; [1501–1520] 1931b) beweer:

> Ons teologie en dié van Augustinus bloei en heers onder God se bystand aan ons Universiteit. Aristoteles kom al meer en meer tot 'n val en is naby aan 'n ewige ondergang. Die voorlesings oor die stellings [*van die kerkvaders by Lombardus*] word verbasend genoeg vermy sodat geen dosent meer toehoorders kan verwag wat nie oor hierdie teologie – dit is oor die Bybel en Augustinus, óf 'n ander leermeester van kerklike outoriteit – klasgee nie. Laat dit met jou goedgaan en bid vir my! (p. 99)

Die inhoud van hierdie brief word deur die volgende inligting bevestig: Karlstadt het byvoorbeeld in 1517 lesings aangebied oor Augustinus se anti-Pelegiaanse geskrif *Gees en letter* (*De spiritu et litera*), Petrus Lupinus het oor Ambrosius gelees en Johannes Rhagius Aesticampianus oor Hieronymus. Die implikasie was dat studie oor die oudkerklike teologie die Middeleeuse skolastiek in Wittenberg begin verdring het (Köpf 2015:47).

### 2.2.2.4. Johannes von Staupitz

Johannes von Staupitz[28] het 'n beduidende rol in Luther se lewe gespeel. Hy was die 'hoof-opsighouer' van die Augustynse orde

28. Johannes von Staupitz (1467–1524) stam uit die adelstand en het as jeugdige saam met Frederik die Wyse in Grimma skoolopleiding ontvang. Hy het in 1490 toegetree tot die Augustynse Eremiten-orde. Sedert 1503 was hy die hoof-opsighouer (*Generalvikar*). Onder sy leiding het ernstige konflikte in die Augustynse orde uitgebreek. Luther se reis na Rome in 1511–12 het met hierdie konflikte verband gehou. Hy het in Keulen, Leipzig en Tübingen studeer. In 1500 promoveer hy tot doktor in die teologie in Tübingen. Tussen 1497 en 1500 was hy lektor aan die Augustynse klooster in Tübingen. Met die stigting van die universiteit is hy na Wittenberg gelok. Hy was die eerste dekaan van die Fakulteit Teologie. Luther is in sy vakante pos aangestel. In sy latere jare het hy hom beywer om godsdienstig teologiese literatuur in Duits beskikbaar te stel. Sy geskrifte oor die predestinasie was baie gewild. In 'n groot mate was hy 'n selfstandige denker. Hy toon wel invloede van Bernhard van Clairvaux en Johannes Gerson. Hy bevorder die monastieke spiritualiteit deur die monnike te motiveer om Bybelse literatuur te lees. Hy het onder druk, weens sy verbondenheid met Luther,

waaraan Luther behoort het en het ook as sy biegvader en studieleier opgetree. Daar word vermoed dat Luther Von Staupitz die eerste maal as jong student in Mei 1506 in Erfurt ontmoet het. Die persoonlike band tussen dié twee is in 1511 in Wittenberg verdiep. Teologies was Von Staupitz nie 'n aanhanger van óf die Laat-Middeleeuse Thomisme, óf die Nominalisme nie. Hy was 'n eklektikus – iemand wat goeie gedagtes by verskillende teoloë oorgeneem het. Hy het talle van Augustinus se idees oorgeneem, maar ook 'n hele aantal idees van meer resente teoloë. In geheel was hy egter 'n Bybelse teoloog wat op temas soos 'navolging' en 'heil' gekonsentreer het. Luther het in hom 'n teoloog gevind wat nie skolasties, maar ook nie platweg humanisties georiënteerd was nie. Hy het wel by Luther 'n liefde vir Augustinus gewek, maar hy het geen Reformatoriese gedagtes by hom gelaat nie, alhoewel Luther later toegegee het dat hy die herontdekking van die evangelie en die Reformatoriese leer aan hom te danke het. In 'n tafelgesprek (WA TR 1, 245, 11–12, Nr. 5269; [1531–46] 1912:245) sê hy: '*Staupicius* het die *doctrinam* begin wat leer dat 'n mens net na die man Christus moet kyk.'

Von Staupitz se preke gedurende die lydenstyd van 1512 (die jaar waarin Luther sy professoraat oorgeneem het) in Salzburg het invloed op Luther uitgeoefen. Hierdie preke is beïnvloed deur die 'vroomheidsteologie'. Volgens die 'vroomheidsteologie' word die 'heilige dinge' nie spekulatief deurdring nie, maar beleef deur navolging en die nabootsing van Christus. In die lydenstyd moet lidmate saam met Christus ly en medelye openbaar, en op hierdie wyse sal hulle afkom op die diepste kern van God se barmhartigheid. Die 'navolgingsmistiek' het Luther op die voetspoor van die uitsluitlikheidsformules (Christus alleen en die genade alleen) geplaas. Die werklike, fisieke ervaring van lyding help om die barmhartigheid van God

(voetnota 28 gaan voort...)
geknak en na Salzburg verhuis en na die Benediktynse orde oorgegaan (vgl. Hamm 2015; Leppin 2016:11–22; Schwarz [1986] 2014:31–34).

in die kruisiging te deurgrond. Von Staupitz moes Luther rondom 1516 verder gehelp het om die diepte van die kruis te deurgrond. Dit blyk uit die antwoorde wat hy gekry het op die vrae rakende die predestinasie[29] (vgl. Leppin 2016:11–20).

### 2.2.2.5. Mistiek

Dat Luther in die klooster deur die mistici beïnvloed is, kan nie betwyfel word nie. Dit is egter onseker deur watter mistici hy beïnvloed is. Daar word aanvaar dat Bernhard van Clairvaux een van hulle was. Daar is egter sekerheid dat hy ’n bietjie later deur Johannes Tauler (1300–1361)[30] en die onsekere outeur van die *Theologia Deutsch* (in die laat 14de of vroeë 15de eeu) beïnvloed is (vgl. Leppin 2016:11–47).

Von Staupitz het Luther op 14 Desember 1516 aangespoor om hom met Tauler se preke te bemoei. Dít het hy met groot ywer gedoen. Sy *Randopmerkings oor Tauler se preke* (WA 9, 95–104; [1516] 1893) het in bewaring gebly en hieruit blyk sy waardering vir Tauler. Von Staupitz en Luther het hulle met Tauler bemoei, aangesien die ander groot mistikus van die Middeleeue, meester Eckhart († 1328), in 1329 deur die bul *In agro dominico* tot ketter veroordeel is. Tauler se mistiek was volgens kerklike oordeel méér aanvaarbaar. Tauler het volgens die liturgiese kalender gepreek en het ’n handboek daarvoor opgestel. In die preke is veral gekonsentreer op die teenwoordigheid van God. Tauler kon

29. Luther se worsteling met die predestinasie en/of uitverkiesing kry in Hoofstuk 3 aandag.

30. Johannes Tauler (1300–1361) is in Strasbourg gebore en het daar gesterf. Hy was ’n Dominikaan wat vir kort tydjies ook in Basel en Keulen gewerk het. Sy preke is alreeds tydens sy leeftyd versamel en gedruk. Hy het talle gedagtes van meester Eckhart († 1328) in sy preke opgeneem en streng volgens die liturgiese kalender gepreek. Luther het vir sy voorlesing uit die Brief aan die Romeine gebruik gemaak van die Tauler-uitgawe van 1508. Luther se *Randopmerkings oor Tauler se preke* laat blyk dat Luther veral deur sy opvattings oor bekering en toewyding (*Buße*) beïnvloed is. Die eerste twee stellings van *Die 95 Stellings teen die aflaat* getuig hiervan. Sy gedagtes oor die nietigheid van die sondaar en die naakte geloof in God was ook inspirerend vir Luther. Tauler het ‘innerlike vroomheid’ aangebied as ’n alternatief vir die objektiewe sakramentalisme van die skolastiek. Tauler se gedagtes is later deur Johann Arndt (1555–1621) en Philipp Jakob Spener (1635–1705) geaktualiseer (vgl. Leppin 2015b).

Luther se vertolking van die teenwoordigheid van Christus by die nagmaal beïnvloed het – 'n innerlike teenwoordigheid in die harte van mense. Tauler het ook Luther se oortuiging van geregtigheid beïnvloed. Daar kan volgens Leppin (2016:25) nie sprake van 'n oomblik wees waartydens Luther die 'Reformatoriese lig' gesien het nie. Luther moes mettertyd, begrip vir Tauler se argument ontwikkel het. Luther se onderskeiding van *iustitia activa et passiva* het hy by Tauler geleer. Volgens aktiewe geregtigheid moet mense sodanig presteer dat God nie 'n ander keuse het as om hulle te regverdig nie. Passiewe geregtigheid word ontvang, uit genade, op grond van geloof, sonder menslike prestasie. Hierdie grondtema van die Reformatoriese teologie het dus nie ewe skielik op grond van die bestudering van Paulus ontstaan nie, maar is gevoed deur die bestudering van Tauler se preke. Wat egter onthou moet word, is dat Luther se 'bekering', sy toewending tot die Christus van genade en barmhartigheid, hom nie onmiddellik van die monastieke mistiek bevry het nie. In 1531 het hy in 'n preek oor sy 'bekering' berig, en dit nog steeds in die taal en denkwyse van die mistiek gedoen. Hy berig (WA 34(II), 148, 6–11; [1531] 1908):

> Dit beteken eerstens dat 'n mens afgesonder moet wees. Wie wil praat en hoor, moet leer om eensaam met Christus te wees. Só het ek dit belewe. My leer en verkondiging kon ek nie slegs vanuit boeke leer nie, by Aristoteles, by die skolastici, Thomas, Scotus, maar moes van die massa afgesonder wees om [*Christus*] alleen aan te hoor. Toe ek dít gedoen het, en na Hom alleen geluister het, en saam met Maria[31] aan sy voete gesit het; toe het ek eers geleer wat [*en wie*] Christus is, en wel vanuit die perspektief van die geloof.[32] (p. 148)

31. Maria verwys hier na die Maria van Lukas 10:38–42. Maria verteenwoordig die *vita passiva* of *contemplativa*, terwyl haar suster verteenwoordiger van die *vita activa* is. Later het Luther hierdie twee motiewe nie meer teenoor mekaar afgespeel nie, maar ruimte gelaat vir die doen van barmhartigheid as deel van die Christelike lewe.

32. Luther vertel: '*Hoc est 1. Quod mus gesondert sein, qui vult loqui et audire, discere oportet einsam sey cum Christo. Sic mihi factum. Meam doctrinam et praedicationem non potui assequi in omnibus libris, in Aristotele, apud Scholasticos, Thomam, Scotum, donec wurde abgesonder ta turba et ipsum solum audivi. Cum hoc facerem et illum tantum audirem und setzt mich mit Maria ad pedes, tum didici, quid Christus, et doctus fidem.*'

Luther se 'bekering' en 'nuwe ontdekkings van die Woord' moet nie verstaan word as 'n radikale breuk met sy omgewing en tradisie nie. Luther het hom algaande van die Laat-Middeleeuse mistiek gedistansieer. Talle uitsprake en geskrifte van die vroeë Luther moet dus vanuit hierdie mistiese tradisie verstaan word (Leppin [2006] 2010a:83–84).

Luther het die geskrif van 'n onbekende mistikus uit die tweede helfte van die 14de eeu, in 1516 gedeeltelik en in 1518 in sy geheel uitgegee en van 'n voorwoord voorsien. Hierdie boekie is Luther se eerste gepubliseerde werk. Hy het aan die teks die titel van *Theologia Deutsch* gegee. In die voorwoord (WA 1, 378, 21–23; [1518] 1883b:378) skryf hy dat hy in dié boekie van 'n onbekende outeur méér geleer het as in enige ander boek 'wat God, Christus, mens en alle ander dinge is'. Sonder skroom erken hy dat hy in hierdie boek meer oor teologie geleer het as by al die geleerdes van die universiteite. Die inhoud van die boek het merkwaardig baie met die inhoud van Tauler se preke ooreengestem. Daar word dus met goeie rede vermoed dat die boek deur Tauler self geskryf is. Hierdie 'edele boekie' was naas die teologiese inhoud, ook om 'n ander rede vir Luther belangrik. Die humaniste het 'n nasionale gevoel by die mense in Middel-Duitsland aangewakker en Luther het hiermee geïdentifiseer. In die voorwoord stel Luther (WA 1, 379, 7–12; [1518] 1883b) die volgende:

> Ons is Duitse teoloë, en dit laat ons só wees. Ek dank God dat ek in die Duitse taal my God mag aanhoor en vind, en dat ek en u nie nodig het om God in Latyn, Grieks of Hebreeus te aanbid nie, en soos wat hierdie boekie meer bekend raak, sal dit duidelik blyk dat die Duitse teoloë sonder enige twyfel die beste is. Amen. (p. 379)

Hierdie positiewe gevoelens oor taal en 'kultuur' sou dan later uitmond in sy vertaling van die Bybel in Duits. Belangrik bly egter dat Luther nie net deur die skolastiek geskool is nie, maar ook deur die Duitse mistiek.

Die belangrikste bydrae wat die Duitse mistiek tot Luther se denke gelewer het, was om sy begrip van 'boetedoening' te verbreed. Dit was juis hierdie insigte wat hom gehelp het om

kritiek teen die aflaatpraktyk uit te spreek. By die bespreking van *Die 95 stellings teen die aflaat* word daar verder op Tauler se verstaan van boetedoening ingegaan.

### 2.2.2.6. Bernhard van Clairvaux

Bernhard van Clairvaux word in die resente Luther-navorsing bygevoeg tot die lys van persone wat hom beïnvloed het. Dit is nie soseer sy mistieke teologie nie, maar eerder sy kruisteologie wat Luther aangegryp het. Luther het ook by Bernhard die belangrikheid van persoonlike geloof en die sekerheid van geloof geleer. Hierdie invloede blyk duidelik uit die talle aanhalings van Bernhard wat in Luther se kommentaar oor Romeine opgeneem is. Nieteenstaande die aanhalings, is daar geen bewyse dat Luther Bernhard se geskrifte bestudeer en kommentarieer het nie. Daar bestaan 'n vermoede dat Luther die aanhalings uit Bernhard gedurende sy kloostertyd tydens voordragte van kundiges neergeskryf het. Daar moet egter ook onthou word dat Luther later Bernhard se opvattings oor die kloosterwese en moeder Maria gekritiseer het (vgl. Lohse 1995:39).

In geheel beskou, is Luther teologies hoofsaaklik deur die latere skolastiek en die Ockhamisme in Erfurt geslyp. By sy leermeesters het hy geleer dat die outoriteit van die Bybel bo alles staan. Hy het self besef dat die mening van die biskop wat hom tot priester gewy het, Johann von Bonemilch von Lasphe, dat 'n mens slegs met behulp van Aristoteles 'n goeie teoloog kan wees, nie waar is nie. By een van sy dosente Trutfetter het hy geleer dat 'n mens die geloof slegs vanuit die Woord kan leer ken. By Augustinus het hy geleer dat Romeine en Johannes die twee belangrikste boeke in die Bybel is. Dit bly merkwaardig dat Luther van vroeg af 'n selfstandige denker en navorser was. Sonder aansporing van ander het hy Augustinus en die *Theologia Deutsch* self bestudeer. Hy was dus, ondanks invloede uit sy studentedae, 'n onafhanklike kritiese denker. Dít is die belangrikste les wat by Luther geleer kan word (vgl. Lohse 1995:39–40).

## 2.2.3. Navorsing, lesings en disputasies

As *Magister Artium* het Luther die reg gehad om twee jaar lank as dosent in die Fakulteit Geesteswetenskappe (*Artistenfakultät*) klas te gee, op voorwaarde dat hy aan die Fakulteit Teologie verder studeer (Köpf 2015:16). Luther het daarom as teologiestudent vanaf 20 April 1505 in Erfurt filosofieklasse begin aanbied binne die raamwerk van die *artes liberales*. In hierdie tyd het hy Boethius se *Consolatio philosophiae* intensief bestudeer (Schwilk 2017:37). Hy het ook Latyn aan die kloosteropleiding sowel as die Universiteit van Erfurt aangebied (Schwilk 2017:29).

In 1508 word Luther in die vakante pos van Wolfgang Ostermairs in Wittenberg[33] aangestel om lesings[34] aan te bied oor

33. Die Universiteit Wittenberg staan bekend as die Leucorea – die Griekse vertaling van Wit Berg, die naam van die dorp. Die Leucorea is op 06 Julie 1502 deur keurvors Frederik die Wyse gestig, Die oudste behoue statute is dié uit die jaar 1508. Danksy hierdie argiefstuk weet ons die een en ander oor die Leucorea. Die belangrikste organe van die universiteit was die rektor en senaat. Die rektor is in die kasteelkerk vir een semester gekies. Alle belangrike vergaderings en aktiwiteite soos gradeplegtighede het in hierdie kerkgebou plaasgevind. Die filoloog Balthasar Fabricius Phacchus was rektor ten tyde van die openbaarmaking van *Die 95 Stellings*. Die universiteit het uit vier fakulteite bestaan: Algemene Filosofie, Regte, Teologie en Medies. Elke fakulteit het oor 'n sekretaris (*Pedel*) beskik wat ook soos 'n faktotum gefunksioneer het. Hy was die persoon wat die uitnodigings na disputasies aan die kerk- en universiteitsdeure moes vasmaak. Tot en met 1513 het 'konservators' die kerklike belange verteenwoordig. Hulle funksie het verdwyn. Die keurvors het vier 'reformatore' ('*quatuor studii generalis reformatores'*) as sy regverteenwoordigers aangestel. Hulle was verantwoordelik vir die uitleg en verandering van die statute en die hantering van tugsake teen studente en dosente. Augustinus was die beskermheilige van die Leucorea, terwyl Paulus hierdie funksie jeens die Fakulteit Teologie nagekom het. Teen 1517 het die universiteit reeds oor doelmatige geboue beskik (1503 die *collegium vetus*, en 1511 die *collegium novum*). Die kollektiewe naam *collegium Friedericianum* is gou aanvaar as benaming van die universiteitsgeboue. Die 'Swart Klooster' is ook deur die universiteit gebruik as lesingsaal. Daar bestaan geen bewyse uit universiteitsnotules van die gebeure van 31 Oktober 1517 nie. Waarvoor daar wel 'n bewys is, is die *Die 151 stellings teen die skolastieke genadeteologie* van Andreas Bodenstein op 26 April 1517. Daar bestaan ook geen skriftelike bewyse dat studente of dosente dadelik op *Die 95 stellings* reageer het nie. Die deure van die Leucorea is algaande tussen 1813 en 1817 gesluit en (die teologiese fakulteit) is binne die nuwe universiteit Halle-Wittenberg opgeneem. Al is Wittenberg gesluit, wou die owerhede nie sien dat die naam verdwyn nie. Tot vandag staan Halle bekend as Halle-Wittenberg. Die Fakulteit Teologie is slegs een van talle fakulteite (vgl. Lück 2017).

34. Luther het vier keer per week tussen 14:00 en 15:00 in die *Collegium Friedericianum* oor Aristoteles lesings aangebied (Schwilk 2017:64).

Aristoteles se *Nikomachiese etiek* (vgl. Leppin [2006] 2010a:52–56). Hy was dus as 'n 24-jarige dosent verplig om hom in die filosofie van Aristoteles te verdiep. In hierdie tyd studeer hy ook teologie by Johannes von Staupitz en begin hy innerlike konflik ervaar tussen teologie en filosofie. Een van die sentrale konflikte was die vraag of 'n mens op grond van redelike argumente en uit eie drif werke kan doen wat erkenning by God kan geniet? Op 09 Maart 1509 behaal hy die graad *Baccalaureus Biblicus* en ses maande later lê hy die eksamen af vir die *Baccalaureus Sententiarius*. Op grond hiervan word hy teruggeroep na Erfurt om dáár aan die ou beroemde universiteit klas te gee oor die kerkvaders. Hiervoor moes hy hom in al die filosofiese dissiplines van daardie tyd instudeer (Leppin [2006] 2010a:54–56).

Luther, wat sedert 1511 in Wittenberg[35] gewoon het, begin in 1512 om Johannes von Staupitz se *lectura in Biblia* (voorlesings oor die Bybel) oor te neem. Hierdie lesings was nie suiwer

35. Die oudste verwysing dat Albrecht der Bär 'n nedersetting gestig het, dateer uit 1187. In 1248 is die eerste kerk in Wittenberg gebou. Tussen 1261 en 1273 is 'n Franciskaanse klooster opgerig. In 1293 word 'stadsreg' aan die dorp toegeken. In 1353 word die stadskerk vergroot. Sedert 1422 besoek die keurvorste die dorp gereeld en beplan om dit uit te bou tot een van die gereelde woonplekke. In 1486 begin Frederik die Wyse om 'n kasteel te bou vir sy hof. In 1502 stig hy sy eie universiteit, genaamd die Leucorea. Teen 1517 was die dorp 300 jaar en die universiteit 15 jaar oud. Uit resente navorsing blyk dit dat Wittenberg in die tyd van Luther se aankoms een groot bouperseel was. Naas die bouwerk aan die kasteel, is daar orals in die dorp gebou. Die kasteelkerk is eers sedert 1507 gebruik. Twee universiteitsgeboue is vóór 1517 opgerig. Die *Collegium Vetus* (1503–1507) en die *Collegium Novum* (1509–1513). Hierdie lesinglokale staan bekend as die *Friedericianum*. Die bouwerk aan die Augustynse klooster waar Luther gewoon het, begin in 1503 en is eers in 1565 voltooi. In 1517 was die huidige Luther-woning 'n kleiner dubbelverdiepinggebou. Wittenberg is binne een eeu tot 'n welvarende dorp uitgebou, hoofsaaklik danksy die universiteit, kunstenaars, die boekbedryf en mediese dienste. Van kultuurhistoriese belang is die oprigting van 'n meisieskool (1530), die Melanchthon-huis (1539), 'n nuwe Latynskool (1564), die huidige Luther-huis (1564) en die nuwe raadsaal en plein (1571). Reformatoriese insigte gekoppel aan humanistiese kennis het van Wittenberg 'n wêreldberoemde dorp gemaak. Die keurvors van Sakse sou nie in sy wildste drome kon dink dat sy universiteit die mees gesiteerde universiteit in die wêreld sou word nie. Desnieteenstaande was Wittenberg ook maar 'n tipiese Laat-Middeleeuse dorp met probleme soos misdaad, geweld tussen studente en inwoners, drankmisbruik en prostitusie. Eers teen 1522 kon Luther daarin slaag om 'n bordeel gesluit te kry. Prostitusie het egter in 'vrouekoshuise' voortbestaan (vgl. Hennen 2017; Oehmig 2017).

eksegeties van aard nie, aangesien 'dogmatiese besinnings' ook ingesluit is. Tot met sy dood leer hy as 'eksegeet' en 'dogmatikus' (die verdeling tussen eksegetiese en sistematiese vakke is die ongelukkige verhaal van later tye). Luther het hom as jong professor intensief met die Bybel bemoei. Dit was veral sy vroeë 'eksegetiese' voorlesings wat deurslaggewend vir sy werk as reformator was. Die volgende lesings (wat later gepubliseer is) moet genoem word: 1513–15 (en weer 1518) Psalms, 1515–1516 Romeine, 1515–1516 Galasiërs en 1517–1518 Hebreërs.

Luther het as dosent met 'n doktorsgraad (*doctor theologiae*) twee opdragte gekry, naamlik voorlesings en disputasies. Die bedoeling met lesings was om op 'n reseptiewe wyse inligting oor teologiese tradisies te deel, terwyl disputasies 'n diskursiewe medium was waardeur strydvrae besleg is. Die disputasies het aan hom die geleentheid gegee om sy Reformatoriese insigte in stellings op skrif te stel, wat krities deur vriende, studente en teenstanders bespreek is. Hierdie stelsel het hom gehelp om sy standpunte te herdink en te presiseer. Die disputasies was ook die voertuig waarmee die Reformatoriese gedagtegoed aan die breë bevolking bekendgestel is. Reformatoriese teologie is sonder Luther se disputasies nie voorstelbaar nie (Leppin 2015a:167). Sy beroemde geskrif, *Die 95 stellings teen die aflaat*[36] van 31 Oktober 1517 het wêreldkundig geword danksy die disputasiestelsel. Luther se disputasies het eintlik 'n nuwe gestalte aan teologiebeoefening gegee. Dit lui 'n breuk met die Middeleeuse skolastiek in. Die breuk

36. Sy kritiek teen die aflaatstelsel was die beginpunt van 'n reeks kritiese debatte oor 'n hele aantal sake. In 'n tafelgesprek het hy (WA TR 5, 75–76 Nr. 5346; [1531–46] 1919:75–76; Dithmar 2010:23) terugskouend gesê: 'Destyds het Tetzel sy aflaatpreke in Jüterbog gelewer, en die mense het soos besetenes agter hom aangeloop. Spoedig daarna het ek begin om mense af te raai [om hom te volg] en om aan hulle te verduidelik wat genade en vergewing van sondes is. Maar toe Tetzel skaamteloos [hiermee] aanhou, het ek die stellings oor die aflaat gepubliseer. Dít het die ganse wêreld in opstand gehad. Destyds het ek nog die pous as my meester erken. Ek het geglo dat ek hom 'n guns doen, maar hy het my met alle mag beveg. Daarom moes ek my verweer, en het dit ook waarlik gedoen tot die aflaat-, klooster-, mis- en kerkregstelsel tot 'n val gekom het. En die pous het ook spoedig daarna gevolg. So het God deur die swakste swakheid die magtige pous aangeval. En deur swakheid sal Hy hom ook tot 'n val bring, al brul en raas die duiwel.'

bestaan daarin dat Luther nie meer die akademiese argumentasiesisteem van die Roomse Kerk wou verdedig nie, maar die verheldering van die waarheid van die evangelie wou dien. Die inhoud van sy disputasies is oor die algemeen beter bewaar as dié van sy lesings, aangesien daarvan plakkate gedruk is vir 'kennisgewingborde'. Talle van sy lesings was nie persgereed nie, en het lank rondgelê voordat hulle gedruk is. Die disputasies wat uit die staanspoor in drukvorm beskikbaar was, is gou gedupliseer en wyd in Europa versprei. Op hierdie wyse is die Reformatoriese teologie uit sy aanvanklike lokaliteit gehaal, en so kon duisende ander mense ook in hierdie teologie deel.

'n Disputasie (vgl. Leppin 2015a; Schwarz [2005] 2010) is 'n kritiese gesprek oor 'n reeks stellings wat oor 'n bepaalde tema opgestel is. Die formaat het bestaan uit vraagstelling (*quastio*) met 'n aantal oplossings (*conclusiones*), aangevul deur subargumente (*corollaria*). Daar was twee tipes disputasies waarvan dosente gebruik gemaak het. Eerstens was daar die gewone, gereelde, kritiese debat met die studente (*disputatio circularis*) wat nie openbare aangeleenthede was nie. In die tweede plek was daar disputasies ter verdediging van proefskrifte (*disputatio pro gradu*), wat wel openbare geleenthede was. Die *promovendus* moes as *defensor* die kritiese vrae uit die gehoor op die stellings, wat deur die promotor opgestel is, beantwoord. Die promotor was ook die gespreksleier (*praeses*) van die geleentheid. Naas hierdie twee tipes disputasies, was daar ook buitengewone disputasies. In dié geval het 'n kloosterorde met 'n dosent wat uit hulle kring aan die universiteit aangestel is, 'n kritiese debat gevoer. Luther se *Heidelbergse disputasie* (1518) is 'n klassieke voorbeeld. Dan was daar ook enkele gevalle waar professore vryelik met mekaar gedisputeer het (*quodelibetales*), buite die amptelike strukture van die kerk en die universiteit. Die *Leipzig-disputasie* (1519) tussen Johannes Eck, Luther en Andreas Bodenstein is 'n goeie voorbeeld. Danksy goeie private notulehouding het 'n afskrif van hierdie disputasie behoue gebly. Disputasies het gewoonlik twee doelwitte gehad: Eerstens, om in die kuns van kritiese debatvoering geskool te word (*exercitii causa*), en tweedens om

die waarheid op te spoor of om dit te verdedig (*inquirendae veritatis*). Laasgenoemde was Luther se forté. Die Wittenberg disputasies was baie belangrike akademiese oefeninge. In 1520 was die eerste versameling alreeds gedruk en gepubliseer – en wel deur 'n drukker buite Wittenberg. Teen 1545 is 50 disputasies van Luther gedruk en gepubliseer. 'n Volledige katalogus is te vinde in Schwarz ([2005] 2010:332–337).

Die disputasies van die Laat Middeleeue het min ruimte gelaat vir 'n kritiese gesprek oor die amptelike standpunte van die Rooms-Katolieke Kerk. Luther se deurbraak was dat hy die moed van sy oortuiging gehad het om pouslike dekrete en konsiliebesluite krities te debatteer. Hierdie buitengewone disputasies het vanselfsprekend baie kerklike en openbare aandag geniet. Dit is veral sy kritiek teen die aflaatstelsel en die skolastieke teologie wat wye belangstelling geniet het. Wat ons vandag as 'kritiese teologie' ken, het sy oorsprong by Luther. Krities beteken: Om alle besluite van vorige vergaderings en alle geskrifte van vorige geslagte en alle uitsprake van tydgenote krities te evalueer aan die hand van die kerk se primêre bron, die Bybel.

## 2.2.4. Vroeë ontwikkeling van die Lutherse universiteitswese

Die Reformatoriese verstaan van die amp van predikant het die universiteitswese diepgaande beïnvloed. Prediking van die Woord van God beteken om die Bybelse tekste verstaanbaar binne die verstaanshorison van die hoorder uit te lê. Om dít saaklik te kan doen het die prediker eksegetiese, teologiese, hermeneutiese en retoriese kompetensie nodig wat hy slegs deur teologiese universiteitstudie kon opdoen. Teen die einde van die 16de eeu het die meerderheid van die Protestantse predikante universiteitsopleiding ondergaan. Die Leucorea in Wittenberg het die voorbeeld gestel vir hoe 'n Protestantse teologiese fakulteit behoort te lyk (vgl. in Nieden 2015 breedvoerige inligting oor die kurrikulum). Tussen 1523 en 1536 is hierdie universiteit omvorm tot dít wat Luther en Melanchthon in

gedagte gehad het. In 1533 het Melanchthon nuwe statute vir die Fakulteit Teologie opgestel. Een rede was dat twee kenmerke van die Wittenbergse universiteit, te wete die disputasies en promosies, tussen 1525 en 1533 in die niet verdwyn het. Melanchthon het daarvoor gesorg dat dít weer tot kenmerkend van die Fakulteit uitgebou word. Reeds bestaande universiteite binne Protestantse gebiede het hierdie voorbeeld nagevolg. Ter sprake is Tübingen, Greifswald, Frankfurt langs die Oder, Leipzig, Heidelberg en Rostock. Twee universiteite is danksy die Reformasie gestig, naamlik Liegnitz (1526–1530) en Marburg. Philipp von Hessen het in 1527 die Universiteit Marburg as die 'eerste' Protestantse universiteit gestig. Daar is aanvanklik nie om pouslike goedkeuring gesmeek nie en die universiteit ontvang eers in 1541 graadbevoegdheid van die keiser. Belangrik is dat daar reeds in 1529 'n beursskema ingestel is om arm studente uit die omgewing finansieel te help. In navolging van die voorbeeld van Marburg het hertog Ulrich von Württemberg in 1536 die *Stift in Tübingen* gestig om die opleiding van predikante binne sy magsgebied te verseker. Letterlik honderde bekende teoloë en filosowe het in die loop van die eeue in hierdie 'kerklike koshuis' gewoon. Die volgende fase van universiteitstigtings het hand aan hand gegaan met die konfessionalisering van universiteite. Die stigters van die Universiteit van Königsberg (waar Immanuel Kant later sou leer) in 1544 was van meet af betrokke by die verdediging van die Lutheranisme teenoor ander konfessies. Die konfessionalisering van die universiteite het bygedra tot die vestiging van konfessionele gebiede. Die Universiteit van Jena wat in 1548 as 'n '*Hochschule*' ('n universiteitskollege) gestig is, is ná die Augsburgse godsdiensvrede van 1558 omskep in 'n volwaardige universiteit wat konfessionele en politieke streeksbelange bevorder het. Die Universiteit van Helmstedt weer wat in 1576 gestig is, het die belange van die vorstedom Braunschweig-Wolfenbüttel gedien. Die Universiteit van Giessen (1607) is weer gestig om Lutherse opposisie te wees vir die Universiteit van Marburg wat in 1605 'n Gereformeerde instelling geword het. Die stigting van universiteite in Switserland het egter nie hierdie politieke funksie vervul nie. Switserland was nie

deel van die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie nie, en daarom kon hierdie universiteite nie op *keiserlike* voorregte aanspraak maak nie. Dit is nogtans belangrik om kennis te neem van die stigting van die volgende universiteite wat danksy die Reformasie ontstaan het: Zürich (1530), Bern (1528), Basel (1532), Lausanne (1637) en Genève (1559). Dié inligting oor die groei van die universiteitswese bevestig die feit dat die Reformasie nie net 'n beweging was wat die kerk vernuwe het nie, maar ook 'n beweging van onderrig (*Bildungsbewegung*). Wanneer die Christendom uit die bronne van die heilige Skrif skep, is dit noodwendig dat opvoeding en onderwys 'n prioriteit sal wees. 'n Christendom wat 'n verpligting teenoor die sosiale welwese het, besef dat intellektuele ontwikkeling 'n vereiste is. Opregte geloof en naastediens lê aan die hart van die Reformasie, en dít kan gesien word aan die ontwikkeling van die skool- en universiteitswese in die beginjare van die Reformatoriese beweging (vgl. Hamman 2017:184–187).

## 2.3. Geskrifte: Vroeë disputasies

### 2.3.1. Disputasie teen die skolastieke teologie

Luther se *Disputasie teen die skolastieke teologie* (1517) is een van sy heel belangrikste geskrifte. Hierdie disputasie getuig dat Luther in hierdie jaar op talle punte van die Roomse skolastiek bande gebreek het. Sy herhalende 'kontra-standpunte' dui aan dat hy reeds in daardie stadium met 'n 'kontrasterende waarheidsopvatting' (Leppin 2015a:167) geworstel het. Die titel[37] van hierdie disputasie is eers later bygevoeg. Dit is egter 'n

37. Hierdie disputasie bevat die stellings vir die promosie van Franz Günther uit Nordhausen tot *Baccalaureus Biblicus* op 04 September 1517. In die teks van die *Weimarer Ausgabe* (WA 1, 224–228) is daar 97 stellings. Die teks staan onder die hoofopskrif (wat later bygevoeg is) *Disputasie teen die skolastieke teologie* en word voorafgegaan deur inleidende notas. Die hele teks beslaan dan WA 1, 221–228. In die nuwe kritiese studie-uitgawe van Härle (waaruit ek werk), is daar 100 stellings. Om dus na hierdie disputasie as die '*97 stellings*' te verwys is nie gepas nie; dit word ook nie in die Duitse Luther-navorsing gedoen nie.

akkurate aanduiding van die inhoud van die disputasie – standpunte teen die menings van die *via moderna;* Gabriel Biel en die skolastici beïnvloed deur Aristoteles. Luther gebruik hier 'n onderrigtegniek uit die Middeleeue om die organisatoriese grondslae van die Middeleeuse universiteitswese mee te bevraagteken. Die disputasie is een van die beginpunte van 'n radikale hervorming van die universiteitswese en die teologie wat daar aangebied is. Dié disputasie bevat verder die kernpunte van Luther se teologie in 'n neutedop.

Die disputasie begin met die vraag of die mens met sy natuurlike rede in staat is om die goeie en regte te doen? Luther se argument ([1517] 2006a:20, ll. 10–27)[38] is dat mense slegte bome is, en daarom slegs slegte vrugte wil en kan voortbring. Teenoor die algemene mening, is hy oortuig dat die 'begeerte nie vry is nie, en nie na beide kante toe iets kan vermag nie, aangesien die begeerte gevange is' ('*Falsitas est. quod appetitus liber potest in utrumque oppositorum: imo nec liber Sed captivus est'*). Hy verwerp daarmee Scotus en Biel se oortuiging dat die wil van nature geneig is om volgens die aanduidings van die rede te handel ('*Falsitas est. quod voluntas possit se conformare dictamini recto naturaliter*'). Sonder die genade van God handel die mens nie noodwendig volgens die rede nie, en kan hy boosaardig optree. Dit beteken egter nie dat die mens van nature boos is nie, maar slegs dat hy geneig is om tot die bose aangetrokke te voel. Die mens het dus nie volle beheer oor sy wil nie, en daarom kan hy sy medemens nie altyd liefhê nie – en kan hy God beslis nie bo alles liefhê nie ('*Absurdissima est consequentia. Homo errans potest diligere creaturam super omnia ergo et deum*'). Volgens Luther kan die mens die medemens wel hier en daar liefhê, maar dit bly vir hom 'n onmoontlikheid om God lief te hê. In hierdie verband maak hy (WA 1, 225; [1517] 2006a:22, ll. 1–2) dan die volgende beroemde uitspraak: 'Die mens wil van nature [nie toelaat] dat God God is nie. Veel eerder wil hy self God wees, en toesien dat

38. Hierdie argument kom nie in die *Weimarer Ausgabe* voor nie.

God nie God kan wees nie' ('*non potest homo naturaliter velle: deum esse deum. Immo vellet se esse deum, et deum non esse deum*'). Om dus te beweer dat die mens van nature geneig is om God lief te hê, is gewoon nie waar nie. Dit is ook nie waar nie, soos Scotus en Biel beweer, dat mense van nature geneig is, om op grond van hulle vriendelikheid teenoor mekaar, die algemene welwese te dien nie. Mense doen eers dán goed aan ander, wanneer hulle die genade van God ontvang, wat deur die uitverkiesing voorberei word (Stellings 31 en 32; WA 1, 225; [1517] 2006a:22, ll. 29–32). Hy (WA 1, 226; [1517] 2006a) wend hom teen die moralisme van die skolastieke teologie, deur die volgende Reformatoriese uitspraak te maak:

> Daar is geen morele deug, wat nie óf deur trots óf swaarmoedigheid (dít is sonde) gekenmerk word nie. Ons is van begin tot einde nie heer van ons handelinge nie, maar knegte. Teen die filosowe. Nie deurdat ons regverdig handel, word ons regverdig nie, maar [*deurdat ons*] regverdig gemaak [*is*], handel ons [*met*] geregtigheid. Teen die filosowe. Feitlik die ganse filosofie van Aristoteles is [*vir die teologie*] sleg, aangesien dit [*soos die skolastiek*] vyandig staan teenoor die genade. Teen die skolastici. [...] Dit is daarom 'n fout om te beweer dat sonder Aristoteles 'n mens nie 'n teoloog kan wees nie. Teen die algemene mening. Dit is eerder [*korrek om te beweer*] dat 'n mens 'n teoloog word, sonder Aristoteles.[39] (p. 24, ll. 15–27)

Volgens Luther het Aristoteles die teologie in die duisternis gedompel, aangesien Ockham, by name, die boodskap versprei het dat God mense aanneem sonder die regverdigende genade (Stelling 59). Die diepste rede vir hierdie oortuiging het met die beskouing van sonde te make. Volgens die skolastici gehoorsaam mense die wet deur nie te steel nie, ensovoorts, sonder om te besef dat die begeerlikheid diep in die mens se hart lewe. Om hierdie rede is Christus nodig, en sonder sy genade is daar geen egte godsdiens nie. Dat werke uit die genade moet voortspruit,

39. Luther se oorspronklike woorde: '*nulla est virtus moralis sine vel superbia vel tristitia, in die est peccato. Non sumus domini actuum nostrorum a principio usque ad finem. Sed servi. Contra philosophos.Tota fere Aristotelis Ethica: pessima est gratiae inimica. Contra scholasticos. [...] Error est. dicere. sine Aristotele non fit theologus.Contra dictum commune. Immo theologus non fit. Nisi id fiat sine Aristotele.*'

moet die kerk se boodskap wees. Die genade maak dit moontlik om God en medemens lief te hê. Luther (WA 1, 228; [1517] 2006a:32, ll. 1–2) sluit met die volgende skerpsinnige opmerking af: 'Ons moet nie slegs wil wat God wil nie, maar inderdaad álles wat Hy wil' ('*non tantum quod vult nos velle. Sed prorsus. quodcunque deus vult. velle debemus*').

## 2.3.2. Disputasie oor die aflaatstelsel

Die Afrikaanssprekende publiek weet vaagweg dat Luther se *95 Stellings teen die aflaat* die Reformasie ingelui het. Min mense wat nie lidmate van die Lutherse Kerk is nie, ken egter die agtergrond, inhoud en nagevolge van hierdie disputasie-stellings. Om dié rede word hier breedvoerige agtergrondinligting verskaf. In hierdie hoofstuk sal daar net aan die eerste stellings wat met bekering te make het, aandag gegee word. In Hoofstuk 7 sal egter breedvoerig aan die finansiële problematiek wat met die stellings te make het, aandag gegee word.

Die aflaatstelsel het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis. Dit het in die 11de eeu ontstaan en hou verband met die boetepraktyk van die Latynse Kerk. Die boetepraktyk het drie handelinge omvat, te wete berou van die hart (*contritio cordis*), bieg of die belydenis van die mond (*confessio oris*) en genoegdoening deur werke (*satisfactio operis*). Die derde aspek het algaande in die sentrum van die aandag kom staan. Oorspronklik het die *satisfactio* uit 'n program van vas bestaan wat aangevul kon word met gebede en die gee van aalmoese. Aangesien mense nie aan al die verwagtinge kon voldoen nie, het plaasvervangende maatreëls in spel gekom. Die persoon kon méér aalmoese gee in ruil vir verkorte vastye en minder gebede. Ander persone kon later ook help om die 'skuld' te betaal. In hierdie plaasvervangende aflos van iemand anders se skuld (*redemptionen*) lê een van die wortels van die aflaatstelsel. Die ander wortel het te make met die vryspraak deur voorbidding. Teen betaling, kon die priester voorbidding doen vir die vergewing van sondes, sodat die tydelike straf in die vaevuur en die ewige straf in die hel opgehef

kon word – en nie net vir die betaler nie, maar later ook vir die voorgeslagte. Sedert die 13de eeu word die woord *indulgentia* gebruik vir die gedagte van die aflaat. Vantevore is woorde soos *remissio, relaxatio, condonatio en absolutio* gebruik. Die verandering in woordgebruik dui op 'n hele nuwe boetepraktyk. Die eerste aflate het in 1035 (aalmoesaflate ten bate van die bou van kerke) en 1063 (aflate ter befondsing van die kruistogte) in werking getree. Hierdie eerste aflate was 'onvolkome aflate', aangesien hulle slegs tydelike verligting bewerk het (soos 100 dae minder in die vaevuur). Die eerste 'volkome aflate' of 'plenaar-aflate' (*indulgentia plenaria*) is deur pous Urbanus II, op grond van die besluit van die Sinode van Clermont in 1095, ten behoewe van die kruistogte ingestel. Almal wat aan die kruistog deelgeneem het, is verseker van totale sondevergewing en die ewige lewe. In 1187 het pous Gregorius VIII 'n volkome aflaat ingestel vir diegene wat die kruistogte finansieel geborg het.

Die aflaatpraktyk was tot en met die 13de eeu sonder 'n teologiese begronding. Hugues de Saint-Cher het dit in 1230 goedgedink om die praktyk met die gedagte van die 'skat van die kerk' te begrond. Sy argument was dat Christus se verdienstes in die boesem van die kerk geplaas is. Hierdie 'skat' is 'n onuitputlike bron van goedheid wat aan mense geskenk kan word. Thomas van Aquinas voer die argument verder en beweer dat hierdie onuitputlike skat ook ten behoewe van gestorwenes aangewend kan word. Mense kan dus deur die gee van aalmoese verseker dat hulle voorgeslagte ook by die 'skat van die kerk' kon baat. Onder leiding van pous Innozenz III, het die Lateraanse Konsilie van 1215, besluit om die voordeel van die aflate te beperk tot 40 dae (*quadragenen*) om misbruik uit te skakel.

'n Nuwe fase in die aflaatpraktyk begin op 22 Februarie 1300, met pous Bonifatius VIII se aankondiging van 'n 'heilige jaar in Rome'. Pelgrims wat Rome in daardie jaar besoek en aalmoese gegee het, is die versekering gegee van algehele sondevergewing ('n jubileum-aflaat as 'n plenaar-aflaat). Bonifatius het gedink aan 'n siklus van 100 jaar. Spoedig is die siklus verkort na periodes

van 50 jaar. In 1343 het pous Clement VI die leer oor die 'skat van die kerk' met die bul *Unigenitus* tot amptelike leerstelling van die kerk verhef. In die Laat Middeleeue was daar verskeie aflaatkampanjes. Van belang is die kampanje in Erfurt vir die herbou van kerke nadat 'n brand in 1472 verwoesting gesaai het. Luther het waarskynlik as student en priester met mense te make gekry wie se ouers van hierdie aflate gekoop het.

In 1515 inisieer pous Leo X 'n aflaatkampanje om geld in te samel vir die bou van die 'Petrusdom' wat vandag bekend is as die Vatikaan. In 1517 word die kampanje onder leiding en toesig van Albrecht von Brandenburg, die aartsbiskop van Mainz en Magdeburg, van stapel gestuur in die kerklike provinsies van Mainz en Magdeburg, asook die gebiede van Brandenburg. Luther se aandag was toegespits op die werk van die subkommissaris en hoofprediker van die Dominikaanse Orde, Johannes Tetzel. Tetzel se prediking het aanleiding gegee tot *Die 95 Stellings*. Dít het hy in 1541 bevestig in sy geskrif *Teen Hans Worst* (WA 51, 538, 29–540, 19; [1541] 1914:538–540) (vgl. Hamm 2016:27–76; Spehr 2017:18–32).

Luther was nie die eerste teoloog wat kritiek teen die aflate uitgespreek het nie. Petrus Lombardus was waarskynlik die eerste teoloog van naam wat die praktyk verwerp het. Dit is bekend dat John Wyclif en Jan Hus dit as onchristelik afgemaak het. Minder bekend is die kritiek uit Frankryk – gewoon omdat die kritici nie ter dood veroordeel is nie, aangesien die Franse Kerk nie tot dieselfde mate as die kerke van die Duitse Ryk onder die mag van Rome gestaan het nie. Jean Laillier van die Sorbonne in Parys het in 1484 geargumenteer dat die pous nie die bevoegdheid het om pelgrims al hulle sondes deur middel van aflate te vergewe nie. In 1498 skryf die Franciskaner Jean Vitrier dat aflate 'werke van die hel' is. Beide teoloë het slegs 'n ernstige vermaning van hulle opsighouers ontvang (vgl. Schwilk 2017:130–131).

Daar word gereeld in kerklike literatuur verwys na *Die 95 stellings oor die aflaat* wat Martin Luther op 31 Oktober 1517 teen die deur van die kasteelkerk in Wittenberg sou vasspyker.

Óf dít deur historiese feite gesteun kan word, is te betwyfel. Geen ooggetuie het kort ná die vermeende gebeure ’n berig daaroor geskryf nie, en daar is geen bewyse in die argief van die Universiteit Wittenberg dat studente of dosente aan só ’n gebeurtenis deelgeneem het nie. Wat wel histories betroubaar is, is dat Luther ’n brief (WA Br 1, 108–113. Nr. 48; [1501–1520] 1931a:108–113) aan die aartsbiskop van Mainz, Albrecht von Brandenburg geskryf het, waarin hy hom uitnooi na ’n disputasie in Wittenberg oor die aflaatpraktyk onder sy voorsitterskap. As ’n aanhangsel tot hierdie brief, sou ’n eksemplaar van *Die 95 stellings* in gedrukte vorm gewees het. Dit word ook algemeen aanvaar dat Luther dieselfde uitnodiging en aanhangsel na sy direkte opsighouer, biskop Hieronymus Schultz (Scultetus) van Brandenburg, gestuur het. ’n Brief van Luther aan Frederik die Wyse in November 1518 bevestig dat die uitnodigings aan die twee biskoppe gestuur is. Die oorspronklike weergawes van *Die 95 stellings* waaroor kritiese debat gevoer moes word, is ongelukkig verlore. Wat wel in bewaring gebly het, is die afskrif van ’n dokument met die titel *Disputasie ter opheldering van die krag van die aflate* (*Disputatio pro declaratione virtutis indulgentiarum*). Die uitnodiging tot ’n disputasie word bevestig deur die aanhef van *Die 95 stellings* in hierdie dokument. Dit (WA 1, 233, 1–5; [1517] 2006b) lui soos volg:

> Uit liefde tot die waarheid en in verlange om dít te verhelder, moet die volgende stellings in Wittenberg krities gedebatteer word onder die voorsitterskap van die eerwaarde vader Martin Luther, Magister in die vrye kunste en die heilige teologie, vandaar ook volle professor in die teologie. Om hierdie rede versoek hy diegene wat nie teenwoordig kan wees om met ons mondelings debat te voer nie, om dit skriftelik te doen. In die Naam van onse Heer Jesus Christus. Amen.[40] (p. 2)

40. Luther se uitnodiging lui: ‘*Amore et studio elucidande veritatis: hec subscripta disputabuntur Wittenberge. Presidente Reverendo Patre Martino Lutther: Artium et Sanctae Theologie Magistro: eiusdemque ibidem lectore Ordinario. Quare petit: ut qui non possunt verbis presentes nobiscum disceptare: agant id literis absentes. In nomine domini nostri Hiesu Christi. Amen.*’

Die oorspronklike bedoeling was dus om ’n kritiese openbare debat oor die aflate te voer onder voorsitterskap van die professor in teologie. Die gedagte was dus nie om met ’n magsvertoon ’n verklaring teen ’n deur vas te slaan waarin die gesagsfigure aangekla en veroordeel word nie. Luther was in elk geval in 1517 nie ’n kerklike gesagsfiguur nie (hy was enkele jare tevore wel iets soos ’n ‘ringsvoorsitter’ vir die Augustynse orde). Die geskiedenis vertel egter ’n ander verhaal, wat die nodige aandag verdien.

Vir meer as 400 jaar is 31 Oktober 1517 as die geboortedag van die Reformasie beskou. Hierdie datum is deel van die liturgiese kalender van elke Protestantse kerk, en elke katkisant en belangstellende in die geskiedenis aanvaar die kanonisiteit van die datum. Luther self het dié datum sedert 1527, en die Lutherdom sedert 1617, as die geboortedatum van die Reformasie beskou. Die belangrikste bron waarop gesteun word, is Philipp Melanchthon se *Biografie van Martin Luther*. In hierdie biografie ([1546] 2011) staan die volgende beroemde woorde:

> Luther, brandend van vroom ywer, het die stellings oor die aflaat uitgegee, wat in die eerste band van sy werke gevind kan word. En hierdie stellings het hy openlik aan die kerk, aangrensend aan die Wittenbergkasteel, op die dag vóór die fees van die heiliges 1517, vasgenael. (p. 186)

In 2006 is ’n nota (waarskynlik uit die jaar 1542) in die universiteitsbiblioteek van Jena ontdek wat verdere ondersteuning aan die teorie van die kerkdeur gee. Dié nota is van die diaken Georg Rörer (1492–1557) wat Luther se preke op skrif gestel het. Die nota was versteek in ’n Lutherse Bybel wat in 1540 in Wittenberg gedruk is. Die nota (Leppin 2015c) lees:

> Die aand vóór die fees van die heiliges, in die jaar van ons Heer 1517, het doktor Martin Luther die stellings oor die aflaat teen die deure van die kerke in Wittenberg vasgespyker. (p. 685)

Rörer bevestig so die datum en die feit van die vasspyker van die *stellings* – en wel onafhanklik van Melanchthon. Wat nuut is, is sy verwysing na al die kerke van Wittenberg. Dít blyk ook nader aan die waarheid te wees. Op grond van nuwe argiefnavorsing weet

ons ook vandag dat die Statute van die Universiteit van Wittenberg bepaal het dat die fakulteitsekretaris (ook genoem die huismeester of *Pedell*) die opdrag gehad het om inligting oor feesdae, disputasies en promosies aan die kerkdeure en die universiteitsgebou vas te spyker sodat die hele dorp daarvan kennis kon neem. Hy het dus gereeld kennisgewings aan die deure vasgespyker. Die implikasie is dat daar 'n klein oplaag van die oorspronklike teks gedruk moes gewees het, wat die sekretaris oraloor kon vasspyker.

Daar is egter 'n blywende skeptisisme oor die narratief van die kerkdeur(e). Die feit bly dat beide Melanchthon en Rörer nie in Oktober 1517 in Wittenberg was nie. Beide maak dus staat op vertellings van mense wat vermoedelik wel daar was. Die skeptisisme het uiteindelik te make met die feit dat Luther self nie iets geskryf het oor 'n hamer en spyker nie, maar slegs oor 'n uitnodiging na 'n disputasie. Dit blyk uit resente navorsing dat daar nie met absolute sekerheid 'n finale beslissing oor die historiese feitelikheid van Luther en sy hamer gevel kan word nie. Volgens die kollektiewe geheue van die Protestantisme moes daar wel so 'n gebeure gewees het, maar die skriftelike bewyse ontbreek (vgl. Kaufmann 2016:182–207; Kohnle 2015:54–57; Leppin [2006] 2010a:117–126, 2015c, 2016:65–75). Die vraag is egter of slegs skriftelike bewyse waarheid bevestig? Afrika, met sy vertel-kultuur, leer ons dat historiese waarhede nie net van geskrewe dokumente afhang nie. Vanselfsprekend kan elke mite nie aanspraak maak op historiese feitelikheid nie, maar sommige mites en legendes het wel 'n historiese basis. Dalk is dít ons geringe bydrae uit die suide tot die Luther-navorsing.

Daar is reeds vermeld dat die oorspronklike weergawes van *Die 95 stellings* verlore is. Geen enkele oorspronklike dokument wat met die *Stellings* te make het, het in bewaring gebly nie. Die oudste tekste waaroor ons beskik, is die plakkaat-drukke van Jakob Thanner in Leipzig en Hieronymus Höltzel in Nürnberg (1517) – wat vermoedelik ná aan die oorspronklike moet wees. In

dieselfde jaar het Adam Petrin in Basel ook 'n weergawe gedruk en versprei. In Nürnberg het Kaspar Nützel die *Stellings* in Duits vertaal. Die Latynse teks is ook spoedig in Leipzig en Basel gedruk en versprei. Teen April 1518 was daar reeds 14 Hoogduitse en een Nederduitse druk gewees. In 1541 berig Luther in sy geskrif '*Teen Hans Worst*' (WA 51, 538–539; [1541] 1914:538–539) dat hierdie *Stellings* binne 14 dae deur die hele Duitsland versprei is. Friedrich Myconius, superintendent van Gotha, het in 1542 dieselfde verhaal vertel, behalwe dat hy van mening was dat dit vier weke geneem het om oral in Duitsland afgelewer te word. Die boodskap van hierdie stellings het die Duitse bevolking egter nie bereik vanweë die Latynse teks en/of die uitleg ([1518] 1883a) van die stellings in 1518 (bekend as die *Verduidelikings van die stellings oor die krag van die aflate* (*Resolutiones de indulgentiarum virtute*) nie. Hulle het die inhoud geleer danksy die Duitse *Preek oor die aflaat en genade* (*Sermon von Ablass und Gnade*). Van hierdie 'preek' ([1518] 2012) het daar 15 uitgawes in 1518 verskyn. Die 'preek' (of klein geskriffie) het Luther as skrywer bekend en beroemd gemaak, en nie die *Stellings* self nie (vgl. Schilling 2017).

Die eerste paar stellings van *Die 95 Stellings* (WA 1, 233; [1517] 2006b) is van belang vir die diskoers wat tot dusver gevoer is:

1. Toe ons Heer en Meester Jesus Christus gesê het: 'Bekeer julle [*doen boete*] want die koninkryk van die hemel het naby gekom', wou Hy gehad het dat die ganse lewe van die gelowige [*'n lewe*] van bekering sou wees.
2. Hierdie woord mag nie vanuit die sakramentele boetedoening [*bekeringsrituele*] verstaan word nie, met ander woorde daardie boetedoeningspraktyk wat uit bieg en genoegdoening, onder leiding van die amp en diens van die priester, voltrek word nie.
3. Die pous kan nie voorgee dat hy die bevoegdheid het om sondes te vergewe nie, buiten [*natuurlik*] dié wat hy volgens eie of die oordeel van die kerklike wette opgelê het.
4. Die pous kan nie [*die ware*] skuld vergewe nie; hy kan slegs

> verklaar en bevestig dat dit deur God vergewe word.[41] (pp. 2, 6–11, 16–20)

Luther het sy insigte oor bekering of boetedoening grootliks te danke aan Johannes Tauler se preke uit die jaar 1515. By Tauler het Luther geleer dat boetedoening nie uit ’n eenmalige, objektiewe sakramentshandeling kan bestaan nie, maar uit ’n innerlike, lewenslange bekering van die hart. Bekering is nutteloos indien dit nie uit egte geloof in God spruit nie. Die volgende uitspraak van Tauler (WA 9, 102, 34–36; [1516] 1893) het Luther beïndruk:

> Daarom bestaan die ganse heil in die opgawe van die wil, en wel, soos hy hier leer, ten opsigte van alle dinge, geestelik en wêreldlik. En dit kom alles neer op geloof in God [‘*Igitur tota salus est, resignatio, voluntatis in omnibus ut hic docet sive in spiritualibus sive temporalibus. Et nuda fides in deum*’]. (p. 102)

Luther se eerste twee stellings kan dus direk teruggevoer word na Tauler se argumentvoering. Naas Tauler se preke was Luther se eerste publikasie *Teologie Duits* (1516) ook ’n bron van oriëntasie in hierdie vraagstuk (vgl. weer par. 2.2[e]). Die Laat-Middeleeuse mistiek was dus die voedingsbodem van Luther se kritiek teen die aflaatstelsel. Geloof in God en liefde vir Christus was die kerngedagtes van die mistiek, en Luther het hierdie denke ingespan vir sy kritiek teen ’n eeueoue dogmatiese stelsel, wat tot gruwelike wanpraktyke aanleiding gegee het (vgl. Leppin [2006] 2010a:86–89). Dit was egter nie net teologiese literatuur wat Luther van die Roomse dwaalweg oortuig het nie, maar ook sy eie bestudering van die Skrif. In sy *Brief opgedra aan Johannes von Staupitz* van Mei 1518 bevestig Luther dat hy self eksegeties

41. Luther argumenteer: *‘1. Dominus et magister noster Iesus Christus dicendo. Penitentiam agite. Etc. omnem vitam fidelium penitentiam esse voluit. 2. Quod verbum de penitentia sacramentali (id est confessionis et satisfactionis que sacerdotum ministerio celebratur) non potest inteligi. 5. Papa non vult nec potest ullas penas remittere. Preter eas: quas arbitrio vel suo vel canonum imposuit. 6. Papa non potest remittere ullam culpam nisi declarando et approbando remissam a deo. Aut certe remittendo casus reservatos sibi: quibus contemptis culpa prorsus remaneret.’*

met die woord *bekering* (of *boetedoening*) geworstel het. Hy (WA 1, 525–526; [1518] 2006c:18) sê 'dit was soos 'n stem uit die hemel wat hom geleer het dat ware boetedoening by liefde tot geregtigheid en God begin en eindig', en verder dat 'bekering 'n herbesinning is oor die skade van die sonde [...] en wat dan tot 'n totale hartsverandering aanleiding gee'. Dit was hierdie kombinasie van teologie wat uit geloof in God en liefde vir Christus kom, en eie selfstandige eksegese van die Nuwe Testament, wat Luther tot insigte gebring het wat die wêreld sou verander.

## 2.4. Die waarde van die Luther-navorsing vir teologiese opleiding in die suidelike halfrond

Die aflaatpraktyk is nie heeltemal iets van die verlede nie. In 2015–2016 het pous Franciscus 'n 'heilige jaar van barmhartigheid' uitgeroep. Vir 'n kort tydperk (08 Desember 2015 – 20 Oktober 2016) was die deure van kerke in Rome en enkele pelgrimskerke bekend as 'deure van barmhartigheid' na analogie van die 'heilige poorte van die Petrusdom', wat beteken dat besoekers in daardie tyd, danksy hulle offergawes, volledige vergewing van sondes 'kon koop' (vgl. Spehr 2017:17). Die kritiese vraag is: beoefen die skatryk 'profete' en 'pastore' van die welvaartsgodsdiens nie maar dieselfde tipe godsdiens nie, naamlik genesing, voorspoed en geluk in ruil vir groot finansiële bydraes?

Vanselfsprekend het die universiteitswese in die laaste eeue dramaties verander. Ons hoef slegs na die tegnologiese veranderinge te verwys. Nieteenstaande die reuse-gapings tussen ons en die Wittenberg van die 16de eeu, is daar minstens een aspek van Luther se teologie wat nie ondergrawe mag word nie, naamlik sy *kritiese teologie*. Weens nuwe manipulasietegnieke, intimidasie en afpersing word teologiese strominge nie altyd meer krities beoordeel nie. Indien daar toegelaat word dat joernalistieke propaganda en gemanipuleerde

sinodale gespreksvoering, die laaste woorde oor teologiese kwessies verkry, is ons terug in die Laat Middeleeue. Teoloë sal weer die moed moet openbaar om disputasies te voer oor die eietydse teologiese modeneigings. Net vrye kritiese debatvoering sal keer dat ons geslag meegesleur word deur teologieë wat nie noodwendig die waarheid van die evangelie dien nie.

## ■ 2.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk gee 'n oorsig oor Luther se akademiese opleiding, asook sy akademiese arbeid as 'n jong dosent. Die verskillende invloede op Luther se akademiese vorming word verduidelik. Besondere klem word geplaas op die disputasiekultuur van die Laat-Middeleeuse universiteitswese en Luther se benutting van dié onderrigmetode. Sy stryd teen die aflaatstelsel word verduidelik as 'n disputasie-stryd. Die verhaal van die hamer en die kerkdeur word op hierdie wyse as legende ontbloot. Die eerste stellings van *Die 95 stellings teen die aflaat* word ten slotte aan die orde gestel, met konsentrasie op die teologiese agtergrond van sy kritiek.

Hoofstuk 3

# Die klooster: Wie is God?

## 3.1. Inleiding

Martin Luther het ’n belowende loopbaan as juris prysgegee om ’n priester te word. Sy lewe in die klooster was egter ’n bestaan van angs – angs dat hy moontlik nie uitverkies is nie, en angs vir die eindoordeel. In die klooster het hy God leer ken as die streng regter wat nie genade betoon aan mense wat nie aan die verwagtinge van die wet en die reëls van die klooster voldoen nie. Danksy sy navorsing in die Psalms en die Brief aan die Romeine, het hy ’n ander God ontdek – die God van genade en vryspraak. Dié verhaal word in detail in hierdie hoofstuk aangebied. Drie vroeë geskrifte wat sy nuwe Godsbegrip breedvoerig verduidelik, word aan die leser voorgestel.

Luther se worsteling met die toornige God is nie ’n verhaal wat tot die Laat Middeleeue beperk is nie. In talle nuwe gestaltes word mense vandag nog gekonfronteer met ’n God wat wil straf en uiteindelik wil uitsluit. Aangesien dié nie ’n sistematiese studie is nie, kan daar nie breedvoerig aan die eietydse problematiek

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Die klooster: Wie is God?’, in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 69–91, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.03

aandag gegee word nie, maar kort opmerkings hier en daar sal aanduidings gee van Luther se aktualiteit vir vandag.

# 3.2. Biografie

## 3.2.1. Luther word priester

Op 19 Mei 1505 het Luther in die dom in Erfurt aan die semesteropening van die regsfakulteit deelgeneem. Die volgende dag het hy met sy regstudie aan die *Collegium Marianum* begin. Sentraal tot sy studie was die Publieke Reg. Martin moes hom instudeer in die *Glossa ordinaria*, een van die klassieke leerboeke van Accursius uit die 13de eeu. Dit was ’n versameling van 97 000 glosse waarin die wette van die *Corpus iuris vivilis* verduidelik en gepraktiseer is. Tot sy ontnugtering moes hy leer dat die oorspronklike woorde van die wette nie in die howe geld nie, maar die kommentaar op die wette. Accursius was dus die outoriteit in die regspraak, en nie die wette self nie. Luther sou ’n rukkie later leer dat dít ook die geval in die teologie is. Die Bybel self was nie die fokus van die teologie nie, maar die uitleg van die kerkvaders. Martin se weersin in die regstudie het meegebring dat hy gereeld in Erfurt se universiteitsbiblioteek rondgekrap het. Dáár ontdek hy toe ’n eksemplaar van die *Vulgaat* (die Latynse vertaling van die Bybel), wat hy ywerig begin lees het. Dit was veral die Lofsang van Hanna (1 Sam 2:1–10) wat hom aangegryp het. Met sy humanistiese agtergrond was sy begeerte om die bron (die Bybel) self, en nie kommentare op die bron, te bestudeer nie. Hierin het die verhaal van die monnik Giovanni Battista Spagnoli van Manua – deur die humaniste Montovanus genoem – hom gehelp. Montovanus het in 1463 die regte vir die teologie verruil, met die hoop om die oorspronklike bron te bestudeer. Met toestemming van die rektor, het Martin in die middel van sy eerste semester na Mansfeld gegaan om sy vader te oortuig om hom toe te laat om eerder teologie te studeer. Hans Luder was egter oortuig dat Martin met min moeite in die regte sou promoveer, en ’n suksesvolle regsloopbaan sou kon volg –sodat hy en sy familie tot die adelstand verhef sou word. Hy het ook

gehoop dat Martin met 'n meisie uit die adelstand sou trou en dat hy op hierdie wyse 'n ryk man sou word. Martin kon sy vader na tien dae nie oortuig om toe te laat dat hy van loopbaan te verander nie. Beide sy ouers het gedreig om hom te onterf en bande met hom te verbreek (Köpf 2015:16; Schwilk 2017:39–41).

Vroegoggend, 02 Julie 1505, keer Martin per voet terug na Erfurt. Teen die aand het hy die dorpie Stotternheim, noord van Erfurt bereik. Daar oorval 'n storm hom en tref 'n weerligstraal hom amper. Hy (WA TR 4, 440, 9–10, Nr. 4707; [1531–1546] 1916:440) val halfverblind op die grond neer en roep uit: 'Help my, heilige Anna,[42] ek wil 'n monnik word!' ('*Hilff du, Sankt Anna, ich wille ein Monch werden!*'). Hierdie gelofte is verstaanbaar teen die agtergrond van die Laat-Middeleeuse godsdienstigheid wat deurdrenk was van die oortuiging dat 'n vroeë dood verstaan moes word as God se straf. Die enigste remedie was die genade wat deur die kerk aangebied word (Köpf 2015:18). Nadat die storm bedaar het, het hy besef dat hy 'n gelofte afgelê het wat hy sou moes nakom. Hierdie ervaring was egter nie die enigste beweegrede vir sy besluit om priester te word nie. Soos reeds gestel, sou sy teleurstelling in die regswetenskap beslis ook 'n rede vir sy kursuswysiging gewees het. Hy het ook twee weke lank met sy vriende debat gevoer oor die verandering in studierigting. Wat die inhoud van die debatte was, is nie bekend nie. Luther het nie geweet by watter van die ses kloosters in Erfurt, waarvan vier bedelordes gehuisves het, hy moes aanmeld nie. Uiteindelik kies hy die 'Swart Klooster van die Augustynse Eremiten-orde' in die noord-ooste van die stad.

42. Die gebeure by Stotternheim berus op die tafelgesprek van 16 Julie 1539. Die waarheidsgehalte van hierdie berig word met agterdog bejeën. Die 'heilige Anna' was die beskermheilige van mynwerkers van Thüringen. Sy word selfs 'n 'modeheilige' genoem. Daar word aanvaar dat Luther se noodkreet aan Anna, 'n indirekte noodkreet tot God se genade was. 'Anna' beteken 'genade'. Volgens die legende uit die 2de eeu (Evangelie van Jacobus), was Anna die moeder van Maria. Sedert 1480 is Anna ook as wonderdoener vereer – nóg 'n rede hoekom Luther haar sou aanroep. Luther (WA 1, 415, 7–12; [1518] 1883a:415) het egter al vroeg in sy loopbaan die verering van Anna beskryf as '*avariata*' en die kultus van die aanbidding van heiliges as 'duiwelswerk' (WA 17(II), 475, 11–25; [1527] 1927:475) (vgl. Dörfler-Dierken 2015 vir meer inligting oor die Anna-kultus).

Die naam 'Swart Klooster' word afgelei van die swart klere wat die priesters gedra het. Hierdie orde wat op gehoorsaamheid, armoede en kuisheid gekonsentreer het, was die strengste en mees rigiede van al die ordes. Die orde het hom aan die oorspronklike monastieke reëls van Augustinus gehou, maar ook die studie van Augustinus en die wetenskappe bevorder. Die orde was ook betrokke by die stigting van die Universiteit van Wittenberg, en het personeel vir die universiteit voorsien. Die rede vir Luther se keuse het waarskynlik met die harde en streng lewenswyse te make gehad. Hy wou sy ouers met dié keuse van die erns van sy verandering van studierigting oortuig. Sy vader was oortuig dat monnike lui lummels was wat net op ander geteer het. Op 16 Julie 1505 het hy sy naam uit die studenteregister van die universiteit laat skrap en op 17 Julie by die klooster aangemeld. Die geloftes wat hy as priester afgelê het, sou vir 20 jaar sy bestaan beheer. Van 1505 tot 1525 het Luther soos 'n monnik gelewe. Hy het hom eers ná sy huwelik in 1525 van die monastsieke lewe gedistansieer (vgl. Köpf 2015:18–20; Schwilk 2017:42–44).

### 3.2.2. Die algemene godsdienstigheid van daardie tyd

Luther het grootgeword en is as kind en jeugdige binne die Middel-Duitse stadskultuur van die Laat Middeleeue opgevoed. In die groot stede soos Magdeburg en Erfurt was daar 'n kenmerkende spiritualiteit aan die orde. Heiliges is op allerhande maniere vereer. Veral Maria en haar moeder, Anna, is vereer, en daar is ook tot hulle gebid. In hierdie tyd is daar talle pelgrimstogte na dorpe en kerke onderneem waar daar relikwieë van heilige martelare was. Wittenberg was een van die plekke met 'n groot versameling van relikwieë. Die aflaatpraktyk was deel van die godsdienstige toneel, en Johannes Tetzel se verkope van die aflate nie 'n geïsoleerde voorval nie. Die Duitse gebiede was deurtrek van kloosterordes. Selfs plattelandse dorpies is deur klooster-gemeenskappe ingeneem. Boetedoening (skuldbelydenis en bekering) en

deelname aan die sewe sakramente was ’n vanselfsprekendheid. In die doop is die regverdigmakende genade geskenk, en die altaarsakrament of nagmaal het die offerdood van Christus teenwoordig gemaak. ’n Belangrike verskynsel was die geweldige vrees vir die eindoordeel en die hel. Hierdie vrees is aangevuur deur die twyfel wat deur die gedagte van uitverkiesing of predestinasie gesaai is. Paniek is veroorsaak deur die oortuiging dat goeie werke ’n bydrae kan lewer tot genadige oordeel van God oor die sondaar. Verskillende voorstellings van die vaevuur het die angsvlakke in die samelewing die hoogtes laat inskiet (vgl. Schwarz [1986] 2014:20–22).

## 3.2.3. Sy lewe as monnik en priester

Luther is aanvanklik slegs voorlopig as monnik aanvaar. Hy moes eers vir een jaar ’n proeftyd (*Noviziat*) deurloop waartydens hy moes bewys dat hy werklik ’n monnik wou wees. Eers daarna kon hy sy geloftes aflê. Die geloftes (*Profeβ*) wat Luther as monnik afgelê het, is as ’n tweede, beter doop gesien. Sy lewe was van toe af onder ’n nuwe, hoër verpligting, bekend as die twaalf evangeliese riglyne (*consilia evangelica*) wat onder meer die etiese verwagtings van die bergrede ingesluit het. Die drie hoofgeloftes het te make met armoede, gehoorsaamheid en kuisheid (*paupertas, oboedientia, castitas*). Die doelwit van die monnik is morele perfeksionisme, en die loon is die kroon van die lewe (*aureola*) – ’n hoër glans in die hemelse voleinding. Om dít te bereik, is ’n lewe van vas, die gee van aalmoese en gebed nodig. Die tweedebelangrike aspek van die kloosterlewe was die sewe-uurlikse gebede van die klooster (*horae canonicae*). Dan is daar uit die Psalms gelees, die stof is oordink en daar is gebid (*lectio, meditatio, oratio*). Die heel belangrikste taak was die altaardiens wat verrig is deur die monnike wat tot priesters gewy is. Om priester te word wat die mis kon bedien, moes Luther twee handboeke deurwerk: Gabriel Biel († 1495) se *Verklaring van die misviering* (*Expositio canonis missae*) en Angelo de Clavasio

(† 1495) se *Handboek oor die bieg* (*Summa de casibus conscietiae*). Op 02 Mei 1507 was sy eerste viering van die mis (*primae massae*). Sy vader het saam met 20 gaste die geleentheid bygewoon, en ook 'n groot bedrag geld geskenk. Hy het egter ook teen sy seun in die openbaar uitgevaar omdat hy nie sy pa se wense gehoorsaam het nie. Die ander priesters het hom egter daarop gewys dat 'n mens God méér gehoorsaam moet wees. Luther het sy priesterskap baie ernstig opgeneem en sy geloftes getrou gestand gedoen – soos hyself in 1533 teenoor hertog Georg von Sachsen getuig het (WA 38, 154, 25–29; [1533] 1912a:154). Al hierdie pligpleginge kon Luther egter nie keer om in ernstige vertwyfeling oor sy lot by die eindoordeel te verval nie (vgl. Köpf 2015:21–26; Schwarz [1986] 2014:26–28).

Luther het naas sy akademiese en preekverpligtinge ook nog ander kerklike verpligtinge gehad. Hy het as studieleier vir die 'algemene voorstudie' opgetree, hy moes die monnike elke dag vir minstens een uur help met hulle studie. Verder moes hy as *lector mensae* tydens die twee gemeenskaplike maaltye uit die Bybel voorlees. Op 01 Mei 1515 is hy in Gotha ook nog as distrikstoesighouer oor tien kloosters benoem. Hierdie verantwoordelikheid het Luther mateloos gefrustreer, aangesien hy tot 'n administratiewe klerk verlaag is wat aanhoudend briewe moes skryf (vgl. Schwilk 2017:105).

## 3.2.4. Doseerwerk en navorsing as priester

Luther is op 22 Oktober 1512 aangestel as opvolger van Von Staupitz in Wittenberg en opgeneem in die 'dosenteraad' van die Fakulteit Teologie. Luther is aangestel in die pos wat vir die Augustynse orde gereserveer is. As 'kerklike dosent' het hy drie take gehad: lesings, disputasies en prediking (aanvanklik in die klooster en sedert 1514 in die stadskerk van Wittenberg). In die eerste jaar het Luther 170 preke gelewer. Hiervoor is hy 'n skamele agt gulde en 'n paar sent (*Groschen*) betaal. Tweeduisend van die preke wat in die stadskerk gelewer is, het in bewaring gebly. Luther het sy preke nie uitgeskryf nie, maar het aan die hand van uitvoerige notas gepreek. Sedert 1522

het sy sekretaris Georg Rörer die preke na afloop van die erediens volledig uitgeskryf, en danksy hom, is die meeste van die preke vir die nageslag bewaar. Enkele daarvan is later in 'preke' ('*Sermonen*') of kort traktate omskep. Sedert 1521 het hy preke in postil-vorm (voorbeelde van Skrifgetroue, Reformatoriese preke) geskryf – aanvanklik in Latyn en sedert 1525 in Duits (vgl. Köpf 2015:35–37; Schwilk 2017:104–115).

Luther se eerste reeks lesings het oor die Psalms gehandel. Inligting oor hierdie reeks is betekenisvol, aangesien die lesings 'n belangrike tree was op pad na sy 'Reformatoriese ontdekkings'. Met sy *Dictata super Psalterium* (WA 4, 1–463; [1513–16] 1886) het hy op 16 Augustus 1513 voor ongeveer 12 studente begin. Die lesings was elk twee ure lank, en het in die somer om 06:00 en in die winter om 07:00 begin. Hy het 'n jaar lank voorberei aan die lesings. In die voorbereidingsproses het hy alle moontlike hulpmiddels gebruik (wat in die vorstelike biblioteek in Wittenberg beskikbaar was). Die Vulgaat was die basis waaruit hy gewerk het. Vir elke student het hy 'n afdruk van die teks gemaak met groot spasies tussen reëls en aan die kante vir notas (glosse). In daardie stadium het hy nie Hebreeus geken nie, en het hy dit outodidakties geleer, aan die hand van Johannes Reuchlin (1455–1522) se Hebreeuse grammatika (*De rudimentis Hebraicis*) wat in 1506 gepubliseer is. Hy het verder van Reuchlin se uitleg van die *Sewe boetpsalms* (1512) gebruik gemaak wat die Hebreeuse teks as basis gebruik het. Dan was daar ook die *Vyf weergawes van die Psalms* (*Quincuplex psalterium* – 1509) deur die Fransman Jacobus Faber Stapulensis (1450–1536). Hierdie teks het vyf verskillende Latynse weergawes, plus die Hebreeuse weergawe van die teks gehad. Hy het ook die Psalm-kommentare en geskrifte van Hieronymus, Chrysostomus, Ambrosius, Cassiodor, Augustinus, Nikolaus de Lyra en Bernhard van Clairvaux gebruik vir sy navorsing. Vir sy lesings het Luther 'n belangrike voorwoord (*praefatio*) geskryf. Nie hy nie, maar Jesus Christus word as die outeur van die voorwoord voorgestel. Die rede: Luther het die Psalms profeties, vanuit 'n Christologiese perspektief gelees. Hy het Christus naas Dawid voorgestel as die oorspronklike *bidders* (!) van die Psalms. Die bedoeling was dat die lesers van

sy tyd, nie net saam met Dawid moes *bid* nie, maar ook saam met Christus. Eksegese moes die prediking en die kerklike geloofspraktyk dien. Die aanbod van die eksegeet moes uit die staanspoor bruikbaar wees vir die dienaar van die Woord, asook die lidmate, wat die Psalms as ''n klein Bybeltjie' gelees en daarvolgens gebid het (Leppin 2016:21). Hy moes die Psalms egter nog steeds, in lyn met die teologiese tradisie van daardie tyd, ook allegories, anagogies (na aanleiding van die heilshistoriese betekenis) en tropologies uitlê (op grond van die morele waarde van die teks). Verder het hy 'n kort opsomming van elke Psalm geskryf, en elkeen van 'n opskrif voorsien. Naas die talle kant-glosse en reël-glosse (wat te siene is op die oorspronklike teks), het hy ook talle 'voordragte of akademiese besinnings' in die gestalte van 'leksikon-artikels' (*Scholien*) oor woorde en sinsnedes geskryf wat op aparte bladsye afgedruk is. Naas die Christologiese hermeneutiek wat Luther alreeds met sy eerste lesings ontwikkel het, het hy op voetspoor van Bernhard ook die belangrikheid van geloofservaring vir die eksegese en hermeneutiek beklemtoon. Na aanleiding van Psalm 34:9: 'Smaak en sien hoe vriendelik die Here is', het hy geargumenteer dat eksegese met persoonlike geloofservaring verbind moet word om te verstaan wat die 'vriendelikheid van die Here' beteken. Die teks alleen kan die verstaan van die evangelie nie moontlik maak nie. Intense meditasie, geloof en gebed moet meewerk ten einde die diepste betekenis van Bybelse woorde te ontdek (vgl. Köpf 2015:38–41; Schwilk 2017:95–99).

Luther se bestudering van en worsteling met die inhoud van die Psalms, het uiteindelik aanleiding gegee tot sy ontdekking van die ware geregtigheid van God. Sy ontdekking dat die Bybelse verstaan van geregtigheid radikaal verskil van dié van die skolastieke teologie, het hom gehelp om sy angservarings te oorkom. Teksverse soos Psalm 7:9: '... *oordeel my volgens my geregtigheid en onskuld*', Psalm 31:2: '... *red my deur u geregtigheid*', en Psalm 35:24: '... *oordeel my volgens u geregtigheid*' het Luther tot vertwyfeling gedryf. Hy het die woord 'geregtigheid' gehaat, aangesien hy dit Aristotelies as 'distributiewe geregtigheid' verstaan het – as uitdelende en vergeldende geregtigheid. In die 'besinning'

(*Scholien*) oor Psalm 71:2: 'Red my deur u geregtigheid' het hy egter anders begin dink oor God se geregtigheid. Hy het begin insien dat God se oordeel in teenstelling tot die menslike oordeel staan. Hierdie oordeel staan in die teken van die kruis. Luther het dit dus alreeds in sy eerste Psalmvoorlesing gestel dat God se geregtigheid vanuit die perspektief van Romeine 1:17–18 verstaan moet word – 'n geregtigheid van barmhartigheid, op grond van geloof. Hierdie oortuiging het hy verder verdiep in sy lesings oor Romeine (1515–1516), Galasiërs (1516–1517) en Hebreërs (1517–1518) (vgl. Köpf 2015:42–43).

### 3.2.5. Luther se angservarings as priester en die ontdekking van die genade van die evangelie

Die jong Luther se verblyf in die klooster in Erfurt (1505–1511) was 'n tyd van angservarings en innerlike worsteling. As jong priester het hy talle en verskillende angservarings gehad. Hy was byvoorbeeld vreesbevange voor die bediening van sy eerste mis, hy was beangs dat hy nie uitverkies is nie en hy was met angs gevul vir die toornige God se daaglikse oordeel, maar veral vir Christus se laaste oordeel oor hom as mens (vgl. Dietz 2011). Ons konsentreer op sy angs vir die God van die oordeel en sy angs om sy eie uitverkiesing.

Luther was as priester vasgevang binne die monastieke vroomheidskultuur. Aan die een kant het hy 'n ernstige boetedoeningsmentaliteit ontwikkel en aan die ander kant is hy bedreig deur die onsekerheid dat die God van oordeel en straf hom uiteindelik nie genadig kan wees nie. Hy was dus vasgevang in 'n konflik tussen toorn oor die sonde en heilsvertroue, vrees vir die oordeel en hoop op genade (Kaufmann 2016:133). Luther (WA 54, 179, 33–35; [1545] 2006b:494) skryf byvoorbeeld terugskouend in 1545 in die *Voorrede tot die eerste band van die Latynse geskrifte* dat hy as monnik ''n verskriklike vrees vir die eindoordeel gehad het, maar nogtans van ganser harte

begeer het om die saligheid te beërwe' ('*ego serio rem agebam, ut qui diem extremum horribilier timui, et tamen salvus fieri ex intimis medullis cupiebam*'). Op die keper beskou, was Luther se intense worsteling oor sy heil ten diepste 'n worsteling met 'n Godsbeeld wat op die strafmotief gefikseer was. Sy vrees vir die eisende en strawwende God het hom in totale lewensangs gedompel, soos wat hy (WA 1, 557, 37–558, 5; [1518] 1883b) in sy *Verduideliking oor die krag van die aflate* geskryf het:

> God het Hom daar [*in my kloostersel*] bekendgestel in sy vrees-aanjaende toorn, en het só saam het die hele skepping [*vrees-aanjaend voorgekom*]. Daar was geen ontvlugtingsmoontlikheid nie, geen troos nie, nie binne en nie buite [*die klooster nie*], aangesien alles ons aangekla het [...]. Daar het niks behalwe die naakte verlange en 'n intense hunkering na hulp oorgebly, maar [*ek*] het nie geweet waar hulp te vinde is nie.[43] (pp. 557–558)

Sy vrees vir die toornige God het veroorsaak dat hy alle selfrespek verloor het. Sy angsvallige voorstelling van God wat net oordeel, het uitgemond in 'n bestaan van permanente selfveroordeling – en om hierdie rede het hy (volgens die weergawe van 'n latere *Preek oor die doop* – WA 37, 661, 23–24; [1534] 1910:661), iewers tydens sy kloostertyd in wanhoop uitgeroep: 'O wanneer wil jy uiteindelik vroom word en genoeg doen sodat jy 'n genadige God kan vind?' ('*O wann wiltu einmal from werden und gnug thum, das du einen gnedigen Gott kriegest*?'). Luther se latere ontdekking van die barmhartigheid van God in die kruis van Christus, kan daarom nie ontkoppel word van sy angservarings nie. Berndt Hamm ([2010] 2015:43) is korrek om Luther se teologiese denke as 'getrooste vertwyfeling' te beskryf. Aanvegting en vertroostende geloof is soos 'n hand in 'n handskoen.

Luther se groot angs en vrees vir God se toorn en oordeel was nie net 'n persoonlike psigose nie, aangesien die Laat-Franciskaanse teologie (Ockham en Biel, soos onderrig deur Johannes Nathin),

43. Luther stel: '*Hic Deus apparet horribiliter irratus, et cum eo pariter universa creatura. Tum nulla fuga, nulla consolatio, nec intus nec foris, sed omnium accusatio [...] Solum relinquitur nudum desiderium auxilii et horrendus gemitus, sed nescit [anima], unde petat auxilium.*'

die afstand tussen toorn en genade, sonde en barmhartigheid verleng het, en só bygedra het tot sy krisis. Vir hierdie teoloë was die verband tussen menslike handeling en Goddelike erkenning van groot belang. Die daad van die mens, dit wat vir hom 'moontlik en as opdrag gegee is' (*facere quod in se est*), verdien by God 'verdienstelikheid volgens billikheid' ('*meritum de congruo*'). Hierdie verdienstelikheid kan deur bystand van die kerk, deur middel van die sakramente, opgegradeer word tot 'waardigheidsverdienste' ('*meritum de condigno*'). Die probleem met die sisteem is dat die verwagtinge aan die menslike moontlikhede te groot is. Die mens kan weens selfliefde eenvoudig nie aan die hoogste verwagting, naamlik absolute liefde vir God, voldoen nie. Dit sou Augustinus se genadeteologie wees, met sy beklemtoning van God se genade vir die sondaar, wat Luther bevry van die angs vir straf (vgl. Kaufmann 2016:133–135).

Luther is danksy Augustinus, sy volgelinge, en die vroomheidsteologie van Johannes von Staupitz van die angs vir die toornige God bevry. Danksy die genade-teologie van Augustinus, Clairvaux, Gerson en die Duitse mistiek het Luther geleer dat die heil deur die onvoorwaardelike genade van God in Christus aan die sondaar geskenk word.

Luther se angservarings oor sy twyfel aangaande die predestinasie is goed gedokumenteer. Wat gelukkig in bewaring gebly het, is Luther se latere besef hoe naby angs en redding vir hom gelê het. Dit was danksy hierdie angsaanvalle dat hy sy teologie kon ontwikkel.[44] In *De servo arbitrio* het hy (WA 18, 719; [1525] 2006a) in skaamte, oor sy angsaanvalle die volgende geskryf:

> Ek het self – en nie net een keer nie – daaraan aanstoot geneem, tot in die diepste afgrond van vertwyfeling [*oor my angs oor die lot van*

44. In een van sy oudste tafelgesprekke (WA TR 1, 146, 12–14, Nr. 352; [1531–46] 1912c:146) het hy erken dat hy sy teologie nie eensklaps ontdek het nie, maar aanhoudend dieper en dieper moes delf totdat hy by die ontdekking van die blye boodskap uitgekom het. In sy eie woorde: '*Ich hab myn theologiam nit auff ein mal gelernt, sondern hab ymmer tieffer und tieffer grubeln mussen, da haben mich myne tentationes hin bracht, quia sine usu non potest disci.*'

> *die predestinasie*] sodat ek gewens het dat ek nie as mens geskape is nie. Dít was voordat ek ingesien het hoe salig daardie vertwyfeling eintlik was, en hoe naby dit aan genade gelê het.[45] (p. 486, ll. 22–25)

Verdere dokumentasie hou veral verband met die raad en advies wat hy van Johannes von Staupitz in hierdie verband ontvang het (vgl. Leppin [2006] 2010:72–89). Luther (WA TR 2, 112, 9–16, Nr. 1490; [1531–46] 1913) bring in die tafelgesprek sy diskussie met Von Staupitz oor die predestinasie in herinnering, en sê:

> Ek het een keer teenoor my [*biegvader*] Staupitz gekla oor die verhewenheid van die predestinasie. Hy het my geantwoord: 'In die wonde van Christus verstaan en vind 'n mens antwoorde op die predestinasie; nêrens anders nie, aangesien daar geskrywe staan: "Luister! Die Vader is té hoog [*vir begrip*], maar die Vader het gesê: Ek sal aan julle 'n weg gee om na my te kom, naamlik Christus." Gaan en glo; verbind jou aan Christus, só sal jy wel op 'n bepaalde tydstip uitvind wie Hy is. Juis dít doen ons egter nie, en daarom is God vir ons onbegryplik, ondenkbaar, en word Hy nie verstaan nie; buite Christus om wil Hy nie bedink word nie.'[46] (p. 112)

Luther het Von Staupitz se raad gevolg om die geheimenisse van God vanuit die Christologie te bedink. Stappie vir stappie het hy 'n ander Godsbeeld, en só ook 'n ander verstaan van God se geregtigheid ontwikkel. Daar is 'n groeiende konsensus in die navorsing dat Luther alreeds in Erfurt (1505–1511) begin het om bande met die monastieke teologie te verbreek. Navorsers beskryf hierdie tydperk as die 'wending voor die wending' ('*initia reformationis*'). In preke en in opmerkings oor Petrus Lombardus blyk dit dat hy in sy Erfurt-dae alreeds ontdek het dat

45. Luther erken in skaamte: '*Ego ipse non semel offensus sum usque ad profundum et abyssum desperationis, ut optarem nunquam esse me creatum hominem, antequam scirem, quam salutaris illa esset desperation et quam gratiae propinqua.*'

46. Luther vertel: '*Ego semel conquerebar de sublimtate praedestinationis Staupitio meo. Respondit mihi: In vulneribus Christi intelligitur praedestinatio et invenitur, non alibi, quia scriptum est: Hunc audite. Der Vater ist zu hoch, sed dixit Pater: Ego dabo viam veniendi ad me, nempe Christum. Ite, credite, hengt euch an den Christum, so wirts sichs wol finden, quis sim, suo tempore. Das thun wir nicht, ideo Deus est nobis incomprehensibilis, incogitabilis; er wirt nicht begriffen, er will ungefast sein extra Christum.*'

die toorn van God en sy barmhartigheid baie ná aan mekaar lê (Hamm [2010] 2015:51). Dit was egter sy intense bestudering van Paulus se briewe wat hom finaal tot 'n ander Godsbeeld gebring het. Die nuwe Godsbeeld getuig nie van 'n vervanging van die oordeelsmotief deur die genademotief nie, maar in die saamdink van beide aspekte. Danksy die kruis het Luther ontdek dat die nabyheid van die Goddelike oordeel, en die nabyheid van die Goddelike genade twee kante van dieselfde muntstuk is (iets wat Von Staupitz nie ingesien het nie – Hamm [2010] 2015:57). Luther het dus nie sy angs vir God se oordeel oorkom deur dit uit sy denke te druk nie, maar het ingesien dat terwyl God die God van die oordeel bly, Hy genade betoon aan die gelowige. 'n Ander belangrike motief wat Luther danksy die Brief aan die Romeine ontdek het, is dat die evangelie van Jesus Christus getuienis aflê van die 'kondesendensie' (die afdaal uit die hemel uit) van die barmhartigheid van God. Daarmee word bedoel dat die regverdigende geregtigheid van God uit die hemel kom en dat die mens geen aandeel daaraan het nie. Die skolastieke teologie wat geregtigheid wil toedig op grond van menslike morele prestasies, het weinig met Paulus te make. So skryf hy (WA 56, 158, 10–14; [1515–16] 1938) dan in 'n 'aanvullende nota' (*Scholie*) oor Romeine 1:1 in sy *Romeinebriefkommentaar*:

> God wil ons nie deur 'n huishoudelike [*ons eie*] geregtigheid nie, maar deur geregtigheid en wysheid van buite onsself red; [*'n geregtigheid*] wat nie uit onsself kom en ontstaan nie, maar van 'n ander plek af na ons toe kom; wat nie vanuit ons aarde opspring nie, maar vanuit die hemel kom. Daarom moet 'n mens dit volledig as uiterlike en vreemde geregtigheid leer en die huishoudelike en eie [*opvattings van geregtigheid*] uitroei.[47] (p. 158)

Luther het 'n nuwe Godsbeeld ('n God wat nie angs en vrees inboesem nie) hoofsaaklik danksy sy intense worsteling met die

47. Luther stel: '*Deus enim nos non per domesticam, sed per extraneam iustitiam et sapientam vult salvare, non que veniat et nascatur ex nobis, sed que aliunde veniat in nos, non que in terra nostra oritur, sed que de celo venit. Igitur omnino externa et aliena iustitia opertet erudiri; quare primum oportet propriam et domesticam evelli.*'

uitdrukking 'die geregtigheid van God' ontdek. Die volgende aanhaling uit die *Voorwoord tot die eerste band van die Wittenbergse uitgawe van die Latynse geskrifte* van 1545 vertel die verhaal van Luther se worsteling as monnik en sy ontdekking van die geregtigheid van God by Paulus. In 'n sekere sin is dit 'n samevatting van die kern van Luther (WA 54, 185–186; [1545] 2006b) se teologie:

> Ek egter, ek wat so onberispelik as monnik geleef het, wat my as sondaar met 'n algehele onrustige gewete voor God bevind het, en nie kon vertrou dat ek op grond van my genoegdoening [*met God*] versoen kan wees nie; [*ek*] het God nie liefgehad nie, ja, ek het die regverdige en sonde-strawwende God eerder gehaat en het my in stilte teenoor God opgeruk, [*en wat*] nie lasterlik was nie, was [*minstens*] in [*die gestalte*] van 'n onophoudelike gebrom en ek het [*soos volg*] geargumenteer: Asof dit nie genoeg is dat die ellende en allerlei [*vorme van*] onheil weens die erfsonde, deur die wet van die Tien Gebooie, op die ewig verlore sondaar neerdruk nie, is dit nou ook nog God wat deur die evangelie smart op smart daaraan toevoeg en ons met sy geregtigheid en sy toorn treiter! Daarom was ek ontsteld vanweë my wilde en verwarde gewete. Nogtans het ek angstig by Paulus aangeklop [Rom 1:17], uitgedroog van dors om uit te vind wat Paulus te sê het. Tot ek, deur God se erbarming, dae en nagte nadenkend my aandag toegespits het op die verbinding van die woorde, 'die geregtigheid van God word daarin geopenbaar' en, soos daar verder geskryf staan, 'die regverdige leef uit geloof'; eers toe het ek begin om die geregtigheid van God te verstaan as sy gawe waardeur die gelowige lewe; en wel as geloof; [*en het ek besef* ] dat die sin van alles op die volgende neerkom: Deur die evangelie word die geregtigheid van God geopenbaar, en wel as passiewe [*geregtigheid*], waardeur die barmhartige God ons regverdig maak, deur die geloof, soos daar geskryf is: 'Die regverdig verklaarde leef uit die geloof.' Van hierdie oomblik af het ek soos 'n nuut geborene gevoel en deur geopende deure die paradys binnegestap. Opeens is daar aan my 'n ander gesig van die Skrif as geheel getoon [...] En waar ek die woord *geregtigheid* van God vantevore ten diepste gehaat het, kon ek dit nou met soveel liefde op die voorgrond stel as die allermooiste woord. So het hierdie teks van Paulus vir my werklik die poort tot die paradys geword.[48] (pp. 504, l. 23 - 506, l. 15)

48. Luther berig: '*Ego autem, qui me, utcunque irreprehensibilis monachus vivebam, sentirem coram Deo esse peccatorem inquietissimae conscientiae, nec mea satisfactione*

## 3.3. Teologiese besinnings oor die predestinasie-angs

Aangesien die herdenking van die *Dordtse Leerreëls* in 2018–2019 die leer oor die uitverkiesing weer onder die aandag van die Afrikaanssprekende lidmate gebring het, is dit noodsaaklik om verdere aandag te gee aan enkele uitsprake van Luther oor die predestinasie ná 1511. Luther het hom ná sy worstelstryd in die klooster verder met die predestinasie bemoei; juis omdat dit 'n brandende vraagstuk van sy tyd was. Hy het egter vasgehou aan die Von Staupitz-benadering om die predestinasie Christologies te beredeneer.

### 3.3.1. *'n Preek ter voorbereiding op die dood*

In 1519 het Luther (WA 2, 685–697; [1519] 2012b) op versoek 'n kort traktaat geskryf met die titel *'n Preek ter voorbereiding op die dood* (*Ein Sermon von der Bereitung zum Sterben*).[49] In hierdie traktaat het hy aandag gegee aan die hel en die tragiek daarvan dat sekere mense daaraan uitgelewer is. Hy versoek sy lesers om hulle nie oor mense, wat duidelik nie uitverkies is nie,

(voetnota 48 gaan voort...)
*placatum confidere possem, non amabam, imo odiebam iustum et punientem peccatores Deum, tacitaque si non blasphemia, certe ingenti murmuratione indignabar Deo, dicens: quasi vero non satis sit, miseros peccatores et aeternaliter perditos peccato originali, omni genere calamitatis oppressos esse per legem Decalogi, nisi Deus per euangelium dolorem dolori adderet, et etiam per euangelium nobis iustitiam et iram suam intentaret, Furebam ita saeva et perturbata conscientia, pulsabam tamen importunus eo loco Paulum [Rom 1:17], ardentissime sitiens sciri, quid S Paulus vellet. Donec miserente Deo meditabundus dies et noctes connexionem verborum attenderem, nempe: Iustitia Dei revelatur in illo, sicut scriptum est: Iustus ex fide vivit. Ibi iustitiam Dei coepi intelligere eam, qua iustus dono Dei vivit, nempe ex fide, et esse hanc sententiam, revelari per euangelium iustitiam Dei, scilicet passivam, qua nos Deus misericors iustificat per fidem, sicut scriptum est: Iustus ex fide vivit. Hic me prorsus renatum esse sensi, et apertis portis in ipsam Paradisum intrasse; ibi continuo alia mihi facies totius scripturae apparuit [...] Iam quanto odio vocabulum "iustitia Dei" oderam ante, tanto amore dulcissimum mihi vocabulum extollebam, ita mihi iste locus Pauli fuit vere porta paradisi.'*

49. Daar word in Hoofstuk 9 vollediger aan hierdie traktaat aandag gegee.

te kwel nie. Hulle moet ook nie daaroor wonder of hulle nie ook dalk deel van hierdie groepering uitmaak nie. 'n Mens moet God eerder God laat wees en Hom toelaat om méér van jou te weet as wat jy self moontlik ooit van jouself sal weet. 'n Mens moet eerder na Christus kyk wat na die hel toe neergedaal het, en in totale verlatenheid van God, uitgeroep het: '*Eli, Eli, lama asabthani?*' Op hierdie wyse word jou eie hel – jou onsekerheid oor jou eie uitverkiesing – oorkom. Die geloof in Jesus Christus is die antwoord op die onsekerheid wat die predestinasie oplewer. Deur na God se genade in Christus te kyk, kry jy sekerheid oor jou eie uitverkiesing.[50]

## 3.3.2. *De servo arbitrio*

In 1525 het Luther een van sy hoofwerke met die titel *Oor die onvrye wilsvermoë* (*De servo arbitrio*)[51] gepubliseer. In hierdie

50. Luther se eie woorde in die nuwe, moderne, vertaling van T. Dietz (WA 2, 690, 11– 31; [1519] 2012b:57–59): '*Zum Zwölften darfst du die Hölle und die Ewgkeit des Leidens samt der Verwerfung nicht in dir, nicht an sich und nicht in denen, die verdammt sind, ansehen; auch darfst du dich nicht bekümmern wegen so vieler Menschen in der ganzen Welt, die nicht erwählt sind [...] Darum musst du hier stark sein und die Augen fest gesclossen halten vor solchem Anblick. Denn es ist zu gar nichts nütze, wenn du dich auch tausend Jahre darin übst, am Ende verdirbt er dich doch. Du musst doch Gott Gott sein lassen und zulassen, dass er mehr von dir weiss als du selbst. Darum sieh das himmlische Bild Christi an, der um deinetwillen in die Hölle gefahren ist und von Gott verlassen war wie einer, der auf ewig verdammt ist, and am Keuz sprach: Eli, Eli, lama asabthani, O mein Gott, o mein Gott, warum hast du mich verlassen? Siehe, in diesem Bild ist deine Hölle überwunden und deine ungewisse Erwählung ist gewiss gemacht. Wenn du dich allein darum kümmerst und glaubst, es sei für dich geschehen, so wirst du ganz gewiss in diesem Glauben bewahrt. Darum verliere das ja nicht aus den Augen und suche dich nur in Christus und nicht in dir, dann wirst du dich ewig in ihm finden. Und wenn du Christus und alle seine Heiligen ansiehst und dir wohl gefällt die Gnade Gottes, der sich doch erwählt hat, und ganz fest in diesem Wohlgefallen bleibst, so wirst auch du schon erwählt sein.*'

51. Die Latyn kan op meer as een manier vertaal word. Die moderne Duitse vertaling in Luther ([1525] 2006a:219) lees *Vom unfreien Willensvermögen* (*Oor die onvrye wilsvermoë*). Om dit te vertaal as *Die gebrek aan vryheid van die menslike wil* sal nie korrek wees nie. Volgens die uitgewer van die bundel, Wilfried Härle (2006:XLI), is '*arbitrio*' tradisioneel vertaal as 'wil', sonder om te besef dat '*arbitrium*' en '*voluntas*' nie presies dieselfde betekenis het nie. '*Arbitrium'* dui die vermoë aan om vanuit 'n neutrale posisie oor goed en sleg te oordeel. Dit gaan dus oor die vermoë om jouself te rig op 'n gekose doelwit in die lewe. Die

werk het hy belangrike uitsprake oor die predestinasie gemaak. Die eerste belangrike opmerking (WA 18, 615; [1525] 2006a:250, ll. 11–14) is dat 'God nie toevallig vooruit weet (wie verkies sal word nie), maar dat Hy alles (op grond van) sy onveranderbare, ewige en onfeilbare wil bepaal, besluit en uitvoer.'[52] Die tweede uitspraak van belang (WA 18, 631, 42-632, 2; [1525] 2006a:282, ll. 14–18)[53] is dat 'mense hulle daarvan moet weerhou en daarvan moet wegskram om dié dinge na te vors wat God verborge wil hou, en nie in die Skrif bekendgemaak het nie'. 'n Mens moet daarom 'stilbly oor sy keuses, eer wat Hy verberg en sy geheime planne en majesteit vereer, aangesien die mens God nie voor gerig moet bring nie'. Luther se derde argument (WA 18, 632; [1525] 2006a:284, ll. 10–15)[54] is dat gelowiges nie 'n probleem met God se uitverkiesing behoort te hê nie, aangesien hulle weet dat Hy regverdig is en niemand leed wil aandoen nie, al kan dit dalk soms anders lyk. 'Die rede vir sy Goddelike wil, moet daarom nie nagevors word nie, maar slegs aanbid word en God moet die eer gegee word.' Vierdens: Luther se positiewe verstaan van God se wil, berus op sy Bybelse verstaan van hierdie wil. Die Bybelse openbaring wys dat God genadig, sagmoedig en barmhartig is (vgl. veral WA 18, 683; [1525] 2006a:400 oor Esegiël en Psalms

(voetnota 51 gaan voort...)
woordkeuses '*Willensvermögen*' en/of '*Wahlvermögen*' ('wilsvermoë' en of die 'vermoë om 'n doelwit na te jaag') is dus nader aan die oorspronklike bedoeling. Die eerste Duitse vertaling van Justus Jonas (Desember 1525), het gebruik gemaak van die opskrif *Dat die vrye wil niks is nie* (*Dass der freie Wille nichts sei*). Selfs hierdie opskrif is nader aan dít wat Luther in gedagte gehad het (vgl. Schwarz [1986] 2014:180–181).

52. In Luther se eie woorde: '*Est itaque et hoc imprimis necessarium et salutare Christiano, nosse, quod Deus nihil praescit contingenter, sed quod omnia incommutabili et aeterna, infallibilique voluntate et praevidet et proponit et facit.*'

53. Luther vra waarskuwend: '*Cur non ab inquirendis illis contines ipse et absterres alios, quae Deus occulta nobis esse voluit, et scripturis non prodidit? Hic oportuit os digito compescere, revereri, quod lateret, adorare secreta maiestatis consilia et cum Paulo clamare, O homo, tu qui es, qui contendas cum Deo?*'

54. Luther stel: *'Deus voluit ea vulgari, voluntatis verbo divinae rationem quarendam non esse, sed simpliciter adorandam, data gloria Deo, quod cum sit iustus et sapiens solus nulli faciat iniuriam, nec stulte aut temere quippiam agere possit, licet nobis longe secus appareat, hac responsione pii sunt contenti.*'

28 en 68 rakende die *Deo misericordia*). Die wil van die barmhartige God word geken danksy die prediking van die Woord. Dit is daarom nie verborge nie, maar geopenbaar. Hierdie onderskeiding tussen die 'verborge God' ('*Deus absconditus*') en die 'geopenbaarde God' ('*Deus revelatus*') is een van die geheime van Luther se verstaan van die predestinasie.[55] God se wil om te verkies en om barmhartigheid te betoon, is daarom nie 'n geheim nie. Danksy die prediking ken ons dit. Daar is dus geen rede om die wil van die geopenbaarde God krities denkend te ondersoek nie; ons moet dit slegs in nederigheid vereer.[56] Dit is die wil van 'God van die filosowe', wat deur die skolastiek verdedig word, wat in die duister is en filosofiese ondersoek verg. In hierdie verband maak Luther (WA 18, 685; [1525] 2006a:404, l. 17) 'n belangrike uitspraak toe hy sê: 'Wat bokant [ons denkvermoë is] gaan ons nie aan nie' ('*Quae supra nos, nihil ad nos*').[57] Hy argumenteer dat wat nie aan ons oor God en sy wil geopenbaar is nie, ons nie aangaan nie. Dit is sinneloos om te spekuleer oor die getalle van die uitverkorenes, hoekom sekere mense nie die evangelie aanvaar nie, en of hulle tog uiteindelik genade by God gaan vind of nie. Waaroor kerkmense begaan moet wees, is dat die evangelie verkondig moet word en dat God vir sy goedheid en barmhartigheid geprys sal word. Dit is nie ons saak om God se wil te probeer deurgrond nie en waarom hy nie alle mense red nie. Die redes vir uitverkiesing en predestinasie is nie ons saak nie. Luther (WA 43, 463, 3–17; [1538–42] 1912b:463 oor Gn 26:9) sou later in sy kommentaar oor Genesis hierdie standpunt herhaal

55. Hierdie onderskeiding is nie alleenlik 'n belangrike pilaar in sy verstaan van predestinasie nie, maar van sy hele teologie (vgl. Barth 2009:193–229; Exalto 1982:166–172; Lohse [1995] 1999:215–218).

56. Luther (WA 18, 685; [1525] 2006a:404, ll. 4–10) verwys na Esegiël en argumenteer: '*[Q]ui de praedicata et oblata misericordia Dei loquitur, non de occulta illa et metuenda voluntate Dei, ordinatis suo consilio, quos et quales praedicatae et oblatae misericordiae capaces et participes esse velit. Quae voluntas non requirenda, sed cum reverentia adoranda est, ut secretum longe reverendissimum maiestatis divinae, soli sibi reservatum, ac nobis prohibitum, multo religiosius, quam infinitae multitudinis specus Coricii*.'

57. Omvattende inligting oor hierdie *dictum* in Jüngel (1980).

deur te sê: '[*D*]aar is niks om oor die verborge God se predestinasie na te vors nie' ('*non esse inquirendum de praedestinatione Dei absconditi*'). Nogtans meen Luther (WA 18, 786–787; [1525] 2006a:656–660) ten slotte dat hierdie debat baie belangriker is as alledaagse sake, aangesien dit oor die ewige dinge van God handel. Die 'ewige dinge' het onder meer met sonde en genade te make, en die leer oor die predestinasie het in hierdie debat sy regmatige plek. Om saam te vat: Uitverkiesing het te make met God se genadige en onvoorwaardelike keuse om hulle wat deur die werk van die Heilige Gees tot geloof kom vir die ewige lewe te bestem. Redding berus dus in die wil van God tot redding. Hy verwerp die idee dat Hy diegene wat nie glo nie, voor alle tye al bestem het om verlore te gaan. Hierdie misterie bly 'n misterie en kan nie intellektueel ontrafel word nie (vgl. Kolb, Dingel & Batka 2016:642; Van Wyk 2018).

### 3.3.3. *Die loflied van Maria*

In hierdie hoofstuk is daar tot hier gekonsentreer op Luther se angservarings as priester. Daar is daarop gewys dat Luther 'n geweldige vrees vir die toornige God gehad het, en dat hy danksy die bestudering van die Psalms en die Romeine ontdek het dat God, die Vader van Jesus Christus, die barmhartige Vader is wat geken wil word deur sy onbegryplike genade. Om Luther se 'nuwe Godsbeeld' verder te verduidelik, word sy vertaling en uitleg van *Die loflied van Maria* (*Das Magnifikat*)[58] bekendgestel. Dit is nie

58. Luther het in November 1520 begin met die vertaling en uitleg van die *Magnificat* (Luk 1:46–55). Hy moes hierdie werk voor sy vertrek na die Ryksdag van Worms, in Maart 1521, eers staak. Daar is egter alreeds begin met die druk van die voltooide gedeelte. In Mei en Junie 1521 skryf hy die slotgedeelte in die Wartburg. Die drukproses is einde September 1521 afgehandel. Op 10 Maart 1521 het hy die traktaat aan die 17-jarige Johann Friedrich (keurvors 1532–1554), die nefie van die keurvors Frederik die Wyse, opgedra. Hy raai die toekomstige vors aan om volgens die morele beginsels van hierdie loflied en Jeremia 9 te regeer (hieraan word in Hoofstuk 8 aandag geskenk). In die tweede gedeelte van die traktaat onderrig Luther Christen-vorste oor die regeertaak, terwyl die eerste gedeelte handel oor Maria wat deur God begenadig word. Die klem val vir Luther op die genade van God en nie die nederigheid van Maria nie. Hy kritiseer die magtiges en rykes, asook die pous en sy

net ’n histories belangrike geskrif nie, maar is ook relevant vir die lewenskonteks van baie van die lesers van hierdie boek.

Luther begin sy ‘traktaat’[59] met die opmerking dat Maria hierdie belydenis self, op grond van haar eie ervaring en werking van die Heilige Gees, uitspreek. Sy bely dat God ‘in die diepte afkyk om die geringes raak te sien en nie opkyk om na die magtiges en die vernames te kyk nie’. Hy (WA 7, 547–548; [1521] 2012a:370–374) verwys na Daniël 3, Psalm 113 en 138 in hierdie verband. Mense doen presies die teenoorgestelde. Hulle kyk op na die vernames. Die afkyk van God na die geringe is deel van sy genade – en daarom kan Maria Hom loof en liefhê. Die volgende belangrike opmerking (WA 7, 550–559; [1521] 2012a:376–388) het met sy vertaling van vers 47 te make: ‘My siel maak God, die Here groot’ (‘*Meine Seele erhebt, Gott den Herrn*’). Die woord ‘siel’ het vir ons ’n vreemde woord geword. Luther bedoel daarmee: ‘My ganse lewe en bestaan met al my sintuie en emosies.’ Die ‘siel’ is die ‘woonplek van die Woord’, dit is veel méér as die menslike rede; dit omsluit liggaam en gees – dit is die plek waar jy deur die Woord aangeraak word. Om soos Maria, God met jou ganse siel te loof, is nie menslik moontlik nie. Vreugdevolle geloof word ‘in vrolike passiwiteit’ deur die Heilige Gees gewek. Om soos Maria, God groot te maak (*magnificat*), is nie menslik moontlik nie, alvorens jy nie op ’n besondere wyse deur God aangeraak word nie. Maria het gehoor van die groot dade van God, maar sy het ook persoonlik beleef dat Hy haar raaksien. Hierin berus haar liefde vir God en haar begeerte om Hom groot te maak. Sy liefde en genade laat haar ‘siel’ vreugdevol juig – met haar hele menslike bestaan wil sy Hom vereer; nie net

(voetnota 58 gaan voort…)
aanhangers. Dit gaan vir Luther in die besonder oor die korrekte vertaling van die teks, en dui hier en daar verskillende vertalingsmoontlikhede aan. Duidelik het Luther hier nog uit die Vulgaat vertaal. Die Psalm-tellings is ook dié van die Vulgaat (vgl. inleiding van Burger tot die teks [1521] 2012a:365).

59. In die teologie word die begrip ‘*tractatus*’ gebruik vir ’n dokument wat ’n bepaalde tema bespreek. ’n Traktaat is gewoonlik ’n langer besinning en bespreking van ’n bepaalde tema en/of ’n dokument. ‘Traktaat’ en ‘geskrif’ word in die Luther-navorsing as wisselterme gebruik.

met haar stem of haar rede nie. Die uitleg (WA 7, 556–559; [1521] 2012a:388–396) van die aansluitende sinsnede: '[*E*]n my gees is verheug oor God, my Heiland' ('*und mein Geist freut sich in Gott, meinem Heiland*') lewer eweneens belangrike insigte op. Volgens Luther (WA 7, 556; [1521] 2012a:390, ll. 1–8) onderrig Maria ons oor die regte redes vir die lofprysing van God. Sy noem God eers Heer voordat sy Hom Heiland noem, en noem Hom eers Heiland voordat sy sy werke opnoem. Hiermee leer sy ons dat ons God 'ter wille van Homself' moet liefhê en moet loof. Wie God ter wille van Homself, 'ter wille van sy blote goedheid' liefhet, sal lus en vreugde daaraan hê om Hom te loof.[60] Godsdiens is ten diepste die 'genot om God ter wille van sy goedheid lief te hê'. Ware godsdiens gaan nie oor ons goeie werke wat beloon moet word nie, maar oor ons vreugde oor God se goedheid – en daarom handel ons vanselfsprekend ook in goedheid teenoor ander. Liefde en lof vir God verwag nie beloning nie; dit word beoefen bloot danksy God se goedheid (vgl. WA 7, 559; [1521] 2012a:394–396). Luther (WA 7, 560–570; [1521] 2012:396–418) maak belangrike opmerkings oor God wat Maria se nietigheid raakgesien het. Ek vertrou dat die relevansie van hierdie uitsprake begryp sal word. Dit is verkeerd om die woord '*humilitas*' as nederigheid (*Demut*) te verstaan – dit moet eerder as nietigheid beskou word. Die Here het die nietigheid van die maagd raakgesien, en daarom sal haar nageslag haar gelukkig ag, of haar saligheid prys (soos deur Luther vertaal). Nederigheid wil geprys word; nederige diensbaarheid wil ook geprys word (soos Luther as monnik geweet het). Die Bybelse boodskap gaan eerder oor die arme, nietige, verwerpte mens (*pauperes, afflicti, humiliati*) wat deur God vanuit die hoogte in sy goedheid raakgesien word. Maria, die nietige, onaansienlike en arm meisie is deur God raakgesien. Nie Maria se nederigheid staan in die

60. In sy oorspronklike woorde: '*Vnd furwar ordenlich fehet sie an / daz sie got ehe nennet yhrn herrnn / denn yhrn heylandt / vnd ehe yhrn heiland / denn sie seine werck ertzelet. Damit sie vnsz leret / wie wir sollen got blosz vnd recht ordenlich lieben vnd loben / vnd ia nichts daz vnszer an ihm suchen / der liebt aber vnd lobet blosz vnd recht got / der ihn nur darumb lobet / daz er gut ist / vnd nit mehr denn denn seine blosze gutickeyt ansihet / vnd nur ynn der selben sein lust vnd freude hat.*'

fokus nie, maar God se blik (*respexit*) op haar. God se goedheid, sy raaksien van die nietige meisie, is die goeie boodskap en nie die nederige meisie wat na hoë dinge en aansien gestreef het nie. Die valse nederige diensbaarheid wat in Luther se tyd gepropageer is (en vandag nog steeds gepropageer word), verstaan nie die goedheid van die Here nie. Die goeie God sien die geringe, die onaansienlike raak, en dít, sy genade, is die diepste rede vir vreugde en lofprysing. Maria getuig dat 'die Here groot dinge aan haar gedoen het', maar wat het Hy aan haar gedoen? Luther antwoord met woorde wat onthou kan word. Volgens hom het Maria talle tydelike geskenke van die Here ontvang. Hoe belangrik dit ook al miskien kan wees, is dít egter nie die grootste geskenk nie. Hy (WA 7, 571; [1521] 2012a) sê:

> Die goedere is slegs geskenke van tydelike waarde. Die genade en die aan-sien is egter die erfenis wat ewig bly, soos Paulus in Romeine 6 sê: 'Die genade is die ewige lewe.' Met die lewensmiddels skenk Hy wat Hy het, maar in die aan-sien en die genade skenk Hy homself. Met die lewensmiddels ontvang 'n mens sy hand, maar met sy genadige aan-sien ontvang 'n mens sy hart.[61] (p. 418, ll. 28–33)

Met hierdie Godsbeeld is Luther ver verwyderd van die toornige God wat hy in die klooster leer ken en gevrees het. Ná 500 jaar behoort hierdie Godsbeeld nog steeds tot ons te spreek.

## 3.4. Vandag nog aktueel?

Ek (Van Wyk 1996, 2006, 2016) probeer reeds lank aandui dat die oordeelsdimensie nie uit die teologiese debat geneem mag word nie, aangesien dit 'n belangrike Bybelse tema is. Ek het ook aangedui dat die tema van die eindoordeel nie 'n argiefstuk is nie, aangesien dit in 'n variasie van skakerings deel bly van die lewe in Afrika (en elders). Uitsluiting uit die 'wêreld van die voorvaders', kultuur-gedrewe kerkformasies, en moderne

61. Luther sê: '*Die gutter sind nur geschenck die do zeitlich weren / aber die gnade vnd ansehen ist das erbe / wilchs ewig bleybt, wie sanct Paulus sagt Ro. Vi. Die gnad ist das ewige leben. In den guttern gibt er das seyne / ym ansehen vnd gnaden gibt er sich selb / in den guttern empfehet man seyne hand / aber in der gnaden ansehen / empfehet man sein hertz.*'

utopiese lewensruimtes wat deur realiteitstelevisie opgevoer word, is deel van ons daaglikse lewenswerklikheid. Die voorstellings van 'heil' kan moontlik verskil van Luther se voorstellings, maar mense worstel vandag nog, net soos hy, met die begeerte van insluiting en die angs van uitsluiting. In hierdie opsig kan Afrikaanssprekendes baat by die kennis van 'n man wat hom intensief met hierdie vraagstukke besig gehou het.

## 3.5. Oorsig

Dié hoofstuk handel oor Luther se loopbaanverandering en sy lewe en worsteling as priester. Sy angservarings vir die oordeel van God en die onsekerheid oor die uitverkiesing geniet besondere aandag. Sy eksegetiese navorsing in die Psalms en die Romeine het aan hom 'n nuwe verstaan van God geleer. Die God met sy vreesaanjaende toorn het plek gemaak vir 'n God van genade, barmhartigheid en deernis. Naas historiese inligting wat meegedeel word, word drie geskrifte aan die orde gestel waarin Luther se nuwe verstaan van God uiteengesit word.

Hoofstuk 4

# Wat is teologie?

## 4.1. Inleiding

Die populêre voorstelling van Luther is dat hy ’n kragdadige man was. Met sy hamer het hy ’n versetbeweging teen die Roomse Kerk begin, en met sy woorde, ‘hier staan ek, ek kan nie anders nie’, het hy die Skot William Wallace as motiveringspreker oortref. Hierdie beeld is ver van die ware Luther, die professor in teologie. Dié hoofstuk begin met die daad wat van Luder Luther gemaak het; wat van ’n gewone professor ’n geleerde van wêreldformaat gemaak het. Sy naamsverandering wys heen na sy akademiese vryheid om sy eie teologiese tradisie krities te bevraagteken, om die keurvors daarop te wys dat teologie en politiek nie maklik geheel en al geskei kan word nie, maar om as teoloog, teoloog te bly wat verduidelik wat geloofsvryheid ten diepste is. Vir diegene wat uit sy geskrifte nie presies kan agterkom wat hy eintlik wou sê nie, word daar twee kort sistematiese besinnings aangebied oor Luther se verstaan van teologie.

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Wat is teologie?’,in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 93–116, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.04

## 4.2. Biografie: Naamsverandering en vrye kritiese debatvoering

Die jaar 1517 word gewoonlik gekoppel aan Luther se stryd teen die aflaatstelsel. Daar is egter 'n ander gebeurtenis wat vir Luther se biografie van ewe groot belang is, naamlik sy naamsverandering. In hierdie jaar het hy sy doopnaam, Martin Luder, na Martin Luther verander. Die verandering simboliseer sy breuk met sy skolastieke verlede en die nuwe teologiese weg wat hy sou inslaan. Biografies is dit van die uiterste belang om aan die naamsverandering aandag te gee, aangesien dit een van die sleutels tot die verstaan van sy teologie is.

Luther is op 11 November 1483 as Martin Luder gedoop is. Sedert Oktober 1517 het Martin nie meer na homself as 'Luder' verwys nie, maar as 'Luther'. Volgens Leppin ([2006] 2010:124, 372; Schwarz [2010] 2017:31) is een van die outentieke bewyse hiervoor, sy brief van 11 November 1517 aan Johannes Lang in Erfurt[62] wat hy as Martin Luther onderteken het (WA Br 1, 122, 56: [1501–1520] 1931b:122). Die heel oudste historiese bewys is egter drie inskrywings wat hy as dekaan in die *Dekaansboek* van die Universiteit (*Liber Decanorum der Theologischen Fakultät*) teen middel Oktober 1517 gemaak het, waar hy na homself as Martini en/of Martino Luther verwys het (WA 9, 307, 24–308, 1; [1517] 1893a:307–308). Die belangrikste getuienis is egter die brief wat hy op 31 Oktober 1517 aan Albrecht von Mainz, aartsbiskop van Magdeburg, gestuur het. Die vermoede is dat dié brief dalk die oudste kan wees. Hiervoor bestaan geen bewyse nie. Die vermoede (op grond van afskrifte) is dat hy die brief (WA Br. 1, 112, 69–71; [1501–20] 1931a:112; 1991:29) soos volg onderteken het: 'Martin Luther, Augustyner, geroepe doktor van die heilige

62. Die weergawe in Luther (1991:29–31) bevat nie die naam van ondertekening nie. Volgens Schwarz ([2010] 2017:32) is die brief (WA Br 1, 122, 56–57) soos volg onderteken: '*F. Martinus Eleutherius, imo dulos et captivus nimis, August[iaianus] Wittenbergens[is].*' Die ekstra naam *Eleutherius* is vir 'n kort tydjie, tot einde Januarie 1519, in briewe aan Lang, Spalatin, Erganus en Melanchthon gebruik.

Godgeleerdheid' ('*Martinus Luther August*[*inianus*] *Doctor S. Theologie vocatus*').

Die nuwe 't' in sy naam is 'n naamsmitologiese refleksie op die Griekse woord *eleutherius*, wat vryheid of 'n bevryde mens beteken. Die belangrike vraag is egter wat teologies agter hierdie naamsverandering lê? Schwarz ([2010] 2017:32) is sekerlik korrek wanneer hy beweer dat die naamsverandering verband hou met sy 'vryheid as doktor in die teologie' – met ander woorde, met sy leervryheid. Die eerste bewysplaas vir die tese is genoemde brief aan Albrecht von Mainz op 31 Oktober 1517 (die begeleidingsbrief van *Die 95 stellings teen die aflaat*). Die feit dat hy hierdie brief as 'die beroepe doktor in die heilige teologie' onderteken het, is 'n aanduiding van sy reg op meningsuiting teenoor die aartsbiskop. Die volgende bewys vir hierdie tese is te vinde in sy *Disputasie teen die skolastieke teologie* van 1517. In die disputasie ([1517] 2006a) het hy hom die reg aangematig om teen individuele skolastici en teen die skolastieke teologie as sodanig te disputeer. Hy was oortuig dat hy die reg het, met beroep op die Skrif en Augustinus, om teen die teologiese tradisie te argumenteer.[63] Die tese word nog duideliker met die lees van die *Heidelbergse disputasie* van 1518 wanneer hy sê dat sy stellings in die eerste instansie steun op Paulus en in die tweede instansie op Augustinus 'wat 'n betroubare interpreteerder van Paulus is' (WA 1, 353; [1518] 2006b:62, l. 29–64, l. 2). Hiermee het Luther as doktor in die teologie, en daarmee tegelyk as doktor in die heilige Skrif,[64] sy vryheid opgeneem om teen die skolastieke leertradisie op te kom vir die waarheid van die Skrif. Die beste skriftelike bewys

63. Enkele voorbeelde: Stelling 18 – '*Contra communem fere* [*opinionem*]', Stelling 35 – '*contra omnes scholasticos*', Stelling 84 – '*contra multos doctores*'.

64. Die Wittenbergse universiteitstatute het die Middeleeuse spraakgebruik gevolg deur na die doktore in die teologie te verwys as '*Magistri sacrae paginae*' ofte wel as leraars van die heilige Skrif. Teen hierdie agtergrond kan verstaan word hoekom hy sy brief aan Albrecht von Mainz onderteken het as die geroepe '*doctor sacrae theologiae*' – bedoelende hy as professor in Skrifgeleerdheid wat die reg het om kritiese uitsprake te maak (Schwarz [2010] 2017:34).

vir Luther se vryheidsverstaan is te vinde in die '*protestatio*'[65] oor die aflaatpraktyk van 1518. In hierdie verklaring oor die vryheid van die akademikus stel hy (WA 1, 530, 4–8; [1818] 1883b) die volgende:

> Ek eis, op grond van my reg op Christelike vryheid, dat ek die oortuigings van die heilige Thomas en Bonaventura of ander skolastici of heiliges, wanneer hulle sonder teksverwysings en [*Bybelse*] begronding voorgedra word, volgens my oortuiging óf kan verwerp óf kan aanvaar, op grond van die raad van die apostel Paulus wat sê: 'ondersoek alles en behou die goeie'.[66] (p. 530)

Luther het met sy 'reg van die Christelike vryheid' volgehou tot en met die einde van die regsproses teen hom. Sy reg om hom as professor op die Skrif te beroep as die basis van teologiese debatvoering, en hom nie deur die kerkreg en die uitsprake van die kerkvaders te laat voorskryf nie, was die diepste rede vir sy naamsverandering. Daarbenewens moet ook onthou word dat '*protestatio*' ook altyd verband gehou het met aanhoudende kritiese debatvoering. Volgens Luther impliseer 'Christelike vryheid' dus 'n volgehoue kritiese gesprek, op grond van die Skrif, om die waarheid van die evangelie telkens nuut te ontdek (vgl. Schwarz [2010] 2017:36–41). In die lig van sy naamsverandering, en alles wat dit impliseer, sal daar noodwendig in diepte na sy geskrif *Oor die vryheid van 'n Christenmens* (1520) gekyk moet word.

65. Die begrip '*protestatio*' beteken die mening of opinie van 'n geleerde. Hierdie mening is nie absoluut nie, maar wil die kerk lei na die absolute waarheid van die evangelie. Luther verdedig hier sy reg op akademiese vryheid teenoor die dogmatisme van die skolastici. Dit was vir Luther onbegryplik dat sy uitnodiging na 'n disputasie 'n bedreiging vir die kerklike owerhede ingehou het. Akademiese vryheid in die kerk impliseer kritiese gesprekvoering oor leeraangeleenthede en die kerklike reg mag hierdie gesprek nie inhibeer nie (vgl. Schwarz [2010] 2017:34–41).

66. Luther stel: '*Unum illud addo et mihi vendico iure Christianae libertatis, quod opiniones B.Thmae, Bonaventurae aut aliorum Scholasticorum vel Canonistarum nudas sine textu et probatione positas volo pro meo arbitrio refutare vel acceptare secundum consilium Pauli, omnia probate quod bomum est tenete.*'

# 4.3. Teologie: Geskrifte en histories sistematiese besinnings

## 4.3.1. Kruisteologie: Die *Heidelbergse disputasie*

Die *Heidelbergse disputasie*[67] (WA 1, 353–365; [1518] 2006b) van 26 April 1518 is een van Luther se belangrikste publikasies. In hierdie disputasie, wat kort ná die publikasie van *Die 95 stellings teen die aflaat* en die ontdekking van die Reformatoriese geregtigheid van God plaasgevind het,[68] het aan Luther die geleentheid gegee om duidelikheid te kry oor die verhouding tussen geloof en werke, die Aristoteliese filosofie en teologie, asook die skolastieke en Reformatoriese teologie. Luther se ontwikkeling van 'n 'teologie van die kruis' in hierdie disputasie was 'n belangrike verdere ontwikkeling in sy verstaan van 'n Bybelse Godsbegrip.

67. Luther se lewe het tussen einde 1517 en begin 1518 'n dubbele wending geneem. Eers was daar die kritiek teen die aflaatstelsel en toe die Reformatoriese ontdekking van God se geregtigheid. Beide gebeure geniet aandag in die boek. Die volgende belangrike deurbraak in Luther se denke was die ontwerp van 'n teologie van die kruis. Die *Heidelbergse disputasie* van April 1518 getuig van hierdie teologiese deurbraak. Aandag aan dié disputasie is dus noodwendig. Ek gebruik die teks wat afgedruk is in die nuwe *Latyns-Duitse studie-uitgawe van Martin Luther se werke* (2006, uitgegee deur W. Härle). Hierdie teks stem nie presies ooreen met dit wat in die WA, 1, 350–474 afgedruk is nie. Die teks in die WA bevat inligting (soos 'n voorwoord) wat nie in die nuwe, tekskritiese weergawe, voorkom nie. Hier en daar stem die reëltelling ook nie ooreen nie. By aanhalings sal die verwysings na die WA aangegee word soos wat dit in Luther 1883a aangedui word. Die reëltelling van Luther [1518] 2006b sal ook verskaf word om onsekerheid uit te skakel. Die teks van Härle bied 40 stellings aan in die gestalte van '*Theologica paradoxa*'. Stellings 19–24 is die kern van die disputasie en handel oor die teenstelling tussen die '*Theologia crucis*' en die '*Theologia gloria*'. Ons konsentreer hoofsaaklik op hierdie gedeelte.

68. Die hervorminggesinde groepering van die Augustynse orde het vroeg in 1518 in Heidelberg vergader. Luther wat die distriksekretaris van die orde was, sou as voorsitter by die disputasie optree. Aangesien Luther in daardie stadium reeds as ketter veroordeel is, moes Frederik die Wyse spesiale reëlings tref om sy veiligheid te verseker. Naas soldate, het hy ook aan hom 'n beskermingsbrief gegee. Tot by Würzburg, het Luther, sy kollega Leonhard Beyer en die soldate, per voet gereis. Vandaar kon hulle per koets reis. Die disputasie het in die gebou van die Fakulteit Geesteswetenskappe plaasgevind en was 'n groot feestelike geleentheid wat deur baie prominente mense bygewoon is – onder andere Martin Bucer, latere Switserse reformator (vgl. Schwarz [1986] 2014:65–67).

In Stelling 19 maak Luther 'n insiggewende opmerking oor kennis aangaande God. Hy verwerp die eeueoue gedagte dat die eienskappe van God[69] die sleutel tot kennis oor God is. Hy (WA 1, 361, 32–33, 36; [1518] 2006b:52, ll. 1–2, 6–7) argumenteer: 'Iemand word ten onregte 'n teoloog genoem, wat die onsigbare [wese] van God wil ken, deur kennis van dít wat [deur God] geskape is' ('*Non ille digne Theologus dicitur, qui invisibilia Dei, per ea, quae facta sunt, intellecta conspicit*'), en sluit af met die opmerking, nadat hy die eienskappe van God opgenoem het; 'Om dít alles te ken, maak nie [van iemand] 'n waardige of 'n wyse [teoloog nie]' ('*haec omnia cognita non faciunt dignum, nec sapientem*'). In Stelling 20 begin hy dan om te Reformatoriese alternatief te verduidelik: In teenstelling tot die skolastiek wat die onsigbaarheid van God as die vertrekpunt neem, meen hy (WA 1, 362, 1; [1518] 2006b:52, l. 10) dat die 'rugkant en sigbaarheid van God' ('*Posteriora et visibilia Dei*') die vertrekpunt in die teologie behoort te wees. Met 'rugkant' bedoel Luther die lyding van die kruis wat deur die dwase prediking bekendgemaak word. In die 'nederigheid en skande van die kruis' moet God geken word, en nie in sy 'heerlikheid en majesteit' nie. Saam met Jesaja (45:15) roep Luther dan uit: 'Waarlik U is 'n verborge God!' ('*Vere absconditus tu es Deus'*). 'Verborge' beteken in hierdie konteks 'vreemd', aangesien dit vreemd is dat God nie vanuit sy heerlikheid en majesteit geken wil word nie, maar vanuit die kruislyding van Christus. Stellig beweer hy (WA 1, 362, 18–19; [1518] 2006b:52, ll. 27–28): 'Ware teologie en kennis oor God handel oor die gekruisigde Christus' ('*Ergo in Christo crucifixo est vera Theologia et cognitio Dei*'). In Stelling 21 brei hy (WA 1, 362, 23–24; [1518] 2006b:52, ll. 34–35) uit op Stelling 21 en stel ter aanvang dat 'wie Christus nie ken nie, kan ook God nie ken nie, wat verborge is in die lyding.' Waarom haat sekere teoloë die kruis en die lyding van Christus? Luther meen omdat hulle menslike werke en die roem wat die werke oplewer, liefhet. Wie dít doen,

69. Selfs artikel 1 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* ([1561] 2002:9) neem die eienskappe van God as vertrekpunt van die belydenis: 'Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed, en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.'

maak van die kruis boosheid, en verhef die menslike dade tot die goeie – waarin hulle meen dat God geken kan word; terwyl God in die kruis geken wil word (vgl. [1518] 2006b:54, ll. 5–9). In Stelling 22 herbevestig hy ([1518] 2006b:54, ll. 15–20) dat diegene wat God nie in die kruis wil ken nie, die wysheid, roem en mag van hulle eie menswees verhef tot die ontdekkingsveld van God (eintlik die Goddelike). Die hele betoog bring hom dan uiteindelik in Stelling 25 weer uit by die regverdigingsboodskap wat leer (WA 1, 364, 1–2; [1518] 2006b:56, ll. 31–32): 'Nie die persoon wat baie bewerk, is regverdig nie, maar hy wat sonder [aanspraak op sy] werke baie in Christus glo' ('*Non ille iustus est, qui multum operatur, sed qui sine opere multum credit in Christum*'). Daarmee sê Luther nie dat gelowiges nie goeie werke moet doen nie. Hy (WA 1, 364, 8–9; [1518] 2006b:58, ll. 3–4) sê: 'Sonder ons werke word die genade en die geloof ingegiet, en wanneer dit ingegiet is, volg die werke outomaties' ('*Sine enim opere nostra gratia et fides infunditur, qua infusa iam sequuntur opera*').

Met hierdie disputasie het Luther dus die teologiese program aangedui wat hy verder in sy loopbaan sou laat ontvou.

## 4.3.2. Die primêre en sekondêre take van die teoloog

In Maart 1521, ten tyde van sy voorbereiding vir sy verhoor op die Ryksdag van Worms, het Luther 'n insiggewende voorwoord vir 'n belangrike publikasie geskryf. By die drukker Johann Grunenberg in Wittenberg, het hy 'n Latynse manuskrip ingehandig wat te make gehad het met sy uitleg van die tekste wat aanbeveel word vir die vier Adventsondae van die kerklike jaar. Die boek is egter eers later die jaar, tydens die boekeskou in Frankfurt, bekendgestel. In sy *Voorwoord tot die besinnings oor die evangelies en briewe aan hand van postille* (*Praefatio: Enarrationes epistolarum et evangelium, quas postillas vocant*) (WA 7, 463–465; [1521] 1897:463–465), wat aan keurvors Frederik die Wyse opgedra word, het hy belangrike opmerkings oor sy verstaan van teologie gemaak. Die keurvors het hom al

in Oktober 1519 aangemoedig om sy volle aandag aan die uitleg van die Skrif vir die gewone burgers te wy. Die keurvors het daarop aangedring dat Luther die strydgesprekke moet laat, en om eerder te konsentreer op sy primêre taak as professor, naamlik die bevordering van Bybelgetroue verkondiging van die evangelie. In die voorwoord van hierdie publikasie gee Luther blyke van sy verstaan van teologie as ’n aktiwiteit wat begin en eindig met *solus Christus*. Luther erken dat die evangelie van God se barmhartigheid gedien word deur prediking wat berus op navorsing, besinning en gebed. Dit is in gehoorsaamheid sy taak as professor om predikers en lidmate oor die evangelie van Jesus Christus te onderrig deur geskrifte. Postille – riglyne vir verantwoordelike prediking – is na sy oordeel ’n belangrike medium tot uitvoering van hierdie ‘gehoorsaamheidstaak’. Hiervoor het hy egter stilte en rustigheid nodig, en daarom bedank hy die keurvors vir sy tydige vermaning. Wat Luther hier ten diepste sê, is dat die teoloog niks anders is as 'n ‘biskop’ nie, die ‘amptenaar van die Woord’ (*officium verbi*). Hierdie ampsdraer moet die ‘kern van die evangelie’ (*evangelii opinio*) tot begrip vir almal bring, en moet nie soos die skolastiek vasgevang raak in ’n stryd om ‘leermenings en die opnoem van probleemvelde’ (*opiniones et quastiones*) nie. Die teoloog moet die ‘evangeliese bedoeling’ (*sensus evangelicus*) van tekste (in hierdie geval die Psalms) na vore bring sodat God se woord in Christus duidelik gehoor kan word. Om dié rede noem Luther sy teologiese onderneming ‘evangeliese teologie’ en nie ‘Reformatoriese teologie’ en veral nie ‘Bybels-Reformatoriese teologie’ nie. Hy herinner hom egter daaraan dat ’n professor ook verkeerde leer moet beveg en die apologete van verkeerde leer moet weerlê. Van hierdie onaangename taak mag hy nie wegskram nie, al kortwiek dit hom in sy primêre taak. Wat Luther dus doen, is om die illusie van vreedsame, saak-georiënteerde, wetenskaplike teologie te ontbloot. In hierdie gebroke wêreld bly dit ’n droom – en dít moet die keurvors (en lidmate) begryp (vgl. Zschoch 2011:83–84 vir die detail).

## 4.3.3. Die vryheid van 'n Christenmens[70]

In die lig van Luther se naamsverandering in 1517, verbaas dit nie dat hy drie jaar later 'n hele geskrif aan die tema 'vryheid' gewy het nie. Sy geskrif *Oor die vryheid van 'n Christenmens*[71] is seker sy mees bekende publikasie. Hy self het in 1533 in die 'Voorwoord' van die eerste gedrukte *Register van Luther se werke* (WA 38, 132–134; [1533] 1912) op die belangrikheid en geliefdheid van dié teks gewys. Hierdie traktaat[72] word as een van Luther se vroeë

70. Wat hier aangebied word, is 'n verwerkte en verbeterde weergawe van die eerste deel van 'n artikel wat alreeds voorheen gepubliseer is (Van Wyk 2017). Die reëltelling van die studie-uitgawe word vir hierdie gedeelte gebruik.

71. Daar bestaan twee uitgawes van hierdie traktaat: (a) Die oorpronklike Duitse weergawe (WA 7, 20–38; [1520] 2012b:280–315) moes waarskynlik einde Augustus 1520 gereed vir publikasie gewees het. Die vermoede bestaan (Schwarz [1986] 2014:108) dat die Duitse teks geskryf is met behulp van die Latynse konsep wat reeds bestaan het. In 'n sekere sin was die traktaat sy reaksie op die dreigement van sy verbanning uit kerk en universiteit (*Bannandrohungsbulle*). Die traktaat is 'n samevatting van sy Reformatoriese teologie tot op daardie datum. Luther gebruik die vryheidstema om die nuwe klemtone in die teologie te verduidelik en te verdedig. Die kernpunt is dat geloof nie deur werke aangevul en voltooi moet word nie. Die geloof is vry van hierdie dwang. Vryheid wat in die geloof gegrond is, mond egter uit in diensbare liefde. Die traktaat is gerig aan sy vriend Hieronymus Mühlpfordt, stadsvoog van Zwickau. (b) Die Latynse weergawe WA 7, 49–71; [1520] 2006c:120–184, wat ná afhandeling van die Duitse weergawe volledig uitgeskryf is, is gerig aan pous Leo X. Die traktaat is 'n aanhangsel van 'n brief, geteken op 06 September 1520, wat aan die pous gerig is.

72. Luther (WA 7, 20; [1520] 2012b:280) self verwys na hierdie traktaat (*Tractatell* in Laat-Middeleeuse Duits) as 'n 'preek'. 'n Luther-traktaat (*tractatus*) verskil nie wesenlik van sy 'preke' (*sermones*) nie. Heel dikwels is dit ook 'n wetenskaplike verwerking van een of meer preke oor die bepaalde onderwerp. Luther het dikwels eers oor bepaalde temas gepreek, en dit dan tot 'n publikasie verwerk. '*Sermo*' omvat in die Latyn 'n breë betekenisveld: Dit beteken voordrag, verhandeling of preek. Wanneer Luther die woord '*sermo'* in 'n titel opneem, het hy die bedoeling om die elementêre inhoud van die Christelike geloof te verduidelik. In hierdie traktaat kry ons dieselfde motief. Hy (WA 7, 11, 9–10; [1520] 2012b:274, ll. 24–26) sê aan pous Leo X volgens die Duitse weergawe van die'*begeleidingsbrief*' wat die traktaat vergesel het, omtrent die traktaat dat 'die samevatting van die ganse Christelike lewe hierin opgeneem is sodat dit duidelik verstaan kan word' ('*die gantz summa eyniß Christlichen leben drynnen begriffen, βo der synn vorstandenn wirt*'). Luther (WA 7, 49, 1; [1520] 2006c:118) het die oorspronklike Latynse weergawe van die brief egter tog versigtiger geformuleer deur van dié klein boekie te sê 'dat wanneer jy na die inhoud kyk (in soverre ek my nie misgis nie), hier binne beperkte ruimte 'n samevatting van die Christelike lewe aangebied word' ('*si corpus spectes, sed summa (nisi fallor) vitae christianae compendio I congesta si sententiam captes*'). Hierdie geskrif het die unieke kenmerk dat dit deel uitmaak van sy 'geestelike literatuur' ('*Erbauungsliteratur'*), maar tegelyk ook 'n polemiese kontroversgeskrif is (vgl. Schilling [2005] 2010:300).

hoofwerke[73] gereken. Onder die tema 'vryheid' het Luther die sentrale gedagtes van die Reformatoriese teologie saamgevat. Luther se vertrekpunt is 'n antropologiese vraagstelling: Hy (WA 7, 20; [1520] 2012b:280, ll. 24–26) wil grondig weet 'wat 'n Christenmens is en wat die implikasies is van die vryheid wat Christus vir hom verwerf en geskenk het?' ('*was eyn Christen mensch sey / vnd wie es gethan sey / vmb die freyheyt / die yhm Christus erworben vnd geben hatt*'). Hy antwoord die vraag met die volgende paradoksale stelling, wat hy saamstel uit die gedagtes wat na vore kom in 1 Korintiërs 9, Romeine 13 en Galasiërs 4:

> 'n Christen is geheel en al 'n vrye heer oor alles en niemand se onderdaan nie.
>
> 'n Christen is geheel en al almal se dienende kneg en almal se onderdaan.[74]

Om hierdie antitetiese stelling oor vryheid en diensbaarheid te verstaan, moet 'n mens (op grond van 2 Kor 4:16) begryp dat die mens twee nature het. Hy is 'n geestelike en 'n liggaamlike wese tegelyk. Die mens as 'geestelike wese' kan 'n wese van vryheid word, terwyl die 'aardse wese' nie aan die vryheid van die evangelie deel kan kry nie. Innerlik,[75] geestelik, na sy 'siel', kan die mens 'n nuwe en vrye wese word, maar uiterlik, liggaamlik, as aardse wese, bly hy 'n verganklike wese, en kan hy niks doen wat

73. Drie van Luther se hoofgeskrifte dateer uit 1520. Naas die 'vryheidsgeskrif' is daar die geskrif *Aan die Duitse adel oor die verbetering van die Christendom* (*An den christlichen Adel deutscher Nation von des christlichen Standes Besserung*] en dié een oor die *Babiloniese gevangeskap van die kerk* (*De captivitate Babylonica ecclesiae praeludium Martini Lutheri*).

74. My vertaling is nader aan die Latynse weergawe (WA 7, 49; [1520] 2006c:120, ll. 16–19): '*Christianus homo, omnium dominus est liberrimus, nulli subiectus. Christianus homo, omnium servus est officiosissimus omnibus subiectus.*' Die Laat-Middeleeuse Duitse weergawe (WA 7, 21; [1520] 2012b:280, ll. 28–31) lui: '*Eyn Christen mensch ist eyn freyer herr/ ueber alle ding/ vnd niemandt vunterthan. Eyn Christen mensch ist eyn dienstpar knecht aller ding vnd yderman vnterthan*' ['n Christenmens is 'n vrye heer oor alle dinge en niemand onderdanig nie. 'n Christenmens is 'n diensbare kneg van alle dinge en ieder en elk onderdanig'].

75. Volgens Leppin (2016:135–138) is die mistiese wortels van Luther se teologie in hierdie woordgebruik sigbaar.

van hom ’n vrye wese kan maak nie. Niks wat hy doen (soos werke van barmhartigheid en pelgrimsreise), en niks wat hy aantrek (soos ’n priesterskleed), kan hom in sy diepste wese verander nie. Trouens, booswillige mense kan ook goed doen en heilig aantrek. Al wat mense in hulle diepste wese kan verander, is die geloof op grond van die gepredikte Woord. Die belangrikste werk wat dus van die Christen verwag word, is om in Christus te glo, hierdie geloof te bestendig en dit te verdiep. In sy eie woorde (WA 7, 23; [1520] 2012b):

> Daarom moet dit onmiskenbaar die enigste werk en aktiwiteit wees wat van alle Christene verwag word, [*naamlik*] dat hulle [*insig*] in die Woord en Christus sal ontwikkel sodat die geloof bestendig, beoefen en versterk kan word. Niks anders maak van iemand ’n Christen nie.[76] (p. 284, ll. 32–35)

Die kritiese vraag is egter: Wat van die werke van die wet; is dit nie net so belangrik nie? Volgens Luther word alle ander gebooie indirek gehoorsaam deur die gehoorsaamheid van die Eerste Gebod, wat neerkom op geloof in Christus. Niks verder is nodig om geregverdig te word nie (of om vryheid te ervaar nie). Ons word deur geloof geregverdig sonder die werke van die wet! (vgl. WA 7, 21–25; [1520] 2012b:282–288).

Die uitspraak dat ’n mens alleen op grond van geloof in Jesus Christus geregverdig word en dat die doen van liefde nie die geloof hoef aan te vul nie, berus op die insig dat die Heilige Skrif in twee dele verdeel word, naamlik ‘gebod, of die wet van God en belofte of toesegging’. Uit die wet word daar geleer watter goeie dinge gedoen kan word, die wet beveel egter slegs aan. Dit help die mens nie om hierdie goeie dinge te doen nie. Uit die wet leer ons uiteindelik van ons onvermoë om die goeie te doen. Naas die wet is daar in die

76. Volgens Luther: ‘*Drumb solt das billich aller Christen eynigs werck vnd uebung seyn / das sie das wort vnd Christum wol ynn sich bildeten / solchen glauben stetig vbeten vnd stercken. Denn keyn ander werck / mag eynen Christen machen.*’ Jüngel ([1978] 2000:157) het reg as hy beweer dat die belangrikste wat teoloë vandag by Luther kan leer dít is, dat geloof deur alles heen geloof moet bly.

Bybel ook God se belofte en toesegging. Iemand wat alle gebooie wil gehoorsaam, moet in Christus glo. Hy bied die vervulling van die ganse wet. Luther (WA 7, 24; [1520] 2012b) stel:

> Daarom gee die toesegging van God [*se genade*] wat die gebod vereis, en volbring, dit wat die gebod beveel sodat alles [*uiteindelik*] God toekom; gebod en vervulling. Hy alleen beveel en daarom vervul hy [*ook*] alleen. Daarom is die toesegging [*of die geskenk*] van God die Woord van die Nuwe Testament en hoort [*hierdie geskenk*] ook in die Nuwe Testament.[77] (p. 288, ll. 5–9)

Deur die geloof in die beloftes van die Nuwe Testament kry die mens deel aan die werk van Christus 'n en om hierdie rede word daar vir die regverdigmaking nie nóg iets benodig nie. En dít is die vryheid van die innerlike mens (vgl. WA 7, 25; [1520] 2012b:288).

Volgens Luther word die mens deur die geloof 'n waardige en regverdige mens gemaak. Hy (WA 7, 25; [1520] 2012b:288–290) argumenteer soos volg: Wanneer die mens God se Woord vas glo, word God as waar, reg en regverdig gehou, en word Hy op hierdie wyse die grootste eer[78] denkbaar gegee. Wanneer God sien dat die mens sy waarheid erken en Hom deur die geloof eer, dan beskou Hy dié mens as regverdig en waardig. Anders gestel: Deur God se waarheid en geregtigheid te erken, word die mens reg en waardig gemaak. Dít gebeur slegs deur die geloof en die werke lewer hierin geen bydrae nie.

Die rede hoekom die geloof alleen regverdig maak, is omdat net die geloof die Eerste Gebod, die hoofgebod, kan vervul. Die werke is dooie dinge, en kan God nie eer en loof nie, en kan daarom nie die Eerste Gebod vervul nie. Vervulling van die Eerste

77. Luther stel: '*Alszo geben die zusagung gottis / was die gepott erfoddern / vnd volnbringen / was die gepott heyssen / auff das es allis gottis eygen sey. Gepot vnd erfullung / er heysset allein / er erfullet auch alleyn. Darumb seyn die zusagung gottis / wort des newen testaments vnd gehoren auch yns newe testament.*'

78. Die grootste oneer wat God aangedoen kan word, is om nie te glo nie – en dít is sonde (WA 7, 25; [1520] 2012b:290).

Gebod bied die vryheid om alle ander gebooie te vervul (WA 7, 26; [1520] 2012b:292).

Naas vervulling van die Eerste Gebod, wys Luther op ’n ander verantwoordelikheid wat gelowiges, as vrye diensknegte, veronderstel is om na te kom, naamlik voorbidding vir ander mense. Hy (WA 7, 27–28; [1520] 2012b:292–296) begrond sy argument in die ‘priesterskap van alle gelowiges’.[79] Christus is vir Luther die ‘eersgeborene van God’, en het daarom reg op koningskap en priesterskap. Christus deel egter sy koningskap en priesterskap met diegene wat in Hom glo. Op grond van hulle geloof in Christus noem Luther Christene ‘priesters’.[80] Priesterskap is vir Luther belangriker as koningskap, aangesien priesters vir mense deur gebed by God kan intree. Voorbidding vir ander[81] is vir Luther die beste daad van vrye diensbaarheid.

In die volgende aantal paragrawe gee Luther aandag aan die ‘uiterlike mens’, die mens wat tot diensbaarheid jeens sy naaste geroep is. Hy (WA 7, 30; [1520] 2012b) begin met die volgende argument:

> ’n Christenmens is ’n diensbare kneg en elke [*ander*] mens se onderdaan, en dit beteken: In soverre hy vry is, het hy nie nodig om

79. Luther se gedagtes oor die ‘priesterskap van die gelowiges’ in die ‘*Vryheidsgeskrif*’ geld as die *locus classicus* van hierdie leer. Dit is egter nie die eerste plek waar Luther die tema aangeraak het nie. Hy het enkele maande tevore in die ‘*Adelgeskrif*’ (WA 6, 408–409; [1520] 2016:10–16) die ‘priesterskap’ in die doop van elke gelowige begrond. Luther het daarom soms van die ‘priesterskap van die gelowiges’ en soms van die ‘priesterskap van die gedooptes’ gepraat (vgl. in Van Wyk 2013:7–8 van 11; Leppin 2017a volledige oorsigte oor hierdie leer).

80. Luther (WA 7, 27; [1520] 2012b:294, ll. 6–8) stel: ‘*Wie nu Christus die erste gepurtt hatt / mit yhrer ehre vnd wirdickeit / alszo / teyllet er sie mit allenn seynen Christen / das sie durch den glauben / mussen auch alle kuenige vnd priester seyn / mit Christo.*’

81. In hierdie geskrif het Luther nog duidelik onderskei tussen algemene priesterskap van die gelowige en die geordende amp van predikant. Die algemene priesterskap konsentreer op voorbidding, terwyl die predikant die openbare Woordverkondiging waarneem (vgl. WA 7, 28–29; [1520] 2012b:296, l. 13–298, l. 18).

> iets te doen nie. In soverre hy kneg is, moet hy allerhande dinge doen.[82] (p. 298, ll. 33–36)

Luther (WA 7, 31; [1520] 2012b:302, ll. 13–21) argumenteer dat die 'goeie werke' wat 'n Christen móét doen, nie gedoen word om 'geregtigheid te ontvang nie, maar om God te behaag'. Die rede hoekom niks deur werke verwag moet word nie, is omdat die geloof alles ontvang waarop gehoop kan word – en dít is die 'ontvangs van die paradys'.[83] Die gelowige, die vrye, die innerlike mens is dus vrygeskeld van goeie werke. Die uiterlike, die aardse mens moet egter lewe volgens die verwagtinge van God se gebooie. Hy móét goeie werke doen, uit vrye liefde, sonder die verwagting om daardeur geregverdig te word (WA 7, 31; [1520] 2012b:300, ll. 29–33). Dit bring Luther (WA 7, 32; [1520] 2012b) uit by een van sy bekendste uitsprake oor goeie werke en menswees:

> Goeie, vroom werke maak nooit van iemand 'n goeie, vroom mens nie, maar 'n goeie, vroom mens doen goeie, vroom werke. Slegte [*letterlik bose*] werke maak nie van iemand 'n slegte mens nie, maar 'n slegte mens doen slegte dinge. Daarom moet die persoon uit die staanspoor goed en vroom wees voordat daar aan werke gedink kan word, met die gevolg dat goeie en vroom werke [*outomaties*] uit die goeie persoon na vore sal kom.[84] (p. 302, ll. 32–37)

---

82. Sy eie woorde: '*Ein Christenmensch / ist ein dienstpar knecht / vnd yderman vnterthan / gleych / wo er frey ist / darff er nichts thun / wo er knecht ist / musz er allerley thun.*'

83. Luther verstaan geloof (sonder die hulp van werke) as die verplasing van die mens tot binne-in die paradys of die hemel. Om gelowiges se deel-hê aan die hemel in die teenswoordige te verduidelik gebruik hy die term 'gewete'. Luther argumenteer dat die 'geloofsgewete' die mens in die hemel of die hel laat beland. 'Hemel' en 'hel' is vir Luther nie plekaanduidings nie, maar die ervaring van God se barmhartigheid en/of sy toorn. Deur die geloofsgewete word die mens na die hemel verplaas. Onwetend word die ongelowige uit God se teenwoordigheid verplaas waar hy met die volle mag van God se toorn gekonfronteer word. 'Hemel' en 'hel' is dus vir Luther 'gewetenservarings' wat hier en nou realiteit word. Vergelyk Joest (1967:336–339) se reeks aanhalings uit Luther se geskrifte oor gewete, hemel en hel.

84. Luther se oorspronklike woorde:*'Gutte frum werck machen nymmer mehr ein guten frumen man / sondern eyn gutt frum man / macht gutte frum werck. Boesze werck machen nymmer mehr eynen boeszen man / sondern ein boeszer man macht boesze werck /*

Luther baseer sy stellings op Jesus se uitspraak in Matteus 7:17–18 oor die boom en die vrugte. Sy punt is: Om standhoudend goeie werke te doen, moet die persoon nuut en reg, met ander woorde vrygemaak word. Dít gebeur deur die geloof. Die gelowige, of die persoon wat met vryheid beklee is, is veronderstel om goeie vrugte te lewer. Wanneer daar geen kommer oor jou posisie voor God is nie, is jy vry om diensbaar aan jou naaste te wees. Diensbaarheid is niks anders as die uitleef van die liefdesgebod nie (WA 7, 32; [1520] 2012b:302, l. 38–304, l. 25). Liefde is vir Luther vrolike, gratis diens aan die naaste (WA 7, 36; [1520] 2012b:310, ll. 25–35). Hierdie diens kan volgens hom liefde genoem word wanneer dit tot die verbetering van ander se menswees lei (WA 7, 36; [1520] 2012b:312, ll. 15–20).

In die lig van die belangrikheid van 'naasteliefde' in die huidige teologiese diskoers onder Afrikaanssprekendes, word die daarstelling van Luther se geskrif oor die vryheid eers onderbreek om breedvoeriger aandag te gee aan sy verstaan van liefde. In sy *Postille vir die vastydperk* van 1525 (WA 17(II), 100, 24–101, 4; [1525] 1927) raak hy die radikaliteit en die verhewendheid van die liefde aan. Hy (WA 17(II), 100, 24–101, 4; [1525] 1927) wys daarop dat die liefde nie maar net nog 'n deug is nie, maar dat dit bo alle deugde verhewe is, aangesien dit tot nut van ander (vriend en vyand) is:

> Die ander, edelste deug is die liefde. Hy [Jesus] het nie opdrag gegee om jou naaste voedsel [...] kleding ensovoorts te gee nie, [...] maar om hom lief te hê. Die liefde is die hoof, die bron en uitnemendste deug van alle deugde. Liefde gee voedsel, drank en kleding [...] Wat sal 'n mens sê? Die liefde gee sigself met liggaam en siel, met status en eer, met alle inwendige en uitwendige kragte tot [*lediging van*] nood en nut van die naaste; van beide vyand en vriend moet niks weerhou word nie, maar alles [*moontlik*] moet tot diens van die ander

(voetnota 84 gaan voort...)
*also / das allweg / die person zuuor musz gut vnd frum sein vor allen gutten wercken / vnd gutte werck folgen vnd auszgahn / von der frumen gutten person.'*

> een gedoen word! Daarom is geen deug die gelyke [*van die liefde nie*] en kan daar geen ander uitsonderlike werk geskilder of genoem word (soos wat daar dikwels met ander deugde soos kuisheid [...] en sagmoedigheid gemaak word nie), wat aan die liefde gelykgestel kan word nie. Die liefde doen allerlei dinge; ly selfs die dood, vir almal, ook vir die vyand [...].[85] (pp. 100–101)

Luther (WA 17(II), 101, 5–17; Schwarz [2015] 2016) brei in dieselfde postil ook uit oor die grense van die liefde. Hy wys daarop dat niemand van die Christelike naasteliefde uitgesluit mag word nie, maar ook dat die liefde nie hoofsaaklik op 'n sekere groep of kategorie van mense gerig moet wees nie. 'Inklusiewe liefde' sluit op 'n nuwe manier nié uit nie, en is ook nie 'in die besonder op sekere mense', wat nie noodwendig nood ervaar, gerig nie:

> Dít is die naaste! Hy [*God*] sê nie: Jy moet die rykes, magtiges, geleerdes en heiliges liefhê nie. Nee, die voorbehoudlose liefde en die mees volkome gebod verbrokkel en verdeel nie persone nie, aangesien [*die liefde*] geen aansien des persoons [*duld nie*]. Dít doen die valse, vleeslike, wêreldse liefde; [*hierdie liefde*] kyk na die persoon en betoon dan liefde, maar slegs in soverre [*hierdie persoon vir jou*] nuttig kan wees en [*vir jou*] hoop kan inhou [*vgl. Matt 5:46v*]. Waar nut en hoop ophou, hou [hier]die liefde ook op. Maar dié gebod verlang onbegrensde liefde jeens elke mens sonder 'n blik op wie hy is, hetsy vyand of vriend, aangesien [*die Christelike liefde*] nie soek na nut en of materiële gewin nie, maar nut en gewin skenk. Daarom is dit die aktiefste en bedrywigste by die armes, die behoeftiges, die boosdoeners, sondaars, narre [*of domkoppe*], siekes en vyande. Dáár moet die

85. Luther stel: '*Das ander ist die edliste tugent, nemlich die liebe, Denn er spricht nicht, Du solt deynen nehisten speysen [...] kleyden etc., [...] Sondern, du sollt yhn lieben. Die liebe aber ist das heubt, der brunn und gemeyne tugent aller tugent. Liebe speyset, trencket, kleydet [...] Was soll man sagen? Sihi [:Sie] ergibt sich selb mit leyb und leben, mit gut und ehre, mit allen krefften ynnwendig und auswendig zur not und nutz des nehisten, beydes feyndes und freundes, behellt nichts, damit [:womit] sie nicht diene dem andern. Darumb ist yhr keyne tugent zu gleichen, und mag auch [bei] yhr keyn eygen sonderlich werck ausgemalet odder genennet werden, wie man [bei] den andern stucklichen [:partiellen] tugenden thut als da sind keuscheyt [...] sanfftmut etc. Die liebe thut allerley und leydet auch tod und leben und allerley auch fur den feynd [....].*' Hierdie teks is 'n verbeterde weergawe van dié een in die *WA*, te vinde by Schwarz ([2015] 2016:403).

> liefde kan duld, ly, dra, dien en goed doen, hande vol, aanhoudend die hele tyd, en bereid vir elke geleentheid. (p. 404)[86]

Luther (WA 17(II), 101, 18–27; Schwarz [2015] 2016) eindig sy betoog oor die liefde in 1525 met 'n baie ongemaklike konkretisering. Hy spreek die adel aan en vertel hulle dat die bedelaars op straat hulle naaste is, en dat hierdie mense, wat uit die samelewing geval het, op hulle liefde wag:

> En laat ons dit hier stel, dat dié gebod ons almal voor God gelykstel en alle verskille van stand, persoon, amp en beroep ophef. Omdat die gebod aan ieder en elk gerig is, moet 'n koning en vors (aangesien hy bloot mens is) toegee dat die armste bedelaar en randfiguur sy naaste en voor God nie 'n minderwaardige wese is nie, en dat hy om hierdie rede hom nie alleenlik hulp verskuldig is nie, maar dat die gebod [*hom verplig*] om hom met alles te dien wat hy het en waartoe hy in staat is. Wanneer hy hom dan liefhet, soos wat God verwag, dan sal die gevolg wees dat hy die bedelaar liewer sal hê as sy [*eie*] kroon en ganse koninkryk, en waar dit teenoor die bedelaar nodig sou wees, hy ook sy hele lewe vir hom sal aflê, aangesien hy aan hom liefde verskuldig is en hom [*eenvoudig*] sy naaste moet laat wees.[87] (p. 404)

86. Luther se eie woorde: '*Das ist der nehiste. Er [:Gott] spricht nicht: Du sollst lieben den reichen, gewelltigen, gelerten, heylingen. Neyn, die freye [:vorbehaltlose] liebe und das aller volkomnest gepot stücket [:zerstückelt] noch teylet sich nicht also ynn ettliche person, Sondern da ist keyn ansehen der person. Denn das thut die falsche, fleyschliche wellt liebe, die alleyne sihet auf die person und liebet, so lange sie nutz und hoffnung hat [vgl. Mt 5,46f]. Wo nutz und hoffnung aus sist, ist die liebe auch aus. Aber diss gepott foddert die freye [:uneingeschränkte] liebe gegen yderman, unangesehen, wer er ist, er sey feynd odder freund. Denn sie sucht nicht nutz noch gut, sondern sie gibt und thut nutz und gut. Darumb ist sie am thettigesten und mechtigesten gegen die armen, durfftigen, bösen, sundern [:Sünder], narren [:Dummköpfe], krancken und feynden. Denn da findet sie zu dulden, leyden, tragen, dienen und wolzuthun alle hende vol, alle zeyt gnug, alle stett [:Gelegenheiten] bereyt.*'

87. Volgens Luther: '*Und las uns hie mercken, wie dis gepott uns fur Gott alle gleich macht und alle unterscheyd der stend, person, amp und werck auffhebt. Denn weyl das gepott allen und iglichen menschen geben ist, So mus eyn könig und furst (so er anders eyn mensch ist) bekennen, das der örmest [:ärmste] bettler und aussetziger seyn nehister und nichts geringer fur Gott sey, also das er yhm nicht alleyn schuldig ist zu helfen, sondern auch nach diesem gepot yhm zu dienen mit allem, das er hat und vermag. Denn so er yhn lieben sol, wie hie Gott gepeut, so folget, das er den betler sol liber haben denn seyne kron und gantzes königreich, und wo es der bettler bedurfft, auch seyn leben fur yhn geben. Denn er ist yhm liebe schuldig und mus yhn seynen nehisten seyn lassen.*'

Nou weer terug na Luther se argument in sy vryheidsgeskrif: Die ingrypende konsekwensie van Luther se standpunt oor die boom en die vrugte, die vryheid en die diens is dat daar nie van ongelowiges goeie werke, dit is werke wat vir God aanneemlik sal wees, verwag kan word nie. Volgens Luther is dit net die geloof, die geloof in die evangelie, wat van iemand 'n 'goeie mens' kan maak. Ongelowiges word nie goed gemaak nie, en kan daarom nie goeie werke voortbring nie. Vir Luther is 'goed' slegs dit wat uit die geloof voortspring. Hier is dus nie sprake van die algemene menslike oordeel nie (vgl. WA 7, 32–33; [1520] 2012b:304, l. 13–306, l. 19), en dit is belangrik dat Luther nie op hierdie punt verkeerd verstaan word nie.

Luther wil egter nie dat mense aan hulle eie lot oorgelaat word nie. Mense moet die Woord hoor en tot bekering kom. Om die Woord te hoor, moet daar gepreek word, en wel oor die wet en die evangelie. Die wet leer wat menslik gedoen moet word, maar dat hierdie doen en late nie voor God regverdig kan maak nie. Die evangelie is die toesegging van die belofte van sondevergewing, wat wel voor God regverdig maak (WA 7, 34; [1520] 2012b:306–308).

Luther (WA 7, 38; [1520] 2012b) sluit sy traktaat samevattend met die volgende woorde af:

> Uit alle voorafgaande kom die gevolgtrekking dat 'n Christenmens nie in homself lewe nie, maar in Christus en sy naaste. In Christus deur die geloof, in die naaste deur die liefde. Deur die geloof verhef hy hom bokant homself in God. Vanuit God verlaag hy homself deur die liefde, maar bly nogtans altyd in God en in die Goddelike liefde.[88] (p. 314, ll. 29–34)

## 4.3.4. Die uitsluitlikheidsformules

Die nadeel om Luther se denke daar te stel aan die hand van sy geskrifte, is dat daar nie 'n samehangende oorsig na vore tree nie.

88. Luther betoog: '*Ausz dem allenn folget der beschlusz / das eyn Christenmensch lebt nit ynn yhm selb / sondern ynn Christo vnd seynem nehstenn / ynn Christo durch den glauben / ym nehsten / durch die liebe / durch den glauben feret er vber sich yn gott / ausz gott feret er widder vnter sich durch die liebe / vnd bleybt doch ymmer ynn gott vnd gottlicher liebe.*'

Om hierdie leemte te oorkom, word daar kortliks aandag gegee aan die uitsluitlikheidsformules (ook die eksklusiwiteitspartikels genoem). Die uitsluitlikheidsformules is ’n nuttige instrument om ’n kort histories sistematiese oorsig van Luther se teologie te gee. Die uitsluitlikheidsformules (*Exklusivpartikel* of *Ausschlieβlichkeitsformeln*) is die bekende *sola fide, sola gratia, sola scriptura en solus Christus*. Daar moet egter nie gedink word dat Luther sy teologie volgens hierdie formules geskryf het nie. Die formules is primêr bakens in die hand van sy interpreteerders. Die formules vat egter die sentrum van die Reformatoriese teologie, naamlik die regverdigingsleer, saam. Hy self het selde die woord *sola* (*solus*) gebruik. Alhoewel Luther se teologie oorsigtelik volgens dié formules beskryf kan word, moet daar nie vergeet word dat sy teologie ’n ontwikkelingsproses deurgemaak het nie. Sy spesifieke verstaan en uitleg van dié formules het oor jare heen ontwikkel. Daar moet begryp word dat Luther nie die solas uitgedink het nie, maar slegs nuwe inhoud daaraan gegee het. Die terminologie word ook by die skolastici gevind.[89] Die term ‘Reformatories’ by Luther, moet as ‘re-formatoriese teologie’ verstaan word – ’n alternatief vir die teologie van die voorafgaande tyd. Die gedagte van *solus Christus* het hy by sy biegvader, Johannes von Staupitz, geleer in gesprekke oor die predestinasie. Net in Christus kan die wil van God oor die uitverkiesing geken word (vgl. Hoofstuk 3). Die voorwoord tot sy eerste Psalmkommentaar het ’n verdere belangrike bydrae tot sy verstaan van *solus Christus* gelewer. Om die hele Ou Testament uit die perspektief van Christus te lees, was ’n belangrike moment in sy teologiese ontwikkeling. Ondanks hierdie les het dit tyd geneem voordat hy die volle implikasies hiervan begryp het. As kind van die Laat-Middeleeuse mistiek kon hy in 1519 nog steeds ‘Christus aan die kruis en al sy liewe heiliges’ in een asem noem

89. Volgens Leppin (2015:90–91) het Thomas van Aquinas al die uitdrukkings *sola gratia, sola canonica scriptura* en die verwagting van die heil *a solo Christus* in sy werke gebruik. Willem van Ockham het in sy kerkpolitieke geskrifte ook die gedagte van *sola scriptura* verdedig. Thomas Bradwardine (14de eeu) het al gepraat van *sola fide* sonder werke.

(WA 2, 689, 29; [1519] 2012a:54). Eers later het die oortuiging van *solus Christus* hom verhinder om sulke uitsprake te maak. Hy moes nog ontdek dat die heil slegs in Christus te vinde is, en nie ook nog danksy ander wesens nie. Eers nadat Luther die *solus Christus* van die evangelie ten volle begryp het, kon die ander formules begin ontvou.[90] Die *sola gratia* sou vanselfsprekend volg op die *solus Christus*. Danksy sy bestudering van Paulus en Augustinus het hy ontdek dat die heil slegs deur die genade van God, op grond van geloof alleen, ontvang word. Die genade stel die mens nie in staat om goeie werke te lewer om tot die redding by te dra nie, aangesien die genade as sodanig voldoende is vir redding. Die *sola fide* is ook nie 'n motiveringsinstansie om te handel nie (met die verwagting dat handeling beloon sal word nie), maar vertrou God se genadige oordeel oor mense, ongeag hulle morele prestasies. Die geloof neem die genade in dankbaarheid aan, en dan doen die gelowige vanselfsprekend wat verwag word, naamlik liefdesdade. Die gedagte van *sola scriptura* word die eerste keer teëgekom by die Leipzig-disputasie van Julie 1519. Dáár het Luther laat blyk dat daar naas die Skrif nie ander finale outoriteite kan wees in sake van geloof nie. Philipp Melanchthon was egter die eerste persoon wat dit op skrif gestel het dat slegs die Bybel betroubare inligting verskaf oor geloofsake. Dít het hy gedoen in die disputasiestellings vir sy Baccalaureaat in September 1519. Ná die vestiging van die *sola scriptura*-formule het Luther intensief begin met die uitleg van die Skrif as hoofopdrag van die professor in teologie. Naas Bybeluitleg was die skryf van boeke en traktate deel van Luther se dagtaak. Binne die bane van die uitsluitlikheidsformules het hy besondere bydraes gemaak oor minstens die volgende temas: Geloof en werke, die regverdigingsleer, wet en evangelie,

90. Erasmus van Rotterdam het vóór Luther ook met die *solus Christus*-idee gewerk, maar 'n totaal ander opvatting gehad. Vir hom moet Christus die enigste doel van die lewe wees: Alle ywer, inspanning en moeite moet in Christus se morele voetspore volg; en alleen op hierdie wyse word iemand 'n deugsame mens (*solam virtutem*). Die liefde vir die wetenskap en die kunste moet om Christus se ontwil gekoester word, maar mag nooit belangriker geag word as die liefde tot die naaste nie. Dit is beter om minder te weet en méér liefde te betoon, as om méér te weet en minder lief te hê, sou hy sê (vgl. Kaufmann 2016:122).

die priesterskap van die gelowige, die vryheid van 'n Christen, die sosiaal-politieke opdrag van die kerk en die grense van politieke mag (vgl. Leppin 2015, 2017b).

### 4.3.5. Weereens: Wat is teologie volgens Luther?

Sou Luther 'n sistematiese handboek geskryf het, sou hy nie met die vraag, 'Wat is teologie?' begin het nie. Hy sou eerder gevra het 'Wie is 'n teoloog?' (Bayer 1995). Volgens Luther is alle gelowiges teoloë. Op 17 Januarie 1535, sê hy (WA 41, 11, 9–13; [1535] 1910b:11) in 'n preek na aanleiding van Psalm 5:17: 'Ons is almal teoloë, soos ons almal ook Christene is' ('*Omnes dicimur Theologi, ut omnes Christiani*'). Gelowiges word teoloë, aangesien die Christelike geloof mense uitnooi om te dink. Gelowiges dink oor die vraag, 'Wie is ek?' in die lig van die feit dat God ons aanspreek in die wet en die evangelie. Nadenke oor die wonder dat God my aanspreek, lei daartoe dat ek reageer in gebed, in lof en klaaglied, in dank, aanbidding en voorbidding 'n en minstens dít is die hoekstene van teologie ('n gelowige nadenke oor God in Christus).

Die hartklop van Luther se teologie is die prediking. In die *Voorrede tot die Kersfeespostille* van 1522 (WA 10(I/1), 11, 13–15 [1522] 1910a:11) gee hy 'n kort verduideliking van die bedoeling van die kerklike prediking: Die doel van die prediking 'is dat jy Christus [sal] [...] omarm en erken as 'n gawe en geskenk, wat deur God aan jou gegee word en [dat jy Hom] jou eie [sal] maak' ('*das du Christum [...] auffnehmist unnd erkennist alß eyn gabe und geschenck, das dyr von gott geben unf deyn eygen sey*'). Volgens Luther is regte prediking, prediking van die evangelie en 'daarvan word die hart en die gewete vrolik, seker en tevrede, wanneer die Christelike geloof gepreek word. Om hierdie rede word sulke prediking evangelie genoem' ('*dauon wirt das hertz unnd gewissen fro, sicher unnd tzufriden, das heyst den Christlichen glawben [ge]predigt. Dauon heyst solch predigt Euangelium*')

(WA 10(I/1), 11, 22–12, 1). In Luther se denke is evangelie en prediking wisselterme wat uit die Bybel voortspruit.

Om te beweer dat elke gelowige 'n teoloog is, is 'n verrassende uitspraak. Om krities oor die prediking na te dink is seker vir elke gelowige 'n moontlikheid, maar is dít alleen teologie? Stel 'n mens aan Luther die vraag wat teologie nou eintlik is, antwoord hy dat dit nie soseer wetenskap (*scientia*) is nie, maar eerder wysheid (*sapientia*). Alreeds in 1516, in sy *Randopmerkings oor Tauler se preke* (WA 9, 98, 21; [1516] 1893b:98), het hy van teologie gepraat as 'ervaringswysheid' ('*sapientia experimentalis*'). Vanselfsprekend het Luther teologie as wysheid nie teenoor die wetenskappe geplaas nie. Sy bydrae het met die gedagte te make dat naas en aanvullend tot die wetenskappe, teologie bydra om die mens te begryp. Vir Luther (WA 40(III), 63, 17–19; [1532] 1930:63 in 'n uitleg oor Ps 121:3) is teologie ''n oneindige wetenskap, aangesien dit nie volledig afgehandel geleer en bestudeer kan word nie' ('*Ideo Theologica est infinita sapientia, quia nunquam potest edisci*'). Om hierdie rede noem hy teologie 'n 'historiese en ervaringswetenskap'. Deur die gang van die lewe, in biddende omgang met die Bybel, leer 'n mens die genade en geregtigheid van God verstaan; as voorwaarde vir 'n omvattende begrip van menswees. Dit is 'n proses wat nooit afgesluit kan word nie. Voortdurend, op grond van die noukeurige bestudering van die Skrif, gebed en leiding van die Heilige Gees, kan ons vorder in begrip oor ons bestaan. Luther het by 'n tafelgesprek in 1532 (WA TR2, 67, 32–38, Nr. 1353; [1531–46] 1913) die saak soos volg saamgevat:

> 'n Mens moet die Heilige Skrif egter nie volgens menslike insigte beoordeel, verstaan en interpreteer nie, maar in gebed ywerig bedink en oordink. As gevolg van aanvegtinge en die Satan leer 'n mens die Skrif [*mettertyd*] verstaan deur [*voortdurend*] daarmee in oefening te bly en om sodoende [*lewens- en geloofs-*] ervarings [*met die Skrif*] op te doen; en as dít nie gedoen word nie, sal 'n mens niks daarvan verstaan nie ondanks die feit dat 'n mens dit hoor en lees. Die Heilige Gees alleen moet altyd ons Meester en Leermeester wees; en die volgelinge en leerlinge

> [*van Christus*] behoort hulle nie te skaam om van hierdie Leermeester te leer nie.[91] (p. 67)

Luther se teenstelling tussen 'wysheid' en 'wetenskap' loop uit op sy gedagte dat teologie 'konflikwetenskap' is (vgl. Bayer 1994: 115–127; Köpf 2013:39–53; Lohse 1995:214–223). Teologie praat nie die kennis van ander wetenskappe na nie, aangesien dit iets anders tot die verstaan van mens en wêreld aanbied. Wat aangebied word, is God se Woord wat gehoor, geglo en gehoorsaam moet word. Hierdie aanbieding berus op aanhoudende ervaring. Oor en oor word die Woord gehoor, en oor en oor betrek mense wat gehoor word, biddend op hulle lewensworsteling. Om dié rede kan sy teologie 'eksperimentele wysheid' ('*sapientia experimentalis*') genoem word – 'n wysheid wat mettertyd ontwikkel deur te luister, te bid, te dink en eksistensieel te betrek (Bayer 1994:55).

## 4.4. Enige relevansie?

Kritiese teologiebeoefening lyk na 'n teoretiese wenslikheid, totdat die eie teologiese program ter sprake kom. Die vraag is, hoeveel werkwinkels, bosberade, toerustinggeleenthede en ontwikkelingprojekte vandag aan kritiese debatvoering onderwerp word? Of laat die kundige manipulasietegnieke dit nie toe nie?

Die tyd is ryp dat Luther se kruisteologie as 'n alternatief op die heerlikheidsteologie van die 'halleluja-Christendom' aangebied word. Die oënskynlike sukses van die lofprysingsgodsdiens is misleidend, aangesien hierdie aanbod die laaste fase is voordat iemand finaal die rug op die Christelike geloof keer.

Luther se vryheidsbegrip is in die loop van die eeue óf as polities irrelevant verwerp, óf as polities nuttig gebruik as

91. Volgens Luther: '*Man soll aber die heilige Schrift nicht nach unser Vernunft messen, richten, verstehen, und deuten, sondern mit dem Gebet fleißig bedenken und ihr nachtrachten. So sind die Anfechtungen und der Satan auch ein Ursach, dass man sie ein wenig und etlicher Masse lerne verstehen durch Ubung und Erfahrung; sonst und ohne das verstehet man nimmermehr nichts davon, ob man sie wol höret und lieset. Der heilige Geist muss alda allein Meister und Präceptor sein, der uns lehret, und der Jünger oder Schüler schäme sich nicht, von diesem Präceptor zu lernen.*'

mobiliseringsfaktor (vgl. Schmidt [2010] 2017). Die waarde wat hierdie geskrif in ons konteks het, is die uitklaring van die verhouding tussen geloof en werke. Die Christelike liefde, in die gestalte van ‘’n verskil maak’, het die Christelike geloof vervlak. Luther se denke oor naasteliefde kan dalk net weer diepte in die openbare diskoers bring.

## ■ 4.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk oor Luther se teologie begin met biografiese inligting oor sy naamsverandering. Sy naamsverandering is ’n aanduiding van die teologiese weg wat hy sou volg, naamlik kritiese teologiebeoefening. Luther se teologiese program word verduidelik na aanleiding van sy disputasie in Heidelberg, die voorwoord in ’n versameling van postille en sy geskrif oor die vryheid. Elke geskrif belig ’n belangrik aspek van Luther se teologie. Twee kort sistematiese besinnings oor sy teologie word ten slotte aangebied. Die een handel oor die uitsluitlikheidsformules en die ander een oor teologie as wysheid.

Hoofstuk 5

# Die Bybel: Vertaling, verstaan en gebruik

## 5.1. Inleiding

Luther se ontvoering direk ná die Ryksdag van Worms en sy verblyf in die Wartburgkasteel buite Eisenach, is ’n belangrike episode in sy biografie. Dit is daarom noodsaaklik dat ’n gedetailleerde weergawe van hierdie periode op skrif gestel word. Die Wartburg-periode is een van die belangrikste in terme van sy bydrae tot die teologie en die opbou van ’n ‘Evangeliese Kerk’. Nie net die vertaling van die Nuwe Testament verdien aandag nie, maar ook die geskrifte wat met die vertaling, verstaan en gebruik van die Bybel verband hou. In die lig van die belangrike rol wat die Bybel speel in die lewens en teologie van Afrikaanssprekendes, is hierdie hoofstuk ietwat langer as ander hoofstukke. Die opkomende ateïsme en agnostisisme onder Afrikaanssprekendes word gevoed deur Bybelse fundamentalisme en die agterhaalde Gereformeerde ortodoksie. In hierdie opsig is die navorsing oor Luther van groot waarde. Luther se verstaan van die Woord van God verdien ernstige oorweging deur mense uit die charismaties fundamentalistiese en ortodoks

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Die Bybel: Vertaling, verstaan en gebruik’, in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 117–153, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.05

Gereformeerde kringe, aangesien sy 'Skrifverstaan' kan meehelp om 'n klomp misverstande rakende die Christelike geloof te vermy.

# 5.2. Biografie

## 5.2.1. Die gebeure tussen Januarie 1520 en 04 Mei 1521

Terwyl Luther in 1520 aan sy drie hoofgeskrifte gewerk het, het die kerklike maghebbers doelgerig teen hom begin optree. Op 24 Januarie 1520 het biskop Johann von Meißen, met goedkeuring van hertog Georg van Sakse, 'n 'klagskrif' teen Luther uitgereik na aanleiding van sy geskrif van 1519 oor die nagmaal. Dít volg op die aanklagte van leerdwaling op grond van sy eerste versameling Latynse geskrifte, wat in Augustus en November 1519 uitgegee is deur Wolfgang Capito in Basel, onder beskerming van die teologiese fakulteite van Keulen en Leuven. Luther het die klagstate maklik weerlê sonder enige verdere gevolge vir hom (Köpf 2015:89). Intussen het Johannes Eck saam met die Roomse kurie gewerk en op 15 Junie 1520 'n ban-dreigbul (*Bannandrohungsbulle*) onder die titel *Exsurge Domine* (verhef U, Here!) vrygestel. Daarin word 41 dwalings van Luther, wat uit 17 geskrifte saamgestel is, uitgelig. Hy is 60 dae tyd gegun om al hierdie uitsprake te herroep. Sou hy dit nie doen nie, word hy as 'n hardnekkige ketter veroordeel, en al sy geskrifte vernietig. Luther skryf in Augustus aan Karel V dat hy sy uitsprake nie kan herroep nie. Hy publiseer in Latyn en Duits 'n 'verklaring' waarin hy protes aanteken teen die aanklagte (*Oblatio sive Protestatio* – WA 6, 480–483; [1520] 1888a). Daarin versoek hy weer om deur 'n onbevooroordeelde universiteit in 'n openbare disputasie verhoor te word. Indien hy op grond van die Skrif van leerdwalings oortuig kan word, sal hy hom by die beslissing neerlê. Intussen is die dreigverklaring deur Johannes Eck en Hieronymus Aleander in Duitsland versprei. Op 12 Oktober versoek Karl von Miltitz hom 'n laaste maal om 'n versoenende brief aan pous Leo X te stuur. Dít doen hy terwyl hy die Duitse en Latynse weergawes van sy *Vryheidsgeskrif* as bylaes aanheg. Einde Oktober publiseer hy Latynse en Duitse weergawes van 'n verweerskrif op die

dreigverklaring (letterlik 'dreigbul') onder die titel *Adversus execrabilem Antichristi bullam* (WA 6, 614–629; [1520] 1888b). Die feit dat hy na die pous as die Antichris verwys, maak egter enige versoeningsgesprekke onmoontlik. In Oktober vind die openbare verbranding van Luther se geskrifte in Leuven en Ingolstadt, en in November in Keulen en Mainz plaas. Op 10 Desember nooi Melanchthon die studente in Wittenberg uit om 09:00 die verbranding van Roomse kerkregtelike dokumente by die Heilige Kruis-kapel by die stadspoort (*Elstertor*) te kom aanskou. Naas hierdie dokumente is die 'dreigbul', die geskrifte van Johannes Eck en Hieronymus Emser ook verbrand. Aangesien berigte oor die gebeure soos 'n veldbrand deur Duitsland versprei het, was Luther verplig om 'n verduideliking te skryf onder die titel, *Waarom die pous en sy volgelinge se boeke deur D. Martin Luther verbrand is* (WA 7, 161–182; [1520] 1897d:161–182). Met die verbranding van die kerk se regsdokumente het Luther, teen sy bedoeling, bande met die Roomse Kerk verbreek. Op 03 Januarie 1521 is die kerklike ban oor Luther uitgespreek. Die persoon wat die wêreldlike ketterproses moes voltrek was Karel V (wat op 23 Oktober 1520 in die dom in Aachen tot die Duitse koning gekroon, maar eers in 1530 in Bologna deur die pous tot keiser gekroon is). Aangesien Karel V slegs die 'verkose keiser' was, was hy verplig om in oorleg met die keurvorste te regeer. Frederik die Wyse van Sakse was die tweedemagtigste keurvors in die ryk, en Karel V moes eintlik voor sy wil buig. Sy wil was dat Luther, sy onderdaan, in die openbaar, onder sy beskerming op 'n Ryksdag verhoor moes word. Op 27 Januarie 1521 het Karel V sy eerste Ryksdag in Worms geopen. Aangesien hy eers aan ander sake aandag moes skenk, nooi hy Luther eers op 06 Maart uit om na Worms te kom. Op 02 April reis Luther met drie wagte na Worms. Op pad preek hy eers op 'n paar plekke, en kry hy 'n heldeontvangs in Leipzig en Erfurt. Op 16 April meld hy hom in Worms aan, en op 17 en 18 April vind die verhoor plaas.

Luther het gehoop om redes vir sy uitsprake voor te dra, terwyl die koning slegs wou hê dat hy sy uitsprake moes terugtrek. Op 17 April het die keiserlike woordvoerder, Johannes von der Ecken, hom gevra of hy die inhoud van sy geskrifte herroep? Hy is tot die

18de kans gegee om te antwoord. Op 18 April lewer hy dan 'n voorbereide toespraak en maak die volgende beroemde uitspraak (Köpf 2010):

> [*I*]ndien ek nie deur die *getuienisse van die Skrif en rasionele argumente* oortuig kan word nie – aangesien ek nie die pous of die konsilies kan glo nie, omdat dit 'n feit is dat hulle dikwels gefouteer en mekaar weerspreek het – daarom is ek op grond van my *aanhalings uit die Heilige Skrif in my gewete* oortuig [*dat ek reg is*] en is ek [*daarom*] 'n *gevangene van die Woord van God*. Om hierdie rede kan en wil ek niks herroep nie, aangesien dit nie veilig of heilsaam is om teen jou *gewete* te handel nie. Mag God my help, Amen![92] (p. 175; [*die outeur se toegevoegde klem*])

Op 19 April het Karel V 'n verklaring laat voorlees (eers vanuit die oorspronklike Frans en dan uit 'n Duitse vertaling) waarin hy stel dat sy geduld met Luther op is en dat hy die proses aan die gang gaan sit om Luther as ketter te straf. Op 25 April ontvang Luther 'n opdrag van Karel V dat hy binne 21 dae moet terugkeer sodat die proses kan begin. Op 26 April verlaat Luther Worms saam met sy beskermers. Die verkose keiser stel 'n edik vry waarin Martin Luther tot ketter verklaar word en sy aanhangers met swaar strawwe gedreig word. Hierdie edik is egter eers op 25 Mei deur die keiser onderteken. Luther het in daardie stadium geen kennis van die edik gehad nie. Op 04 Mei word Luther, op bevel van Frederik die Wyse, naby die kasteel Altenstein in Thüringen ontvoer en na die Wartburg gebring (vgl. Köpf 2015:89–97).

## 5.2.2. In die Wartburgkasteel

Op 26 April 1521 verlaat Luther Worms onder beskerming van Frederik die Wyse. In sy besit is wel die pouslike ban van 03 Januarie 1521 *Decet Romanum Pontificem*, maar nie die Ryksakte nie (ook die

92. Volgens legende sou Luther gesê het: 'Hier staan ek, ek kan nie anders nie.' Hierdie woorde word egter nie deur die notule van die Ryksdag, of 'n ooggetuie bevestig nie. Volgens een van die ooggetuies Konrad Peutinger sou hy gesê het: 'Mag God my tot hulp wees!' Beide hierdie weergawes word nie as histories betroubaar aanvaar nie (vgl. Kohnle 2015:108–115; Leppin [2006] 2010:171–181; Schilling 2014:218–223).

Edik van Worms genoem) wat eers op 25 Mei 1521 onderteken sou word. Sy plan is dat hy hom binnekort vir teregstelling aan die owerhede sal oorgee. Hy het nog op 03 Mei in Eisenach gepreek (wat hy nie veronderstel was om te doen nie), maar reis daarna verder saam met Nikolaus von Amsdorf en Johannes Petzensteiner na Möhra (die geboortedorp van sy vader). Op 04 Mei word die geselskap in die woud naby Gotha oorval, en word Luther ontvoer en na die kasteel genaamd Wartburg buite Eisenach geneem. Wie almal by hierdie ontvoering betrokke was, wie almal daarvan geweet het en wie almal hom in die Wartburg ontvang het, is histories nie heeltemal seker nie. Daar bestaan drie verskillende weergawes (vgl. Schall & Schwarz 2017:284–285). Daar word egter algemeen aanvaar dat Spalatin direk by die ontvoeringsplan betrokke was.[93]

Ter wille van sy veiligheid word Luther, met instemming en medewete van keurvors Frederik die Wyse, vanaf 04 Mei 1521 tot 01 Maart 1522 in die Wartburgkasteel by Eisenach versteek. Luther het na hierdie tyd verwys as sy 'asieltydperk in die ryk van die voëls' (Schall & Schwarz 2017:284). Die oudste gedeelte van die Wartburg is in 1067 deur Ludwig der Springer gebou. Dit is 'n klein en onindrukwekkende kasteeltjie, maar een van die belangrikste kastele in die Duitse geskiedenis. Die heel belangrikste gebeurtenis in die kasteel was die vertaling van die Nuwe Testament deur Martin Luther binne elf weke.

Luther was in 1521 nog 'n Roomse priester en gekleed in die mondering van die Augustynse Eremieten-orde waaraan hy behoort het. Met hierdie gewaad het Luther in die Wartburg aangekom. Hy is egter ter dood veroordeel en moes daarom in vermomming, onder 'n skuilnaam, in die Wartburg skuil. Slegs die hoof van die kasteel, Hans von Berlepsch,[94] het geweet dat Junker

---

93. Heinz Scheible (2019) gee in 'n onlangse artikel nuwe inligting oor die adellike Christoph von Sternberg wat by die ontvoering betrokke sou gewees het.

94. Luther het nooit verklap dat Von Berlepsch in die ontvoering saamgespeel het nie. Hy het ook nooit na hom in briewe verwys nie en slegs verwys na 'my gasheer' ('*meus hospes*'), of na 'die man van hierdie plek' ('*vir loci huius*'). So het hy ook nooit na die Wartburg verwys nie. Dit het eers in 1540 bekend geraak (vgl. Schall & Schwarz 2017:288).

Jörg[95] eintlik Martin Luther was. As Junker Jörg het hy vir die eerste keer in 16 jaar gewone klere aangetrek en sy hare en baard laat groei.[96] Dit was vir hom baie aardig om byvoorbeeld ewe skielik ’n broek te dra. Naas die ongemak met die klere, het Luther in dié tydperk ook talle aanvegtinge beleef, soos hardlywigheid en seksuele drif en drang. Luther het die aanvegtinge as aanvegtinge van die duiwel beskou. Dít is egter nie vreemd nie, aangesien hy selfs sy lewenstryd en konflik met die pous en sy volgelinge as werk van die duiwel beskou het (Schwarz [1986] 2014:130).

### 5.2.3. Studeerwerk, geskrifte en postille

Luther se tyd in die Wartburg was ’n baie produktiewe tyd. Hy het 30 briewe en 12 geskrifte die lig laat sien. Luther het hom van die eerste dag af besig gehou met studie van Grieks en Hebreeus. Waarskynlik het hy ’n Hebreeuse Ou Testament saam met ’n Latynse Bybel (Vulgaat) in sy tas gehad. Spalatin het egter baie gou ’n Griekse Nuwe Testament aan hom gestuur wat deur die humanis Nikolaus Gerbel in Strasbourg uitgegee is. Ietwat later het hy die Griekse uitgawe van Erasmus uit Wittenberg ontvang (Schwarz [1986] 2014:131).

In die eerste weke het Luther sy uitleg van Psalm 22 voltooi as deel van sy tweede reeks voorlesings oor die Psalms. Hy het ook sy vertaling en uitleg van die loflied (*Magnificat*) van Maria (Luk 1:46a–55) voltooi wat reeds, stuksgewys, in Wittenberg gedruk is (aan dié publikasie word twee keer in hierdie boek aandag gegee). In terme van nuwe navorsing het hy aandag gegee

95. Die van ‘Jörg’ word eers sedert die middel van die 20ste eeu as die korrekte spelling aanvaar. Die eerste Protestantse geskiedskrywers het aanvanklik na ‘Junker Georgen’ verwys. Later is daar soms na ‘Gürge’ of na ‘Görg’ verwys. Die navorsing aanvaar dat ‘Jörg’ die Nederduitse spelling van ‘Georg’ was, wat doelbewus gekies is om die vermomming te ondersteun (vgl. Schall & Schwarz 2017:286–287).

96. Volgens Ambrosius Wilken het Luther in die Adventstyd Wittenberg vir drie dae in die geheim besoek. Sy vermomming was só goed dat Lucas Cranach hom nie herken het nie. Hy het dadelik ’n skets (*Taffel*) van ‘Junker Jörg’ gemaak. Dit sou een van die beroemdste sketse in die geskiedenis van die mensdom word (vgl. Schwilk 2017:261).

aan die vryheidsprobleem binne die biegsisteem. Hiervoor het hy onder meer op Lukas 17:11–19 gekonsentreer. Aan sy kritici het hy hom nie veel tydens sy verblyf in die Wartburg gesteur nie. Daar was slegs 'n kort verweerskrif teen Emser en 'n lang Latynse geskrif teen Jakob Latomus, die woordvoerder van die teoloë van Leuven. In hierdie geskrif het Luther begin om 'n eie Bybelse hermeneutiek te ontwikkel deurdat hy Latomus se gelykstelling van Paulus en die kerkvaders verwerp het. Nogtans het hy self die Ou Testament vanuit 'n Pauliniese perspektief gelees (vgl. Schwarz [1986] 2014:131–132). In die laaste maande van sy verblyf in die Wartburg het hy hom met die selibaatskap en pligte van priesters besig gehou. Sy denke oor die huwelik het ook in hierdie tyd al meer en meer vorm aangeneem (vgl. Schwarz [1986] 2014:133–135).

Ná afhandeling van sy akademiese skryfwerk, kon Luther in November 1521 die eerste hoofdeel van sy *Postille*[97] afhandel.

97. Die begrip postil(le) is afgelei van die liturgiese aankondigingsformule *post illa verba textus* waarop 'n verklaring van 'n bepaalde Bybelgedeelte in die erediens volg. In hierdie sin is postille sedert die 13de eeu as 'n randopmerking of kommentaar op 'n Bybelteks verstaan. Die klassieke voorbeeld is die *Postillae perpetuae* van Nikolaus von Lyras. Hierdie woord is egter ook parallel met die woord *homilia*en later met 'n homilie-agtige verklaring van 'n teksgedeelte binne preekverband. Sedert die middel van die 14de eeu word onder *postille* 'n hele jaargang se homilieë verstaan. Eers by Luther kry hierdie terminologie 'n vaste betekenis as aanduiding van 'n spesifieke soort literatuur. By Luther beteken postille 'n versameling van perikoop-verklarings wat gekoppel is aan Sondae en feesdae van die kerkjaar.

Luther het die postille op aandrang van Frederik die Wyse geskryf. In Oktober 1519 het hy Luther versoek om die strydgesprekke te staak en eerder sy tyd te gebruik om verklarings (*enerratio*) te skryf vir die voorgeskrewe tekste van die liturgiese kalender wat die priesters en monnike kon help in hulle daaglikse werk. Weens sy werkslading kon Luther nie dadelik met hierdie taak begin nie. Eers in Maart 1521 verskyn by Johann Rhau-Grunenberg in Wittenberg die *Enarrationes epistolarum et euangeliorum, quas postillas vocant* (WA 7, 466–537; [1521] 1897b). Hierdie geskrif bestaan uit agt Latynse verklarings van die voorgeskrewe tekste uit die vier Evangelies en Pauliniese briewe vir die prediking op die vier Adventsondae. Hierdie *Latynse Adventspostille* is aan die keurvors opgedra met die verwagting dat die kerklike ampsdraers dit sal gebruik om die suiwer Bybelse boodskap uit te dra. Dit was dus verstaanbare verklarings van die Bybeltekste wat vir preekvoorbereiding gebruik kon word. In sy dedikasiewoord aan die keurvors verwys Luther (WA 7, 463–465; [1521] 1897c) die eerste keer na homself as 'n 'evangeliese teoloog'. Sy doelwit is om die kern van die evangelie uit te lig as die boodskap van vreugde waarmee die kerk opgebou kan word. Sy taak as teoloog is dus om op 'n eenvoudige wyse die hart van die evangelie aan die gewone mense te verduidelik. Alreeds in 1521 is 'n Duitse vertaling in Strasbourg by Johann Schott gepubliseer (vgl. Spehr 2015; Zschoch [2005] 2010).

Die eerste gedeelte van die eerste hoofdeel was die *Latynse Adventspostille* en die tweede gedeelte was dan die *Duitse Wartburgpostille*. In Junie 1521[98] begin Luther om die oudkerklike perikoop-indeling vir die Kerstyd uit te lê vir die prediking. Die eerste teks waaraan hy gewerk het, was Titus 2:11–15 wat vir die Kersnagmis gebruik is. Teen die middel van Julie laat hy Melanchthon weet dat hy byna klaar met die Kerstyd is. Tot by 19 November 1521 ontstaan ’n verdere 16 verklarings van gedeeltes uit die evangelies en briewe wat op die Kersboodskap betrekking het. Hierdie hele versameling (vanaf Kersnag tot en met Epifanie) staan bekend as die *Kersfeespostille* (WA 10(I/1) wat opgedra is aan graaf Albrecht von Mansfeld. Aangesien Luther tevrede was met die *Kersfeespostille*, het hy besluit om die *Latynse Adventspostille* grondig as ’n Duitse teks te hersien en uit te brei. Die hersiene teks staan bekend as die *Adventspostille* (WA 10(I/1), 1–208; [1525] 1925). Die werk het parallel geloop met sy vertaalwerk van die Nuwe Testament. Om hierdie rede is daar talle opmerkings oor vertaalkwessies in die postille opgeneem. Beide dele word gedruk en uitgegee deur Johann Rhau-Grunenberg: In Maart 1522 die *Kersfeespostille* en einde April die *Adventspostille.* Voor in die *Kersfeespostille* vind ’n mens nie net die dedikasiewoord nie, maar ook ’n gedeelte wat later bekend sou staan as ’n *Kort onderrig oor wat* ’n *mens in die evangelies moet soek en verwag* (WA 10(I/1), 8–18; [1522] 2012a:485–499). Saam met die voorrede van die *Septembertestament*, kry ’n mens ’n kort samevatting van Luther se verstaan van die Nuwe Testament. Luther se postille het begin met *enarrationes* (eksegetiese verklarings) en eindig as voorbeelde hoe daar verantwoordelik oor Jesus Christus gepreek moet word. In die *Wartburgpostille* vind ’n mens, as preekhulp, die sentrale temas van die Reformatoriese teologie, naamlik geloof, regverdiging, Christologie, wet en evangelie, bekering en gebed (vgl. Spehr 2015:552–553).

98. Een van die mites wat nie verder gevoer word nie, is dat Luther tot twee keer per dag in die sogenaamde ‘*Lutherkapelle*’ in die Wartburg gepreek het. Hierdie vermoede het op die foutiewe datering van ’n brief van Luther berus. Navorsers is dit eens dat Heinrich Ebenhein, die kapelaan van die kasteel, dáár gepreek en die mis bedien het. Luther se kritiese geskrif *Oor die misbruik van die mis* was juis polemiek teen die private mis vir adellikes in die Wartburg (vgl. Schall & Schwarz 2017:288).

Aangesien sy postille sy belangrikste bydrae tot die eksegese en hermeneutiek van die Nuwe Testament en die homiletiek bevat, word hier ook aandag gegee aan hierdie arbeid ná die Wartburg-periode. Luther het waarskynlik in Februarie 1524 weer begin werk aan sy postille. Hieraan het hy tot September 1525 gewerk. Die reeks staan bekend as die *Vastydpostille* (WA 17(II), 1–247; [1525] 1927). Dit konsentreer op die perikope vir die tydperk eerste Sondag ná Epifanie tot en met Goeie Vrydag. Die manuskrip van die eerste vyf Epifanie-Sondae is uit Lucas Cranach se drukkery gesteel en onwettig deur Paul Kohl in Regensburg gepubliseer. Luther was verplig om van 'n eksemplaar van hierdie onwettige publikasie gebruik te maak om die werk weer volledig te kry. Vanselfsprekend was hy woedend oor die diefstal. In die reeks het Luther gebruik gemaak van reeds gepubliseerde preke en geskrifte. Op Goeie Vrydag het hy byvoorbeeld die *Preek oor die betragting van die heilige lyding van Christus* (1519) gelewer. Hierdie reeks was ook korter en onvollediger as die vorige reekse. Inhoudelik haak hy egter by die *Wartburgpostille* aan en konsentreer ook op die geloof, die liefde, die kruis en lyding. In 1525 verskyn die *Winterpostille* by Johann Rhau-Grunenberg in Wittenberg wat 'n verwerkte samevatting van die eerste drie reekse is. In 1528 publiseer Hans Lufft 'n taalkundig verbeterde teks en in 1540 publiseer Caspar Cruciger 'n algeheel verbeterde teks. Volgens Luther (WA 23, 279, 13–14; [1527] 1901:279) self was dit 'die allerbeste boek wat hy ooit gemaak het'. In 1544 verskyn in Nürnberg 'n verwerkte weergawe (deur Veit Dietrich) van Luther se *Huispostille.* Hierdie postille bevat preke wat Luther tussen 1531 en 1534 in sy huis gelewer het. Die preke was hulpmiddels vir die huisvaders wat nie die Sondagerediens kon bywoon nie en gedurende die week aan die huisbewoners die evangelie moes verkondig. Luther het dié uitgawe self van 'n voorwoord voorsien (WA 52, 1–2; [1544] 1915). Ongelukkig het Dietrich enkele van Melanchthon se preke ook in die bundel opgeneem. Dít sou later een rede wees vir binne-Lutherse konflikte en sou aanleiding gee tot die Jena-uitgawe van Luther se werke. Teen 1617 het daar 47 uitgawes van Luther se *Winterpostille* verskyn en teen 1609 altesaam 81 uitgawes van

die *Huispostille*. Saam met die Lutherse Bybel en die kategismusse was dit die literatuur wat die Reformasie gevestig het (vgl. Spehr 2015:553–556; Zschoch [2005] 2010:317–318).

Luther het nie net sy eksegetiese resultate en voorstelle oor hoe daar gepreek moet word, aangebied nie; hy self het baie gereeld gepreek. Sedert sy aankoms in Wittenberg in 1511, het hy gereeld dáár gepreek – aanvanklik slegs in die Augustynse klooster, maar sedert 1514 in die stadskerk. In die kasteelkerk het hy gepreek wanneer die keurvors in die erediens was en op belangrike dae op die liturgiese kalender volgens die voorgeskrewe tekste. Tydens die middag-eredienste het hy 20 jaar lank oor die eerste vyf boeke van die Ou Testament gepreek. Sedert 1530 het hy oor die voorgeskrewe tekste uit die briewe van die Nuwe Testament gepreek. Hy het dikwels ook in reekse uit sekere Bybelboeke gepreek. Dikwels moes hy ook vir Johannes Bugenhagen, die predikant van die stadskerk, instaan wanneer hy op ander plekke met kerkordelike sake besig was. Tweeduisend preke van Luther het in bewaring gebly. Die outentisiteit van die preke vóór 1521 kan betwis word. Die preke vanaf 1523 is meestal outentiek. Georg Rörer (wat in 1525 in die stadskerk as diaken en as reisende sekretaris vir Luther aangestel is) het Luther se preke vanaf hierdie jaar tot en met Januarie 1546 noukeurig opgeteken. Rörer het Luther se notas voor die preek ontvang en hy het (in snelskrif) opgeteken wat Luther bygevoeg het. Ná die erediens het hy die hele preek dan uitgeskryf. Luther self het nie die preke redaksioneel versorg nie. Hy het wel vir Caspar Crugicer vertrou om ’n paar honderd preke taalkundig te verbeter. Luther het self sekere belangrike preke in kort traktate omskep en dit dan ‘preke’ (‘*Sermon*’ – Latyn of ‘*Predigt’* – Duits) genoem. Die omvang van Luther se preke het van jaar tot jaar gewissel. Volgens Zschoch ([2005] 2010:316–317) het hy in 1523 altesaam 138 preke op 86 dae gelewer; in 1524, 93 preke op 59 dae; in 1528, 195 preke op 145 dae. In die dertigerjare het hy weens siekte nie gereeld gepreek nie – en meestal tuis of in die stadskerk. Tussen 1540 en 1543 het hy nog minder gepreek. In 1545 het hy weer gereeld gepreek. Kort voor sy dood in 1546 het hy nog steeds gereeld gepreek – selfs drie dae voor sy dood terwyl hy al ernstig siek was.

## 5.2.4. Die vertaling van die Bybel in die moedertaal

In sy kamertjie, bekend as die *Lutherstube*,[99] vertaal hy die Nuwe Testament in net elf weke. Op 14 Desember 1521 begin hy (na ’n kort besoek aan Wittenberg in die geheim) op aandrang van Melanchthon werk aan ’n nuwe Duitse vertaling[100] en sluit hierdie taak voorlopig op 10 Januarie 1522 af. Hy het egter vooraf al ’n klomp werk gedoen. Dit sluit die volgende in: Lesings oor Romeine (1515–16), Galasiërs (1515–16), Hebreërs (1517–18), vertaling van Latynse tekste vir sy preke, en ’n vertaling en uitleg van die *Magnificat*. Al sy lesings het gepaard gegaan met vertalings in Duits. Hy het, met ander woorde, reeds ’n groot gedeelte van die Nuwe Testament vertaal gehad toe hy in 1521 formeel daarmee begin het. Hierdie vertalings was meestal uit Latyn en nie Grieks nie.

Soos reeds gestel, het hy aanvanklik in die Wartburg geen kommentare tot sy beskikking gehad nie. Eers na ’n paar maande het hy ’n eksemplaar van Erasmus se Griekse Nuwe Testament ontvang. Die *Novum Instrumentum Omne*, soos dit bekend gestaan het, was die eerste kritiese uitgawe van die Griekse Nuwe Testament. Die teks, sowel as die Latynse vertaling daarvan, is deur Erasmus van Rotterdam voorberei en in 1516 deur Johan Froben in Basel gedruk. Dié uitgawe is (ironies genoeg) aan pous Leo X opgedra. Martin Luther het die tweede uitgawe van die teks (1519) gebruik vir sy vertaling van die Nuwe Testament in Duits. Volgens vandag se standaarde is dit maar ’n swak teks, maar dít was die begin van die wetenskaplike hantering van die Bybeltekste en die breuk met die Middeleeue.

99. Volgens die oudste oorblywende inventaris uit die jaar 1669 word daar verwys na ‘*Doctor Lutheri Stuben*’. Met hierdie beskrywing is daar jaarliks tot en met 1829 volhard. Daarna is daar gewoon na die *Lutherstube* verwys (Schall & Schwarz 2017:287).

100. Dit is ’n mite dat Luther verantwoordelik was vir die eerste Duitse vertaling van die Bybel. Vóór Luther was daar reeds 14 Hoogduitse en 4 Nederduitse vertalings. Nie een van hierdie vertalings was algemeen bekend nie. Al die vertalings was woord vir woord vertalings uit die Vulgaat; en om hierdie rede meestal onverstaanbaar (vgl. Schwarz [1986] 2014:137).

By sy terugkeer in Wittenberg op 01 Maart 1522, het Luther Melanchthon se hulp ingeroep om met die vertaling van sekere begrippe en gedeeltes te help. Luther het byvoorbeeld nie die kleure van edelstene geken nie, en Melanchthon moes hom daarmee help. Voordat hulle die werk kon afhandel, is die eerste weergawe van Luther se vertaalde Nuwe Testament reeds gedruk. Hierdie weergawe staan bekend as die *Septembertestament*. Die manuskrip is inderhaas deur die drukker Melchior Lotther gereedgemaak vir die Leipzig-boekeskou om mense 'n voorsmakie te gee van wat sou kom. Luther se naam het ook nie op die buiteblad verskyn nie. Die Roomse gelowiges (*Altgläubigen*) het aanstoot geneem aan hierdie vertaling, onder meer weens die voorwoord en illustrasies wat daarin opgeneem is. Hertog Georg von Sachsen het op 07 November 1522 die eerste regent geword wat die besit en verspreiding van dié Nuwe Testament verbied het. Sy hofteoloog, Hieronymus Emser, het vroeg in 1523 die eerste omvattende kritiek op hierdie vertaling gepubliseer. Philipp Melanchthon het die teks in Oktober en November verbeter, en in Desember is die *Desembertestament* gedruk. Tussen 1522 en 1533 is daar 85 oplae van hierdie uitgawe gedruk en verkoop. Luther wou geen tantieme ontvang nie (vgl. Schwarz [1986] 2014:138–139).

Met die vertaalwerk het Luther die gewone mense van Wittenberg se stadskerk in gedagte gehad – dié mense vir wie hy gepreek het. Sy doelwit met die vertaling was om lewendige spraakgebruik in te span, gerig op die hoorder van die evangelie, naamlik die moeder in die huis, die kind in die park en die kosverkoper op die mark. Luther het met sy vertaling die evangelie in die oog gehad. Christus en sy weldade moes in die vertaling belig word. Die vertaling moes geloof versterk en verdiep. Vir Luther was vertaling nie primêr 'n taalkundige aangeleentheid nie, maar 'n saak van verkondiging. Die Bybel is vir Luther nie primêr teks nie, maar God se heilige Woord wat gerig is op die hart van die mens. Vertaling geskied vir Luther nie woord vir woord nie, maar sin vir sin. Dit is, met ander woorde, nie die afsonderlike woorde wat vertaal moet word nie, maar die hele

gedagtegang van ’n gedeelte. Vertaling is vir Luther ook uitleg. Vertaling gaan in die eerste instansie oor teologie en nie filologie nie. Vertaling sonder ‘leer’ is volgens hom nie moontlik nie.

In 1522 het die Duitse taal nog nie bestaan soos ons dit vandag ken nie. Daar was slegs ’n klomp Duitse streekdialekte. Naas die Saksiese dialek wat Luther gepraat het, was *Niederdeutsch* die belangrikste dialek in die gebiede waar die Reformasie wortelgeskiet het. Die Duitsers is redelik eenstemmig oor die feit dat Luther ’n groot bydrae gemaak het tot die skep van ’n eenvormige akademiese en omgangstaal. Die bydrae wat Luther se Bybelvertaling gelewer het tot die ontwikkeling van die Duitse taal is in die jubileum van 2017 oor en oor benadruk (vgl. Dalferth 2018; Günther 2017; Haustein 2017; Kähler 2017; Söding 2017).

Die Lutherse Bybel is egter van talle mites omgewe, soos dat die Duitse taal met hierdie Bybel begin het, die Duitse kerk in ’n leesgemeenskap omskep is en die demokrasie se oorsprong hier te vinde is. Verder moet onthou word dat vóór Luther se vertaling daar talle Roomse vertalings in Duits was en dat die Roomse ordes en lidmaatbewegings ook die leeskultuur bevorder het. Luther was ook maar net ’n kind van sy tyd – en só ook ‘sy’ vertaling. Daar moet verder onthou word dat dié vertaling ’n hibried is. Sonder Melanchthon se bydrae sou die Nuwe Testament nie volledig gewees het nie. Die vertaling van die Ou Testament was ’n spanpoging van Wittenberg se teoloë en sy bydrae tot die vertaling van die apokriewe boeke was baie gering. Kritici meen dat hy wel die Grieks en Hebreeus voor oë gehad het, maar die Latynse vertaling in sy hart. Wat is dan so uniek aan Luther se vertalings en wat kan met reg aan hierdie vertalings toegedig word? Hy was die eerste persoon wat van Johannes Gutenberg se nuwe media gebruik gemaak het om Bybels te laat druk. Die kombinasie van die vertaal- en drukkuns onderskei Luther van vorige vertalingspogings. Ondanks die ná-oorlogse aandrang dat Luther medeverantwoordelik vir die slagting van die Jode gemaak moet word, was dit juis hý wat die Ou Testament weer in die kerk teruggebring het. Een bewys hiervoor word in die teologies eksegetiese inleiding van A.

Schleiff tot Band 9 van die Duitse Bybel gevind waar gestel word (WA DB 9(I), xxxvii; Luther [1522–1545] 1939):

> Christelike teoloë en Hebraïste het [...] volgens Luther se wil die plig om die Ou Testament uit die hande van die Jode te neem, aangesien slegs hulle die geheel [*van die Bybel kan oorskou*] en omdat die Jode daarvoor blind is. (p. xxxvii)

Selfs al word die stories rondom Luther en die Duitse taal ontmitologiseer, moet daar nogtans erken word dat hy die Duitse taal geweldig verryk het. Talle woorde en idiomatiese uitdrukkings in Germaanse tale is aan Luther te danke – nieteenstaande die feit dat die Gereformeerde kerke eerder die Zwingli-vertaling (*Zürcher Bibel*) van 1531 as Luther se vertaling gevolg het. Sy '*koine*'-Duits, die Duits van en vir die gewone burger, het ongetwyfeld die harte van alle Germane aangeraak. Min mense sal stry wanneer beweer word dat Luther se Bybel deel van die Protestantse identiteit is (vgl. Blanke [2005] 2010; Söding 2017).

## 5.3. Geskrifte en besinnings oor die Woord van God

### 5.3.1. Die wetenskap van Bybelvertaling

Luther het tussen 24 April en 05 Oktober 1530 by die vesting Coburg geskuil terwyl Melanchthon en sy delegasie in Augsburg die Reformatoriese hervormings verdedig het. Dit was een van Luther se mees produktiewe periodes. Hy het talle geskrifte, kommentare en briewe geskryf. Een van die belangrike sendbriewe, of openbare briewe handel onder meer oor die 'wetenskap van Bybelvertaling'. 'n Verduideliking van sy vertalingsmetodiek het noodsaaklik geword, aangesien die 'pousiste' ('*Papisten*'), soos hy die Roomse teoloë genoem het, histeriese kritiek gelewer het op sy Duitse vertaling van die Nuwe Testament.[101] Die kritiek was veral

101. Luther het sy eerste vertaling van die Nuwe Testament van 1522 opgevolg met 'n hersiene vertaling wat op 25 Februarie 1530 aan die drukker oorhandig is (Van Dülmen [1983] 2017:188). Die 'pousiste' het dus tyd gehad om ook op die hersiene vertaling kritiese kommentaar te lewer.

gerig teen sy vertaling van Romeine 3:28. Hy het in die Duitse vertaling die woord *alleen* (die geloof alleen) ingevoeg wat nie in die Griekse teks staan nie. Die kritiek het daarop neergekom dat Luther nie die Griekse teks woord vir woord vertaal het nie. Luther verweer hom deur te stel dat Bybelvertaling nie orals 'n saak van letterlike vertaling (*Übersetzen*) kan wees nie, maar dat daar plekke is waar 'n mens interpreterend moet vertaal (*Dolmetschen*) – met ander woorde die diepste intensie van die outeur in idiomatiese Duits moet omsit. Aangesien Bybelvertaling 'n belangrike saak in Suider-Afrika is, is dit belangrik dat daar breedvoerig aan Luther se brief aandag gegee word.

Op 12 September 1530 skryf hy (WA 30(II), 632–646; [1530] 2016) 'n openbare brief aan sy vriend Wenzeslaus Linck waarin hy sy metodiek van Bybelvertaling verduidelik. Hy (WA 30(II), 632, 29–30) gee redes hoekom hy die woorde van Romeine 3:28 '*Arbittramur hominem iustificari ex fide absque operibus*' soos volg vertaal het, '*Wir halten / das der mensch gerecht werde on des gesetzs werck / allein durch den glauben*' — óf in 'n nuwe Duitse vertaling ([1530] 2016:793, ll. 34–35), '*Wir sind gewiss, dass der Mensch gerecht werde ohne des Gesetzes Werke, allein durch den Glauben*' – óf dan in Afrikaans: 'Ons is daarvan oortuig dat die mens sonder die werke van die wet geregverdig word, en wel deur die geloof alleen.' Hy begin sy betoog op 'n baie aggressiewe manier deur sonder skroom te sê dat die 'pousiste', of dan die Roomse teoloë, hom nie iets oor vertaalwerk en die Duitse taal kan leer nie. Hy weet baie méér as wat hulle saam ooit sou kon droom om te weet. Tweedens stel hy dat hy sy vertaling na sy beste wete en gewete gemaak het. Dit is sy vertaling, en diegene wat dit nie wil gebruik nie, kan dit gewoon ignoreer. Hy weet egter dat 'n vertaling wat op teologiese insig berus (*Dolmetschen*), baie kuns, harde werk, intelligensie en begrip verg— en dít het sy opponente nie. Nog minder ken hulle Duits so goed soos hy, en daarom weet hy dat hulle nie iets beters sal kan lewer nie (WA 30(II), 633–635; [1530] 2016:794–796). Ná hierdie byna beledigende opmerkings, gaan hy oor tot die saak van die vertaling van Romeine 3:28 — maar kan dit nie weerstaan om die

klomp 'eselore' nog 'n keer af te kraak nie. Hy erken dat hulle teoloë en filosowe is, maar hy weet dat hulle niks weet nie; hulle ken nie eens hulle eie teologie en filosofie nie – hy was mos deel van hulle gewees. Dan begin hy om hulle te leer van 'n teologiese vertaling van die Bybel. Hy erken dat die 'eienskapswoord' *sola* nie in Romeine 3:28 gebruik word nie, maar eerder die 'omstandigheidswoord' (*Umstandswort*) *solum* of *tantum*. Desnieteenstaande gebruik hy elders wel die woorde *sola fide*, en daarom voel hy geneë om beide woorde *solum* en *sola* in hierdie vertaling op te neem. Die uitdaging is natuurlik om die bedoeling in idiomatiese Duits te vertaal. Hy vertel dat hy weke lank met vertalingsmoontlikhede geworstel het, totdat hy uiteindelik die teologiese bedoeling in verstaanbare Duits kon vertaal. Dalk eers sy eie woorde (WA 30(II), 636–637; [1530] 2016):

> Ek het dus goed geweet dat in Romeine 3 in die Latynse en Griekse teks die woord *solum* nie staan, en dat die pousiste nie nodig het om my daaroor te onderrig nie. Dit is waar dat hierdie vier letters *sola* nie daar staan nie. Die eselkoppe kyk na dié letters soos 'n koei na 'n deur kyk, maar sien nie in dat die *sola* in die betekenis van die teks opgeneem is nie, en wanneer 'n mens dit helder en duidelik in Duits wil vertaal, dan hoort dit [*in die vertaling*] opgeneem te word. Ek wou nie Latyn of Grieks praat wanneer ek vertaalwerk doen nie, maar Duits. Dit is egter die aard van die Duitse taal: Wanneer daar van twee dinge gepraat word, waarvan die een bevestig en die ander een ontken word, dan gebruik 'n mens die woord solum (slegs) naas die woord *nie* en/of *geen* [...] Ook wanneer die Latynse of Griekse taal hierdie spreekwyse nie ken nie, ken die Duitse taal dit wel, en dit is die aard daarvan dat sy die woord *alleen* of *slegs* daarby voeg sodat die Woord net soveel vollediger en duideliker kan wees [...] 'n mens moet nie die letters in die Latynse taal vra hoe jy Duits moet praat nie, soos wat hierdie esels maak nie, maar jy moet die moeder in die huis, die kind in die straatjie, die gewone mens op die markplein daarna uitvra, en hulle monde dophou terwyl hulle praat, en daarvolgens vertaal, dan sal hulle verstaan en raaksien dat 'n mens Duits met hulle praat [in die vertaling].[102] (pp. 800, l. 24–802, l. 14)

102. Luther se eie woorde: '*Also habe ich hie Roma 3 fast wol gewist / das ym Lateinischen vnd krigischen text das wort (solum) nicht stehet / vnd hetten mich solchs die papisten nicht dürffen leren. War ists. Dise vier buchstaben sola stehen nicht drinnen / welche buchstaben die*

Luther was 'n nugter denkende teoloog en wou nie alle Bybelgedeeltes in idiomatiese Duits vertaal nie. Hy het goed geweet dat jy die meeste van die gevalle letterlik kan en moet vertaal. Uiteindelik moet daar ook respek vir die teks wees en moet daar met groot omsigtigheid idiomaties vertaal word. Hoe sal jy egter weet hoe daar vertaal moet word? Hiervoor is daar geen maklike oplossing nie. 'Daarvoor is 'n opregte, vroom, getroue, hardwerkende, vrugbaar Christelike, geleerde, ervare, geoefende hart nodig', en daarom glo hy nie dat 'n valse Christen óf 'n sektariër die Bybel sal kan vertaal nie (WA 30(II), 640; [1530] 2016:808, ll. 14–16).

## 5.3.2. Teologie as Skrifuitleg

### 5.3.2.1. Luther en die Bybel

Die Bybel is die konstitutiewe ikonografiese attribuut van die reformator. In al die standbeelde wat in die 19de eeu vir Luther opgerig is, hou hy 'n Bybel in die hand. Dít is nie vreemd nie, aangesien sy Roomse opponente op die Ryksdag van Worms al gesê het dat Bybel die *regula Lutheri* is. Wat destyds sarkasties bedoel was, maak inderdaad Luther se selfverstaan uit. In 'n preek oor die Heilige Gees kort daarna het hy gestel: 'My ding [is] net die Skrif' ('*Mein ding* [*ist*] *eyttel schrifft*' – WA 8, 341, 21–22; [1521] 1889:341). Luther se bemoeienis met die Skrif moet nie vanuit hedendaagse realiteite

(voetnota 102 gaan voort...)
*Eselkoepff ansehen / wie die kue ein new thor / Sehen aber nicht das gleichwol die meinung des text ynn sich hat / vnd wo mans wil klar vnd gewaltiglich verdeutschen / so gehoret es hinein / denn ich habe deutsch / nicht lateinisch noch kriegisch reden woellen / da ich teutsch zu reden ym dolmetschen furgenommen hatte. Das ist aber die art vnser deutschen sprache / wenn sie ein rede begibt / von zweyen dingen / der man eins bekennet / vnd das ander verneinet / so braucht man des worts solum (allein) neben dem wort (nicht oder kein) [...] In diesen reden allen / obs gleich die lateinische oder kriechische sprach nicht thut / so thuts doch die deutsche / vnd ist yhr art / das sie das wort (allein) hinzu setzt / auff das das wort (nicht odder kein) deste volliger vnd deutlicher sey [...] den man mus nicht die buchstaben inn der lateinischen sprachen fragen / wie man sol Deutsch reden / wie diese esel thun / sondern / man mus die mutter jhm hause / die kinder auffs der gassen / den gemeinen man auff dem marckt drumb fragen / vnd den selbigen auffs das maul sehen / wie sie reden / vnd darnach dolmetzschen / so verstehen sie es den / vnd mercken / das man Deutsch mit jn redet.'*

misverstaan word nie. Daar moet nie geargumenteer word dat hy as professor in die Ou Testament vanselfsprekend met die Bybel besig moes gewees het nie. Luther is nie aangestel as 'Bybelwetenskaplike' nie. In die Laat Middeleeue was *biblia, sacra scriptura, sacra doctrina* en *theologia* sinonieme. Luther kon dus na homself verwys as 'dosent in Bybelwetenskappe' of as 'dosent in teologie'. 'n Klassieke voorbeeld is die Latynse vertaling van sy geskrif *Waarom die pous en sy volgelinge se boeke deur D. Martin Luther verbrand is.* In die Duitse weergawe verwys hy na homself as '*ICh Martinus Luther, genannt Doctor der heyligen schrifft*' en in die Latynse vertaling na '*EGo Martinus Luther, dictus Doctor Theologie*' (WA 7, 161, 18; [1520] 1897d:161). Luther was vry om kommentare te skryf, die eerste 'homiletiek' te produseer, kategismusse op te stel en dogmatiese besinnings te publiseer. Sy keuse om dit alles Skrifgetrou uit te voer, was dus 'n weldeurdagte teologiese keuse.

Teologie as Skrifuitleg vereis dat die teoloog (en die lidmaat) die Bybel gereeld sal lees. 'n Mens 'moet dag en nag die kop in die Bybel druk' en 'lewenslank 'n leser van die Bybel bly' (WA 34(II), 167, 11–15; [1531] 1908:167). Die Bybel word egter eers dán verstaan, wanneer 'n mens begin om dit te gebruik. Kognitiewe kennis alleen maak nie van iemand 'n goeie teoloog nie. Slegs dié een wat die Bybel voortdurend gebruik, kan in 'n goeie teoloog ontwikkel. Die Bybel is nie 'n 'leeswoord' nie maar 'n 'lewenswoord' – dit is nie daar vir spekulasie nie, maar vir die daaglikse lewe (WA 31(I), 67, 24–27; [1530] 1913:67). Wie die Bybel ken, 'praat al meer en meer soos wat God in die Bybel praat. Hulle praat nie net van God nie, maar weet hoe om soos God te praat' (WA 41, 11, 9–11; [1535] 1910b:11). Vergelyk Beutel ([2005] 2010a:444–447) vir tientalle aanhalings oor hierdie tema.

## ☐ 5.3.2.2. Christosentriese Bybelverstaan

Die kortste samevatting van Luther se Skrifverstaan word saamgevat in die woorde (WA 7, 97, 23; 1897a:97) 'die Skrif [...] is sy eie interpreteerder' ('*Scriptura* [...] *sui ipsius interpres*'). Volgens Luther moet jy toelaat dat die 'Gees van die Skrif

jou oorweldig'. Jy moet toelaat dat die Skrif self jou oë open vir sy inhoud. Die inhoud van die Skrif bevat al die leerinhoude (*credenda*) van die kerk, maar 'die leer is suiwer Skrif' ('*Die lere sey lautter schrifft*' – WA 10(I/1), 605, 7–8; [1522] 1910a:605). Alles wat Luther dus geleer het, wou en kon hy uit die Skrif bewys. Wat die Skrif leer, kom in geheel neer op één tema, naamlik Jesus Christus. Ondanks al die veelvoud van Skrifte, 'is dit ongetwyfeld so dat die ganse Skrif op Christus alleen gerig is' ('*ungetzweyfflet, das die gantze schrifft auff Christum allein ist gericht*' – WA 10(II), 73, 16; [1522] 1907:73]). Deur van Christus die saaklike middelpunt te maak, kan die eenheid van die Skrif te midde van die veelvoud bewaar word. Deur met die vraagstelling te werk of Bybelboeke en Bybelgedeeltes 'Christus op die voorpunt ruk of nie? ('*ob sie Christum treyben*?' – WA DB 7, 384, 27; [1522–46] 1931:384), het hy Bybelse saakkritiek nie net moontlik nie, maar wenslik gemaak. Dit open die moontlikheid dat 'Christus selfs teenoor 'n bepaalde Skrif(gedeelte) kan staan' ('*Christum contra scripturam*' – WA 39(I), 47, 19; [1535] 1926b:47]. Met Christus as die saaklike sentrum van die Skrif, het hy hom die vryheid toegeëien om kleiner gedeeltes en selfs menslike geskrifte as sy Bybel te beskryf, byvoorbeeld die Psalms ('*ein kleine Biblia*'), Genesis 24:7, Lukas 2:11 ('*totam scripturam*'), die kategismus ('*der leyen biblia*') of die Credo ('*meine Bibel*') – vergelyk Beutel ([2005] 2010a:446–447) vir dié en talle ander verwysings in hierdie verband.

### ☐ 5.3.2.3. Skrifverstaan as onderskeidingsleer

Teologie is vir Luther 'onderskeidingsleer' (vgl. Beutel [2005] 2010b; Ebeling [1995] 2015). Teologie en filosofie, wet en genade en Moses en Jesus moet onderskei word om die evangelie te begryp. Een van die onderskeidings waarmee Luther werk, is dié tussen letter en Gees. Een van sy (WA 55(I), 1, 4, 25–26; soos aangehaal in Beutel [2005] 2010b:450) bekende uitsprake lui: 'In sake die heilige Skrif is dit absoluut noodsaaklik om Gees en letter te onderskei, aangesien dít van iemand 'n ware teoloog maak' ('*In Scripturis Sanctis optimum est Spiritu ma litera*

*discernere, hoc enim facit vero theologum*'). In dieselfde trant sê hy (WA 39(I), 552, 12–13; [1539] 1926a:552) elders oor wet en evangelie: 'Wie in staat is om [hierdie twee sake] goed te onderskei is 'n goeie teoloog' ('*Haec qui bene novit distinguere, bonus est theologus*'). Die noodsaaklikheid om in die teologie met onderskeidings te werk, is nie slegs 'n eksegetiese metode nie, maar het te make met 'n antitetiese werklikheidswaarneming. In die Bybel vind hy (WA 40(I), 391, 3–5; [1531–35] 1911:391) hierdie prinsiep paradigmaties voorhande. 'Die Bybel het die uniekheid dat dit vol antiteses is, en dit is heel vrugbaar om hierdie antiteses waar te neem en die Bybel hieruit te interpreteer' ('*Scriptura habet modum, quod plena antithesibus; et est quoddam genus fecundum, interpretari scripturam per Antitheses et eas videre*'). Hoe Luther die onderskeidingsbeginsel konkreet toepas, kan op 'n paar ander plekke gesien word – veral dáár waar daar oor wet en evangelie en geloof en werke gehandel word. Vergelyk in Beutel ([2005] 2010b:450–454), talle aanhalings oor hierdie tema.

## 5.3.3. Hermeneutiese vertrekpunte van Bybeluitleg

Om die Bybel in die eie taal te kan lees, is Luther se verdienste. Die vraag is egter, wat is die Bybel, wat vind ons daarin en wat is die hermeneutiese beginsels wat aangelê moet word in die uitleg van hierdie boek? Luther (WA 10(I), 8–18; [1522] 2012a:485–499) het hierdie vrae alreeds vroeg in sy loopbaan beantwoord, in die voorwoord tot die postille wat hy in die Wartburgkasteel[103]

103. Soos reeds gestel, het Luther tydens sy verblyf in die Wartburgkasteel 'n reeks postille geskryf. Weereens: 'n postil is 'n eksemplariese voorbeeld van 'n preek oor 'n bepaalde Skrifgedeelte. Die klem val egter op die regte interpretasie van Bybeltekste. Luther ([1522] 2012a) het vir die gedrukte uitgawe van hierdie postille in 1522 'n voorwoord geskryf. Dié voorwoord is in der waarheid 'n inleiding tot die Reformatoriese Skrifuitleg. Ons kry dus in die teks met die hermeneutiese beginselsake in die Reformatoriese teologie te make. Die teks kom ook ooreen met sy voorrede tot die Nuwe Testament. Twee belangrike sake kom in die teks na vore: (1) Daar is ondanks die literêre verskille 'n geestelike eenheid in die Nuwe Testament, en (2) die fokus van die Nuwe Testament val op Jesus Christus, en wel op Hom as 'gawe' (*sacramentum*) en nie op Hom as 'voorbeeld' (*exemplum*) nie.

geskryf het. In hierdie voorwoord (wat deesdae as ’n aparte dokument beskikbaar is) maak Luther ’n aantal uitsprake wat sentraal staan in sy verstaan van die Woord. In die eerste instansie leer hy dat ons die evangelie in die Skrif vind. Die evangelie moet nie verwar word met die vier Evangelies nie. Die evangelie vind ons ook in die ander boeke van die Nuwe Testament. Die evangelie is niks anders as die geskiedenis of die verhaal van Jesus Christus nie, en dit wat Hy vir ons kom doen het nie. Kort gestel (WA 10[I], 9; [1522] 2012a):

> Die evangelie is ’n vertelling van Christus, dat Hy God se Seun is, dat Hy vir ons mens geword het, gesterf en opgestaan het as Heer oor alle dinge. (p. 488, ll. 26-28)

Daar kan dus nie verskillende evangelies wees nie. Elke Bybelskrywer het nie sy eie evangelie nie. Almal vertel (op verskillende maniere en met verskillende invalshoeke) van die één evangelie van die Seun van God, die seun van Dawid.

In die tweede instansie moet daarteen gewaak word dat daar nie van Jesus ’n Moses gemaak word nie, met die veronderstelling dat Hy niks anders doen, en is, as om moraliteit te leer en ’n voorbeeld te stel nie. Wie só oor Christus dink, kan net sowel op ’n heilige staatmaak. ‘Kortom: dié soort lees [van die Bybel] maak van niemand ’n Christen nie; dit maak slegs huigelaars van mense’ (WA 10(I), 11; [1522] 2012a:490, ll. 28–30). Christus is natuurlik ook ’n voorbeeld, maar Hy is in die eerste plek ’n gawe van God aan die mensdom. Deur Christus eksegeties uit te lê as gawe, sal die liefde van God ontdek kan word – en dít sal mense wat na die prediking luister, vrolik en bly maak. Eers hierna moet ’n mens begin om van Jesus as voorbeeld te praat. Die regte verhouding tussen Christus as gawe en Christus as voorbeeld is een van die hoekstene van Reformatoriese teologie. Luther (WA 10(I), 12–13; [1522] 2012a) vat dit pragtig saam:

> Christus as gawe voed jou geloof en maak van jou ’n Christen. Christus as voorbeeld oefen jou werke; dít maak nie van jou ’n Christen nie, maar spruit daaruit voort, aangesien jy reeds ’n Christen gemaak is. In soverre jy nou gawe en voorbeeld onderskei; in soverre onderskei jy geloof en werke. Die geloof is nie op sigself iets besonders nie;

> dit het slegs Christus se werk en lewe. Die werke het iets van jouself; maar dit is nie veronderstel om aan jouself te behoort nie, maar aan jou naaste.[104] (p. 492, ll. 22–28)

Luther (WA 10(I), 13–15; [1522] 2012a:492–496) vertrou dat almal op grond van bogenoemde onderskeid wat hy tref, sal besef dat die Bybel nie primêr ’n boek van wette en voorskrifte is nie, maar ’n boek van Goddelike beloftes, waarin Hy ons sy goedheid en gawe in Christus belowe, aanbied en skenk.

Luther sluit die voorrede af met ’n uitspraak wat terugskouend, vir mense uit die Gereformeerde tradisie, bevrydend kan wees. Lank voordat die Gereformeerde ortodoksie van die Bybel ’n nuwe pous gemaak het, ’n heilige boek wat uit die hemel geval het, het Luther (WA 10(I), 17; [1522] 2012a) die volgende gesê wat vandag weer oordink moet word:

> Die evangelie is wesenlik nie skrif nie, maar mondelingse woord wat die Skrif hoorbaar maak, soos wat Jesus en Paulus ook gedoen het. Daarom het Christus self nie geskryf nie, maar slegs gepraat, en is sy leer nie skrif nie, maar word dit evangelie, dus ’n goeie boodskap of verkondiging genoem, wat nie met ’n pen nie, maar met die mond voorgedra moet word. Op grond van die teendeel, maak ons uit die evangelie ’n wetboek, ’n gebodsleer, en maak ons van Christus ’n Moses, van die Heiland dus slegs ’n leraar.[105] (pp. 496, l. 35–498, l. 4)

---

104. *Luther se oorspronklike woorde: ‘Christus als eyn gabe / nehret deynen glawben vnd macht dich tzum Christen. Aber Christus als eyn exempel / vbet deyne werck / die machen dich nit Christen / szondern sie gehen von dyr Christen schon zuvor gemacht. Wie ferne nu gabe vnd exempel sich scheyden / szo fern scheyden sich auch glawbe vnd werck / der glawb hatt nichts / eygens szondern nur Christus werck vnd leben / Die werck haben etwas eygen von dyr / sollen aber auch nit deyn eygen / szondern des nehisten seyn.’*

105. *Luther stel: ‘Vnd Euangeli eygentlich nitt schrifft /* szondern *mundlich wort seyn solt / das die schrifft erfur truge / wie Christus vnd die Apostel than haben / Darumb auch Christus selbs nichts geschrieben / szondern nur geredt hatt / vnd seyn lere / nit schrifft / sonder Euangeli / das ist eyn gutt botschafft odder vorkundigung genennet hatt / das nitt mit der feddernn / szondern mit dem mund soll getrieben werden. Alszo faren wyr tzu vnd machen ausz dem Euangeli / eyn gesetz buch / eyn gepott lare / ausz Christo eynen Mosen / ausz dem helffer nur eynen lerer.’*

## 5.3.4. Die voorwaardes vir korrekte Skrifverstaan

In 1539 verskyn die eerste band van Luther se Duitse geskrifte. Vir hierdie versameling het hy (WA 50, 657–661; [1539] 2012b) 'n belangrike voorwoord[106] geskryf waarin hy kortliks verduidelik 'wat die regte aard en wyse is om die Heilige Skrif te bestudeer' (WA 50, 658; [1539] 2012b:662, ll. 24–25).

Aangesien Luther die uitleg van die heilige Skrif as ware en regte teologie verstaan, kan hierdie geskriffie as 'n inleiding tot sy teologie beskou word. Volgens hom kom sy benadering tot die Skrif ooreen met Dawid se benadering, soos wat dit in Psalm 119 na vore kom. In hierdie Psalm blyk dit dat korrekte Skrifuitleg van drie aksies afhanklik is, te wete gebed (*oratio*), meditasie (*meditatio*) en aanvegting (*tentatio*).

### 5.3.4.1. Gebed (*oratio*)

Die heilige Skrif is 'n boek wat alle ander boeke na 'n grap laat lyk, aangesien geen ander boek oor die ewige lewe handel nie. Om hierdie boek te verstaan kan jy nie slegs op jou verstandelike vermoëns staatmaak nie. Jy moet God in jou binnekamer in deemoed en in nederigheid bid om aan jou die Heilige Gees te skenk wat jou verstand kan verlig sodat jy die diepste intensies van die Skrif kan verstaan.

### 5.3.4.2. Meditasie (*meditatio*)

Om die Bybel te verstaan is dit nodig om die Bybel weer en weer te lees – nie net sag nie, maar hardop. Saam met die lees van die

106. Volgens die inleiding van J. Schilling tot ([1539] 2012b:659) het Luther lank gehuiwer om so 'n bundel van sy Duitse geskrifte te publiseer. Hy was van oordeel dat die mense eerder die Bybel self moes lees. Nadat hy oortuig is om dit wel te doen, het hy die belangrike voorwoord geskryf (net soos hy later ook 'n voorwoord vir die eerste uitgawe van sy Latynse geskrifte geskryf het). Daar is in 1539 'n uitgawe in Wittenberg gedruk en in 1540 'n verdere uitgawe in Nürnberg. Die twee voorwoorde kom nie presies ooreen nie. Ek verlaat my op die Wittenbergse uitgawe.

tekste moet daaroor gemediteer word – daar moet daaroor nagedink word. Vir Luther is nadenke nie slegs 'n intellektuele aktiwiteit nie, aangesien hy onder 'meditasie' ook sang, gebed en gesprek met ander verstaan. Al die sintuie moet dus ingespan word om die Woord te verstaan.

### 5.3.4.3. Aanvegting (*tentatio*)

Om die Bybel te verstaan is dit ook nodig om oor eie lewenservarings na te dink en om in 'n kritiese gesprek met ander se worsteling oor die verstaan van die evangelie te gaan. Konfrontasie met ander se kritiese menings en die eie twyfel wat voortspruit uit negatiewe lewenservarings, is ook onontbeerlik vir groeiende begrip van die evangelie. Begrip vir die Bybelse inhoud ontwikkel dus oor tyd. Dit kan nie vinnig, intellektueel aangeleer word nie, maar groei op grond van gebed, meditasie, lewenservaring en kritiese gesprek.

Luther eindig sy betoog met 'n laaste belangrike opmerking. Hy verwag van die teoloog, die eksegeet, die verkondiger van die Woord *nederigheid*. Hoogmoed en teologiese verwaandheid pas nie by die uitleg van die Skrif nie. Hy self meen nie dat hy 'n wafferse bydrae tot die Skrifuitleg maak nie, en is daarom oortuig dat ander lesers en uitleggers van die Bybel ook maar nederig moet bly. Talle teoloë ken die deug vandag nie meer nie. Daarom (WA 50, 660–661; [1539] 2012b):

> Voel jy dat jy 'n prominente mens is, en is jy van mening dat jy alles in 'n greep het, en spog jy met jou eie boeke, leer of geskrifte, so asof jy dit heel voortreflik gemaak en treffend gepreek het, en hou jy ook daarvan dat jy voor ander mense geprys word, en wil jy nog geloof word selfs wanneer jy treurend rondsit of nalaat [*om ywerig te werk*] – is jy só iemand, my liefste mens? Gryp jouself dan aan die ore, en wanneer jy dit behoorlik vasgevat het, dan sal jy 'n paar groot, lang, growwe donkie-ore voel [...] Die slotsom: Laat ons eer soek en hoogmoedig wees op plekke waar dit vanpas is. In sake hierdie boek, kry God alleen die eer. En dit beteken: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee

Hy genade (1 Pet 5:5). Aan Hom kom die eer toe in alle ewigheid. Amen.[107] (pp. 666, l. 29–668, l. 6)

# 5.4. Teologiese verband

## 5.4.1. Kerk van die Woord

In die lig van die feit dat die Woord van God vir Luther sentraal staan, is dit 'n logiese konsekwensie dat die kerk vir hom kerk van die Woord sal wees. Sy gedagte van kerk van die Woord het algaande konkrete gestalte gekry. In die twintigerjare van die 16[de] eeu moes hy noodgedwonge rondom minstens twee sake koers aandui. Die eerste kwessie het te make met die kerkregtelike begronding van die idee 'kerk van die Woord'. Die tweede kwessie het met die liturgie van hierdie nuwe kerkformasie te make. Aan dié twee kwessies word daar nou aandag gegee en dan word die gedeelte afgesluit met 'n teks wat ons insae gee in Luther se praktiese implementering van hierdie nuwe gestalte van kerkwees.

(1) Vir die kerkregtelike begronding van Reformatoriese kerkwees, word daar gekyk na 'n klein geskriffie (WA 11, 408–416; [1523] 2015a) wat in Mei 1523 gepubliseer is.[108] Dit handel oor die

107. Luther beveel aan: '*Fuelest du dich aber / vnd lessest dich duencken / du habest es gewisz / vnd kützelst dich mit deinen aigen Büchlein / leren oder schreiben / als habest du es seer köstlich gemacht / vnd treflich gepredigt / Gefellet dir auch seer / daz man dich für andern lobe Wilt auch villeicht gelobt sein / Sonst würdestu trawren oder ablassen. Bist du der har / Lieber / so greiff dir selber an deine Ohren / Vnd greiffest du recht / so wirst du finden ein schoen par / grosser / langer / rauher Eselszohren [...] Summa / Last vns ehre suchen / vnd hochmütig sein / wo wir mögen / In diesem Buch ist Gottis die Ehre allein / Vnd heisst. Deus superbis resistit, humilubus autem dat gratiam (1 Petr 5,5). Cui est gloria in secula seculorum. Amen.*'

108. Die historiese agtergrond is die volgende: In hierdie geskriffie reageer Luther op die brief van die stadsraad van die dorpie Leisnig wat einde 1522 twee Protestantse (of beter gesê, evangeliese) predikante beroep het, en wou weet of hulle reg gehandel het? Die handeling was in stryd met die patronaatsreg van die Sistynse Kloosterorde (*Zisterzienserkloster*). Aangesien die Roomse simpatiseerders die saak as 'n kerkregtelike kwessie wou dryf, is Luther om 'n kerkregtelike mening gevra. Hy reageer egter met 'n Skriftuurlike begronding van die Reformatoriese ampsbeskouing en die gepaardgaande reg van die gemeente. Die priesterskap van die gelowige en die amp van dienaar van die Woord het reg op grond van diens aan die Woord. Hiermee neem Luther afskeid van die Roomse kerkreg en baan die weg vir Protestantse gemeentes om kerk te wees op grond van en ten dienste van die Woord (vgl. inleiding van Korsch & Schilling by [1523] 2015a:385).

vraag of 'n Christelike gemeente die reg en volmag het om self leeraangeleenthede te beoordeel en predikante te beroep, te bevestig en uit diens te ontslaan? Hoe kan hierdie regsaanspraak uit die Skrif begrond word?

Luther begin met die vraag waar en wie die Christelike gemeente is? Vir hom kan daar slegs een antwoord wees: Dáár waar die suiwer evangelie gepreek word. Daar kan nie kerk wees waar die evangelie nie verkondig word nie en slegs menslike leerstellings versprei word. Luther beskuldig die biskoppe, kloosters en stigters van die pous-kerk van hierdie dinge (WA 11, 408; [1523] 2015a:386). Vervolgens argumenteer hy dat leraars en pastorale beraders (*Seelsorger*) nie op grond van menslike wette en regsbeginsels, en ou gebruike en gewoontes uit die amp onthef moet word nie, maar slegs op grond van voorskrifte uit die Skrif. Luther betwyfel dus of die 'pouslike reg' die gepaste instrument vir kerklike tug is. Elke gewone Christen behoort mettertyd agter te kom wie geskik vir dienswerk in die kerk is, en wie nie is nie. Volgens Johannes 10 ken die skape die stem van die herder en sal hulle nie agter 'n vreemde stem aanloop nie. 'Tugbevoegdheid' behoort dus in die hande van die gemeentelede te wees. Hulle moet oordeel of 'n ampsdraer 'n gehoor verdien of nie. Nie die biskoppe en die konsilies moet op grond van ou gewoontes en gebruike besluit wie in 'n gemeente mag dien nie, maar die gemeente moet op grond van God se Woord besluit wat reg en verkeerd is. Hy verwys onder meer na 1 Tessalonisense 5 en Matteus 24 as begronding vir die reg van die gelowige. Hierdie reg is volgens hom ook 'n plig om diegene te vermy, en selfs uit die amp te onthef wat die Woord nie reg en volledig verkondig nie (WA 11, 409–411; [1523] 2015a:386–392).

Luther beredeneer in die tweede instansie die amp van dienaar van die Woord. Aangesien die gemeente nie sonder die Woord kan wees nie, behoort daar iemand te wees wat hierdie Woord aan hulle kan verkondig. Die priesterskap van die gelowige is vir Luther nie genoeg nie, aangesien die gemeente 'n persoon amptelik moet beroep om die openbare Woordverkondiging te hanteer. Eers egter 'n paar opmerkings oor die priesterskap van die gelowige: Alle lidmate is daartoe geroep om die Woord onder alle

omstandighede te verkondig. Veral in omstandighede waar daar geen gestruktureerde gemeente is nie, behoort 'n Christen die Woord 'uit broederlike liefde' aan almal in die omgewing te leer. Hy beroep hom op Handelinge 6–8 en 18. Luther noem die situasie buite 'n gestruktureerde gemeente 'n 'noodtoestand' – en in 'n 'noodtoestand' geld die normale wette en reëls nie. Hy (WA 11, 412; [1523] 2015a:394, ll. 13–14) stel dit só: 'Die nood verbreek elke wet en ken geen wette nie. Die liefde is egter verplig om te help, wanneer daar niemand is wat help of kan help nie.'[109] Op plekke waar daar wel ander Christene is met dieselfde volmag en gelyke reg, behoort 'die priester' hom nie op ander af te dwing nie. Hy moet toelaat dat die gemeente iemand kies en beroep as verteenwoordiger en om in opdrag van die gemeente te preek. Die gemeente, die draer van die evangelie, het volmag om 'n persoon te beroep om die openbare prediking te behartig. Om hierdie rede verwerp Luther die gedagte dat 'n ander magsinstansie die besluite namens die gemeente moet neem. Sou die omstandighede van só 'n aard wees dat die biskoppe 'n predikant moet aanwys, kan hulle dit nie doen sonder oorleg met die gemeente nie (WA 11, 412–415; [1523] 2015a:392–400). Luther sluit af met 'n laaste opmerking oor die amp van dienaar van die Woord wat vermelding verdien. Hy is van mening dat die doopbevoegdheid in bepaalde omstandighede na ander ampte oorgedra kan word. Dit kan vandag moontlik vir ons vreemd klink, maar dit was 'n aanvaarbare praktyk in die Vroeë Kerk en in die Hervormde Kerk in Nederland.[110] Luther (WA 11, 415–416; [1523] 2015a) argumenteer soos volg:

> Aan wie die amp van predikant oorgedra word; aan hierdie persoon word die hoogste amp in die Christendom oorgedra. Hy kan ook

109. Luther se woorde: '*Denn nott bricht alle gesetz und hatt keyn gesetze / So ist die liebe schuldig tzu helffen / wo sonst niemandt ist der hilfft odder helffen solt.*'

110. In die Vroeë Kerk is die doop van veral vroue aan diakonesse oorgelaat. Vergelyk in Guy (2004:217–247) 'n grondige oorsig oor die dooppraktyk in die Vroeë Kerk. Die klassis Amsterdam van die Nederlandse Hervormde Kerk het in 1599 toestemming gegee dat vroedvroue op die skepe die doop mag bedien, nadat hulle daartoe gelegitimeer is. In die 17[de] en 18[de] eeue was daar egter heftige debatvoering oor die doopvergunning aan diakonesse. Vergelyk in Brienen (1983:352–387), 'n oorsig oor die debat.

> doop, nagmaal bedien en die pastorale sorg behartig, óf hy kan, wanneer hy nie wil nie, met die preekplig volstaan en die doop aan ander, geringer dienste [*of ampte*] oorlaat, soos wat Christus en ook Paulus en die ander apostels gedoen het – Handelinge 4.[111] (p. 400, ll. 12–17)

Naas die opmerking oor die doopbevoegdheid is dit belangrik om in die aanhaling ook ’n ander saak raak te sien wat vandag aktueel is. Volgens Luther is die primêre werk van ’n predikant die prediking. Hy sou nooit goedkeuring kon verleen aan die praktyk waarvolgens ’n predikant primêr as ’n ‘gemeentebestuurder’ optree nie. Bestuur en administrasie kan nie die hooftaak van die predikant wees nie. Waar dít gebeur, word daar van die Reformatoriese grondoortuigings afgewyk.

(2) Indien die kerk die kerk van die Woord is, moet die liturgiese gestaltegewing van kerkwees om die gebruik van die Woord sentreer. Die liturgiese gestaltegewing van die evangeliese eredienste het mettertyd plaasgevind. Die liturgie het nie oornag uit die lug geval nie, maar het algaande, met verloop van tyd, gestalte aangeneem. Dit is belangrik om as Afrikaanssprekendes, dalk vir die eerste keer in ons geskiedenis, aan die vroegste liturgiese literatuur in die Protestantisme blootgestel te word. Talle van Luther se grondoortuigings is vanselfsprekend binne die Afrikaanse kerke. Dit is egter nodig dat ons weet waarvandaan dié oortuigings kom en hoekom hulle so belangrik is. Namate die getalle in ons kerke verminder en die finansiële posisie verswak, is daar talle pogings om nuwe rigtings in te slaan. Die kommer bestaan dat nuwe ekklesiologieë op ons afgeforseer word wat nie die grondoortuigings van die Reformasie respekteer nie. Historiese teologie se bydrae tot eietydse teologiese debatte bestaan daarin dat die primêre geskrifte rakende bepaalde temas blootgelê word. Hierdie blootlegging van kernaspekte van die Reformatoriese ekklesiologie kan ons dalk van dwaalweë red.

111. *Luther se woorde: ‘Darumb* wem das predigt ampt auffgelegt wirt dem wirt das hohist ampt auffgelegt ynn der Christenheyt / der selb mag darnach auch teuffen / mesz halten vnd alle seel sorge tragen / odder so er nicht will / mag er an dem predigen alleyne bleyben / vnd teuffen vnd andere vnter ampt andern lassen. Wie Christus thett vnd Paulus vnd alle Apostel Act. 4.’

In 1523 skryf Luther ’n kort traktaat *Oor die orde van die erediens in die gemeente* (WA 12, 35–37; [1523] 2015d).[112] Hy gee leiding aan die gemeente Leisnig, maar so ook aan al die evangelies-gesinde gemeentes wat hulle eredienste wil hervorm. Volgens Luther was daar drie misbruike in die Roomse eredienste wat reggestel moes word: Die eerste is dat die Woord van God verswyg is. Om af en toe daaruit te lees en daaroor te sing is nie goed genoeg nie. Tweedens het daar allerlei Christelike fabels en leuens in legendes, gesange en preke die erediens binnegesluip – juis omdat die Woord op die agtergrond geskuif is. Derdens is die erediens as ’n goeie Christelike werk beskou waardeur God se genade en beloning verdien kon word. Om hierdie misstande te oorkom moet die volgende gebeur: Wanneer die gemeente gedurende die week byeenkom, moet daar uit die Woord gepreek en kort gebede gebid word. Hierdie byeenkomste kan vroeg in die oggend of later in die aand (soos in die Vroeë Kerk) plaasvind. Die gemeente moet egter vry voel om reëlings te tref wat ’n handvol gemeentelede sal pas. Verkieslik moet ’n Bybelboek hoofstuk vir hoofstuk (*lectio continua*) deurgewerk word. Naas die voorlees van die teks, moet iemand dit uitlê sodat almal kan verstaan wat geskryf staan. Merkwaardig genoeg, beveel Luther aan dat daar by hierdie oggendbyeenkomste (wat ongeveer 30 minute kan duur) op die Ou Testament gekonsentreer moet word sodat daar tydens die aandbyeenkomste op die Nuwe Testament gekonsentreer kan word. Die byeenkoms word afgesluit deur gebed en samesang. Sondae moet daar eredienste vir die hele gemeente wees. Soggens moet daar verkieslik uit die evangelies

112. Terwyl Luther in 1521–1522 in die Wartburg geskuil het, is daar al aanpassings aan die erediens in Wittenberg gemaak. Spoedig daarna gebeur dit ook op ander plekke waar die Reformatoriese idees omarm word. Die verskillende gemeentes het egter leiding van Luther verwag. In die herfs (ons lente) van 1522 reis Luther na die dorpie Leisnig, tussen Leipzig en Meissen, om dáár ’n hervormingskonferensie by te woon. Drie sake is bespreek: Hoe die gemeentelike finansies herstruktureer kan word, of die gemeentes die reg het om predikante te beroep en hoe die erediens hernieu kan word? Op 29 Januarie 1523 belowe hy die stadsraad dat hy ’n kort handleiding sal opstel oor hoe daar gesing, gebid, gelees en gepreek kan word. Kort na Paasfees 1523 word sy handleiding in traktaatvorm gepubliseer. Die kern van die handleiding gaan oor die sentraalstelling van die Woord. In die klein geskriffie word die eerste tree gegee om ’n eie Protestantse liturgie daar te stel (vgl. inleiding van Korsch & Schilling by Luther [1523] 2015d:419).

gepreek word en saans uit die briewe van die apostels. Die gemeente kan self die frekwensie van die bediening van die nagmaal bepaal. Wat egter gelaat moet word, is die daaglikse nagmaalviering, aangesien die hoofklem op die Woord moet val. Naas die Psalms moet Skrifgetroue gesange gesing word. In die tweede plek, argumenteer Luther, moet al die feeste ter ere van die heiliges afgeskaf word. Indien daar egter verhale is wat 'n opbouende rol kan speel, kan dit wel van tyd tot tyd in die prediking aangeraak word. Aangesien Luther aanvanklik nie té rewolusionêr wou wees nie, het hy in 1523, merkwaardig genoeg, geoordeel dat die teologiese gedagtes oor Maria se geboorte en hemelvaart voorlopig geduld moet word, maar dat die liturgieë van dié feeste verwerp moet word (WA 12, 37; 2015d:424, ll. 20–27). Die belangrikheid van byeenkomste en eredienste is dat die Woord sentraal sal staan en die evangeliesgesinde gemeentes moet toesien dat die Woord nooit weer op die agtergrond geskuif word nie.

Drie jaar later, in 1526, skryf Luther (WA 19, 72–78; [1526] 2015b) sy beroemde *Duitse mis, óf die orde van die erediens*. Die voorwoord tot hierdie publikasie[113] is van groot waarde om die ontwikkeling van die Protestantse liturgie verder te volg. Luther begin die voorwoord ook met 'n verwysing na die Christelike vryheid. Geen liturgie is veronderstel om 'n

113. Luther se herbesinning oor die dialektiek van Woord en geloof het die behoefte aan 'n nuwe liturgie vir die erediens laat ontstaan. Sedert 1522 het Duitse erediensformuliere op verskillende plekke ontstaan. Een van die bekendes kom uit die pen van Thomas Müntzer in Allstedt. Daar was egter 'n behoefte aan eenvormigheid, en om hierdie rede is daar van Luther verwag om 'n gesaghebbende liturgie op te stel. In 1524 het hy huiwerig hiermee begin, bekommerd dat 'n nuwe evangeliese wettisisme hieruit sal spruit. Op 29 Oktober 1525 is Luther se 'Duitse mis' vir die eerste keer, as 'n eksperiment in die stadskerk in Wittenberg, gevolg. Die keurvors was só beïndruk dat hy versoek het dat die liturgie gedruk en versprei moes word. Op Kersdag 1525 is dit amptelik in gebruik geneem en vroeg in 1526 is dit gedruk. In die lang voorwoord ontwikkel Luther die kontoere van 'n Protestantse erediens waar die Woord sentraal staan. Die Duitse erediens moes eenvoudige, ongeletterde mense en kinders akkommodeer. Geloofsonderrig of kategese moes 'n belangrike aspek van die prediking wees. Die erediens was dus gerig op diegene wat met erns Christene wou wees. Die latere Lutherse piëtiste sou hierin die gedagte van 'n '*collegia pietatis*' vind. Hulle het dit egter voortdurend verswyg dat Luther tegelykertyd teen 'sektevorming' gewaarsku het (vgl. inleiding van Korsch & Schilling by Luther [1526] 2015b:429).

onveranderbare wet te wees nie. Omstandighede kan moontlik vereis dat sekere aspekte van die liturgie aangepas word. Solank die eer van God en die welwese van die naaste gedien word, kan sekere aspekte van die liturgie wel aangepas word. In die lig hiervan is hy van oortuiging dat die Wittenbergse liturgie nie noodwendig oral volledig afdwingbaar moet wees nie. Nogtans sal dit goed wees indien daar tot 'n groot mate ooreenstemming sal wees in die liturgie. Die rede wat Luther aanvoer, is nogal belangrik. Ter wille van diegene wat dit oorweeg om Christene te word, moet daar 'n eenduidige en geordende liturgie wees. Kinders en diegene buite die Christendom (soos die Turke) moet die inhoud van die evangelie uit die liturgie kan leer ken. Die erediens moet geloofskeppend en geloofopbouend wees sodat die ryk van Christus op hierdie wyse uitgebou kan word (WA 19, 72–73; [1526] 2015b:430–432).

Volgens Luther bestaan daar drie soorte eredienste, elkeen met 'n eie liturgiese karakter. In die eerste instansie is daar die eredienste in die Latynse taal. In daardie stadium was hy nie ten gunste van die totale afskaffing van hierdie eredienste nie. Hy was wel ten gunste van die beperkte gebruik van Latyn in ander eredienste – ter wille van die jeug wat nog steeds Latyn moes leer. Nogtans verkies hy eredienste in die eie taal. Hy verwys na die Waldensers in Boheme wat lankal preke in hulle moedertaal hoor. In die tweede instansie moet daar 'n erediensorde wees vir die Turke of Duitsers wat nie Christene is nie. Waar daar geen geordende en vaste versameling van gelowiges is nie, kan die byeenkomste ingerig word met die oog daarop om mense nader te trek na die geloof en die Christendom.[114] In die derde instansie moet daar 'n erediensorde wees vir 'diegene wat met erns Christene wil wees'. Vir hierdie mense moet daar, minstens tydens die aanddienste, kategismusprediking wees. Mense wat erns maak met die Christelike geloof moet weet wat dit behels. Die beste manier om mense, volwassenes en kinders, hieroor te

114. Om te beweer dat Luther geen 'missionale bewussyn' gehad het nie, is dus totaal verkeerd. Hier maak hy liturgiese voorstelle met die oog op die 'sendingpogings' van gemeentes.

onderrig is aan die hand van 'n kort kategismus waarin die Tien Gebooie, die geloofbelydenis en die Onse Vader verduidelik word. Luther besef dat die Duitsers 'n 'wilde, rowwe, hardkoppige volk' is wat nie maklik nuwe dinge omarm nie – maar hulle moet maar leer. Nogtans waarsku hy teen 'sektevorming' of gemeentes wat hulleself as elitegemeentes beskou omdat hulle die kategismus ken. Verbasend genoeg, stel Luther dit ook in dié verband dat kennis van die kategismus nodig is wanneer kinders en heidene oor die Christelike geloof geleer wil word. Met ander woorde: Vir 'sending' en 'evangelisasie' is kennis van die kategismus onontbeerlik. Sonder kennis oor die kernsake van die geloof kan ander buite die kerk nie geleer word nie. Kategismusonderrig loop vanaf die gemeentelike erediens oor in die 'huisgodsdiens' waar ouers hulle kinders verder onderrig. Die vennootskap tussen kerk en ouerhuis was vir Luther dus vanuit die staanspoor belangrik. Luther het gemeen dat die band tussen die erediens en tuisonderrig verder versterk kan word wanneer ouers bepaalde uitsprake en teksverse wat in die prediking na vore gekom het, na die huis neem waar dit opgeteken en in 'geloofsakkies' geplaas kan word om dan later weer gelees en oordink te word. Ten slotte: kennis van die Skrif was vir Luther belangrik, maar kennis van die grondwaarhede van die Skrif was nog belangriker. Daarom moes die Skrif aan hand van die kategismus geleer word (WA 19, 74–78; [1526] 2015b:432–440).

## 5.4.2. Die gebruik van die Woord by formele kerklike pligplegings

In 1546 word die rede gepubliseer wat Luther gelewer het tydens die inwyding van die eerste Protestantse kerkgebou in die kasteel van die keurvors Johann Friedrich van Sakse by Torgau.[115]

115. Die kasteelkerk van Torgau is die eerste Protestantse kerkgebou. Van buite lyk dit nie veel anders as die ander Laat-Gotiese kerkgeboue in die ooste van Duitsland nie. Die verskil met Roomse kerkgeboue is aan die binnekant te sien. Die gebou is eenvoudig en doelmatig. Daar is geen sprake van pronk en praal nie. Al wat binne gevind word, is die kansel, altaar, doopbak, banke en orrel. Toe keurvors Johann Friedrich van Sakse in 1532 opdrag gegee het om die kasteel Hartenfels in Torgau om te bou tot sy amptelike setel, het hy aanbeveel dat

Hierdie rede (WA 49, 588–616; [1546] 2015c) is ’n belangrike dokument ten opsigte van sy verstaan van die ekklesiologie. Die kerk is vir hom ten diepste die plek waar die Woord verkondig word en by die inwyding van dié historiese kerkgebou het hy verduidelik wat die kerk van Woordverkondiging veronderstel en impliseer.

Luther (WA 49, 588; [1546] 2015c) het aan die begin van die inwydingseremonie die volgende beroemde woorde uitgespreek met die verwagting dat almal sal besef wat die bedoeling is van ’n Protestantse kerkgebou – en eintlik die bedoeling van ’n Protestantse erediens:

> [*Die kerkgebou word ingewy*] met die bedoeling dat daar in hierdie huis niks anders sal gebeur as dat ons liewe Heer self met ons deur sy heilige Woord sal praat en ons weer met Hom sal praat deur gebed en lofsang nie. Daarom wil ons dat dit goed Christelik ingewy en geseën kan word – en nie soos by die kerke van die pousiste met hulle salwing en strooi van wierook deur die biskoppe nie – volgens God se bevel en wil, na God se Woord luister en dit bedink. En sodat daar op sy gebod en die toesegging van sy genade goeie vrugte kan volg, roep ons Hom gesamentlik aan deur die Onse Vader te bid.[116] (p. 854, ll. 4–19)

Ná die inleidende woorde gaan Luther voort om oor die twee voorgeskrewe tekste vir die 17de Sondag ná Trinitatis te preek.

(voetnota 115 gaan voort…)
daar ’n nuwe kapel gebou moet word. In Mei 1544 het die hoeksteenlegging plaasgevind. Op 05 Oktober het die inwyding plaasgevind. Johann Walter het ’n sewe-stemmige motet oor Psalm 119 gekomponeer vir die geleentheid. Luther het oor die evangelie-tekste van die 17de Sondag na Trinitatis (Luk 14:1–6 en Matt 23:6–12) gepreek. Luther se preek is ná sy dood in 1546 deur Caspar Cruciger uitgegee en deur Georg Rhau gedruk (vgl. inleiding van Korsch & Schilling tot Luther ([1546] 2015c:853).

116. Luther se eie woorde: ‘[A]uff das dis newe Haus dahin gericht werde / das nichts anders darin geshehe / denn das vnser lieber Herr selbst mit vns rede / durch sein heiliges Wort / vnd wir widerumb mit jm reden / durch Gebet vnd Lobgesang / Darumb / damit es recht vnd Christlich eingeweihet vnd gesegnet werde / nicht wie die Papisten Kirchen / mit jrem Bischoffs Chresem vnd reuchern / sondern nach Gottes befehl vnd willen / Wollen wir anfahnen Gottes wort zu hoeren vnd zu handlen / Vnd das solchs fruchtbarlich geshehe / auff sein Gebot vnd gnedige zusagung / mit einander jn anruffen / vnd ein Vater vnser sprechen.’

Daar is geen toesprake of seremonies nie – slegs prediking oor twee tekste uit die Evangelies. Luther wy die belangrike kerkgebou dus in deur gewoon uit die Woord te preek. Dít is wat in 'n kerkgebou moet gebeur, en selfs by die inwyding van die gebou kan en behoort dit slegs oor die verkondiging te gaan wat berus op eksegese van die teks voorhande en die hermeneutiese aktualisering daarvan vir die gemeente wat luister. Luther lê die twee tekste só uit dat die prediking tegelyk ook as leerredes verstaan sou kon word. By Lukas 14:1–6 gaan dit oor enkele aspekte van die ekklesiologie wat binne een van sy geliefde temas, die Christelike vryheid,[117] uitgelê word. By Matteus 23:6–12 gaan dit oor die sosiale werklikheidsverstaan en die uitdaging van die Christelike liefde. Alles in ag genome, is die inwydingsrede 'n voorbeeld van Bybelgetroue prediking wat tegelykertyd 'n inleiding is tot die ekklesiologie en die sosiale etiek.

### 5.4.2.1. Lukas 14:1–6 (Die man wat aan water gely het)

Luther konsentreer op die wettisisme van die Jode rakende die Sabbatdag en verduidelik dat die Christelike kerk deur die vryheid gelei word. Die implikasie is dat Christene nie deur vaste plekke, tye en rituele gebind word nie. Hulle is ook nie afhanklik van die priesterstand vir die verkondiging van die Woord nie. In hierdie verband maak hy (WA 49, 590–591; [1546] 2015c) die volgende uitspraak oor die priesterskap van die gelowiges:

> Ons egter, wat in die ryk van ons Heer Christus is, en daarom nie aan 'n bepaalde stand of spesifieke plek gebonde is nie, en daarom nie van een plek en een stand of uitverkore persone afhanklik is nie. Nee, ons is almal priesters, soos wat in 1 Pet 2 geskryf staan. Ons almal moet te alle tye en op alle plekke God se Woord en werke verkondig. Alle mense van alle stande kan tot die amp van verkondiger van

117. In Hoofstuk 4 is daar uitvoerig oor die Christelike vryheid gehandel.

> die Woord beroep word, indien hulle die genade en begrip van die Woord het om ander te onderrig.[118] (p. 856, ll. 32–39)

Die Christelike vryheid het meegebring dat Christene ’n ander dag as Saterdag vir hulle byeenkomste kon bepaal. Christene kan ook buiten Sondag bymekaarkom om die Woord te oordink. Die voorwaarde is egter dat die byeenkoms ordelik en eerbaar sal wees en dat die tyd die meeste mense sal pas sodat almal wat wil, teenwoordig kan wees. Die rede hiervoor is dat gebed ’n belangrike plek in die samekoms moet hê, en dit is altyd goed wanneer mense saam en eendragtig bid (WA 49, 592–593; [1546] 2015c:858–860). Vryheid is vir Luther altyd ook die vryheid om die naaste lief te hê en te dien. Ook in hierdie preek lê hy klem op die aspek van die Christelike vryheid. Vryheid is nooit slegs vryheid in liturgiese aangeleenthede nie, maar altyd ook vryheid tot naasteliefde en -diens. ’n Christelike samekoms waar daar slegs gepreek, gesing en gebid word en nie na die swakker lede se sorge omgesien word, voldoen nie aan Christus se verwagtinge nie. Uiteindelik kom alles neer op die regte interpretasie van die Derde Gebod, en die regte interpretasie is dat daar op ’n Sondag na die verkondiging van die Woord geluister sal word, dat daar tot die dood toe hieraan vasgehou sal word en dat die naaste in liefde gedien sal word (WA 49, 598; [1546] 2015c:868, ll. 19–23). Die eenheid van suiwer Woordverkondiging, sang, gebed en naasteliefde is waarop dit neerkom in ’n Protestantse kerkgebou.

### 5.4.2.2. Matteus 23:6–12 (ereplekke en voorste sitplekke)

Luther konsentreer in die tweede gedeelte van sy preek op die neiging van mense om belangriker te wil wees as wat hulle is.

118. Luther sê oor die priesterskap van die gelowiges: ‘*Aber wir / so im Reich vnser Herrn Christi sind / sind nicht also an ein Geschlecht / oder stete gebunden / das wir allein an einem ort / vnd aus einerley Geschlecht / oder einerley ausgesonderte Personen muesten haben / Sondern wir sind alle Priester (wie geschrieben stehet j. Pet. Ij) das wir alle / zu aller zeit vnd allerley orten / Gottes wort und werck verkuendigen sollen / Vnd aus allerley Personen / Geschlecht vnd stenden / moegen sonderlich zum Predigtamt beruffen werden / so die gnade vnd verstand der Schrifft haben / andere zu leren.*’

’n Besinning oor hierdie menslike problematiek bied aan hom egter die geleentheid om ’n paar basiese riglyne neer te lê vir die Christelike sosiale etiek. Luther bedink die sosiale etiek binne die raamwerk van die verskillende stande. Die ‘stande’ is in Luther se denke ’n meerduidige aangeleentheid. Dit wys heen na die verskillende beroepsgroepe, sosiaal-ekonomiese klasse en die verskillende sosiale rolle wat mense in ’n samelewing speel. Luther het 500 jaar gelede nog geoordeel dat mense in ’n bepaalde stand gebore word en dat jy veronderstel is om tevrede met en dankbaar daaroor te wees. Op die oog af lyk dit of ons hier met ’n agterhaalde werklikheidsverstaan te make het. Só eenvoudig is dit egter nie, aangesien daar by nadere betragting gesien kan word dat dit nie werklik om ’n statiese verstaan van klasse gaan nie, maar eerder om die rolverdeling in die lewe. Nie almal is professore nie, en nie alle studente kan professore wees nie. Almal is ook nie handelaars nie, en die konings kan hulle rol nie versaak om ook handelaars te wil wees nie. Volgens Luther moet almal doen wat hulle veronderstel is om te doen en moet hulle nie probeer om iets anders te wil wees nie. Die handwerker moet handwerker wees en bly – omdat hy ’n belangrike rol in die samelewing moet vervul. Die ambagsmanne moet hulleself nie as minderwaardig beskou en die samelewing moet hulle ook nie minderwaardig maak nie. Dit gaan dus vir Luther nie soseer om gedoem te wees tot ’n bepaalde sosiale klas nie, maar om die waardigheid van elke lid van die samelewing. Elkeen moet as God se skepsel gesien en gerespekteer word. Elkeen se bydrae tot die samelewing moet waardeer word, en niemand s’n moet as minderwaardig beskou word nie. God gee verskillende gawes en geleenthede aan verskillende mense. Dít moet gebruik word tot eer van God en voordeel van die naaste. Daar moet nie voortdurend gewens word om iets of iemand anders te wil wees nie. Weereens – desondanks die feit dat Luther ’n kind van sy tyd was en binne ’n samelewing moes funksioneer waar die adel adel was en die boere nie tot die adelstand kon opskuif nie, het hy tog eerder aan die sosiale rolverdeling gedink. Wat nuut, en Christelik is, is die waardigheid wat hy aan die swakste in die samelewing toeken. Die adel mag nie op die boere neersien omdat hulle boere is nie

en die boere moet hulself nie as minderwaardig beskou nie. Adel en boer moet mekaar wedersyds dien sodat daar vrede en voorspoed kan wees. Luther kon nie van die klassebestaan van die Laat Middeleeue wegbreek nie, maar hy het begin om die mure af te breek in die rigting van 'n vrye, klaslose samelewing. Die kerk (onder meer in Torgau) moes vir Luther die voorbeeld gewees het van die nuwe samelewing waarin vors en onderdaan saam onder die Woord vergader om saam te aanbid en mekaar met hulle gawes te dien. Waar die Woord reg verkondig word en die boodskap in geloof aangeneem word, dáár ontstaan 'n nuwe gemeenskap waar die liefde en vrede gedy (vgl. WA 49, 605–614; [1546] 2015c:876–890).

## ■ 5.5. Oorsig

Die hoofstuk handel oor Luther se ontvoering na die Wartburg en sy verblyf en werk aldaar. Luther se werk aan sy postille, asook sy Bybelvertaling, geniet spesiale aandag. 'n Kort sistematiese oorsig van Luther se verstaan van die Woord van God word gegee, en dan word daar oorgegaan om aandag te gee aan enkele geskrifte van Luther wat met die Bybel en Bybelhantering te make het. Sy traktaat oor Bybelvertaling geniet deeglike aandag, aangesien Bybelvertalings 'n belangrike aktiwiteit in Afrika is. Daar is paragrawe wat handel oor Luther se hermeneutiese vertrekpunte, asook die voorwaardes vir die regte verstaan van die Skrif. In teologiese verband word gekyk na die kerk as die kerk van die Woord. Luther se praktiese hantering van die Skrif by kwessies soos die beroep van predikante word daargestel. Sy prediking by die inwyding van die eerste Protestantse kerkgebou word voorgehou as voorbeeld hoe daar in die praktyk met die Woord omgegaan moet word.

Hoofstuk 6

# Regverdiging en die werke

## 6.1. Inleiding

In die vorige hoofstukke het dit geblyk dat Luther se hantering van vraagstukke telkens uitgeloop het op argumente rakende die regverdiging deur die geloof alleen. Daar bestaan konsensus in die navorsing oor Luther dat die regverdigingsleer die kern van sy teologie uitmaak. Dit is dus ’n saaklike noodwendigheid dat ’n hele hoofstuk aan hierdie aspek van sy teologie afgestaan word. Aangesien Luther in talle geskrifte aan hierdie tema aandag gegee het, word die hoofstuk op ’n sistematiese wyse aangepak. Van sy eerste uitleg van die Psalms, tot en met sy dood, het hy telkens na die tema teruggekeer. Die verhouding tussen geloof en werke, regverdiging en liefde geniet ook in dié hoofstuk aandag omdat die godsdienstige moralisme onder Afrikaanssprekendes hoogty vier. Die oorskatting van moraal en etiek kan dalk gedemp word, wanneer daar na Luther se argumente gekyk word. ’n Paragraaf oor biografiese agtergrond ontbreek by die sistematiese uiteensetting, aangesien daar nie nog spesifieke gebeure (naas dié

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Regverdiging en die werke’, in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 155–176, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.06

wat alreeds bespreek is) was wat 'n rol gespeel het by sy voortdurende nadenke oor die regverdiging nie.

## 6.2. Sistematiese besinning oor die regverdigingsleer[119]

### 6.2.1. Die regverdigingsleer as die hart van Luther se teologie

Luther argumenteer dat die 'artikel van die regverdiging' die kern van die Nuwe Testament is en dat die kerk tot 'n val sal kom indien hierdie aspek van die evangelie nie met ywer verkondig word nie. In sy *Voorlesing oor Psalm 130:4* (1532) het Luther (WA 40(III), 352, 1–3; [1532–33] 1930) die volgende opmerking oor die 'artikel' van die vergewende geregtigheid van God gemaak:

> So het julle dit gehoor [...] dat hierdie vers [*Psalm 130:4*] die somtotaal van die Christelike leer en die ligstraal daarvan is, wat die heilige kerk van God verlig; [*die rede is*] dat wanneer dié artikel staan, die kerk staan, en wanneer dié artikel val, die kerk val.[120] (p. 352)

In die *Voorrede tot die promosiedisputasie van Palldius en Tilemann* van 01 Junie[121] 1537 sê Luther (WA 39(I), 205, 20–206, 23; [1537] 1926) die volgende aangaande die artikel:

> Die artikel van die regverdiging is meester en heer oor alle soorte van leer, en regeer elke gewete en die ganse kerk. Sonder dié [*artikel*] is die wêreld laf en die ene duisternis; geen dwaling kan heerskappy voer [*solank*] die artikel lewend is nie. Daarom is dit noodsaaklik dat hierdie artikel in die kerk sorgvuldig in die

119. Hierdie hoofstuk is 'n verwerkte en uitgebreide weergawe van I.W.C. van Wyk (2017). Nuwe perspektiewe is bygewerk.

120. Luther stel: '*Sic audivistis [..., ] quod iste versus [scil. Ps. 130:4] sit Summa doctrina Christianae et ille sol, qui illuminat Sanctam ecclesiam dei, quia isto articulo stante stat Ecclesia, ruente ruit Ecclesia.*'

121. Volgens Schilling (2006:XXXIV) het Luther hierdie spesifieke woorde op 01 September 1537 uitgespreek en nie op 01 Junie nie soos dit in die WA aangedui word.

> geheue behou sal word, veral wanneer jy ander wil leer. Ons laat reg geskied aan hierdie saak wanneer ons so dikwels as moontlik daaroor disputeer sodat ons harte en denke met sekerheid gevul kan word, en sodat ons weerstand kan bied teen die duiwel in al die gestaltes waarin hy hom voordoen. Wanneer ons nie hierin onderrig word nie, kan hy [*die duiwel*] ons in alle soorte van vertwyfeling laat verval. Hierdie leer is geen klein of geringe sakie nie, maar dit is vir die Christene, wat in oorlog teen die Satan gewikkel is, onmisbaar.[122] (pp. 205–206)

Dát die regverdiging die kern van Luther se teologie uitmaak, is nie te betwyfel nie. Wat is hierdie 'artikel' of 'leer'[123] egter, waarop kom dit ten diepste neer? In sy *Uitleg van Psalm 51:2* op 11 Junie 1532 verduidelik Luther (WA 40(II), 327, 11–328,17–20; [1532–38] 1914) dat die artikel oor regverdiging die onderwerp van die teologie omspan, naamlik die regverdiging van die sondaar:

> Goddelike [*wysheid*], of wysheid volgens die eintlike bedoeling van teologie, het te make met die kennis oor God en mens; weereens, [*teologiese wysheid*] is ten diepste kennis oor God en mens, met die uiteindelike bedoeling dat die [*kennis*] op die regverdigende God en die sondaarmens betrek sal word sodat dit kan blyk dat die eintlike onderwerp van die teologie die aangeklaagde en verlore mens en die regverdigende en reddende God is [...] Die unieke onderwerp van die teologie is [*dus*] die mens, wat aan die sonde skuldig en daaraan onderworpe is, en God, wat die sondige mens regverdig en red. Wat buite hierdie onderwerp om

122. Luther sê: *'Articulus iustificationis est magister et princeps super omnia doctrinarum genera, et gubernat omnem conscientiam et ecclesiam, sine quo mundus est insulsus et merae tenebrae, nec ullus est error, qui non irrepat et regnet sine illo. Ideo necessarium est, hunc locum habere diligenter cognitum in ecclesia, praesertim si alios docere velis. Recte igitur facimus, si quam saepissime de hac re disputamus, ut animi nostril fiant certi et ut possimus resistere diabolo in omni genere tentationum. Nisi enim hic institute erimus, potest nos in omnes desperationes protrudere. Haec doctrina non est parva aut de rebus levibus, sed necessaria est christianis hominibus, stantibus in acie contra sathanam.'*

123. Luther, Melanchthon en Calvyn het nie oor die regverdiging as 'dogma' of 'leer' gepraat nie. Regverdiging is deur hulle beskou as 'n daad van die barmhartige God. Ná die Eerste Wêreldoorlog het Karl Holl begin praat oor die 'regverdigingsleer'. Die meeste geleerdes van die 20ste eeu het hom hierin gevolg. Nogtans het die ongemak met dié woordgebruik uitgekring. Gerhard Sauter (1989) se aanbeveling om van regverdiging as 'grondbegrip van Evangeliese teologie' te praat lyk na 'n aanvaarbare oplossing.

> in die teologie nagevors en bevorder word, is dwaling en gif.[124] (pp. 327–328)

Luther het later in sy lewe, in 1536, as 'n ervare teoloog, ernstig oor menswees nagedink en is ook in sy teologiese antropologie[125] gestuit deur die regverdiging deur die geloof. Hy (WA 39(I), 176; [1536] 2006b) sê kort en kragtig op grond van Paulus se uitspraak in Romeine 3:28:

> 'Ons berus daarin dat die mens deur geloof geregverdig word, sonder werke', en daarmee word daar kortliks 'n definisie van menswees gegee, deurdat hy sê: Die mens word deur die geloof geregverdig (*Arbitramur hominem iustificari fide absque operibus, breviter hominis definitionem colligit, dicens, Hominem iustificari fide*). (p. 668, ll. 1–3)

'Regverdiging deur die geloof' en die 'geregtigheid van God' is nie net vir mense vandag vreemde uitdrukkings nie, maar was dit nog altyd gewees. Luther[126] het self hierdie ongemak by sy toehoorders bespeur en het daarom, soms innoverend, in estetiese taal oor die regverdiging gepraat. Die estetiese innovasie verdien aandag.

## 6.2.2. Estetiese innovasie

Die jong Luther was sterk onder die invloed van die Duitse mistiek. Die mistiek het geleer dat slegs dít wat onder die genade van God staan, in God se oë waardig is. Alles buite die sfeer van die genade het geen waarde nie – en is afstootlik. In sy *Eerste Psalmvoorlesings 1513–16* skryf hy (WA 4, 1–463, [1513–16] 1886) egter na aanleiding

124. Luther verduidelik soos volg: '*Cognitio dei et hominis est sapientia divina et proprie theologica, Et ita cognitio dei et hominis, ut referatur tandem ad deum iustificantem et hominem peccatorem, ut proprie sit subiectum Theologiae homo reus et perditus et deus iustificans vel salvator […]. Nam Theologiae proprium subiectum est homo peccati reus ae perditus et Deus iustificans ae salvator hominis peccatoris. Quicquid extra hoc subiectum in Theologia quaritur aut disputatur, est error et venum.*'

125. Vir omvattende inligting oor hierdie geskrif, moet gekyk word na GMJ van Wyk (2017).

126. Luther (WA TR 2, 455, Nr. 2408b; [1531–46] 1913a:455) het in 'n tafelgesprek in Januarie 1532 gesê: ' [*W*]anneer 'n mens oor die artikel van die regverdiging preek, dan slaap en hoes die volk; wanneer 'n mens egter begin om verhale te vertel en voorbeelde te noem, dan staan beide ore regop, raak [hulle] stil en luister aandagtig ['*wenn man vom Artikel der Rechtfertigung prediget, so schläft das Volk und hustet; wenn man aber anfähet Historien und Exempel zu sagen, da reckts beide Ohren auf, ist still und höret fleissig zu.*'].

van Psalm 96:6 dat mooiheid (*pulchritudo*) die wil en die drif is om alles lief te hê wat aan God behoort en te haat wat eie aan jouself is.[127] Luther verbind belydenis (*confessio*) en mooiheid (*pulchritudo*) aan mekaar deur te stel dat waar 'n mens belydenismatig aan God lof en eer gee, daar 'n estetiese wending intree deurdat God aan die belydende mens skoonheid, krag en regverdiging skenk. Hy (WA 4, 110, 16–17; [1513–16] 1886) vat sy gedagtes soos volg saam:

> Wees lelik in jou eie oë, dan word jy mooi in die oë van God; Wees swak in jou eie oë, dan word jy sterk in die oë van God; Wees sondaar in jou eie oë, dan word jy regverdig in die oë van God.[128] (p. 110)

In 1515–16 het Luther in sy *Voorlesings oor Romeine* (WA 56, 220, 12–16; [1515–16] 1938:220) sy teologiese estetika verder ontplooi deur 'n drievlakkige teorie oor die mooiheid (*Schönheit*) van God te ontwikkel. In hierdie teorie werk hy met die gelykskakeling van mooiheid en geregtigheid. Eerstens: God bewys Hom as mooi wanneer Hy die sonde straf. Dít is egter nie besonder mooi nie, aangesien goddelose mense sondaars ook kan straf. Tweedens: God blyk mooier as mense te wees, aangesien sy geregtigheid mooier is as die goddeloosheid van mense. Derdens: Die hoogste vorm van God se mooiheid lê daarin dat Hy mense regverdig maak. Om dít te verduidelik, gebruik hy 'n gelykenis van die kunstenaar. 'n Kunstenaar is niks beter as sy kollega wanneer hy bloot die kunswerke van ander kunstenaars kritiseer nie. Hy bewys hom as 'n beter kunstenaar wanneer sy kunswerke beter is as dié van die ander. 'n Meester is hy slegs wanneer hy ander kan leer om kunstenaars te wees.[129] Ten opsigte van God, wil hy dus sê: God is mooi, en Hy bewys sy mooiheid deurdat Hy ons mooi maak en ons leer om as mooigemaaktes die lewe mooi te maak.

127. Luther (WA 4, 109, 26–28; [1513–16] 1886:109) sê: '*Sed pulchritudo est bona voluntas, totus ornatus practice virtutis, vis appetitive: quo amat in se que dei sunt et odit que sua sunt.*'

128. Luther dig: '*Tibi esto fedus, et eris deo pulcher. Tibi esto infirmus, et eris deo fortis. Tibi esto peccator, et eris deo iustus.*'

129. Luther (WA 56, 220, 12–16; [1515–16] 1938:220) se eie woorde: '*Bonus artifex tripliciter commendatur. Primo, dum imperitos arguit et reprehendit, Vbi errant. Secundo, quando eis comparatus doctior apparet ipsis. Tertio, quando tradit sue artis perfectionem aliis, qui eam non habebant. Et hec est Vera, commendatio. Quia non reprehendere alios Vel apparere artificem, hoc est artificem laudabilem esse, sed efficere artifices, hoc est artificem bonum esse.*'

Luther se vroeë aanvoeling dat estetiese terminologie aangewend kan word om teologiese gedagtes tot uitdrukking te bring, het spoedig tot 'n teologiese tegniek ontwikkel, wat hy dan op die regverdigingsleer toegepas het. Om dít te kon doen, het hy sy kruisteologie esteties verwoord en omskep tot 'n *aesthetica crucis*. Hy begin (as kind van sy tyd) om Ou Testamentiese tekste wat oor mooiheid handel, direk op Christus te betrek. Wanneer Psalm 45:2 oor die koning sê: *U is mooier as alle mense; oor u lippe vloei net vriendelike woorde, want u hele lewe lank seën God u*, dan aanvaar hy dat hier oor Christus gepraat word. Maar, as daar ook in Jesaja 53 oor die onaansienlikheid van die 'dienaar van God' gepraat word, word ook dít op Christus betrek:

> Die dienaar was [...] soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. (vv. 2–3)

Hierdie mooiheid en lelikheid van Jesus Christus sien hy saamgebring in die kruis. Volgens Luther is die grootste skoonheid onder die verskriklikste onaansienlikheid in die kruis verborge. Om dié rede kan die mooiheid van die kruis nie met die blote oog raakgesien word nie; dit kan alleenlik deur die geloof gesien word. Die mooiheid van die kruis is niks anders nie as die liefde van God. Anders gestel: God verberg sy eie mooiheid in die afskuwelikheid van die kruis. Die ongelowige sien slegs die lelike, die barbaarse raak, terwyl die gelowige die mooie, die liefdevolle van God raaksien. As 'n mens die mooiheid van God wil sien, moet jy bereid wees om die lelike van die kruis te verdra. Hierdie 'mooiheid van God' is nie 'n blote abstrakte attribuut van God nie, maar 'n lewende krag wat met ons menswees te make het. Ons lewens word gekenmerk deur lyding en lelikhede, terwyl God se bestaan gekenmerk word deur lig, son en skoonheid. 'n 'Vrolike wending' tree egter in wanneer God ons afskuwelikhede dra en aan ons sy skoonheid skenk. Wanneer Luther noukeurig gelees word, kom 'n mens agter dat die *aesthetica crucis* 'n konstante

element in sy hele teologie is, en dat hy nie eensydig net op sonde en straf gekonsentreer het nie. Om één voorbeeld te noem: In sy *Heidelbergse disputasie* van 1518 (WA 1, 365; [1518] 2006c:60, ll. 16–18) het hy hierdie mooi gedagte neergeskryf: 'Die sondaar is mooi, aangesien hy liefgehê word; hy word nie liefgehê omdat hy mooi is nie, ('*Ideo enim peccatores sunt pulchri, quia diliguntur, non ideo diliguntur, quia sunt pulchri*').

Die ouer Luther het tog waardering vir die mooiheid van die wêreld ontwikkel – sonder om in 'n skolastieke *theologia gloriae* terug te val. Hy het nie van sy kruisteologie afstand gedoen nie, maar getrou aan sy dialektiese benadering 'n ander aspek belig waaraan hy in sy jonger dae nie aandag kon gee nie. Luther het hom as teoloog vir baie lank met die dood bemoei (vgl. Hoofstuk 9). Een van die aangrypende insigte wat hy oor die dood ontwikkel het, handel oor sy besef dat die dood vir 'n gelowige ook mooi kan wees. Dit kan mooi wees, aangesien die menslike emosie die mooiheid van God se nabyheid in oomblikke van smart kan beleef. In sy *Voorlesings oor Genesis* (WA 43, 631–632; [1538-42] 1912:631–632) het hy aandag gegee aan die gedeelte in Genesis 23:2 toe Abraham Sara se dood beween het. Hy meen dat Abraham kon huil, aangesien sy geloof die nabyheid van God bespeur het. Hierdie vertroostende nabyheid het hom laat huil omdat dít die hartseer oomblik mooi gemaak het. Die emosies (of affekte) van die mens is daarom vir Luther dinge wat die verborge geheimenisse van die lewe (soos God self) kan blootlê. Trane tydens die dood van 'n geliefde het met die radikale mooiheid van die lewe te make, en moet daarom nie onderdruk word nie. Hy verwerp daarmee die Stoïsynse gedagte van die *apatheia* – die gedagte dat die tragiek van die lewe nie jou emosies moet beïnvloed nie. (vgl. Anttila 2012:248–249, 2017:170–171; Mattes 2017:69–90 vir volledigheid).

Die verskil tussen Luther en die Roomse skolastici is dat hy nie net die spore (*vestigia*) en die beelde (*imagines*) van God in die goeie en mooi dinge van die wêreld raakgesien het nie, maar ook in die slegte en lelike dinge. Midde moord en doodslag, oorlog en verwoesting kon Luther God se hand sien. In sy geskrif van 1530,

*Die mooi Skuldbelydenis aan die hand van Psalm 118* (WA 31(I), 78, 10–14; [1530] 1913b:78), sê hy dat onreg en verwoesting nie God se goedheid oorwoeker nie, aangesien God wat alles uit niks geskape het, Hom nie deur die bose in die skadu laat stel nie. Dieselfde argument gebruik hy ten opsigte van die kerk. Hy (WA 31(I), 84, 9–13; [1530] 1913b:84) is nie verbaas dat dwaalleer en sekteneigings in die kerk voorkom nie – maar nogtans verbaas dit hom dat die evangelie nieteenstaande alles in die kerk te vind is. Dít is vir hom tog mooi dat die goeie dinge van God in die bose wêreld en in die sondige kerk waargeneem kan word. Die implikasie is dat geloof en estetiese waarneming vir Luther na aan mekaar lê. In sy *Groot kommentaar op Galasiërs* (1535) sê hy (WA 40(I), 438, 16–17; [1531–35] 1911:438) dat God op grond van die werk van Christus in die wêreld net 'reiniging en geregtigheid' (*purgatio et iustitia*) raaksien. Wat vir God geld, behoort ook vir gelowiges te geld. Die gelowige – met sy geestelike kyk na die wêreld – behoort net die guns van God raak te sien. Die menslike verstand, daarenteen, sien weer die bose en ongeregtigheid raak. Om hierdie rede kan slegs die gelowige sing: Die aarde is vol van God se barmhartigheid (*misericordia Domini plena est terra*). Die vraag is of Luther nie tog teruggeval het in die Roomse skolastiek nie? Dit kan nie wees nie, aangesien Luther se klem geval het op die argument dat God se wese ten diepste nie geken word deur 'n positiewe blik op die wêreld te ontwikkel nie, maar deur God raak te sien in die lyding en kruis van Jesus Christus. Nie 'n 'heerlikheidsteologie' nie, maar 'n 'kruisteologie' help ons om God en die mooiheid in die wêreld raak te sien (vgl. Anttila 2012:250–251, 2017:172; Mattes 2017:91–112).

Luther se estetika is ten diepste 'n estetika van die lig – in teenstelling met die ander moontlikheid, 'n estetika van verhoudinge. Volgens die estetika van verhoudinge is iets mooi wanneer die lyne pas en die verhoudinge reg is. Wanneer dinge goed georden is en afstande pas, kan iets mooi genoem word. Luther was egter van mening dat die ander teorie oor skoonheid beter by die evangelie pas. Die estetika van die lig is baie nader aan die Bybelse boodskap as die estetika van verhoudinge. Lees 'n mens die Nuwe Testament, kom jy kort-kort af op 'n gedeelte waar

die simboliek van lig gebruik word. Veral in Johannes se evangelie kom die metafoor dikwels voor. Om Luther se teologie as 'estetika van die lig' uit te lê, open die moontlikheid om selfs sy regverdigingsleer in estetiese in plaas van juridiese terminologie uit te lê. Dit kom op die volgende neer: God neem die mens in die lig van Jesus Christus waar. Dít beteken Hy neem hom waar in sy waarheid. Hy neem hom as sondaar waar, maar doen dit, danksy die kruis, agtend en nie veragtend nie. Op hierdie wyse bevestig hy sy menswees en gee hom die reg op bestaan – 'n ander wyse om te sê dat God die sondaar regverdig verklaar (vgl. in Anttila 2012:253, verwysings na die resente Finse navorsing in dié verband).

## 6.2.3. Drie gestaltes van geregtigheid en sonde

Luther aktualiseer die 'artikel van die regverdiging' verder deur dit te verduidelik binne drie samehange wat met geregtigheid en sonde te make het. Volgens Luther is daar drie gestaltes van geregtigheid, aangesien daar drie gestaltes van sonde is. In 1518 bied hy (WA 2, 43–47; [1518] 2006g:53–65) sy *Preek oor die drie gestaltes van geregtigheid* (*Sermo de triplici iustitia*) aan waarin hy hierdie saak verduidelik. Luther se argument is dat die NuweTestamentiese gedagte van 'God se geregtigheid' eers dán reg verstaan word wanneer dit op die regte gestalte van die sonde betrek word.

Die eerste gestalte van sonde is sondes wat deur die wêreldse reg gestraf moet word, soos diefstal, moord en brandstigting. Ten einde regverdig te straf, word daar wette gemaak wat gepaard gaan met strafregtelike voorskrifte. Die geregtigheid wat hier ter sprake kom, is in die gestalte van loon en straf. Volgens Luther (WA 2, 43–44; [1518] 2006g):

> [*H*]et [*hierdie straf en beloning*] niks met diens aan God te make nie, maar met diens aan die self; dit is nie die geregtigheid van kinders nie, maar dié van slawe, en dit is nie [*die geregtigheid*] van Christene, maar dié van Jode en heidene, en Christene moet nie hierna aangetrokke voel nie, aangesien dit voortspruit uit vrees vir die straf of uit liefde tot eie voordeel, en nie uit liefde vir God nie. Derdens baar

> dit huigelaars, hoogmoediges van hart [*en*] aanmatigende regters oor ander.[130] (p. 54, ll. 25–31)

Die tweede tipe van sonde is die 'vreemde sonde', algemeen bekend as die 'erfsonde'. Hieraan kan mense niks doen nie. Geen menslike geregtigheid kan iets hieraan verander nie; slegs die 'geregtigheid van Christus' kan ons hiervan red. Die geregtigheid van Christus is ''n vreemde geregtigheid' ('*aliena iusticia*'). 'n Mens kry aan hierdie geregtigheid deel deur die geloof – en, wat nie altyd gehoor word nie, *die doop*. Hoor Luther (WA 2, 45; [1518] 2006g) wanneer hy na aanleiding van Romeine 10 sê:

> 'Wie met die hart glo word regverdig'. Hierdie geregtigheid word aan ons deur die doop oorgedra; die geregtigheid is die geregtigheid wat die evangelie verkondig, dit is nie die [*geregtigheid*] wat uit die wet voortspruit nie, maar dit is die geregtigheid van die genade.[131] (p. 58, ll. 12–14)

En belangrik nou: Luther koppel die geregtigheid wat uit die genade voortspruit aan die barmhartige God. Die toornige, strawwende God is nie die hoop van die mens wat vasgevang is in die 'erfsonde' nie. Hoop op redding vind Luther in die barmhartige en vriendelike God wat hy in die Pauliniese briewe ontdek het. Die volgende woorde (WA 2, 45; [1518] 2006g) vat sy ontdekking saam:

> Dit is die barmhartigheid van God die Vader, dit is die genade van die nuwe verbond, waardeur die Heer sy vriendelikheid aan almal toon wat as soetigheid [*deur die geloof*] geproe word. Binne [*die kragveld van*] hierdie genade, en geen ander nie, beërf ons die saligheid.[132] (p. 60, ll. 4–6)

130. Luther stel: '*Secundo non deo, sed sibi servit, nec est filiorum, sed servorum iusticia, nec est christianorum proprie, sed iudaecorum et gentilium nec Christiani ad eam sunt exhortandi, quia procedit ex timore poenae, vel amore commode sui, non amore dei. Tercio facit hypocritas, superbos mente cordis sui, temerarios iudices aliorum.*'

131. Luther sê: '*Corde creditor ad iusticam, haec per baptismum confertur, haec est proprie quam Evangelium annunciat, et non est iusticia legis, sed iusticia gratiae.*'

132. Luther se ontdekking: '*Haec est Misericordia dei patris, haec gratia novi testament, qua dulcis est domnius his qui gustant eum: in hac opertet nos salvos fieri, et nulla alia.*'

Die geloof in die barmhartigheid en genade van God het nie slegs met die verborgenhede van die geloof te make nie, maar ook met die konkrete aardse bestaan. Die geregtigheid van die geloof en die erbarming van God skep ’n totaal nuwe mens. ’n Nuwe wese tree na vore, aangesien barmhartige geregtigheid, waarheid en vrede mekaar in die geloof ontmoet. In Luther se eie woorde (WA 2, 45; [1518] 2006g):

> Want sonder erbarming is die mens ’n huigelaar, sonder geregtigheid ’n rustelose mens; die genade maak hom waarlik regverdig, en die ware geregtigheid bewerk die vrede; maar hierdie waarheid is Christus, die mens is [*maar*] nietig.[133] (p. 58, ll. 20–24)

Die derde gestalte van sonde is die ‘daadsonde’, wat vrug van die ‘erfsonde’ is. Die geregtigheid wat hiermee verbind word, is ‘daadgeregtigheid’ wat uit die geloof en die ‘wesenlike geregtigheid’ (‘*iusticia essentiali’*) voortvloei. Gelowiges (WA 2, 47; [1518] 2006g:64, ll. 1–3) is veronderstel om goeie vrugte te lewer – vrugte wat ‘basiese geregtigheid bevorder en die erfsonde verswak’ (‘*promovent iusticiam capitalem, et minuunt originale peccatum*’). Die probleem is egter dat gelowiges nie weet of hulle werke God behaag nie? Volgens Luther (WA 2, 46; [1518] 2006g:63) moet daar eenvoudig geglo word dat werke wat uit geloof in Christus voortspruit, God sal behaag. Daar is egter ’n belangrike argument wat by hierdie uitspraak gevoeg moet word. Werke op sigself is deurspek van sonde en kan God nie geval nie. Wanneer ons werke egter saam met Christus en sy geregtigheid voor God gestel word, word dit wel aanvaarbaar. Net soos jy nie kan twyfel dat Christus God behaag nie, net so kan jy nie daaroor twyfel nie dat jou werke God om Christus se ontwil behaag.

Luther het ’n jaar later (1519) breedvoeriger aandag gegee aan hierdie derde gestalte van die geregtigheid. Hy (WA 2, 145–153; [1519] 2006f:67–85) het dit gedoen in *’n Preek oor die tweevoudige geregtigheid* (*Sermo de duplici iustitia*). Hy herhaal dat ‘goeie

133. Luther se eie woorde: ‘*Nam sine misericordia homo est hypocrite, sine iusticia inquietus, Gratia facit veracem, iustum, et vera iusticia pacem, sed ea veritas Christus est, homo vanitas.*’

werke' of 'aardse geregtigheid' die vrug van die 'eerste', die 'eintlike gestalte van geregtigheid' is. Die gelowige, die geregverdigde, die goeie boom móét goeie vrugte oplewer, aangesien die voorbeeld van Christus nagevolg móét word. Om Christus na te volg beteken om sy gestalte aan te neem. Wanneer die gestalte van Christus aangeneem word, ontwikkel die gelowige die volgende persoonlikheidseienskappe, te wete wysheid, standvastigheid, geregtigheid, goedheid en vrede (WA 2, 147–148; [1519] 2006f:72–74). 'Christelike etiek'[134] kom daarom in 'n groot mate by Luther neer op 'karakterkunde'. Om die benadering tot etiek te konkretiseer, bespreek hy een van die fundamentele probleemstellings van sy tyd.

Luther (WA 2, 151–152; [1519] 2006f:82–84) bespreek die vraag 'of die bose nie deur tugtiging verbeter kan word nie?' ('*an non licet malos castigare*?'). Dit gaan oor die vraag of 'n dief moreel sal of kan verbeter indien hy behoorlik gestraf word? Om hierdie vraagstelling verstaanbaar te beantwoord, maak hy gebruik van 'n onderskeid tussen 'ampspersoon' en 'privaat persoon'. Die regter wat 'n openbare amp beklee, en die ampsbevoegdheid om na oordeel straf op te lê, kan in dié aangeleentheid 'n bydrae lewer. Die private landsburger, die Christen, kan dit nie doen nie. Hy kan hoogstens een van die volgende drie dinge doen wanneer hy onreg aangedoen word:

1. Hy kan wraak soek en die hulp van die plaasvervanger van God (*vicarios dei*), die regter, vra om die boosdoener namens hom te straf. Dit is nie die Christelike weg nie, aangesien die klaer hiermee sal toon dat hy en/of sy té veel waarde aan aardse besittings heg. Die Christelike weg is om die boosdoener te oorreed om nie verder te steel nie.
2. 'n Ander wyse van optrede sou wees om die dief te oorreed om die gesteelde goedere terug te gee, en om die benadeelde op hierdie wyse te kompenseer. Die strafmotief word dus ook hier gehandhaaf. Dit is ook nie die weg van navolging nie, aangesien hierdie aanslag nie met die liefde vir geregtigheid

134. Vir die basiese kenmerke van Luther se etiek as 'karakterkunde' kan gekyk word na Bayer (1995:64–82) en Honecker (1990:161–210).

verbind word nie, maar met toorn, woede en ongeduld.
3. Ware navolging begeer geen wraak nie, soek nie die gesteelde goedere terug nie, maar gee nog 'n kledingstuk vir die dief. Deur aan die booswig goed te doen, deur te doen wat Christus verwag, kan die vlakke van boosheid verbeter word. Vir die wêreld is dit natuurlik dwaasheid. Dít aanvaar Luther deurdat hy juis wil argumenteer dat 'Christelike etiek' nie in sosiaal-politieke prinsipes of in 'n Christelike filosofie of wêreldbeskouing verander kan word nie. Die etiek van Jesus is in konflik[135] met die etiek van die wêreld.

Luther se uitleg van regverdiging, reg en geregtigheid loop uit op wat hy noem die 'twee gestaltes van regverdiging'.

## 6.2.4. Twee gestaltes van regverdiging

Dit is vir Luther belangrik dat daar tussen die 'regverdiging van mense voor God' ('*iustificandi hominis corma Deo*') en die 'regverdiging van mense voor ander mense' ('*iustificandi eius coram hominibus*') onderskei sal word. Hierdie onderskeiding verduidelik hy in *Die derde disputasie oor Romeine 3:28* (WA 39(I), 82–83; [1535–37] 2006h:424–430). Mense moet goed en reg doen, en hierdeur regverdig hulle hulself voor ander mense. Hierdie 'regverdiging' het met roem (*gloria*) voor mense te make, maar niks met roem voor God nie. Die regverdiging voor God is God se geheimenis (*mysterium Dei*). Hy regverdig op grond van geloof, selfs die booswig. Menslik gesproke is dít vreemd en selfs onaanvaarbaar. Die teologiese gedagte van regverdiging is vir die filosoof, wat op grond van wetsonderhouding, mense lof toedig, nie verstaanbaar nie. Daarenteen is die menslike geregtigheid (volgens filosofiese oordeel) vir God slegs 'n menslike masker (*larva*) en pure huigelary (*hypocrisis*). God se onverklaarbare regverdigverklaring van sondaarmense het met sy geduld (*tolerantia*) en goedheid

135. Vergelyk my artikel (I.W.C. Van Wyk 2015) oor Luther se arbeidsetiek vir die konflik tussen Christelike en sekulêre etiek.

(*bonitate*) te make wat Hy in Christus ten toon gestel het. Om die teologiese gedagte van regverdiging teen onbillike kritiek te verskans (as sou dit bose dade legitimeer), maak Luther gebruik van die formule 'tegelyk geregverdigde en sondaar' ('*simul iustus et peccator*').[136] Luther wil die punt duidelik maak dat die sonde nie goedgepraat en/of goedgemaak word nie, maar dat die mens wat sondaar bly, deel kry aan die geregtigheid wat Christus vir hom bewerk. Luther (WA 39(I), 83; [1535–37] 2006h) stel die saak soos volg:

> Daarom is elkeen wat geregverdig word, soos van die begin af, sondaar, maar nogtans word hy deur God, wat vergewe en Hom erbarm, só beskou as sou hy geheel en al regverdig wees. Sy geregtigheid, wat sonder enige gebrek is en vir ons almal as 'n skild van beskutting teen die verterende gloed van die Goddelike toorn opgestel is, verhoed dat ons nie op grond van ons [*diep*] gewortelde ongeregtigheid verdoem word nie. Hierdeur staan dit vas dat Christus, of eintlik die geregtigheid van Christus, terwyl dit van buite [*betrag*] vir ons vreemd is, dit nie op grond van ons werke begryp moet word nie.[137] (p. 426, ll. 23–31)

Luther se argument gaan nie oor die goeie werke al dan nie. Dit gaan daaroor dat 'goeie werke' 'n menslike oordeel is. Voor God is goeie werke niks. Nieteenstaande ons onvolmaakte pogings om 'n goeie oordeel by God af te dwing, regverdig Hy ons op grond van die geloof in Christus. Hierdie oordeel is menslik gesproke vreemd en onbegryplik. Dít is egter die evangelie!

136. Die uitdrukking '*simul iustus et peccator*' word dikwels verkeerd verstaan. Die bedoeling is nie om te leer dat die mens gedeeltelik sondaar en gedeeltelik geregverdigde is nie. Die hele mens wat sondaar is, word deur God se barmhartigheid regverdig verklaar (vgl. Barth 2009:281–284). Die uitdrukking in sy *Kommentaar op Galasiërs* (WA 2, 497, 13; [1519] 1884:497) 'tegelyk geregverdigde en tegelyk sondaar' ('*simul ergo iustus, simul peccator*') is nader aan sy bedoeling.

137. Luther stel: '*Ideo peccator est adhuc quisquis iustificatur. Et tamen velut plene et perfecte iustus reputatur, ignoscente et miserente Deo. Ignoscit autem et miseretur nostril Deus, intercedente et sanctificante nostrum initium iusticiae, Christo advocato et sacerdote nostro. Cuius iusticia cum sit sine vitio, et nobis umbraculum contra aetum irae Dei factum, non sinit nostrum inceptam iusticiam damnari. Iam certum est, Christum seu iusticiam Christi, cum sit extra nos et aliena nobis, non posse nostris operibus comprehendi.*'

## 6.2.5. Regverdiging en geloof in God se barmhartigheid

Op grond van Paulus stel Luther dat die mens slegs deur geloof, en sonder die werke van die wet geregverdig word. Op grond van hierdie uitspraak het Luther die skolastieke verstaan van geloof verwerp. Uit sy 19 disputasiestellings wat in 1520 onder die titel *Stellings oor die ingegote en verworwe geloof* (*Propositiones de fide unfusa et acquisita*) gepubliseer is (WA 6, 85–86; [1520] 2006d:91–95), kry 'n mens 'n idee van die diepgaande verskil tussen Luther en die skolastieke teologie oor wat geloof is en nie is nie. Die geloof wat deur die Heilige Gees geskenk word, noem Luther 'ingegote geloof' ('*fide infusa*'). Hierdie verstaan van geloof grens hy af teen die Roomse gedagte van 'verworwe geloof' ('*fide acquisita*'). Skolastici het geoordeel dat geloof mettertyd groei en ontwikkel soos wat die mens méér en méér goeie werke doen. Deur die doen van liefde ontwikkel die mens geloof. Luther het radikaal van hierdie standpunt verskil, aangesien geloof deur die Heilige Gees geskenk word en dit nie deur die mens ontwikkel word nie. Hieroor het hy breedvoerig oor Romeine 3:28 gedisputeer. Luther (WA 39(I), 44; [1535–37] 2006h:402, l. 8) is oortuig: 'Geloof [wat regverdig] is ware geloof en [kan net as] gawe van die Heilige Gees verstaan word' ('*Fides hic vera et donum illud spiritus Sancti entelligi debet*'); en hierdie geloof word geskenk voordat enige goeie werke gedoen kan word. Ware geloof, die geloof wat geskenk word (WA 39(I), 45; [1535–37] 2006h:402, ll. 31–32), 'omhels Christus' ('*apprehensiva Christi*') wat 'vir ons sondes gesterf het en ter wille van ons geregtigheid opgestaan het' ('*pro peccatis nostris morientis, et pro iustitia nostra resurgentis*'). Wat Christus gedoen het, het Hy vir ons gedoen – en dít moet geglo word. Die liefde vloei voort uit die persoon wat glo. Die liefde help die persoon nie om tot geloof te kom nie. Die Reformatoriese verstaan van geloof sê: Christus het gesterf – en dít is vir my. Die skolastieke verstaan van geloof sê: Christus het gesterf – en dit is belangrike historiese inligting wat deur my liefdesywer 'n werklikheid gemaak moet word. Luther (WA 39(I), 45; [1535–37] 2006h:404, ll. 25–26) stel dat die

geloof wat glo dat Christus alles vir my gedoen het, 'die geloof is wat ons alleen regverdig, sonder die werke van die wet, deur God se barmhartigheid, wat aan ons deur die Christus-verkondiging meegedeel word' ('*haec est fides quae sola nos iustificat sine lege et operibus, per misericordiam Dei, in Christo exhibitam*'). Die geloof in God se barmhartigheid is die kern van Luther se 'nuwe verstaan' van die geloof. Wanneer hy sy gedagtes saamvat in Stellings 62–64 van die eerste deel van die disputasies oor Romeine 3:28, maak hy dit duidelik dat die evangelie ten diepste oor die geloof in God se erbarming handel en nie oor die liefde wat ons tot geloof moet help nie. Hy (WA 39(I), 48; [1535–37] 2006h) sê:

> Dat ons geregverdig is, het met God wat Hom ontferm te make, en nie met die mens wat daarna trag (om goed te doen nie). Wie werke volbring, kan moontlik heilig wees, wys wees, geregtigheid uitstraal, kan miskien wees wat hy wil – wanneer die geloof egter ontbreek, bly hy onder die toorn van God en word verwerp. Hierdie uitspraak geld: Hy ontferm Hom nie net oor enkeles nie, maar oor alle mense: Alleen God se barmhartigheid is ons geregtigheid, en nie ons eie werke nie.[138] (p. 410, ll. 4–9)

Hierdie uitspraak van Luther verhelder die verborgenhede van die regverdigingsleer. Dit is heel eenvoudig: God is ons barmhartige Vader wat Hom oor ons ontferm. Hy het dit in Christus finaal en onteenseglik bewys. Ons moet net glo dat ons by hierdie belofte ingesluit is. Ons hoef Hom nie deur goeie werke te probeer oortuig dat ons by sy barmhartigheid ingesluit behoort te word nie.

## 6.2.6. Geloofsgeregtigheid en werke

Dat die geloof alleen regverdig, sonder die werke van die wet, staan by Luther vas. In sy 20 stellings van 1520 stel hy oor die

138. Luther stel: '*Igitur, Miserentis Dei est, quod iusti sumus, non currentis hominis. Operator sit Sanctus, sit sapiens sit iustus, sit quicquid volet, si fides desit, sub ira manet et damnatur, Quia stat sentential, non aliquorum, Sed omnium miseretur, Et sola misericordia Dei est iustitia nostra, non opera propria.*'

*Vraag of werke tot regverdiging bydra?* (WA 7, 231, 4; [1520] 2006e:98) dit duidelik: 'Die geloof maak slegs regverdig indien dit sonder een of ander – selfs die geringste – werke geloof is, so nie is dit hoegenaamd nie geloof nie' ('*Fides, nisi sit sine ullis, etiam minimis, operibus, non iustificat, immo non est fides*').

Luther moet egter nie misverstaan word nie. Daar is by hom geen sprake van 'n afkeer in goeie werke nie. Hy (WA 7, 231; [1520] 2006e:98, ll. 6–7) stel dit baie duidelik: 'Dit is nie moontlik dat die geloof sonder aanhoudende, baie en groot werke kan wees nie' ('*impossibile*) *est, fidem esse sine assiduis, multis et magnis operibus*'). In 'n disputasie oor Romeine 3:28 (WA 39(I), 46; [1535–37] 2006h) stel hy dit nóg skerper:

> Wanneer daar geen werke [*op die geloof*] volg nie, dan is dit seker dat dit nie die [*regverdig-makende*] geloof in Christus is wat in ons harte woon nie, maar die dooie geloof, wat as die verworwe geloof beskryf word ('*Quod si opera non sequuntur, certum est, fidem hanc Christi in corde nostro non habitare, Sed mortuam illam scilicet acquisitam fidem*'). (p. 406, ll. 3–5)

Om dit nogeens, bo alle twyfel, duidelik te maak wat Luther se mening oor die werke is, die volgende woorde uit die *Voorwoord tot Paulus se brief aan die Romeine* (WA DB 7, 9, 30–10, 22; [1522–46] 1931):

> [*Die geloof is 'n*] lewende, skeppende, handelend-magtige ding, [vir wie dit] onmoontlik is om sonder nalating, die goeie te bewerk nie. [*Die geloof*] vra ook nie of goeie werke gedoen moet word nie, aangesien dit reeds gedoen is voordat die mens die vraag daarna vra, [*daarom is dit*] nie moontlik om werke van geloof te skei nie.[139] (p. 9)

'n Mens moet Luther se hoofargument in gedagte hou. Dit gaan vir hom nie daaroor dat gelowiges nie werke moet doen nie, maar dat werke nie geloof skep nie. Hy sê (WA 7, 232; [1520] 2006e:98,

139. Luther sê die geloof is 'n '*lebendig, schäftig, tätig mächtig Ding*', vir wie dit '*unmöglich ist, dass er nicht ohn Unterlass sollte Gutes wirken. Er fragt auch nicht, ob gute Werke zu tun sind, sondern ehe man fragt, hat er sie getan*', so dat dit 'onmoontlik is', '*Werke vom Glauben zu scheiden*' (volgens Herms [2017:117] se gemoderniseerde weergawe van Luther se 'etiek' as 'doenige geloof').

ll. 30–31): 'Geloof en geregtigheid spruit nie voort uit die werke nie, maar die werke spruit voort uit geloof en geregtigheid' ('*Non fides aut iustitia ex operibus, sed opera ex fide et iustitia veniunt*'). Die diepste punt van Luther se polemiek word nie aangeraak as die volgende woorde nie ter sprake gebring word nie. Hy (WA 7, 231; [1520] 2006e:98, ll. 18–19) stel: 'Ten diepste vernietig die geloof die vertroue in die goeie werke sowel as die vertwyfeling oor die bose' ('*Funditus perdit fides, tam operum bonorum fiduciam, quam malorum desperationem*'). Luther kritiseer dus die wydlopende oortuiging dat geloof op vertroue in die goedheid van mense en die lewe neerkom, aangesien dit hand aan hand loop met vertwyfeling omdat dit gereeld lyk of die bose regeer. Geloof is dus veel meer as wêreldvertroue – wat ten diepste 'n vertroue in moraliteit is. Weereens: dít beteken nie dat Luther téén goeie werke gekant is nie. Vir hom is dit vanselfsprekend dat 'n gelowige goeie werke sal doen. Sy polemiek gaan daaroor dat die skolastiek geloof met moraliteit verwar en dat verkeerde geloof nie voortdurend goeie werke kan oplewer nie.

Luther (WA 39(II), 235–239; [1543] 2006a:481–489) het drie jaar voor sy dood in 1546 'n reeks stellings oor die regverdiging opgestel wat beskikbaar is onder die titel *Oor die regverdigende geloof* (*De fide iustificante*). Hierdie stellings is op 24 April vir die doktorale disputasies van die diaken Friedrich Bachofen en die student Hieronymus Nopp in Leipzig opgestel. In die stellings het hy aandag gegee aan die vraag hoe goeie werke standhoudend gedoen kan word? Om standhoudend liefdesdiens te verrig, is dit noodwendig dat die persoon deur die regverdiging vernuwe sal word. Hy (WA 39(II), 236; [1543] 2006a) beweer:

> Die geloof in Christus bring die vergewing en die terminering van die sonde deur die Heilige Gees na vore, wat die ou mens met sy begeerlikhede kruisig en tot die ewebeeld van God vernuwe ('*Fides Christi affert remissionem et mortificationem peccatorum per Spiritum sanctum, Qui veterem hominem cum suis concupiscentiis et crucifiget et renovat ad imaginem Dei*'). (p. 482, ll. 14–17)

Die mens wat geregverdig en tot ewebeeld van Christus vernuwe is, kan aanhoudend liefdesdiens verrig – en móét dit

trouens ook doen. Volgens Luther kan die geloof nooit sonder liefde wees nie – nie as iets wat die geloof moet voltooi nie, maar iets wat as vrug uit die geloof voortspruit. Om die verhouding tussen geloof en werke reg te verstaan, moet begryp word dat die regverdiging deur die geloof die voorwaarde vir ware liefde is. Ware liefde[140] is onselfsugtige diens aan die naaste en nie 'n poging om guns by God en roem voor mense te verwerf nie. Liefde is trouens 'n baie moeilike saak, aangesien mense deur haat en hoogmoed beheers word. Hierdie bose emosies en drange kan alleenlik oorkom word wanneer die persoon vernuwe word. Mense word vernuwe deur sondevergewing en bekleding deur die dinge van die toekomstige eeu – en dít is onder meer waarop regverdiging neerkom.

Luther maak in genoemde disputasiestellings enkele opmerkings wat aandag verdien, aangesien die problematiek wat aangeroer word, vandag aktueel is. Luther wys op die verleiding van voortreflike moraliteit. Volgens Luther word ons deur geloof in die kruisiging en opwekking van Christus geregverdig. Die implikasie is dat regverdigingspogings deur die wet (of regsontwikkeling) tevergeefs is. Dít beteken: Menslike voortreflikheid, hoe belangrik dit ook al kan wees, dra niks by tot aansien voor God nie. Geregtigheid word toegereken en nie verwerf nie. Geregtigheid is dus 'n geskenk wat ontvang moet word, en nie iets wat deur morele prestasie verdien word nie. Luther (WA 39(II), 238; [1543] 2006a:488, ll. 11–13) verduidelik in Stellings 21 en 22[141] van die disputasie oor *Die regverdigende geloof* wat die sosiaal etiese implikasies van die twee benaderings is. Mense wat deur morele voortreflikhede die reg op lewe wil verdien, gee voor dat toekomstige ongeregtighede deur wetsontwikkeling verhinder kan word. In die morele ywer vir hierdie ideaal, word die ongeregtighede van die verlede en dié van die hede

140. Vergelyk Schwarz ([2015] 2016:391–442) vir 'n volledige uiteensetting van Luther se verstaan van liefde.

141. In sy eie woorde: '*Fingit siquidem, per legem prohiberi solum futuram Idolatriam et iniquitam, de praeterita et praesenti est securus. Imo ex praesenti et praeterita facit futuram summam iusticiam.*'

onbevredigend hanteer. Volgens Luther, daarenteen, kan dié persoon wat sy reg op lewe ontvang (óf sy toegesegde geregtigheid ontvang), afreken met die ongeregtighede van die verlede, hede en toekoms. Daarmee word afgereken deur vergewing, leiding van die Gees en die beloftes van die toekomstige bedeling. Met hierdie benadering keer Luther dat die Nuwe Testamentiese regverdigingsleer tot sosiale etiek verlaag word. Dat onreg so ver moontlik verwyder en verhinder moet word, is 'n saak van dringendheid. Die morele ywer om in die toekoms reg en geregtigheid te laat geskied, is prysenswaardig, maar dis nog nie geloof nie. Geloof ken die vergewing van die skuld van die verlede, die ywer om vandag verantwoordelik te lewe, en die vaste vertroue dat die volmaakte sonder ons toedoen gaan aanbreek. Geloof in die God wat regverdig verklaar, skep gelatenheid teenoor die booshede van hierdie wêreld, aangesien die onreg nooit die mag van God se barmhartigheid sal oorwoeker nie.

Een van die redes hoekom Luther etiek nie in sosiale utopie omskep nie, is dat hy vernuwing nie as 'n proses verstaan nie. Die gelowige *is* volgens Luther 'n nuwe mens, en die nuwe mens doen goeie werke. In sy *Disputasies oor Romeine 3:28* gebruik hy die bekende beeld van die boom en die vrugte om sy hele argument saam te vat. Hy (WA 39(I), 46; [1535–37] 2006h) stel:

> Ons bely dat goeie werke op die geloof volg, let wel, nie daarop móét volg nie, maar vanselfsprekend daarop volg, soos wat 'n goeie boom nie goeie vrugte móét oplewer nie, maar dit [outomaties] self oplewer. En soos wat goeie vrugte nie die boom goed maak nie, so regverdig goeie werke nie die persoon nie, maar goeie werke word deur iemand gedoen wat alreeds deur die geloof geregverdig is, soos wat goeie vrugte van 'n boom kom wat alreeds op grond van sy aard goed is.[142] (p. 406, ll. 12–18)

Ek sluit hierdie ekskursie oor geloof en werke af deur op 'n laaste argument van Luther te wys. In die *Vyfde disputasie oor Romeine*

142. Volgens Luther: '*Fatemur opera bona fidem sequi debere, imo non debere, Sed sponte sequi, Sicut arbor bona non debet bonos fructus facere, Sed sponte facit. Et sicut boni fructus non faciunt arborem bonam, Ita bona opera non iustificant personam. Sed bona opera fiunt a persona iam ante iustificata per fidem, Sicut fructus boni fiunt ab arbore iam ante bona per naturam.*'

*3:28* (WA 39(I), 202–204; [1535–37] 2006h:436–441) werk hy met die onderskeid tussen die 'werke van die wet' ('*opera legis*') en 'werke van genade' ('*opera gratiae*'). Die werke van die wet is die werke wat buite die geloof, op grond van die menslike wil en gemeenskapsplig gedoen moet word. Hierdie werke word gedoen op grond van waarskuwing en beloning. Werke van genade spruit voort uit die geloof deurdat 'die Heilige Gees die menslike wil beweeg en vernuwe' ('*spiritu sancto movente et regenerante voluntatem hominis*'). Desondanks is dit ook nodig dat gelowiges deur vermaning en dreigement aan hulle morele opdrag herinner word. Maar nou weer Luther (WA 39(I), 203; [1535–37] 2006h) se punt:

> Hierdie werke self regverdig nie voor God nie, maar dit word deur 'n geregverdigde gedoen sodat 'n mens met reg van 'n geregtigheid van die werke kan praat, wat vir God deur Christus aanneemlik is. 'n Mens moet loop en wil, maar nogtans gaan dit nie oor die loop en die wil nie, maar oor God se erbarming. 'n Mens moet 'n rein gewete hê, maar moet egter weet dat jy nie daardeur geregverdig word nie. 'n Mens moet na die ewige lewe strewe deur volhardend goeie werke te doen, nogtans gaan dit nie oor hierdie strewe nie maar om God se erbarming.[143] (p. 436, ll. 22–28)

Samevatting: Volgens Luther doen gelowiges goeie werke. Dit is hulle algemene sedelike plig, maar hulle doen dit ook outomaties omdat hulle goeie bome gemaak is wat goeie vrugte lewer. Hoe belangrik die werke van die gelowige ook al kan wees – hierop word nie vertrou nie; vertroue is gerig op die barmhartigheid van God, en dít is die kern van sy teologie.

## 6.3. Die regverdigingsleer: 'n Argiefstuk?

'n Mens soek tevergeefs na 'n hoofstuk oor die regverdigingsleer in die nuwere katkisasieboeke. Dít is 'n aanduiding dat dié tema

143. Luther beklemtoon: '*Nec illa ipsa opera iustificant coram Deo, sed fiunt a iustificatis, Licet recte, dicantur iusticia operum, Deo grata per Christum. Currere et velle oportet, Nec tamen est currentis aut volentis, sed miserentis Dei. Nihil sibi conscium esse oportet, et tamen scire, non in hoc se esse iustificatum. Quarere opertet per patientiam boni operis vitam aeternam, Nec est tamen quaerentis, sed miserentis Dei.*'

’n argiefstuk geword het. Die tema wat die identiteit van ’n Reformatoriese kerk in die verlede bepaal het, is vandag totaal onbekend. Die vraag is net: Het begrippe soos ‘sin en betekenis’, ‘spiritualiteit’ en die ‘doen van die geloof’ werklik bygedra tot dieper insig van die Woord en die aktiewe deelname van lidmate aan kerklike aktiwiteite? Aangesien die antwoord ontkennend moet wees, is die versoek dat Luther (Calvyn en Melanchthon) se besinnings oor die regverdigingsleer heroorweeg sal word – of dalk vir die eerste keer gelees sal word. ’n Hervormde, Gereformeerde of Reformatoriese kerk kan tog nie aan die Skrif getrou wees indien die kernteksverse van die Nuwe Testament nie meer oordink word nie.

## ■ 6.4. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor die hart van Luther se teologie, naamlik die ‘regverdigingsleer’. Die kernuitsprake oor geloof, regverdiging en werke geniet aandag. Aangesien die tema van die regverdiging deur die geloof alleen, nog altyd moeilik begryp is, word daar aan Luther se eie poging aandag gegee om dit te aktualiseer. Die estetiese omvertaling van die Christelike geloof is nog selde in die Luther-navorsing belig. Danksy die Finse navorsing is nuwe perspektiewe geopen. Geskrifte van Luther waarin drie gestaltes van geregtigheid en sonde, en die twee gestaltes van regverdiging uiteengesit word, geniet aandag. Aangesien Luther se verstaan van God se geregtigheid en sy barmhartigheid onlosmaaklik saamhang, word ’n hele paragraaf aan hierdie tema afgestaan. Ook in dié hoofstuk word daar aandag gegee aan die onderskeid en die samehang tussen geloof en werke omdat die heersende moralistiese teologiebeoefening die noodsaaklikheid van die onderskeiding nie kan begryp nie. Die hoofstuk word afgesluit met die pleitrede dat die artikel ‘waarby die kerk staan en val’ nie tot ’n argiefstuk verlaag moet word nie.

Hoofstuk 7

# Regverdiging en geregtigheid in die ekonomie

## 7.1. Inleiding

Suider-Afrika, waar die meeste Afrikaanssprekendes hulle nog bevind, word gekenmerk deur uiterste vlakke van armoede en ellende, sowel as rykdom en praal. Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste vlakke van ongelykheid in terme van inkomste, besittings, behuising, gesondheidsorg en algemene welstand. Die redes vir hierdie toestand is kompleks. Feitlik elke faset van menswees kan betrek word ter verklaring van dié werklikheid. Historiese, kulturele, etniese, ekonomiese, geografiese en politieke redes kan genoem word. In hierdie boek kan daar nie aan die debat deelgeneem word nie. Die bedoeling is om die tekste van Luther, in die lig van die hoë werkloosheidsyfer, die gebrek aan groei in die ekonomie, die skokkende vlakke van korrupsie en bedrog, bekend te stel. Al lewe ons 500 jaar later, in totaal ander sosio-ekonomiese en politieke omstandighede,

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, 'Regverdiging en geregtigheid in die ekonomie', in 'Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte', *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 177–201, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.07

bly dit die moeite werd om hierdie ou geskrifte te lees en te oordink. Nieteenstaande al die geografiese, politieke en ekonomiese verskille, bly die basiese probleme dieselfde. Mense steel ander se geld, grond en besittings. Die magtiges in die politiek en ekonomie verryk hulleself dikwels ten koste van die swakkeres. Boere kul soms die markbestuurders en op die mark betaal mense té duur vir produkte. Intussen verarm mense, en die vraag is hoe kan hulle gehelp word; en is dit die taak van die kerk om oplossings te help soek? Luther het met dieselfde vraagstukke geworstel. Vanselfsprekend kan Luther nie antwoorde verskaf op vrae oor hedendaagse rentekoerse en belasting op noodsaaklike produkte nie, maar dit is insiggewend dat hy hom as teoloog, wel 500 jaar gelede oor soortgelyke vraagstukke uitgelaat het. Die aktualiteit van kerkhistoriese dokumente moet nie onderskat word nie. Dalk kan ons tog belangrike insigte by Luther ontdek. Dat die Lutherse Reformasie 'n Europese gebeure was (Kaufmann [2016] 2017:9–12) kan nie betwis word nie, maar die nawerking kan en moet ook nie tot daardie wêrelddeel beperk word nie.

## 7.2. Biografie

### 7.2.1. Die sosio-ekonomiese werklikhede van Middel-Duitsland

Die sentrale gedeeltes van die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie, waar die Lutherse Reformasie afgespeel het, het ongeveer twaalfmiljoen inwoners gehad. Die grootste deel van die bevolking (tussen 70% – 80% volgens Bünz 2017:26) het vóór die Reformasie op die platteland gewoon en was boere. In die laat 15de en vroeë 16de eeue het 'n omvangryke verstedelikingsproses in Sentraal-Europa begin. Ten tye van die Reformasie het bykans elke vyfde persoon al in 'n stad gewoon. Daar was talle redes vir die verstedeliking. Een belangrike rede was die beter regsverhoudinge in die stede. 'n Bekende regspreuk van die Laat Middeleeue lui, 'stadslug maak vry'. In die stede het die arbeiderstand gebaat by die regsontwikkeling

van daardie tyd. Die mondelings oorgelewerde gewoontereg wat op die platteland gegeld het, moes plek maak vir regspraak wat groter geregtigheid nagestreef het. ’n Ander rede was die verbouing van gewasse binne die stadsmure. Groter erwe en selfs plotte is beskikbaar gestel vir die aanplant van graan, druiwe en aartappels. Vanselfsprekend is daar ook gekonsentreer op allerlei vleisprodukte. ’n Verdere rede vir die verstedeliking het met die armoede op die platteland te make gehad. Misoeste was ’n aanhoudende probleem, die plaasbewoners is gereeld besteel deur soldate wat deur ’n bepaalde gebied getrek het en die adel het die boere onredelik belas. Onredelike belastings sou ’n belangrike rede wees vir die boere-opstande (waaraan in die volgende hoofstuk aandag geskenk word). Die groot getalle mense wat ewe skielik in dorpe en stede saamgetrek het, het ’n voedselnood veroorsaak. Weens gebrekkige en swak gehalte voedsel het siektes toegeneem wat spanning, aggressie en geweld veroorsaak het (vgl. Van Wyk 2015:1–2 van 7 vir volledigheid). Een rede vir die ontdekkingsreise het met die soeke na voedsel en speserye te make gehad, aangesien die Europese ekonomie nie in die aanvraag na voedsel kon voorsien nie. Die uitbreiding van markte het meegebring dat ondernemingsgees en krediethandel (hiervoor was die familie Fugger bekend) ontwikkel het. ’n Vroeë vorm van kapitalisme het begin ontwikkel. Vir die navorsing oor Luther is die druk- en boekhandel van belang. Luther self het ’n groot bydrae tot die groei en ontwikkeling van hierdie industrie gemaak. Die akkumulering van besittings, wins en prestasie het as menslike eienskappe sterk na vore getree. Daar was ’n sosiale bewussyn, maar die meeste versorgingstrukture was nog swak ontwikkel en korrupsie het gereeld voorgekom. Mynbou het in die Reformasietyd sterk na vore getree. Luther se pa het vermoedelik ’n fortuin uit die mynbou (koperontginning) verdien. Die kerk het ook ’n groot bydrae tot die ontwikkeling van die ekonomie gelewer. Pelgrimstogte (onder meer na Wittenberg) het die gastebedryf laat ontwikkel. Vervoerondernemings kon ontwikkel danksy rondbewegende

kerklike aktiwiteite. Familiebesighede wat kerse, kiste en ander godsdienstige gebruiksartikels vervaardig het, het in die tyd ook floreer (vgl. Bünz 2017; Kaufmann 2016:54–61, [2016] 2017:26–28). Omvangryke, gedetailleerde inligting hieroor in *Preisendörfer* ([2016] 2017).

Om die ekonomiese werklikhede van daardie tyd te begryp, moet in gedagte gehou word dat die samelewing in drie stande verdeel was, te wete die geestelike stand, die regerende stand en die arbeiderstand. Elke stand is veral in die skilderkuns van die 16de eeu bekendgestel onder die spreuke 'jy bid in nederigheid' ('*tu suplex ora*'), 'jy beskerm' ('*tu protege*') en 'jy verrig arbeid' ('*tu labora*'). Elke stand het inkomste op 'n eie unieke manier bekom. Die geestelike stand kon bedel, aflate verkoop, kunswerke verkoop, erflatings kry en betaling vir bepaalde dienste ontvang. Die stand van regeerders het weer geld en eiendomme geërf, dit in oorloë vermeerder en belastings gehef. Die belangrike punt is dat daar groot verskille in welvaart in die gemeenskappe was, en dat dit só aanvaar en geduld is – tot op 'n sekere punt. Die welvaartsvlakke het ook van gebied tot gebied en stad tot stad verskil. In terme van inkomste en welvaart was die Duitse gebiede 'n radikaal pluralistiese samelewing (vgl. Kaufmann [2016] 2017:28–35).

Wittenberg, 'die dorp aan die rand van die beskawing', het tydens Luther se leeftyd ongeveer 2500 inwoners gehad. Op grond van beriggewing uit tye ná Luther se dood, moet die afleiding gemaak word dat die infrastruktuur tydens Luther se leeftyd uiters swak was. Daar was nie lopende water en 'n higiëniese rioolstelsel nie. Slegs enkele wonings het badkamers gehad. Die begraafplaas, buite die stadspoort, was onversorg, met 'n onaangename reuk. Die paaie was deels onbegaanbaar en rommel het orals rondgelê. Geen wonder dat die pes en ander siektes nou en dan uitgebreek het nie. Danksy die kombinasie van Reformasie en humanisme is Wittenberg stelselmatig omskep in 'n groot dorp waarop die keurvorste van Sakse trots sou kon wees – met skole, 'n universiteit, stadsraadskantore, pleine en parke (vgl. Hennen 2017:143–146).

## 7.2.2. Katharina von Bora as beroepsvrou

Daar is in Hoofstuk 1 aandag gegee aan Luther se huwelik met Katharina van Bora en hulle gesinslewe. In hierdie hoofstuk word gekyk na haar rol as 'beroepsvrou', aangesien dié aspek in ons tyd van aktuele belang is. Katharina, wat sestien jare jonger as Martin was, het tien jaar in afsondering in 'n klooster gewoon. Ondanks hierdie agterstand het sy vinnig tot 'n suksesvolle 'beroepsvrou'[144] ontwikkel. Die voedselnood in die 'Swart Klooster', waar sy vir tientalle mense[145] kos moes gegee het, het haar gedwing om planne te beraam om kos op die tafel te sit. Wat het sy alles gedoen om hierdie reuse-huishouding te bedryf? In die eerste instansie moes sy in die finansieel onbekwame Luther se lewe ingryp (rekenkunde was byvoorbeeld een van Martin se tekortkominge). Ná hulle troue het Luther se lui huisbediende Wolfgang Seberger en sy vrou tot 1532 in die klooster aangebly. Sy het keurvors Johann versoek om die gesin uit haar huishouding te verwyder nadat Martin op 04 Februarie 1532 die klooster as besit van die keurvors ontvang het. In 1536 het sy keurvors Johann Friedrich oortuig om Luther 'n

144. Katharina was 'n kind van haar tyd. Met die gebruik van die woord 'beroepsvrou' moet hier nie aan die betekenisvelde van die 21ste eeu gedink word nie. Katharina word hier voorgestel as 'n vrou wat binne die konteks van die vroeë 16de eeu uitgestyg het bokant die gevestigde kulturele verwagtinge (al betwyfel Roper 2016:283–285 dit. Volgens haar het Katharina maar net Martin se bediende gebly). Binne daardie konteks moet 'beroepsvrou' verstaan word. Katharina bly egter 'n indrukwekkende en geloofwaardige voorloper in die stryd om gelykberegtiging. Volgens Treu ([2003] 2016:46) moet Katharina vergelyk word met die bestuurder van 'n middelklas-besigheid. Sy kan vandag nog, deur veral arm vroue, as 'n rolmodel beskou word. Nieteenstaande die reuseverskille, moet die ooreenkoms tussen Katharina en arm vroue in Suider-Afrika nie misgekyk word nie.

145. Die Luther-egpaar het vyf kinders gehad vir wie hulle moes sorg. Dan het hulle ook nog vier weeskinders van Luther se oorlede suster ingeneem. In Oktober 1539 het hy die vier weeskinders van die juris, Sebald Münster, ook ingeneem. Daar was verder tot 20 inwonende studente en in 'n stadium tot 10 diensmeisies, met gesinne in sommige gevalle. Verder was daar gereeld internasionale gaste wat by Luther oornag het. Bedenklike figure soos die 'prostituut' Rosina von Truchseß en die volgeling van Thomas Münster, naamlik Simon Haferitz en sy groot gesin het vir langer tye by die klooster kom plak. In 1545 het Johann Agricola, sy vrou en nege kinders ook hulle intrek in die klooster geneem (vgl. Dehnerdt 2015:99; Roper 2016:302).

behuisingstoelaag te gee sodat die klooster opgeknap en uitgebou kon word (deur byvoorbeeld stalle aan te bou). Sy het die 20 inwonende studente verder gedwing om losies te betaal (onder meer om diensmeisies te kon bekostig). In die laaste instansie het sy sover moontlik toegesien dat Luther nie links en regs aan mense geld skenk en/of leen nie, en om die koop van geskenke vir onbekendes te staak. Luther, wat soos Melanchthon, 200 gulde per maand as professor verdien het, moes ook 'n inkomste- en uitgawestaat saam met sy vrou opstel sodat daar spaarsaam gelewe kon word. Die tweede groot stap wat Katharina geneem het om haar groot huishouding te bestuur, was om klein ondernemings te ontwikkel. Haar bekendste onderneming was 'n klein bierbrouery – hoofsaaklik ter wille van gesuiwerde drinkwater omdat water meestal vuil was en siektes veroorsaak het. Sy het verder groentetuine[146] aangelê (waarvan die eerste by die klooster self was) en vee begin aanhou sodat haar etes deur melk en vleis aangevul kon word. Haar boerderyprojekte was só suksesvol dat Luther in Mei 1540 vir haar die landgoed Zülsdorf[147] gekoop het waar sy op 'n groter skaal kon boer. In 1541 het Katharina byvoorbeeld maande lank saam met die kinders op Zülsdorf gebly. Sy het haar as 'n baie vernuftige entrepreneur en sakebestuurder bewys, en daarom het Luther op 06 Januarie 1542 sy boedel op grond van haar bedrywighede, afgesien van sy liefde vir haar, aan haar bemaak. Hy het geglo dat sy ná sy dood, op 'n bekwame wyse, na die welwese van die kinders sou omsien.

146. Katharina het eerstens die verwaarloosde tuin van die klooster in 'n groentetuin omskep. In 1530 het Martin vir haar 'n tuin van 90 Gulde by Eichenpfuhl, buite die stadsmuur, gekoop. 'n Rukkie later koop hy die tuin van die houtkapper, Klaus Heffner, in Zahnaerstraat vir 900 Gulde. In 1544 het hy 'n derde tuin buite die Elster Hek van Jakob Geheman gekoop. In 1541 het hy ook die huis van Bruno Bauer, die sekretaris van die klooster, gekoop vir ontwikkelingsdoeleindes. Agter al hierdie transaksies het die entrepreneursdrang van Katharina gesit (Treu [2003] 2016:54–55).

147. Die landgoed Zülsdorf (ook bekend as die 'klein dakkie van die voorvaders'), het aan Katharina se voorouers uit die adelstand behoort. Haar broer, Hans, wat dit van sy tante geërf het, kon dit nie finansieel suksesvol ontwikkel nie. Luther het dit vir 610 Gulde gekoop. Die landgoed was naby haar geboortedorp Lippendorf en twee dagreise ver vanaf Wittenberg (vgl. Dehnerdt 2015:91–114).

'n Rewolusionêre stap – 'n reusestap ter erkenning van vroue se menswaardigheid! (vgl. Köpf 2015:161–162; Leppin [2006] 2010:245–246; Treu [2003] 2016:46–61).

## 7.2.3. Die aflaatstelsel: Onetiese welvaartsgodsdiens

Dit is nie onder Afrikaanssprekendes algemeen bekend dat *Die 95 stellings teen die aflaat* 'n hele aantal uitsprake oor finansiële sake bevat nie. In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan dié aspek. Dit gaan met ander woorde hier om die finansiële en ekonomiese problematiek wat indirek te make gehad het met Luther se kritiek teen die aflaatstelsel. Die finansiële uitbuiting van die armes en die bedrog van die magtiges was nie die hoofrede vir Luther se kritiek nie, maar was nogtans 'n belangrike element (vgl. Leppin 2016:55–60). Die soteriologiese dimensies van die aflaatpraktyk (wat in Hoofstuk 2 behandel is) het min relevansie vir Afrikaanssprekendes, wat oorwegend uit 'n Calvinistiese agtergrond kom en ver verwyderd staan van die religieuse problematiek van die Laat Middeleeue. Die finansiële en ekonomiese dimensies, daarenteen, het weer baie relevansie. In Suider-Afrika is groot rykdom, maar ook groot armoede. Armoede is 'n baie komplekse aangeleentheid. Daar is egter min twyfel dat sekere tipes van armoede deur, onder meer, godsdienstige praktyke veroorsaak word. Hoe daar met armoede omgegaan moet word, en wat gedoen kan word om die vlakke daarvan te verlaag, is vrae wat nie so maklik beantwoord kan word nie. Ek meen dat ons tog belangrike insigte uit Luther se stryd teen die aflaatstelsel, wat duidelik groot maatskaplike ellende veroorsaak het, kan ontwikkel. Die verband tussen die aflaatstelsel en finansiële misbruik het nie met gedwonge aktualisering te make nie. Luther self het na hierdie samehang verwys. In sy *Voorwoord tot die eerste band van die Wittenbergse uitgawe van die Latynse geskrifte* (1545), vertel hy iets van die menslike verhaal agter die aflaatstryd. Hy beweer dat Johannes Eck (en andere), wat die pous met sy lewe verdedig het, dit 'ter

wille van sy maag gedoen het', terwyl die kritiek op die aflaatstelsel vir hom, Luther, 'as iemand wat die eindoordeel gevrees het, en nogtans van ganser harte begeer het om salig te word, 'n ernstige saak was' (Luther WA 54, 179; [1545] 2006b:492, l. 30–494, l. 3).[148] Hy wys ook daarop dat die verkondiging en die verkoop van aflate in hulle gebied in 1517, om 'die mees onsedelike winsbejag' gegaan het. Aanvanklik het hy gemeen dat hy die pous aan sy kant gehad het, aangesien hy aan hand van kerklike wette die 'mateloosheid van die belastinggaarders' veroordeel het. Toe hy geen ondersteuning van die pous vir sy kritiek op die aflaatstelsel ontvang het nie, het hy 'n brief ([1501–20] 1931) aan aartsbiskop Albrecht von Mainz en aan biskop Hieronymus Schulz (sy direkte hoof) gestuur. In dié briewe het hy die twee biskoppe versoek om die 'kerklike winsbejag' te staak en die geld eerder aan te wend vir naasteliefde (vgl. WA 54, 180; [1545] 2006b:494). Luther het die stryd teen die aflaatstelsel dus baie duidelik, onder meer, as 'n stryd teen die onetiese 'welvaartsgodsdiens' gesien. Om geld te maak uit genade en vergewing wat gekoop kan word, is nie verdedigbaar nie. Volgens Luther (WA 181; [1545] 2006b:496, ll. 3–6) kon hy op 'alle Duitsers' se steun staatmaak in sy stryd teen die 'uitbuiters, verkullers en grenslose bedrieërs' van goedgelowige Christene. Luther het met sy kritiek teen die aflaatstelsel die murmureringe van die man op straat opgeneem en teologies verwoord. Die biskop van Merseburg, Adolf von Anhalt, het byvoorbeeld in die openbaar erken dat Luther in *Die 95 stellings* 'die arm mense teen Tetzel se finansiële bedrog wou beskerm' (verwysing by Kaufmann [2016] 2017:114). Aangesien *Die 95 stellings teen die aflaat* so 'n belangrike moment in die Reformatoriese geskiedenis is, word hier méér historiese inligting verskaf oor die finansiële uitbuiting en oneerlikheid wat met die aflaatstelsel te make gehad het. Die inligting is nodig om

148. Volgens die Latyn: '*Non eram ita glacies et frigus ipsum in defend Papatu, sicut fuit Eckius et sui similes, Qui mihi verius propter suum ventrem Papam defendere videbantur, quam quod serio rem agerent, Imo ridere mihi Papam adhuc hodie videntur, velut Epicuraei. Ego serio rem agebam, ut qui diem extremum horribiliter timui, et tamen salvus fieri ex intimis medullis cupiebam.*'

die komplekse akademiese, kerklike en finansiële spel rondom *Die 95 stellings* te verstaan.

Luther was nie die eerste teoloog wat kritiek teen die aflaatstelsel uitgespreek het nie. Jan Hus en Erasmus van Rotterdam het al vóór Luther kritiek uitgespreek oor die misleiding van die aflaatstelsel. Die Spaanse teoloog Petrus Martinez van Osma uit Salamanca was egter die eerste teoloog wat op die sosiaal-ekonomiese uitbuiting van die aflaatstelsel gewys het (vgl. Spehr 2017:32). Die feit dat Luther op die argumente van ander bekende persoonlikhede kon steun, het sy saak versterk.

Luther is alreeds tydens sy eerste verblyfperiode in Wittenberg (1508) gekonfronteer met die ineenstrengeling van godsdiens en finansiële winsbejag. Wittenberg was een van die plekke wat bevoorreg was om aflate te verkoop. Die '*ad-instar-aflaat*' wat op pad na Portiuncula ('n klein kerkie van Franciscus van Assisi) aan pelgrims aangebied is, is in 1298 aan die kasteelkerk oorgedra om te administreer. Naas hierdie bron van inkomste het Frederik die Wyse oor 'n baie groot skat van relikwieë beskik wat in die kasteelkerk bewaar is. Een manier hoe daar vir aflate betaal is, was om op 'n pelgrimstog te gaan en dan teen betaling in die nabyheid van die relikwieë in gebed te verkeer. Talle persone en instansies het finansiële voordeel uit hierdie praktyk getrek soos die keurvors, die familie Fugger in Augsburg wat banke besit en geld aan die pelgrims geleen het, asook die biskoppe van hierdie gebied. Verder moes die helfte van die inkomste aan Rome betaal word – Duitse geld aan 'n Italiaanse pous – 'n resep vir opstand! (vgl. Leppin [2006] 2010:119–120; Schwilk 2017:126).

Die tweede gebeurtenis waar die aflaatpraktyk met omkopery en bedrog ineengestrengel geraak het, het met Albrecht von Brandenburg,[149] die aartsbiskop van Mainz

149. Aartsbiskop Albrecht von Mainz-Magdeburg is op 28 Junie 1490 in Cölln gebore as markgraaf Albrecht von Brandenburg. Hy was die jonger broer van keurvors Joachim I van Brandenburg (1484–1535). Hulle was deel van die skatryk en polities invloedryke Hohenzollern-familie (sedert 1061). In 1513 word hy aartsbiskop van Magdeburg en biskop-administrateur van Halberstadt. In 1514 word hy verkies tot keurvors-aartsbiskop

te make. Luther was met die opstel van *Die 95 stellings* nog nie ten volle bewus van al die detail nie, maar hy het geweet dat hier sprake van korrupsie en bedrog was (Schwilk 2017:126). Hy sou die hele verhaal eers later hoor. Die aflaatkampanje deur Johannes Tetzel[150] in die omgewing van Wittenberg was gedeeltelik 'n fondsinsamelingsprojek vir die bou van 'n basilika in Rome oor die graf van Petrus. Die ander gedeelte van die geld wat vir die aflate betaal is, het beland in die sak van Albrecht se skuldeisers die familie Fugger in Augsburg. Die jonger broer van keurvors Joachim von Brandenburg is op 30 Augustus 1513, op 24-jarige ouderdom, tot aartsbiskop van Magdeburg verkies. Op 09 September is hy ook tot administrateur van die

(voetnota 149 gaan voort...)
van Mainz. Vir hierdie akkumulasie van bisdomme moes hy 'n reusebedrag aan die pous in Rome betaal. As fondsinsamelingsprojek het hy binne sy regeergebiede die 'Petrus-aflaat' toegelaat waarmee geld ingesamel is vir die bou van *Die* 'Vatikaan', soos dit vandag bekendstaan. Luther het teen hierdie kampanje met die *95 Stellings* gereageer. Albrecht was 'n verkleurmannetjie. Hy het dikwels van mening en posisie verander. In 1518 het hy tekens van toenadering tot die Reformasie getoon, net om later weer teen Luther te draai. Merkwaardig was sy weiering om persoonlik die Edik van Worms (1521) te onderteken, maar om dan in dieselfde jaar aflaathandel in Halle toe te laat. In 1525 het hy aan Luther 'n groot trougeskenk gestuur, maar hom nie openlik gesteun nie. Hy en sy broer se paaie het geskei toe hy by die verkiesing van die nuwe keiser vir die Habsburger Karel V gestem het en sy broer vir die Franse koning, Frans I. Albrecht het tog 'n belangrike rol gespeel om die Godsdiensvrede van Nürnberg (1532) te laat realiseer. Luther het hom egter as 'n 'kind van die duiwel' beskryf, aangesien hy kerkpolities op verskillende stoele gesit het. Vanweë die Reformasie verloor hy Magdeburg, Halberstadt en Halle (waar hy gewoon het). Hy sterf op 24 September 1545 in Mainz. Sy intellektuele vermoëns was beperk en hy kon nie 'n bydrae tot die stryd oor dogma lewer nie. Nogtans het hy die wetenskap en die kunste bevorder. Uiteindelik het daar 'n vraagteken oor sy morele integriteit gehang. Hy is van ontug beskuldig. (vgl. Kaufmann 2016:866–867; Winterhager 2015).

150. Die Dominikaanse priester Johannes Tetzel (gebore 1465 in Pirna), studeer in Leipzig en werk tussen 1504 en 1510 as aflaatprediker in Sakse. Hy verkondig die 'Albrecht-aflaat' 1516 in Mansfeld, en 1517 in Leipzig, Merseburg, Halle, Jüterbog, Dessau, Magdeburg, Brandenburg en Berlyn. Hierna werk hy in Oostenryk waar hy weens ontug en bedrog ter dood veroordeel is. Hy sou deur verdrinking sterf. Die keurvors van Sakse pleit egter namens hom om vrylating. Hy keer terug na Sakse en verkoop namens Albrecht von Brandenburg, as 'algemene sub-kommissaris', Petrus-aflate in Halberstadt en Magdeburg en lok die bevolking van Wittenberg ook na sy geleenthede. In 1518 promoveer hy tot doktor in die teologie in Frankfurt (an der Oder) oor die aflaatpraktyk. Tydens die Leipzig- disputasie (Julie 1519) skryf Luther aan hom 'n troosbrief voor sy dood. Hy sterf op 11 Augustus 1519 in Leipzig aan die pes (vgl. Kaufmann 2016:894; Kühne, Bünz & Wiegand 2017:37–41).

bisdom Halberstadt verkies. Ten einde oor twee bisdomme te beskik moes hy ’n reusebedrag aan die pous betaal. Vir die skatryk en invloedryke Hohenzollern-familie en die bisdom was dit nie ’n probleem nie. Op 09 Februarie 1514 sterf die aartsbiskop van Mainz Uriel von Gemmingen onverwags. Albrecht doen aansoek om ook oor hierdie bisdom te mag beskik. Die aartsbiskop van Mainz is tegelyk ook ’n keurvors en voorsitter van die kieskollege wat die keiser kies. Vir hierdie pos moes Albrecht persoonlik baie geld aan Rome betaal. Hy leen die geld by die familie Fugger in Augsburg wat private bankiers was. Jakob Fugger alleen, het hom 21000 Dukaten geleen. Verder moes Albrecht onderneem om die ‘Petrus-aflaat’ binne sy gebiede toe te laat. Die helfte van die inkomste moes aan die pous betaal word vir die voltooiing van die basilika in Rome, terwyl die ander helfte gebruik kon word vir die afbetaling van sy skuld. Op 09 Maart 1514 word Albrecht tot aartsbiskop van Mainz verkies, en het hy as ’n jong onervare politikus beheer oor twee aardsbisdomme en een bisdom. Rome het dit nie as ’n probleem gesien nie, maar eerder as ’n geleentheid. Hulle was oortuig dat Albrecht en Joachim sou sorg dat ’n keiser verkies word wat vir Rome aanvaarbaar sou wees (vgl. Schwilk 2017:126–130).

## 7.3. Stellings, preke en geskrifte oor ekonomiese vraagstukke

### 7.3.1. *Die 95 stellings teen die aflaat*

Luther het reeds vroeg in 1517 begin om in preke kritiek uit te spreek teen die aflaatstelsel. Sy vraag was of die moontlikheid om jou vry te koop van die straf op sondes, werklik ’n ‘genademiddel’ van die kerk kan wees soos wat die aflaatpredikers verkondig het? Die verkoop van aflate in sy gebied het aan hom die geleentheid gegee om die kerklike praktyke met sy genadeteologie te konfronteer. Om dít te kon doen, moes hy hom intensief met hierdie omstrede finansiële bron van die kerk bemoei. Hy moes op hoogte kom van die

historiese ontwikkeling van die aflaat (*indulgentia* – bewys van genade, vryspreking van straf), aangesien dit ’n eeueoue aangeleentheid was. Die geldelike problematiek het na vore getree met die onderskeid tussen die ewige straf in die hel en die tydelike straf in die vaevuur. Van die straf in die hel kan slegs Christus se vergewing, op grond van werklike berou, red. Van die straf in die vaevuur kan die kerk red, op voorwaarde dat daar ‘satisfaksie aangebied word’, of dat daar stappe gedoen word om die versteurde verhouding met God te herstel. Hierdie stappe kan wees: Vas, gebed, die gee van aalmoese, die deelname aan pelgrimstogte, die deelname aan kruistogte of die skenk van geld vir die kruistogte. Die vraag is egter: Hoe is hierdie ‘heilige handel’ (Schwilk 2017:125) teologies geregverdig? Hoe kon die kerk sondes vergewe op grond van geldelike skenkings? Die teologiese regverdiging wat aangebied is, berus op die gedagte van die ‘skat van die kerk’. Luther se kritiek op die argument rakende die ‘skat van die kerk’ het in Hoofstuk 2 paragraaf 3.2 aandag gekry. Ons gaan dus oor na die opmerkings in *Die 95 stellings* wat verband hou met geldsake en armoede: Minstens die volgende is van belang (WA 1, 235, 237; [1517] 2006a):

> 43. ’n Mens moet die Christene leer: Wie vir ’n arm mens gee en aan ’n behoeftige leen, tree beter op as wanneer daar ’n aflaat gekoop sou word.
>
> 44. Deur ’n werk van die liefde groei die liefde, en word die mens verbeter. Maar deur aflate verbeter hy [hulle] nie, maar word slegs vryer van die straf.
>
> 45. ’n Mens moet die Christene leer: Wie ’n behoeftige sien en nie oor hom begaan is nie, maar geld uithaal vir aflate, ontvang [uiteindelik] nie aflate van die pous nie, maar God se veragting.
>
> 46. ’n Mens moet Christene leer: Wie nou nie juis in oorvloed lewe nie, is juis verplig om na die huisgesin om te sien. Niemand mag die [gesinslewe] verwaarloos ter wille van aflate nie.
>
> 86. Weereens: Waarom bou die pous, wie se rykdomme vandag veel meer is as dié van die rykste van die rykes, die basilika van die heilige

Petrus nie met sy eie geld nie, in plaas van die geld van die arm gelowiges nie?[151] (pp. 6, ll. 33–34; 8, ll. 1–2; 8, ll. 3–5; 8, ll. 6–8; 14, ll. 1–3)

In *Die 95 stellings* maak Martin Luther dus minstens die volgende belangrike opmerkings oor geldsake:

- ’n Mens kan jou verlossing nie koop nie. Jy kan dit nie koop deur groot bedrae geld vir die kerk te gee nie. Verlossing kom deur God se genade, en dít moet geglo word.
- Beskikbare geld moet aangewend word om goed te doen aan minderbevoorregtes.
- Geld moet oordeelkundig aangewend word. Veral diegene wat dit nie breed het nie, moet nie ondeurdag geld uitdeel nie.

## 7.3.2. Die *preek oor die aflaat en die genade*

Die inhoud van *Die 95 stellings* het die algemene bevolking nie deur die Latynse weergawes bereik nie, maar wel deur ’n *Preek oor die aflaat en genade* (WA 1, 243–246; 2012d), een jaar later (vgl. Schilling 2017). Luther het in hierdie preek enkele belangrike opmerkings oor finansiële en ekonomiese aangeleenthede gemaak. Hy (WA 1, 244, 40–43; [1518] 2012d:6) begin sy argument met die oortuiging dat die aflaatstelsel mense ontmagtig om te handel – met ander woorde, om goeie dade te doen. Dit veroorsaak dus ’n fatalistiese lewenshouding waarin daar nagelaat word om te doen wat in die lewe gedoen moet word. Die aflate

151. Die oorspronklike woorde:
(43) ‘*Docendi sunt christani. Quod dans pauperi: aut mutans egenti: melius facit: quam si venias redimeret*’.
(44) ‘*Quia per opus charitatis crescit charitas: et fit homo melior. Sed per venias non fit melior: sed tantummado a pena liberior.*’
(45) ‘*Docendi sunt christiani. Quod qui videt egenum: et neglect eo. Dat pro veniis non indulgentias Pape: sed indignationem dei sibi vendicat.*’
(46) ‘*Docendi sunt christiani: quod nisi superfluis abundant: neccessaria tenentur domui sue retinere: et nequaquam propter venis effundere.*’
(86) ‘*Item. Cur Papa cuius opes hodie sunt opulentissimis crassis crassiores: non de suis pecuniis magis quam pauperum fidelium struit unam tantummodo Basilicam sancti Petri.*’

word toegelaat ter wille van die lui Christene wat nie vreugde kan vind in die doen van die goeie nie, en daarom nie kan bydra tot die stryd teen die lyding nie. Hy (WA 1, 245; [1518] 2012d:8, ll. 6–7 sê: 'Want die aflaat dien niemand ter verbetering nie, maar duld die onvolkomenheid en laat dit toe.' Dit is volgens hom 'n onding om reusebedrae geld vir die bou van die Petrusdom te gee. In plaas daarvan moet die geld eerder vir behoeftiges gegee word. Dit is veel beter om geld vir armoedeverligting in die eie omgewing te gee as vir die bou van 'n onnodige gebou (WA 1, 246; [1518] 2012d:8, ll. 27–31):

> Wie nie goed doen aan die huisgenote nie, is geen ware Christen nie, maar is erger as 'n heiden. Wie iets anders sê, mislei jou en soek jou siel in jou beursie. (p. 8, ll. 27–31)

Die aflaatstelsel is vir Luther geen werk van gehoorsaamheid nie, maar die weerhouding van gehoorsaamheid – en gehoorsaamheid is om die armes te help (WA 1, 246: [1518] 2012d:8, ll. 38–40).

### 7.3.3. Die *preek oor die onregverdige Mammon*

Luther het sy stellings oor finansiële sake opgevolg met 'n 'preek' oor geldsake.[152] Hy koppel egter die besinning oor finansies aan sy groeiende verstaan van die regverdiging deur die geloof alleen. In 1522 lewer Luther (WA 10(III), 283–292; [1522] 2012e) sy *Preek oor die onregverdige Mammon* (*Ein Sermon von dem unrechten Mammon*).[153] Volgens Luther stel die optrede van die oneerlike

152. Hier is nie ruimte om aandag te gee aan 'n ander belangrike geskrif van Luther oor ekonomiese sake nie, naamlik *Oor handels- en rente-aangeleenthede* (Luther [1524] 2016). Kyk egter na my onlangse artikel (Van Wyk 2015) vir 'n oorsig oor hierdie geskrif.

153. Op 17 Augustus 1522, die 9de Sondag ná Trinitatis (die Sondag ná die hemelvaart van Maria), lê Luther Lukas 16:1–9 in die prediking uit. In November publiseer Luther 'n verwerkte weergawe van die preek in Wittenberg, wat ook op ander plekke 11 keer afgedruk is. Hierdie preek ontstaan ná sy afsondering in die Wartburg. In die tyd het hy besef dat dit nodig is om die bevolking die evangelie te leer deur gereelde leerprediking. Hy het soggens, binne die raamwerk van die liturgiese kalender, die tekste van die Nuwe Testament leermatig uitgelê. Hierdie spesifieke preek is 'n goeie voorbeeld van sy daaglikse eksegetiese en homiletiese arbeid. Die spesifieke preek is deur die Engelse reformator, William Tyndale (1491–1536),

bestuurder in Lukas 16:1–9 die oortuigings aangaande die regverdiging deur die geloof alleen in gevaar. Daar is drie oortuigings: (a) Dat 'n mens alleen deur die geloof geregverdig word en van sonde vrygespreek word, (b) dat alle goeie werke voortspruit uit vrye liefde wat die naaste sonder beloning wil dien, en (c) dat ons ons nie op ander verdienstes soos dié van die heiliges moet verlaat nie. Die optrede van die onregverdige bestuurder impliseer: (1) Dat jy vriende moet maak deur ou vyande oneerlik finansieel te bevoordeel, (2) dat oneerlike werke jou aardse voordeel kan verskaf en (3) dat die aardse voordele eventueel in ewige voordele sal uitloop. Op grond van die teks meen Luther dat Jesus wil sê:

(1) Dat 'n mens slegs deur geloof regverdig en tot vriend van God gemaak kan word. Volgens Luther is die probleem dat 'n mens nie tot goeie werke in staat is alvorens jy nie tot 'n nuwe mens gemaak is nie. Hy verwys na Jesus se woorde in Matteus 7 oor die goeie boom wat goeie vrugte oplewer en sy woorde in Matteus 12 dat 'n slegte boom slegte vrugte oplewer. Slegte mense kan met ander woorde nie goeie dinge gedoen kry nie. Dit is om dié rede futiel om vir jou regverdigmaking op goeie dade staat te maak. Die boom, die mens, moet eerder deur die geloof goed gemaak word – en die goeie mens sal dan outomaties goeie dinge gedoen kry. Volgens Luther (WA 10(III), 284; [1522] 2012e:506, ll. 17–29) moet daar dus iets groter en kosbaarder wees as goeie werke, en dít is die 'edele Woord van God wat in die evangelie van God genade in Christus preek en aanbied'. Hierdie Woord is nie staties of dood nie. Dit is 'lewend, regverdigmakend, waarlik rein en goed.'[154] Luther (WA 10(III), 285–286; [1522] 2012e) maak dan in hierdie verband een van sy belangrikste uitsprake:

(voetnota 153 gaan voort...)
in 1528 vertaal onder die opskrif '*Parable of the wicked Mammon*'. Dit sou die eerste Reformatoriese teks oor die regverdigingsleer in Engels wees (vgl. inleidende opmerkings van A. Dembek in Luther 2012e:503).

154. Luther (WA 10(III), 284; [1522] 2012e:506, ll. 28–29) sê oor die Woord: 'Nun ist das wortt lebendig / rechtfertig / wahrhafftig / reyn vnd gutt etc.'

> Maar die regte geloof, waaroor ons praat, word nie deur ons denke gemaak nie, maar is suiwer ’n skepping van God in ons sonder ons toedoen, soos Paulus in Rom 5 sê: Dit is God se gawe en genade, wat deur Christus verwerf is. Daarom is dit ook ’n heel magtige, daadkragtige, beweeglike, skeppende ding, wat die mens gelyktydig vernuwe, asook om die mens tot ’n hele nuwe lewenswyse en bestaan te voer sodat dit onmoontlik is dat die geloof nie goeie dinge doen nie, behalwe as dit nagelaat word. Net soos dit natuurlik is dat ’n boom vrugte dra, net so volg die goeie werke op die geloof op ’n natuurlike wyse. En soos ’n mens nie nodig het om die boom te beveel om vrugte te dra nie, so is die geloof ook onder geen wet geplaas [*om vrugte te dra nie*] (soos Paulus in 1 Timoteus 1 sê). Dit is ook nie nodig nie, aangesien dit [*outomaties*] goed doen, vry en ongedwonge – soos wat hy sonder ’n wet vanself slaap, eet, drink, klee, sien, hoor, praat, gaan en staan.[155] (p. 508, ll. 19–33)

Die gelowige wat outomaties goeie werke doen, is vir seker ’n gelowige. Die werke is ’n uiterlike bewys van die geloof. Wie nie goeie werke oplewer nie, is nie besig met ware geloof nie. ’n Boom word mos aan sy vrugte geken. In die lig van alles wat tot hiertoe gesê is, tref Luther dan ’n onderskeid tussen ‘regverdig wees en om as geregverdigde erken te word’.[156] Die geloof maak regverdig, maar die werke is ’n bewys van geloof en regverdig wees. Net soos God barmhartig is, verwag Hy van gelowiges om

155. Luther se oorspronklike woorde: ‘*Aber der recht glawb / da wyr von reden / lest sich nicht mit vnszern dancken machen / szondern ehr ist eyn lautter gottis werck / on alles vnzer tzuthun ynn vns. Wie Paulus sagt tzu den Romern. am funfften. Es ist gottis gab vnnd gnad / durch Christum erworben. Darumb ist er auch gar eyn mechtig / thettig / vnrugig / schefftig ding / der den menschen gleych vrneuwert / anderweitt gepyrtt / vnd gantz ynn eyn new weysze vnnd weszen furet / alszo / vnmuglich ist / das der selb nicht sollt on vnterlas gutts thun. Denn alzso naturlich der bawm fruecht tregt / szo naturlich folgen dem glawben gutte werck. Vnnd gleych wie keyn nott ist dem bawm tzu gepieten / das er fruecht tragt / alszo ist dem glewbigen keyn gepott (wie Paulus am 1 Thimotheo am ersten) gesetzt. Ist auch keyn nott dazu / das ehr guttis thu / Szondern er thutts von yhm selber / frey vnnd vngetzwungen / gleych wie ehr on gepott von yhm selber schlefft / yszet / trinckt / kleydet / sihet / horet / redet / gehet / vnnd stehet.*’

156. Luther (WA 10(III), 286; [1522] 2012e:510, ll. 21–24) sê: ‘*Ausz dem sihestu nu / das eyn grossz vnterscheydt ist / frum seyn vnd frum erkandt seyn odder frum werden / vnd frumkeytt beweyssen, Der glawb macht frum / aber die werck beweyszen den selben glawben vnd frumkeytt.*’

ook barmhartig te wees, om só te bewys dat hulle andersoortige mense is. Só kan Luther (WA 10(III), 287; [1522] 2012e:512, ll. 13–25) uiteindelik van twee tipes geregtigheid praat. Die mens word innerlik, deur die Gees, voor God alleen deur die geloof geregverdig. Uiterlik, in die openbaar, voor mense, word die mens deur werke geregverdig. Dit impliseer dat die gelowige op grond van die werke sekerheid kan hê oor die innerlike geloof, terwyl die werke die gelowige in die openbaar, voor mense regverdig of aanvaarbaar maak.

(2) Luther (WA 10(III), 288–290; [1522] 2012e:512–516) is tweedens van mening dat Jesus bedoel dat alle goeie werke vry en sonder die verwagting van beloning moet wees. Goeie werke behoort tot eer van God te wees en tot nut en voordeel van die naaste. Jesus wil op grond van hierdie gelykenis sê dat die ewige beloning outomaties op die geloof volg, en dat goeie werke dit nie kan bewerkstellig nie. Net soos die boosdoener sy verdiende loon sal ontvang, sal dié een wat uit die geloof goed doen, ook sy loon ontvang.

(3) Luther (WA 10(III), 290–291; [1522] 2012e:516–518) is laastens van mening dat Jesus argumenteer dat dit net God is wat die ewige lewe kan skenk. Die heiliges, of jou vriende kan dit nie doen nie. Die begunstigdes van jou barmhartigheidswerk kan jou ook nie met die ewige lewe beloon nie.

Luther (WA 10(III), 291–292; [1522] 2012e:518–522) sluit sy betoog af met ’n paar opmerkings oor die ‘onregverdige Mammon’. Die vraag is: Wat wil Jesus nou eintlik in hierdie gelykenis sê oor geld en etiek? Mammon is ’n omskrywing van rykdom of aardse besittings. Dit het ten diepste te make met alles wat iemand in oorvloed het – besittings wat nie gebruik word vir die daaglikse bestaan nie en wat tot voordeel van ander aangewend kan word. ‘Onregverdige Mammon’ is dus geld en besittings wat in onregverdige gebruik is – ’n gebruik nie tot dienste van die naaste nie. Daar kan in dié verband slegs verwys word na Matteus 5 en 1 Johannes. Jesus leer dat wie het, maar nie die broer en suster help wat gebrek ly, nie ’n Christen kan wees nie.

Mense moet ook nie dink dat wanneer ander nié besteel en bedrieg word nie, daar aan Christus se verwagtinge voldoen word. Christus se verstaan van die oortreding van die liefdesgebod het ook te make met die ontduiking van dade van hulp en mededeelsaamheid. Laastens: Jesus hou aan ons die onregverdige bestuurder as voorbeeld voor; nie omdat hy oneerlik was nie, maar omdat hy in 'n noodsituasie aan ander goed gedoen het. Dit gaan dus nie oor sy slinksheid nie, maar oor sy wysheid. Dit gaan met ander woorde nie in hierdie gelykenis om deug en ondeug nie, maar wat van Christene verwag word. Hulle moet uit oorvloed goed doen aan ander.

## 7.3.4. Die uitleg van die Sewende Gebod[157]

Armoede het dikwels, direk of indirek, met diefstal te make. Luther se verduideliking van die Sewende Gebod laat blyk dat hy 'n besonder goeie begrip gehad het van die maatskaplike gevolge van diefstal. Die rugkant van die argument was vir hom eweneens belangrik. Eerlikheid en die respek vir ander se eiendom, dra weer by tot welvaart en die welwese van die samelewing.

In 1518 skryf Luther *'n Kort verklaring van die Tien Gebooie*. In hierdie geskrif (WA 1, 251; [1518] 2012b) gee hy die volgende kort en bondige uitleg van die Sewende Gebod:

> Jy mag nie steel nie [*beteken*]: Om beslag te lê op vreemde goed is die vrug van hebsug en begeerlikheid, daarom word die boom met sy vrugte hier verbied, [*naamlik*] hebsug en wat dalk uit hebsug kan voortkom. (p. 16, ll. 32–34)

Twee jaar later, in 1520 gee hy 'n lang interpretasie van die Sewende Gebod in sy *Kort vorm van die Tien Gebooie, die geloof en die Onse Vader*. Volgens hom het die Sewende Gebod te make met persone wat die volgende dinge doen (WA 7, 211; [1520] 2012c):

157. Volgens die Hervormde of Gereformeerde tradisie is dit die Agste Gebod. Vergelyk byvoorbeeld enige weergawe van die *Heidelbergse kategismus* in hierdie verband.

> Wie steel en roof en woeker.
> Wie valse gewigte en mate gebruik of wie slegte ware as goeies uitgee.
> Wie ten onregte erfporsies en rente opeis.
> Wie verdiende loon terughou en skulde ontken.
> Wie die behoeftige naaste nie borg of geld leen sonder afslag nie, wie hebsugtig is en hebsug nastreef om ryk te word – en wie gewoonlik vreemde eiendom en besittings behou wat in hulle besit gekom het.
> Wie nie keer dat 'n ander benadeel word nie.
> Wie 'n ander nie van benadeling waarsku nie.
> Wie die naaste van voordeel verhoed.
> Wie weens ander se gewin misnoeë openbaar. (p. 330, ll. 12–25)

Middel Mei verskyn Luther se *Klein kategismus* in druk. Soos reeds genoem, was daar alreeds in Januarie en Maart gedeeltes van die kategismus op een foliobladsy beskikbaar vir die hoofde van huisgesinne vir gebruik by tuisonderrig. Al is die *Groot kategismus* eers 'n maand later gepubliseer, was die *Klein kategismus* dus eerste gereed vir gebruik (Van Dülmen [1983] 2017:166–167). In hierdie geskrif, wat deel is van die korpus van wêrelderfenis-literatuur, het hy (WA 30(I), 288; [1529] 2012a) die volgende oor die betekenis van die Sewende Gebod geskryf:

> Ons moet God eerbiedig (*fürchten*) en liefhê sodat ons nie ons naaste se geld of goed vat nie, of met valse ware of handel in die hande kry, maar ons moet hom [*eerder*] help om sy goed en voedsel te vermeerder en te beskerm. (p. 582, ll. 13–19)

Op 23 April 1529 is Luther se *Deutsch Catechismus*, wat sedert 1541 bekend staan as die *Groot kategismus*, bekendgestel (Van Dülmen [1983] 2017:165). In hierdie leergeskrif het hy as Bybelse teoloog 'n aantal uitsprake oor diefstal gemaak wat nie in ander geskrifte voorkom nie. Hiér het hy veral klem gelê op die verband tussen diefstal en die straf van God. Hy begin met 'n kort definisie van diefstal: Dit is om 'n ander mens se goed in enige handelsonderneming ten onregte te bekom – tot jou voordeel en sy nadeel. Dit geld nie net die ooglopende leegmaak van huise en kaste nie, maar oral waar geld ter sprake is by die verhandeling van ware of arbeid. Luther se argument gaan na beide kante toe. Dit raak die besitter en die arbeider, die werker en die arbeidsverskaffer.

Die dienskneg steel wanneer die eienaar se goed verwaarloos, beskadig of verduister word, en die werksverskaffer steel wanneer die arbeider nie regmatig vergoed word nie. Dagloners steel wanneer hulle nie behoorlik werk nie, en die arbeidsverskaffer steel wanneer vergoeding nie aan die einde van die dag betaal word nie. Volgens Luther raak diefstal ook alles wat op die markte en in die algemene handel gebeur. Daar, waar daar met valse ware, mates, gewigte en munte gekoop en verkoop word, is daar sprake van diefstal. Wanneer daar só na diefstal gekyk word, is dit duidelik dat die hele land 'n rowersparadys is. Leunstoeldiewe, diewe op plase en op die strate is oraloor. Daar word openlik gesteel en daar word skelm gesteel (WA 30(I), 163–165: [1529] 1983:58–60). Die groot vraag is nou, watse bydrae kan die teoloog tot hierdie debat maak? Volgens Luther kan daar slegs vanuit die Woord vermaan en gewaarsku word. Die vermaning word aan die vors en die regeringsinstansies gerig. Diewe moet gestraf word! Wanneer daar nie vervolg en gestraf word nie, sal die samelewing in chaos verval. Die waarskuwing geld alle diewe – die diewe van die dag, sowel as die diewe van die nag, die sigbare plunderaars en die onsigbare, gesofistikeerde skelms. Albei groepe moet weet dat hulle nie God se toorn en oordeel sal vryspring nie. Hulle kan moontlik die wêreldse reg systap, maar God sien alle diefstal raak. Luther verduidelik God se straf in terme van konkrete voorbeelde. Mense wat ander se goed steel, kan verwag dat daar ook van hulle (as straf) gesteel sal word. Diegene wat ander nie betaal nie, kan (as straf) ervaar dat ander hulle ook nie sal betaal nie. Diegene wat goedere só duur maak dat die armes dit nie kan bekostig nie, kan (as straf) aanskou hoe hulle landerye verdroog en hulle krale afbrand. Diegene wat hulle op nie-ooglopende maniere verryk om hulle kinders groot somme geld te laat erf, kan miskien (as straf) toekyk hoe dié kinders die geld uitmors. Luther waarsku: God kan diewe gebruik om diewe te straf, en niemand moet dink dat hulle God se straf kan ontduik nie (WA 30(I), 166–167; [1529] 1983:60–63). Ná hierdie vermaning, laat Luther die saak met die argument dat hy as teoloog niks meer kan doen nie. Almal wat God se gebod nie wil gehoorsaam nie, moet dan maar onder

God se toorn kom. Dan sluit hy met nog ’n samevatting af wat diefstal beteken. Diefstal kom daarop neer dat jy die naaste skade en onreg aandoen, van besittings ontneem en verhinder dat hulle besittings bekom. Diefstal beteken ook ’n mens laat na om ander te help om hulle sosiale posisie te verbeter, te help waar mense ly en om middele te verskaf om hulle weer op die been te help. Hy herinner aan Spreuke 19:17, ‘[w]ie hom oor ’n arm mens ontferm, gee ’n lening aan die Here. En Hy sal hom ten volle vergoed’ (WA 30(I), 168; [1529] 1983:63–64).

## 7.3.5. Gemeentelike finansies en die eise van die liefde

Luther moes nie net teoreties oor finansiële sake nadink nie, maar moes ook aan praktiese sake aandag gee. In sy nadenke oor hoe gemeentes hulle geldsake moes hanteer, het hy uiteindelik met duidelike prinsipiële oortuiginge na vore gekom wat rigtinggewend was vir sy ekonomiese etiek. In 1523 skryf hy (WA 12, 11–15; [1523] 2015) ’n voorwoord[158] tot ’n geskrif *Die strukturering van ’n gemeentekas: ’n Aanbeveling hoe die geestelike besittings hanteer moet word (die Leisnigse finansiële orde).* Die voorwoord is ’n klassieke voorbeeld hoe hy met praktiese en beginselsake in die ekonomie omgegaan het.

In sy voorwoord van die handleiding van die gemeente Leisnig aangaande die hantering van die gemeentelike finansies,

158. Die nuwe gestaltegewing van die Reformatoriese gemeentes het ook nuwe maatreëls ten opsigte van finansiële sake geverg. Dit het gou geblyk dat die verskillende skenkings, nalatenskappe en beleggings in één kas (ons sal sê één bankrekening) gekonsolideer moes word sodat daar op ’n geordende wyse geld spandeer kon word op sake van belang. Die sluit van kloosters, die opheffing van stigtings en die verbod op bedel het meegebring dat gemeentes hulle hele finansiële model moes aanpas. Die gemeente Leisnig was een van die eerste gemeentes wat diepgaande oor die herstrukturering van hulle finansies nagedink het. Die twee predikante Heinrich Kind en Johann Gruner het meegewerk aan ’n handleiding in die verband. Luther was beïndruk deur hierdie handleiding en het daarvoor ’n voorwoord geskryf, in die hoop dat ander gemeentes die goeie voorbeeld sou navolg. Dit is in 1523 vir die eerste keer in Wittenberg gedruk. Daarna volg ses Hoogduitse en een Nederduitse druk (vgl. inleiding van Korsch en Schilling by Luther ([1523] 2015:405).

konsentreer Luther op die vraag wat met die groot bedrae geld gemaak moet word wanneer kloosters gesluit en stigtings ontbind word? Dit is ’n komplekse probleem, aangesien dit om véél meer as geldsake gaan. Dít raak mense en daarom moet daar met groot wysheid gehandel word. Binne Protestantse kringe was daar eenstemmigheid dat die kloosters gesluit moes word. Geen persoon moes verder in so ’n instelling opgeneem word nie. Kloosterbewoners wat na familie of vriende geskuif kon word, moes soontoe gaan. Persone wat egter op gewetensgronde of ouderdom geweier het om die kloosters te verlaat, moes egter goed versorg word tot by afsterwe. Dié gesindheid is vir Luther belangrik, aangesien daar gewys moet word dat dit vir die Protestante nie om blote geldgierigheid gaan nie. Die vyandskap teen die kloosterwese is duidelik, maar daar kan nie vyandskap teen die inwoners van die kloosters wees nie. Wanneer mense instem om die kloosters te verlaat moet daar ook regverdige en billike kompensasie wees. Diegene wat geld in die klooster belê het, moet eerlik terugbetaal word sodat hulle ’n bestaan in die burgerlike samelewing kan bekostig. Ten opsigte van dié problematiek stel Luther (WA 12, 13; [1523] 2015:410, ll. 10–13): ‘Hier moet die Christelike liefde en nie die skerpheid van die menslike reg oordeel nie’ sodat niemand benadeel word wanneer hulle die kloosters verlaat nie. Weereens beklemtoon Luther dat dit in die spandering van die vergaderde fondse om die liefde moet gaan. Hy (WA 12, 13; [1523] 2015:410, ll. 20–22) beweer: ‘Daar bestaan geen groter erediens as die Christelike liefde nie, wat die behoeftiges help en dien nie.’[159] By die aanwending van gemeentelike fondse is daar uiteindelik een deurslaggewende beginsel, en dít is die liefde wat niemand kwaad aandoen nie, en menslikheid wil bevorder. Op hierdie wyse sal geldgierigheid en plundering beveg word. Met die biskoppe wat in kloosters en ander kerklike eiendomme woon, het Luther geen simpatie nie. Volgens hom (WA 12, 14; [1523]

159. Luther sê: ‘*Nu ist keyn grosser gottis dienst den Christliche liebe / die den duorfftigen hilfft vnd dienet*.’

2015:412, l. 15) is hulle 'wêreldlike heersers met 'n geestelike titel'. Hulle eiendomme en besittings moet gewoon onteien word en die geld moet ten behoewe van die armes aangewend word.[160] Die kloosters het groot bedrae geld uitgeleen met die verwagting dat rente daarop verdien word. Vir hierdie komplekse probleem behoort die gemeente regsadvies in te win, aangesien die liefde in hierdie saak nie sonder die reg sal regkom nie. Wetlike ooreenkomste tussen die kloosters en leners van geld sal met omsigtigheid hanteer moet word. Ten opsigte van die bedelorde-kloosters het Luther weer 'n harde benadering. Hierdie kategorie van kloosters moet volgens hom in seun- en meisieskole omgeskakel word. Die euwel van bedelary moet dadelik gestop word, terwyl die eiendomme tot voordeel van die samelewing aangewend moet word (WA 12, 14–15; [1523] 2015:412–414).

Luther se denke oor armoede en finansies het die totale hervorming van die sosiale orde ingelui. Die aflaatstelsel wat gevoed is deur die denke oor werkgeregtigheid het die gee van aalmoese heils egoïsties geïnstrumentaliseer en gemonetariseer; met ander woorde, dit is uit die speelveld van wedersydse naasteliefde gehaal en deel van 'n finansiële ruiltransaksie vir heil gemaak. Aangesien hierdie hele stelsel uitgeloop het op onsekerheid oor redding, het die Roomse Kerk as kerk misluk – nie net ten opsigte van heilsbemiddeling nie, maar ook ten opsigte van barmhartigheidsdiens. Luther, daarenteen, argumenteer vanuit die sekerheid oor die genade. Dié sekerheid bevry die gelowige om diensbaar te wees aan sy naaste. Die steun van arm mense op aalmoese verdwyn ook in die proses. Die gemeente word 'n ruimte van sorgsame liefde wat armes met menslikheid en deernis versorg. Luther se kerkhervorming wat met teologiese kwessies begin het, loop uiteindelik uit op 'n radikale hervorming van kerk en samelewing. Deur goeie werke (in die gestalte van die gee van aalmoese)

160. In Suid-Afrika heers daar tans 'n groot debat oor grondonteiening sonder vergoeding! Alhoewel dit oor 'n totaal ander probleem handel, moet daar minstens besef word dat die gedagte van onteiening nie nuut is nie.

te desakraliseer, word die gee van wedersydse hulp deel van die vryheid van ’n Christenmens. Wie vry is van onsekerheid oor die verlossing, is vry om die arm gemeentelid met oorgawe te dien. Om hierdie rede het Luther geoordeel dat bedelary mettertyd sal verdwyn, aangesien die gemeente vir sy armes sal sorg – en dít dra by tot die beter funksionering van die samelewing (vgl. Volz 2015).

## 7.4. Armoede in Suider-Afrika: Diakonale kerkwees?

In die lig van die grootskaalse werkloosheid en armoede in Suider-Afrika is die vraag of kerkwees nie grootliks op die diakonaat moet konsentreer nie? Daar is ook teoloë wat meen dat die enigste relevansie wat vir die kerk oorgebly het te midde van die groeiende ateïsme en agnostisisme, pogings is ‘om ’n verskil te maak’. Die doen van goeie werke word dus gesien as ’n manier waarop die aansien van die kerk gered kan word. Hiermee is ons terug in die Laat Middeleeue. Regverdiging word weereens aan ’n juridiese oordeel – en hierdie keer van die gemeenskap – gekoppel. Binne ’n kapitalistiese, wedywerende samelewing moet die kerk nou wedywer met welsynsorganisasies om erkenning en lof by die skenker-industrie. Só lewer die kerk hom uit aan die genadeloosheid van die maatskaplike oordeel – en dié keer gaan dit oor die reg op bestaan (vgl. Nüssel 2017:63–67). In hierdie (en vorige hoofstukke) is dit duidelik dat Luther naasteliefde, die diens van barmhartigheid en die finansiële opheffing van mense as uiters belangrik geag het. Volhoubare diens aan die naaste is egter slegs dán moontlik wanneer mense vanuit die regverdiging deur die geloof lewe. Slegs die nuwe bome kan volhoubaar goeie vrugte lewer. Kerkwees kan dus nie net oor die diakonaat gaan nie, maar sonder die diakonaat kan die kerk ook nie wees nie. Die geskrifte van Martin Luther vertel genoeg wat aan armoede gedoen kan word, en hóé dit gedoen moet word.

## 7.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor die regverdiging en die geregtigheid in die ekonomie. Die sosio-ekonomiese omstandighede van Luther se leefwêreld kom onder die loep, met die vraag hoe hy as teoloog op die uitdagings gereageer het? Voordat daar by Martin Luther se geskrifte gekom word, word daar eers aan sy vrou, Katharina von Bora, aandag gegee. Sy word geskilder as 'n rolmodel vir arm vroue, haar entrepeneurskap word voorgehou as 'n deug wat nagevolg kan word. Die aflaatstelsel, as die gestalte van onetiese welvaartsgodsdiens, geniet aandag. Die stellings, in *Die 95 stellings*, wat oor finansiële aangeleenthede handel, word belig. Luther se preek oor die aflaat en genade, waarin uitsprake gemaak word oor ekonomiese onreg, kry aandag. Só ook sy *preek oor die onregverdige Mammon* en sy uitleg van die Sewende Gebod. Ten slotte word gekyk na sy hantering van gemeentelike finansies en die eise van die liefde.

Hoofstuk 8

# Kerk en politiek

## 8.1. Inleiding

Martin Luther het nie binne ’n lugleegte opgetree nie, maar binne ’n ruimte wat gekenmerk is deur komplekse politieke realiteite. Keisers en keurvorste, adellikes en biskoppe met politieke mag het die daaglikse lewe van die mense in die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie bepaal. Die politieke toneel van daardie tyd word gekenmerk deur religieuse magspolitiek, opstand deur die boerebevolking en die onsekerheid of die tradisionele konsepte soos owerheid en onderdanigheid nog gehandhaaf kan word. Om Luther se denke oor owerheid, politiek en burgerskap te verstaan, word hier kursories inligting verskaf oor die hoofkarakters van die politieke spel. Aan hand van sy geskrifte word sy standpunte oor die owerhede en verset uiteengesit. Sy begronding van sy tweeregimente-leer en die amp van soldaat geniet ook aandag. Ten slotte word Luther se uitleg van die Vyfde Gebod bekendgestel, met die wete dat naas baie ander aspekte in hierdie hoofstuk, die bede relevant is vir die politieke problematiek in Suider-Afrika.

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, ‘Kerk en politiek’, in ‘Martin Luther: ’n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte’, *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 203–229, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.08

# 8.2. Biografie

Die Lutherse Reformasie kan nie totaal los van die politieke werklikhede van daardie tyd verstaan word nie. Veral in hierdie hoofstuk, is oorsigtelike inligting oor die politieke konstellasies en rolspelers nodig. Dit is egter onmoontlik om in hierdie boek gedetailleerde inligting oor die politieke magskonstellasies te verskaf – dit is gewoon té omvattend en gekompliseerd. Basiese inligting, ter verheldering van die politieke krisisse en Luther se sosiaal-etiese uitsprake, behoort voldoende te wees.

## 8.2.1. Luther, die Ryk, die keisers en die vorste

Sedert die 15de eeu was dit gebruiklik om na die Duitssprekende gebiede van Europa te verwys as die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie. Dit was hoofsaaklik binne dié gebied wat die Lutherse Reformasie plaasgevind het. Die naam bevestig die gemeenskaplike wortels met die antieke Romeinse Ryk. Hierdie wortels verteenwoordig die godsdienstige, nasionale en regskomponente van die lewe. Die hartland van die Ryk was min of meer die grondgebied van die huidige Duitsland. Die grense was egter nie taalgrense nie, aangesien al die inwoners van die Ryk nie Duitssprekend was nie. In Luther se denke was hierdie Ryk die ryk van die Duitsers. Al was die huidige België deel van die Ryk, het hy hulle as Nederlanders beskou wat nie in geheel deel was van sy Ryk nie. Kleiner Franssprekende gebiede was wel deel van die Ryk, terwyl die grootste deel van die huidige Frankryk nie deel was nie. Luther het die Ryksdae as belangrike samekomste beskou, en die geleenthede benut om sy saak te bevorder (vgl. Kohnle 2015c; Stollberg-Rilinger [2006] 2013).

Drie Habsburgse keisers het tydens Luther se leeftyd oor hierdie Ryk regeer, naamlik Friedrich III (1452–1493),[161] Maximilian I

161. Oor Friedrich III (1452–1493) word daar min in teologieboeke geskryf, aangesien hy nie gereken word as 'n keiser van die vroeë moderne tydperk nie. Hy was keiser tydens Luther se

(1459–1519)[162] en Karel V (1500–1558).[163] In die Laat Middeleeue is die mag van die keisers ingeperk deur die groeiende mag van die keurvorste. Tydens Luther se leeftyd was hulle mag beperk tot 'n paar stede, gebiede, die kerke en sekere aspekte van die reg. Die keisers was in die meeste gevalle afhanklik van die samewerking en ondersteuning van die keurvorste. Luther het die titel 'keiser' nie net vir die Romeinse en Duitse keisers gebruik nie, maar ook vir die belangrikste regeerders van die Turke en Tartare. Vir Luther was die keisers nie 'wêreldheersers' nie, maar slegs 'opperheersers' van 'n bepaalde gebied. Die Middeleeuse gedagtes dat die keiser beskermheer van die Christelike geloof en voog van die kerk moet wees, was vir hom onaanvaarbaar. Hy het daarom ook nie geglo dat die keiser 'n plig het om godsdiensoorloë teen die Turke te voer nie. Tot en met 1530 het Luther nog die hiërargie van keiser, keurvorste en onderdane gerespekteer. Hy was byvoorbeeld in Maart 1530 nog gekant teen 'n gewelddadige opstand teen die keiser, maar word in Oktober in Torgau by

(voetnota 161 gaan voort...)
kinderdae en het weinig, indien enige, invloed op sy denke uitgeoefen (vgl. Stollberg-Rilinger [2006] 2013:121).

162. Maximilian I (1459–1519) was die seun van Friedrich III uit die geslag van die Habsburgers. Hy heers sedert 1486. Hy was die Romeinse koning en keiser. Hy trou met Maria, die prinses van Boergondië en vestig só die Habsburgse heerskappy in Boheme en Hongarye. Sy seun Philipp en dogter Margerete se huwelike met die Spaanse troonopvolgers verseker dat hy ook beheer oor Spanje kry. Hy bevorder die humanisme en die nasionale gevoel. *Die 95 Stellings teen die aflaat* is tydens sy heerskappy gepubliseer (vgl. Kaufmann 2016:885).

163. Karel V (24 Februarie 1500 – 21 September 1558) was vanaf 1519 keiser van die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie. Hy was aanvanklik koning van Spanje. Na die dood van sy vader, Phillip von Habsburg, en die siekte van sy moeder, Johanna (die 'waansinnige') von Kastilien, het hy by sy tante Margarete in Vlaandere grootgeword. Danksy die ambisieuse huwelikspolitiek van sy oupa, keiser Maximilian I, het hy 'n reusagtige heersersgebied geërf, naamlik Spanje, koloniale gebiede in Suid-Amerika en die hertogdom Boergondië. As keiser was hy voortdurend vasgevang in konflikte met Frankryk en die Osmaanse Ryk (Turkye) en daarom het hy hom min gesteur aan Luther en die Reformasie. Hy het slegs in vredetye (1521, 1530–32 en 1546) aandag aan die Reformasie gegee. Sedert 1521 het hy 'n konsekwente anti-Reformatoriese houding ingeneem. Hy het die Edik van Worms uitgevaardig waarin Luther tot ketter verklaar is. Hy en Luther het mekaar nooit weer ná die Ryksdag van Worms in 1521 gesien nie. In 1547 het hy wel na Luther se graf in Wittenberg gaan kyk (vgl. Kaufmann 2016:882; Kohnle 2015b; Stollberg-Rilinger [2006] 2013:51–63).

die samekoms van die vorste en juriste van Sakse van die teendeel oortuig – maar weier dat die kerk aan só 'n opstand deelneem. Nogtans was die weg geopen vir die stigting van die *Smalkaldiese Bond* (vgl. Kohnle 2015a).

Drie Saksiese keurvorste, te wete Frederik[164] (III) die Wyse van Sakse,[165] sy broer Johann van Sakse (die 'Bestendige'),[166] en sy

164. Sy Duitse naam was Friedrich. Aangesien die naam Frederik die Wyse bekend is onder Afrikaanssprekendes, gebruik ek die Afrikaanse weergawe van sy naam. In ander gevalle, behalwe Karel V (Karl V), gebruik ek die Duitse name om verwarring uit te skakel.

165. Friedrich (III) van Sakse (17 Januarie 1463 Torgau–05 Mei 1525 Lochau by Torgau) was die magtigste Duitse keurvors van die 15de–16de eeu. Saam met sy broer en opvolger regeer hy die Ernestiniese gebiede van Sakse. Hy ontwikkel Sakse tot 'n ekonomies suksesvolle vorstedom. Hy was verantwoordelik vir die groeiende mag van die keurvorste binne die Ryk. In 1519 wys hy die keiserskap, as navolger van Maximilian I, van die hand (alhoewel die nuutste navorsing aantoon dat hy moontlik omgekoop is om van die troon afstand te doen nadat hý tot keiser verkies is – vgl. Kohnle 2019). Hy is opgevoed in die humanistiese gees en hy beywer hom vir die bevordering van die wetenskappe. Hy stig in 1502 die Universiteit van Wittenberg. Hy staan in noue kontak met Erasmus van Rotterdam en Albrecht Dürer. Johannes von Staupitz en Georg Spalatin was sy vriende en raadgewers. In 1517 verbied hy die aflaathandel in sy gebied. Hy was Luther se beskermheer en verhinder sy uitlewering aan Rome. Hy bly vasgevang in die Laat-Middeleeuse spiritualiteit (pelgrimstogte na Jerusalem en die versameling van relikwieë), maar het 'n goeie aanvoeling vir Luther se teologie ontwikkel. Hy het Luther se teologiese oordeel vertrou en hom aangemoedig om Bybelse teologie te beoefen. Deur sy beskerming van Luther, bevorder hy die Reformasie indirek. Sonder sy politieke mag en ondersteuning sou Luther nie kon vermag wat hy wel vermag het nie. Dit is ongelooflik dat hy en Luther nooit persoonlik ontmoet het nie. Hulle het deur Spalatin met mekaar gekommunikeer. Ná sy dood het Spalatin Luther en Melanchthon se advies ingewin om vir die keurvors 'n 'Protestantse begrafnis' te gee (vgl. Köpf 2015:152–153). Frederik lewer ook 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die staatsadministrasie en bou en ontwikkel biblioteke en argiewe (vgl. Kaufmann 2016:876; Rudersdorf 2015a).

166. Johann die Bestendige (30 Junie 1468 Meißen – 16 Augustus 1532 Wittenberg) was volgens die testament van sy vader sedert 1486 saam met sy ouer broer Frederik III die Wyse verantwoordelik vir die regering van die Ernestiniese gebiede in die Ryk. Sedert 1513 het hy alleen oor Thüringen regeer met Weimar as hoofstad. Hy huiwer nie om hom by die Reformasie aan te sluit nie. Sedert 1522 nooi hy Luther meermale uit na Weimar en moedig hom aan om die geskrif *Oor die wêreldlike owerheid* (WA 11, 245-281; [1523] 2016g) te skryf. In 1524 verbied hy Karlstadt en Müntzer binne sy regeergebied. Weens die dood van sy broer word hy op 57-jarige ouderdom alleenheerser in die keurvorstedom Sakse en trek na Torgau. Hy stel die visitasiesisteem in (1527 – 1529) waaruit 'n kerkordelike raamwerk vir die Reformatoriese gemeentes ontwikkel het. In 1529 'protesteer' hy op die 2de Ryksdag van Speyer saam met die ander Reformatoriese gebiede teen die gebrek aan godsdiensvryheid. Op sy aandrang word die *Artikels van Torgau* ontwerp wat die grondslag van die *Confessio*

seun Johann Friedrich I van Sakse (die 'Grootmoedige')[167] het verseker dat die Lutherse Reformasie geslaag het. Hulle positiwiteit jeens Luther en sy beweging het verseker dat die keiser en die Roomse Kerk die Reformasie nie kon smoor nie.

Om Luther se politieke uitsprake te begryp, is kursoriese inligting oor *Die Smalkaldiese Bond* (*Der Schmalkaldischer Bund*) ook nodig. Hierdie bond van Protestantse gebiede en regente het op twee oorkondes berus, naamlik die Bondsverdrag (*Notel der Verstentnus* van 31 Des. 1530–27 Febr. 1537) en die Bondsgrondwet (*Verfassung zur Gegenwehr* van 23 Des. 1535). Dit was die belangrikste politieke formasie van die Protestantisme in die Ryk tydens die vroeë tydperk van die Reformasie. Die samewerking in die Bond bestaan uit twee periodes: 1530–1536 en 1536–1546. Die volgende lede was die stigters van die Bond: Die keurvorstedom van Sakse, die landgraafskap van Hesse, die vorstedomme Braunschweig-Lüneburg-Celle en Braunschweig-Lüneburg-Grubenhagen, die vorstedom Anhalt-Bernburg-Köthen, die graafskappe van Mansfeld, die stede Strasbourg, Konstanz, Ulm, Reutlingen, Memmingen, Lindau, Biberach, Isny, Magdeburg en Bremen. Tot en met 1538 het die volgende Rykstede toegetree:

(voetnota 166 gaan voort...)
*Augustana* sou vorm. Hy was ten gunste van die vorming van die *Smalkaldiese Bond*. In Julie 1532 bereik hy tog 'n ooreenkoms met Karel V wat groter vryheid aan die Protestante verleen het. Die bestendiging van die Reformasie is tot 'n groot mate aan Johann te danke. Polities gesproke, is hy die held van die Reformasie (vgl. Rudersdorf 2015b).

167. Johann Friedrich (I) die Grootmoedige (30 Junie 1503 Torgau – 03 Maart 1554 Weimar) was sedert 1532 die keurvors van Sakse. Hy was die laaste van die drie Ernestiniese keurvorste wat die Wittenbergse Reformasie ondersteun het. Hy ontvang sy opleiding in Torgau en Weimar. Hy trou in 1527 met 'n dogter uit die ridderstand, Sibylla von Jülich-Cleve-Berg. Hy sit die werk van sy vader voort rondom die bestendiging en uitbou van die Evangeliese Kerk. Hy sorg vir die eerste Protestantse kerkgebou in Torgau. Saam met Philipp van Hesse was hy leidinggewend in die *Smalkaldiese Bond*. By die slag van Mühlberg, 24 April 1547, verloor hy teen die troepe van die keiser en word hy tronkstraf opgelê. Op 19 Mei 1547 kapituleer Wittenberg en die keurvors verloor groot dele van sy regeergebied. Die Universiteit Wittenberg word verander in 'n Albertiniese inrigting. In 1552 word hy uit die tronk vrygelaat en sterf in 1554 as 'gebore keurvors'. Hy is begrawe in die stadskerk (Petrus en Paulus) in Weimar en word nog steeds geëer as die vors aan wie die Reformasie baie dank verskuldig is (vgl. Rudersdorf 2015c).

Esslingen, Lübeck, Braunschweig, Goslar, Göttingen, Einbeck, en dan die vorste van Anhalt-Dessau, Württemberg, Pommern, Frankfurt, Augsburg, Kempten, Hamburg, Hannover, Minden, die graaf van Nassau-Saarbrücken en Schwarzburg-Arnstadt, die hertog van Sakse, die markgraaf van Brandenburg-Küstrin, hertogin Elizabeth van Rochlitz, Heilbronn en Schwäbisch-Hall, en die graaf van Tecklenburg. Die bedoeling van die bond was om lede wat deur die troepe van die keiser aangeval word, *ultima ratio*, met wapengeweld te verdedig. Wedersydse regshulp was ook van wesenlike belang. Die leiersfigure van die Bond was Johann Friedrich van Sakse en Philipp van Hesse. Die Bond het ná die militêre nederlaag teen die keiser in 1547 tot 'n einde gekom (vgl. Haug-Moritz 2015).

## 8.2.2. Die boere-opstand

Luther se uitsprake oor die politiek het in 'n baie groot mate met die boere-opstande te make gehad. 'n Groot aantal van sy 'politieke geskrifte' kan nie volledig begryp word sonder kursoriese inligting oor hierdie opstande nie. Dit is veral die leiersfiguur Thomas Müntzer wat aandag verdien, aangesien sy optredes Luther gedwing het om uitsprake oor die politiek, opstand en geweld te maak.

Thomas Müntzer[168] was 'n charismatiese bekeringsprediker wat deur die mistiek beïnvloed is. Hy was aan die voorpunt van

168. Thomas Müntzer (1490–1525) is in Stolberg gebore en studeer in Leipzig (sedert 1506) en Frankfurt an der Oder (vanaf 1512). Ná sy priesterwyding in 1514 werk hy in Braunschweig. Sedert 1518 is hy in kontak met die Wittenberg-teoloë. In 1519 preek hy as 'Lutheraner' in Jüterbog teen Tetzel. Ná 'n kort verblyf in Praag verskuif hy in 1523 na Allstedt waar hy begin werk aan die verandering van die liturgie. Hy doen voorspraak vir die hernuwing van die kerk in navolging van die Vroeë Kerk. Hy word egter ontslaan. Hy trou met die gewese non Ottile von Gerson. Sedert 1525 is hy predikant in Mühlhausen in Thüringen. Hy stig 'n 'ewige bond van uitverkorenes'. Dáár ondersteun hy die boere-opstand. Hy sien in hierdie opstand God se oordeel oor die goddeloses en wil graag daaraan deelneem. Hy sterf 'n wrede marteldood ná die slag van Mühlhausen op 27 Mei 1525. Sy geskrifte vertoon 'n apokaliptiese karakter en is deurtrek van sosiaal-utopiese ideale wat met geweld afgedwing moes word. Hy propageer 'n afgesonderde lewensruimte vir ware gelowiges en 'n lydingsnavolging van Christus (vgl. Hasse 2015; Kaufmann 2016:886).

’n sosiaal-politieke beweging wat groter geregtigheid vir die boere en ambagsmanne geëis het. Sy program was nie reformasie nie, maar rewolusie. Volgens Müntzer was die twintigerjare van die 16de eeu aan die vooraand van die ‘duisendjarige vrederyk van Christus’ en moes die sosiaal-politieke werklikhede dienooreenkomstig verander word. Hy interpreteer die gewelddadige opstande van die boere as deel van die eindoordeel en meen dat die ‘ware uitverkorenes’ hieraan moet deelneem. Die spoedige wederkoms en oordeel van Christus is dus programmaties tot die sentrum van die teologie gemaak. Luther het gou besef dat Müntzer ’n gevaarlike mens is wat net moord, opstand en bloedvergieting gaan veroorsaak. Hy het hom as ’n ‘valse profeet’ en ‘’n wolf in skaapsklere’ beskryf (Schwilk 2017:300). Luther was met reg bekommerd oor die invloed van Müntzer (en Karlstadt), aangesien die sosiaal-politieke omstandighede gunstig was vir ’n algehele sosiale opstand. Die boere, dagloners, ambagsmanne en selfs slawe is genadeloos uitgebuit. Hulle was blootgestel aan ’n totaal onredelike belastingkoers. Die nuwe ‘sterftebelasting’ (die familiehoof se familie moes by sy afsterwe sy beste koei en sy vrou se bed as belastingheffing oorhandig) vir hierdie sosiale stand, was die laaste strooi. Deel van die ongelukkigheid was die verbod op jag en visvang. Dít was slegs vir die adel beskore, terwyl die ou Germaanse publieke reg dit verbied het. Die opstandiges het in Luther ’n vriend gesien. Daar is geglo dat sy weerstand teen die aflaatstelsel en sy vryheidsgeskrif die begronding verskaf vir gewelddadige verset teen onreg en uitbuiting. Begin April 1525 was Luther in Eisleben om ’n kerkskool te open. ’n Afvaardiging van die boere in Schwaben het hom dáár ontmoet en aan hom ’n beswaarskrif met 12 eise oorhandig wat opgestel is deur die stadspredikant van Memming Christoph Schappeler en ’n gesiene stadsamptenaar Sebastian Lotzer. Hulle eise sluit in: Die vryheid om hulle eie predikante te kies, die vryheid van prediking, die reg om die ‘tiende koringbelasting’ te gebruik om die predikante te betaal, die afskaffing van slawe-arbeid, die reg om te jag en te hengel, verlaging van belasting,

regsekerheid en die afskaffing van die 'sterftebelasting'. Die afvaardiging wou gehad het dat Luther sy volle steun aan hulle pleidooie moes gee, aangesien hulle geglo het dat al die eise Bybels begrond is. Die boere het hulle *Twaalf Artikels* nie as die politieke verlenging van *Die 95 Stellings* gesien nie, maar die manifes nogtans as 'n produk gesien wat uit 'die gees van die evangelie' gebore is, aangesien daar verset teen die 'Goddelike reg' by die adel te bespeur is. Luther ([1523] 2016c) antwoord hulle met 'n eie geskrif met die titel *Vermaning tot vrede as antwoord op die Twaalf Artikels van die boeregemeenskap van Schwaben*. Hy stem nie met hulle saam dat hulle politiek aan die evangelie gestalte gee nie. Hy vermaan hulle om nie gewelddadig in opstand te kom nie en om hulle geduldig tot gebed te wend. Hy spreek egter heftige kritiek teen die adel en die Roomse klerus uit en vermaan hulle om geregtigheid te herstel. Hy waarsku hulle ook dat God se gerig hulle gaan tref, sou hulle met hierdie onreg voortgaan. Luther maak belangrike uitsprake in sake die 'twee regimente-leer'. Volgens hom loop aardse geregtigheid nie uit in die koninkryk nie. Aardse reg en die koninkryk bly twee onderskeie sake en mag nie vermeng word nie. Een rede hoekom hierdie twee sfere nie vermeng kan word nie, is dat die aardse realiteit nie op algehele gelykheid kan berus nie. Toe hierdie *Vermaning* begin Mei 1525 na die drukker gestuur is, het geweld al klaar uitgebreek (vgl. Schwilk 2017:301–306).

In Mei 1525 sterf Frederik die Wyse by sy jagkasteel in Lochau. Hy is wel deur Luther oorreed om van sy relikwieë ontslae te raak, maar hy het nooit amptelik tot die Reformasie oorgegaan nie. Op sy sterfbed het hy wel die nagmaal in Protestantse gestalte ontvang. Luther kon nie betyds by sy sterfbed uitkom nie, maar het hom wel begrawe. Frederik se opvolger, sy broer Johann die Bestendige, het hom openlik aan die Reformasie verbind en ná die boere-opstande het hy meegewerk aan die bestendiging en uitbou van die Reformasie.

Luther moes inderhaas seker maak dat hy nie met opstandige boere geïdentifiseer word nie. Dit het einde Mei bekend geword wat op verskeie plekke gebeur het. Één belangrike berig het gehandel oor die ‘bloedbad van Weinsberg’ op 16 April naby Heilbron. Tydens die ‘bloed-Paasfees’ is ’n hele aantal families (onder andere dié van graaf Ludwig von Helfenstein) saam met alle werkers en bywoners wreedaardig vermoor. Toe Luther ook nog hoor dat sy kloostervriend, Heinrich von Zütphen, ná ’n erediens deur dronk boere soos ’n dier vermoor is, het hy ([1523] 2016d) ’n bekende vlugskrif *Teen die moorddadige en roweragtige hordes van boere* die lig laat sien. Hy beskryf die opstandelinge as ‘kinders van die duiwel’ en hulle leier, Thomas Müntzer, as die ‘aartsduiwel’. Hy versoek die owerhede om streng teen die gewelddadige oproermakers op te tree en om hulle hard te straf weens die wrede moorde op mense. Luther meen dat die liefdesgebod weer plek moet maak vir die Ou Testamentiese vergeldingswette en dat die swaard in die plek van geduld en barmhartigheid moet kom. Hy regverdig die optrede op grond van die amp van die owerheid (Rom 13). Luther se traktaat was egter reeds te laat. Die maghebbers het intussen met alle geweld teen die boere opgetree. Op 12 Mei het Müntzer en sy soldate vir oorlog na Frankenhausen opgetrek. Die nuwe keurvors Johann, die twee grawe van Mansfeld en die landgraaf van Hesse het teen Müntzer opgetree. Op 15 Mei 1525 begin die finale slag. Feitlik die hele weermag van Müntzer word afgemaai. Twee weke lank word Müntzer gemartel en op 27 Mei 1525 word hy en sy adjudant, Heinrich Pfeiffer, onthoof en hulle koppe op spiese rondgedra. Dit blyk dat Luther van beide kante verkeerd verstaan is, en ná die tragedie verkeerd beskuldig is (vgl. Schwilk 2017:308–317). Om Luther se verstaan van die owerheid en sy politieke uitsprake te begryp, wend ons ons tot enkele belangrike geskrifte. Die geskrifte vertel die verhaal baie beter as ’n klompie historiese inligting.

# 8.3. Geskrifte

## 8.3.1. Hervorming van die Christendom: Adelgeskrif

Op 05 Augustus 1520 vertel Luther vir Georg Spalatin,[169] dat hy van plan is om die tirannie van die Roomse Antichris te beveg.[170] Middel Augustus word sy 'adelgeskrif'[171] ofte wel *Aan die*

169. Georg (Burkhardt) Spalatin (17 Januarie 1484 – 16 Januarie 1545) was 'n lewenslange vriend en vertroueling van Luther. Hy het sy skoolopleiding in Nürnberg ontvang. Hy studeer teologie (veral kerkreg) en regte in Erfurt en Wittenberg sedert 1498. In Erfurt is hy lid van die 'Humaniste-kring' van Conrad Mutian. Hy behaal die *Magister Artium* in 1503. In 1505 word hy 'n huispredikant in Erfurt en begeleier van nuwelinge (*Novizenmeister*) by die klooster Georgental in Gotha. In 1508 word hy tot priester gewy en in 1512 word hy aangestel as opvoeder van die prinse aan die hof van keurvors Frederik III van Sakse. Hy werk terselfdertyd as historikus, vertaler en as sekretaris van die keurvors. Hy beklee ook die belangrike pos van bibliotekaris van die vorstelike universiteitsbiblioteek. Hy word later ook die minister van jeugsake in Sakse. Sedert 1514 is hy in enge korrespondensie met Luther. Hy word Luther se stem by die keurvors. Na dié se dood word hy in 1525, na die keurvors se dood, predikant in Altenburg. Spalatin het aan talle visitasies deelgeneem en belangrike kerkregtelike invloed op die jong gemeentes uitgeoefen. Hy het 'n omvattende brieweversameling nagelaat van korrespondensie met teoloë, predikante en gemeentes (vgl. Kaufmann 2016:893).

170. Luther se 'adelgeskrif' is 'n voortsetting van die '*gravamina nationis germanicae*' ['die besware van die Duitse nasie'] van die eerste helfte van die 15de eeu waarin besware van die regente van Duitse adellike gebiede teenoor die Roomse kurie geopper is. Dieselfde besware is later weer tydens die Ryksdae van Augsburg (1510–1518), onder keiser Maximilian I, geopper. Daar was hoofsaaklik drie besware: (1) Dat die kurie belangrike poste gevul het met persone wat sy eie Roomse belange bevorder het, (2) dat die kurie al meer en meer geld verwag het om hulle eie belange te bevorder, en (3) dat kerklike verhore na Rome verwys is, waar daar op bedenklike wyse met die reg omgegaan word. Fiskale en regsaangeleenthede vorm dus die hart van die Duitse besware. Alhoewel daar nie soos in Spanje, Frankryk en Engeland vir die opsie van 'n nasionale kerk gevra is nie, was die Duitsers ontevrede met die kurie wat hulle finansieel en regstegnies uitgebuit en mislei het. Luther self was ook nie geïnteresseerd in die nasionalisering van die kerk nie, aangesien dit vir hom om 'n algemene hervorming van die Christendom gegaan het (vgl. Aulinger 2017; Schwarz [1986] 2014:98).

171. Die eerste oplaag van 4000 eksemplare van hierdie groot Reformatoriese programskrif wat in Junie 1520 geskryf is, is binne 'n week verkoop. Tussen 1520 en 1521 is talle nuwe oplae verkoop. Aangesien hy oortuig was dat die pous die Antichris was en dat die geestelikes die talle misstande in plek hou, wend hy hom tot die wêreldlike owerhede, as verteenwoordigers van die gewone burgers, om te help om die Christendom van totale verrotting te red (vgl. inleiding van Zschoch tot Luther [1520] 2016a:3).

*Christelike adel van die Duitse nasie: In sake die hervorming van die Christendom* gepubliseer. Hierdie publikasie (WA 6, 404–469; [1520] 2016a) bevat twee afdelings. Die eerste handel oor die teologiese begronding waarom die wêreldlike owerheid die reg en verantwoordelikheid het om in onaanvaarbare kerklike praktyke in te gryp. Die tweede afdeling handel oor omvangryke voorstelle vir die hervorming van die kerk, die universiteitswese en die sosiale en politieke lewe. Die eerste afdeling is vir ons konteks van belang in die lig van die wanpraktyke[172] in sekere kerke in ons wêrelddeel. Die regering en die staat het die verantwoordelikheid en die plig om met regsmaatreëls die wanpraktyke te bekamp.

In die eerste uitgawe van hierdie publikasie is 'n brief aangeheg aan Nikolaus von Amsdorff,[173] waarin Luther hom versoek om kritiese kommentaar te lewer ter verbetering van die teks. In die brief stel Luther homself voor as 'n hofnar. Naas 'n nar, is hy egter ook 'n doktor in die teologie – met ander woorde iemand wat veel meer kennis en insig in die Woord het as die maghebbers in kerk en staat (vgl. WA 6, 404–405, 10; [1520] 2016a:4). Die keuse om na homself as hofnar te verwys, moet goed begryp word. Die hofnar was iemand wat 'n bespotting van die magtiges en hulle oortuigings gemaak het. Omdat die hofnar geduld is en vryheid van spraak geniet het, gee Luther dus te kenne dat hy ook 'n bespotting van die heersende magspolitiek wil maak, en spreek die vertroue uit dat ook hy vryheid van spraak sal geniet.

172. In die Suid-Afrikaanse dagpers word daar gereeld berig oor finansiële wanbestuur, belastingontduiking en selfverryking van die 'pastore', 'priesters' en 'profete' van sekere kerke. Die misbruik van mag om 'geestelike mag' te vertoon en verwronge demonstratiewe vorms van verlossing van die bose is 'n klad op die naam van die kerk van Jesus Christus.

173. Nikolaus von Amsdorff (1483–1565) was 'n vriend, kollega en vertroueling van Luther. Hy studeer teologie in Leipzig en Wittenberg. Hy behaal die *Magister Artium* in 1502 en die lisensiaat in teologie in 1511. Sedert 1516 was hy fakulteitskollega van Luther. Hy vergesel hom in 1519 na die Disputasie van Leipzig en in 1521 na die Ryksdag van Worms. In 1524 word hy predikant in Magdeburg en in 1542 word hy die *biskop* van Naumburg. Hy het die stigting van die Universiteit van Jena in 1548 bepleit, en was verantwoordelik vir die 'Jena-uitgawe van Luther se werke' (vgl. Kaufmann 2016:867).

Hierdie lang traktaat word gerig aan die keiser en die Christelike adel in die hoop dat hulle iets positiefs vir die 'Duitse nasie' sal kan doen, aangesien die Christendom onder die Rooms-Katolieke Kerk verval het. Hy verwag nie van hulle om op grond van hulle mag en/of hulle wêreldlike wysheid (rede) iets te probeer doen nie, maar slegs op grond van hulle 'vertroue in God' en in 'nederige gebed' (WA 6, 405–406; [1520] 2016a:6–8, l. 15). Volgens Luther het die verteenwoordigers van die Roomse Kerk drie mure om hulle gebou, wat dit onmoontlik maak om die kerk van binne te hervorm, naamlik (a) die argument dat die wêreldlike reg aan die geestelike reg onderdanig is en geen regsbevoegdheid het om in geestelike sake in te gryp nie, (b) dat niemand die reg het om die Skrif gesaghebbend uit te lê nie, buiten die pous en (c) dat niemand behalwe die pous die reg het om 'n konsilie byeen te roep waar kerklike wanpraktyke krities gedebatteer kan word nie. Luther het die bedoeling om hulle vanuit die Skrif te oortuig dat die drie mure nie legitiem is nie, en dat die adel daarom die reg het om mee te werk aan die hervorming van die Christendom (vgl. WA 6, 406–407; [1520] 2016a:8, l. 16–10, l. 4).

In die lig van die groter argument wat in hierdie hoofstuk gevoer word, word daar slegs op die kritiek teen die eerste muur gekonsentreer. Luther se kritiek teen die eerste muur, dat die 'wêreldlike stand' (vorste, ambagsmanne, boere en geleerdes) aan die 'geestelike stand' (pous, biskoppe en priesters) onderdanig is, berus op sy verstaan en benutting van die 'priesterskap van die gelowiges en of gedooptes.' Volgens Luther is alle gelowiges deel van die 'geestelike stand'. Daar is geen onderskeid tussen gelowiges nie, behalwe dat sekere van hulle geroep word om die amp van verkondiger van die Woord te vervul. Op grond van 1 Korintiërs 12 bewys hy dat daar slegs één doop, één evangelie en één geloof is wat 'geestelik maak'. Op grond van 1 Petrus 2 bewys hy dat op grond van die doop almal priesters is. 'n Biskop is binne die Christendom nie belangriker as die gelowige boer nie. Hy het slegs 'n ander funksie in die kerk. Die gedagte van die 'geestelike stand' het die gedagte van die 'priesterskap van die gelowige' in die vergetelheid gedruk, en dít

is een rede hoekom hierdie 'mure' in stand gehou word (WA 6, 407–408; [1520] 2016a:10, l. 5–14, l. 2). Luther verwys ook na 'n probleem wat vandag nog selde voorkom. In die Roomse Kerk was daar die gedagte dat iemand vir altyd deel van die 'geestelike stand' bly, selfs al word die persoon uit die amp onthef. Volgens Luther is dit 'n onhoudbare standpunt. Wanneer 'n ampsdraer onthef word, word die persoon deel van die burgerlike samelewingsorde en kan daar nie aan die ampsvoorregte vasgeklou word nie (WA 6, 408; [1520] 2016a:12, ll. 8–27). Om terug te keer tot die hoofargument: Binne die 'geestelike stand', eerder die Christendom genoem, is daar geen rangonderskeidings nie. Daar is slegs die funksionele onderskeidings tussen die ampsdraers en die lidmate. Daar is egter 'n onderskeid tussen die geestelike amp en die wêreldlike amp. In die kerk sorg die ampsdraer vir Woord en sakrament, terwyl die ampsdraer in die wêreld – die wêreldlike owerheid – vir die hantering van die swaard sorg. Die 'swaard' beskerm die reg en straf die boosdoener. Almal wat deel is van die wêreldlike orde of burgerlike samelewing bly altyd ook nog priesters. Op hierdie wyse sorg almal op een of ander manier vir die welwese van die samelewing en die sieleheil van die burgers. Geen amp heers oor die ander amp nie. Alhoewel die gekose en aangewese ampsdraers elkeen 'n funksie het om te vervul, dra die ampsdraers ook by tot die bevordering van geregtigheid en die beskerming van die reg, en ook die bevordering van goeie Skrifverkondiging en die instandhouding van die sakramente. Belangrik is egter ook die gedagte dat kerklike ampsdraers in wêreldlike howe rekenskap moet gee oor hulle verkeerde doen en late. 'Geestelikes' is dus nie bo die reg verhewe nie, en kan nie regter wees in hulle eie onreg nie. Die wêreldse howe is dus ook diensknegte van God wat sorg dat almal aan die reg onderdanig bly, en diegene straf wat dit nie wil doen nie. Die gedagte dat burgerlike howe aan die mag van die pous en die biskoppe onderdanig moet wees, is dus nie op Bybelse gronde verdedigbaar nie. Almal is gelyk en nie 'n ander se onderdaan nie, behalwe wanneer skuld en sonde jou onderdanig maak aan die

howe (vgl. WA 6, 409–411: [1520] 2016a:14–18). Luther sluit sy argument oor die drie mure met ’n insiggewende opmerking oor mag en bevoegdheid af. Hy (WA 6, 414; [1520] 2016a) argumenteer:

> Niemand in die Christendom het volmag om skade aan te rig, óf om die verhindering van skade te verbied nie. Daar bestaan nie só iets soos volmag in die kerk, buiten die volmag van diegene wat die kerk wil verbeter nie. (p. 24, ll. 24–25)

## 8.3.2. Christelike regering

Daar is reeds in Hoofstuk 3 aandag gegee aan Luther se vertaling en uitleg van Maria se loflied (*Magnificat*) in Lukas 1:46–55. Daar is gefokus op die bydrae wat hierdie teksgedeelte gelewer het om Luther tot ’n nuwe Godsbegrip te help. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan sy advies aan die 17-jarige Johann Friedrich (die toekomstige keurvors van Sakse, aan wie hierdie traktaat opgedra is) oor hoe ’n Christenvors veronderstel is om te regeer. Dit is nodig om dié advies uit te lig, aangesien dit ’n balans skep in Luther se verstaan van die owerheid. In ander geskrifte moes hy voortdurend konsentreer op die swaardmag van die staat. Om slegs hierop te konsentreer, skep ’n onakkurate voorstelling van Luther se ‘staatsbegrip’.

Luther (WA 7, 578; [1521] 2012a:432–434) herinner aan Jeremia 9 wat dit stel dat mense nie op hulle wysheid, mag en rykdom moet roem nie, aangesien die Here eerder wil sien dat barmhartigheid en regverdigheid in regspraak en geregtigheid in die lewe sal seëvier. Hierdie eienskappe van God kan en moet in waardes vir die magspolitiek omskep word. Die waardes moet die riglyne wees waarvolgens die toekomstige keurvors gaan regeer. ’n Goeie verstand en skerpsinnige nadenke is vanselfsprekend ook belangrik, maar nie die belangrikste aspekte van die regeeramp nie. Luther (WA 7, 579–585; [1521] 2012a:434–446) brei breedvoerig uit oor barmhartigheid. God wat barmhartig is wil hê dat sy owerhede ook barmhartig sal wees. ’n Regent kan nie goed regeer deur dreigemente van straf en veroordeling nie. Barmhartigheid teenoor onderdane skep

welwillendheid en vrede. ’n Belangrike element van barmhartigheid is die reg. Waar daar onreg is, kan daar nie sprake van barmhartigheid wees nie. Om met die swaard onreg te verdedig, lewer geen bydrae tot vrede nie en verhoog slegs die spanning in die samelewing. Volgens Luther is barmhartigheid ‘God se edelste werk’ en moet dít aan owerhede en onderdane voorgehou word as ideaal wat binne die gebroke werklikheid nagestreef word. Luther (WA 7, 585–589; [1521] 2012a:446, l. 30–454, l. 18) gee ook uitvoerig aandag aan Maria se uitspraak dat ‘die Here met sy arm die geestelik hoogmoedige verstrooi’. Diegene wat God nie wil eer en nie volgens sy wet wil lewe en regeer, bly nie staande nie aangesien hulle die mense is wat die armes en swakkes vertrap. Op ’n verborge manier, ruk die Here sulke mense met sy arm van hulle troon af en help die swakke op. Slegs die geloofsoog sien dit, raak aangesien die Here se arm nie sensasioneel werk nie. Johann Friedrich (en die ander maghebbers) moet dít in gedagte hou indien hy soos ’n Christen wil regeer. Weereens stel Luther – alles kom neer op die doen van barmhartigheid in nederigheid voor God. In aansluiting hierby herinner Luther (WA 7, 589–591; [1521] 2012a:454, l. 19–458, l. 24) aan die uitspraak van Maria dat ‘die Here die magtige geweldenaars van die troon ruk en die nederiges verhoog’. Owerhede wat skade, pyn en dood veroorsaak, regeer net vir kort periodes voordat hulle van hulle trone afgestamp word. Magmisbruikers, geweldenaars en uitbuiters word nie lank deur God geduld nie; hulle word van hulle mag ontneem en hulle slagoffers word weer opgehelp.

Luther (WA 7, 601–604; [1521] 2012a:476, l. 39–482, l. 35) sluit sy traktaat af met ’n nawoord wat aan die jeugdige Johann Friedrich gerig word. Hy waarsku hom teen hoogmoed, die neiging om God te vergeet, onbedagsaamheid, onreg en ’n gebrek aan barmhartigheid. Hy wys hom daarop dat daar talle Bybelse voorbeelde is van konings wat van hulle trone afgeruk is, en versoek hom om op die wil van God ag te slaan. Hy moet gereeld sy ‘eie hart ondersoek’ en in gebed verkeer. Hy moet nie sy eie rede volg nie, maar bid dat God sy rede sal stuur en lei.

Sy voorbeeld moet 'n heenwysing wees na God se genade, barmhartigheid en geregtigheid en daarom moet hy voor die Woord buig. In hierdie geskrif leer ons dus 'n ander kant van Luther se 'staatsbegrip' ken wat op die positiewe aspekte van die regeeramp konsentreer en nie die strafelement verabsoluteer nie.

## 8.3.3. Die plig van owerheid en onderdaan

In Desember 1521 skryf Luther (WA 8, 676–687; [1522] 2016b) tydens sy verblyf in die Wartburg 'n belangrike boekie *'n Opregte vermaning van Martin Luther aan alle Christene om hulle van opstand en rebellie te weerhou*.[174] In hierdie geskrif reageer hy op die onreg van die kerklike en politieke owerhede, asook die dreigende gevaar van opstand en rewolusie.

Luther, wat in Desember 1521 in Wittenberg goed ingelig is oor die ekonomiese en politieke onreg binne die Duitse gebiede, reageer met drie argumente: (a) die owerhede moet reg en geregtigheid herstel, (b) die bevolking moet nie in opstand kom nie, en (c) die onreg moet deur die verkondigde Woord beveg word. Enkele argumente verdien vermelding. Luther (WA 8, 677–679; [1522] 2016b:140–146) meen dat die verkondigde Woord magtiger as die swaard is. Deur die verkondiging moet die leuen van die Pouskerk ontbloot word. Die kloosters, stigtings, opleidingsinstansies en kerkgeboue kos geld, en die gewone lidmate betaal daarvoor, sonder dat dit vir hulle vertel word. Die leuen kan egter nie standhou nie; dit gaan ten gronde onder God se oordeel. Deur nie

174. Nadat Luther begin Desember 1521 Wittenberg in die geheim besoek het, besluit hy om in die Wartburg 'n boekie te skryf na aanleiding van die broeiende ongelukkigheid van gewone mense sowel as sy volgelinge. Oproer het gedreig, aangesien die Roomse Kerk en die adel wat hulle gesteun het, mense genadeloos uitgebuit en hulle van hulle godsdiensvryheid ontneem het. Dit was veral die drakoniese belastingmaatreëls wat die bevolking tot opstand en rewolusie gedryf het. Luther vermaan sy volgelinge om slegs met die Woord te veg. Die owerhede word vermaan om geregtigheid te herstel. Hy het die boekie binne enkele dae geskryf. Die eerste druk het vroeg in Februarie 1522 by Melchior Lotter in Wittenberg verskyn (vgl. inleiding van Zschoch tot [1522] 2016b:139).

verbruikersitems by die kerk te koop en nie vir alles en nog wat geld te skenk nie, kan die kerklike struktuur geknak word. Deur die leuen op hierdie manier te ontbloot, kan God se gereg in werking tree. Geweld is hiervoor nie nodig nie. Luther hoop dat hierdie aksies die kerklike en wêreldlike owerhede tot herbesinning sal dwing sodat geregtigheid herstel sal word en geweld vermy kan word. Terselfdertyd is gebed baie belangrik – gebed dat die owerhede sal insien dat hulle nie volgens God se wil handel nie. Luther is oortuig dat gebed 'n veel beter wapen is as die swaard (vgl. WA 8, 682–684; [1522] 2016b:150–156).

## 8.3.4. Gehoorsaamheidsplig en die 'twee regimente-leer'

Luther se geskrif van 1523 (WA 11, 245–281; [1523] 2016g) '*Oor die wêreldlike owerheid: In hoeverre 'n mens daaraan gehoorsaamheid moet betoon*',[175] is sy belangrikste publikasie oor die owerheid. Twee argumente in die geskrif is na my mening nog steeds vandag relevant en bruikbaar, naamlik sy teologiese begronding vir die noodwendigheid en noodsaaklikheid van wêreldlike owerhede en sy verduideliking van die noodwendigheid van 'n 'twee regimente-leer'.

175. Op 24 en 25 Oktober 1522 het Luther twee preke in die kasteelkapel in Weimar voor die broer van die keurvors, hertog Johann en sy seun gelewer oor die verhouding tussen die evangelie en die wêreldlike reg. In Desember het hy hierdie twee preke verwerk tot die publikasie wat in Maart 1523 gepubliseer is. Die oorspronklike titel lui: *Von welltlicher oberkeytt wie weytt man yhr gehorsam schuldig sey.* Die agtergrond van die geskrif het te make met die reformator se beroep op die Skrif, en die verbod van Roomse vorste op die verspreiding van Luther se vertaling van die Nuwe Testament. In die publikasie het Luther 'n onderskeid getref tussen 'wêreldlike regsgeweld' (die regsbevoegdheid van wêreldlike owerhede) en 'geestelike Woordgeweld' (die regsbevoegdheid van die kerk om die Woord sonder politieke inmenging te verkondig). Hierdie onderskeid het die Protestantse politieke etiek diepgaande beïnvloed, en het uiteindelik die triomf van toleransie, godsdiensvryheid en die neutraliteit van die staat verseker (vgl. in die inleiding van Zschoch tot Luther [1523] 2016g:219 en in Schwarz [1986] 2014:156 is kort notas en in Spehr, Haspel & Holler 2016 omvattende inligting oor die agtergrond en nawerking van hierdie geskrif).

Luther (WA 11, 245–248; [1523] 2016g:220–226) begrond die regmatige bestaan van owerhede met argumente oor Romeine 12 en 13. Paulus se argument dat verontregte mense die oordeel aan God moet oorlaat, beteken nie dat mense nie aarde boosdoeners mag straf en moet sorg dat die samelewing ordelik funksioneer nie. Daar kan in hierdie sake nie individuele willekeur wees nie. ’n Instansie genaamd die owerheid (of die staat) is hiervoor verantwoordelik. Paulus noem dit volgens Luther die ‘wil en verordening’ (‘*willen vnd ordung*’) van God. Ons sou vandag na die ‘instelling van God’ verwys. Hiermee bedoel hy dat die samelewing nie sonder die owerheid ordelik kan funksioneer nie, aangesien ongeregtigheid en wraak dit in ’n wolweparadys sal omskep. Hy verwys in hierdie verband na die verhaal van Kain en Abel en die wetgewings van Moses. Die vorste (owerhede of die staat) mag egter nie dink dat hulle willekeurig kan doen en gebied wat hulle wil nie, en die onderdane kan nie die houding openbaar dat hulle in niks onderdanig hoef te wees nie. Matteus 5, waar Jesus sy volgelinge versoek om geweldloos deur die lewe te gaan, is ook nie ’n argument teen die instelling van die owerheid nie. Om Jesus se bergrede te begryp en toepaslik vir hierdie lewe te maak, moet daar onderskei word tussen die ryk van God en die ryk van die wêreld.

Luther (WA 11, 249–253; [1523] 2016g:228, l. 7–236, l. 21) verdeel die kinders van Adam in twee groepe. Die een behoort aan die ‘ryk van God’ en die ander groep aan die ‘ryk van die wêreld’. Diegene wat aan die ryk van God behoort, is die gelowiges terwyl die ongelowiges aan die ryk van die wêreld toegedeel is. Die ryk van God het nie ’n wêreldlike owerheid nodig nie, sou almal ware gelowiges wees. In die ware kerk van Christus is daar niks vir regsgeleerdes en soldate te doen nie. Gelowiges weet wat om te doen, en doen veel meer as wat die wet kan voorskryf. Goeie appelbome lewer goeie vrugte; dit is die swak bome wat nie goeie vrugte kan oplewer nie. Omdat alle mense sondaars is (selfs die gelowiges bly sondaars) moet daar owerhede wees wat wette vir die gemeenskap maak. In elk geval is Christene in die minderheid in die samelewing, en daarom moet die swaard

regeer om die bose in bedwang te hou. Om hierdie rede het God ‘twee regimente verorden’; die ‘geestelike regiment’ waardeur die Heilige Gees Christene onder die heerskappy van Christus hou, en die ‘wêreldlike regiment’ wat die boosheid van die ongelowiges in bedwang hou en die Christene beskerm ter wille van die algemene vrede. Indien iemand beweer dat die wêreld volgens die evangelie regeer kan word, met die konsekwensie dat daar nie meer op die reg en die swaard gesteun sal word nie, sal die gevolg wees dat mense soos ‘bose wilde diere uit hulle kettings sal losbreek en ander verskeur en opeet.’ Só sal boosdoeners, in die naam van die evangelie, die vryheid misbruik om wreedhede teen ander pleeg. Al is die meeste mense gedoop, bly ware gelowiges ver van mekaar af en is ’n algemene Christelike orde (*Regiment*) nie moontlik nie. Luther (WA 11, 252; [1523] 2016g) konkludeer:

> Daarom moet ’n mens beide hierdie regimente sorgvuldig onderskei en beide bestaansreg gun: die een wat regverdig maak, en die ander een wat uiterlike vrede skenk en die bose dade keer. In die wêreld kan die een nie sonder die ander bestaan nie. Sonder die geestelike regiment van Christus kan niemand deur die wêreldlike regiment voor God geregverdig word nie. Die regiment van Christus heers egter nie oor alle mense nie, aangesien die Christene altyd ’n minderheid onder die nie-Christene is. Waar die wêreldlike regiment of die [*staats*-]wette egter alleen regeer, gaan dit om suiwer huigelary, selfs wanneer daar volgens God se gebooie regeer word. Niemand word sonder die [*werking van die*] Heilige Gees in die hart werklik regverdig [*voor God nie*], maak nie saak hoe voortreflik hulle werke dalk kan wees nie. Waar die geestelike regiment egter alleen oor die land en sy mense regeer, dáár word die boosheid losgelaat en ruimte geskep vir allerlei skandalighede, aangesien die wêreld as sodanig [*die evangelie*] nie kan aanneem en of verstaan nie. (pp. 232, l. 35–234, l. 8)

Luther keer terug na die bergrede (Matt 5) en herinner dat Christus wel die swaard ingestel het, maar dit self nie gebruik het nie. Die rede: Christus regeer nie deur die wet nie, maar deur die Heilige Gees. Ondanks hierdie waarheid is alle Christene ook nog aan die swaard onderhewig, aangesien hulle in die wêreld nie sonder die beskutting van die swaard kan oorleef nie.

Luther (WA 11, 253; [1523] 2016g) voeg egter tot hierdie argumentvoering ’n belangrike perspektief by, wat in sy geheel aangehaal moet word.

> Omdat ’n ware Christen op aarde egter nie vir homself maar vir die naaste lewe en hom dien, doen hy op grond van sy geestesingesteldheid ook dít wat hyself nie nodig het nie, maar wat vir sy naaste nuttig en noodwendig is. Vir die ganse wêreld is die swaard noodwendig van groot nut, aangesien die vrede daardeur bewaar, die sonde gestraf en die boosheid gekeer word. Daarom onderwerp die Christen homself heel vrywillig aan die regiment van die swaard, betaal belasting, eer die owerheid, dien, help en doen alles wat hy kan om die regstaatlikheid (*Rechtsgewal*t) te bevorder sodat dit [*die staat*] funksioneel kan bly en gerespekteer kan word, alhoewel hy dit vir homself nie nodig het nie, aangesien hy daarop ag slaan wat vir ander goed en nuttig is, soos wat Paulus in Efesiërs 5 leer. (pp. 236, ll. 10–21)

## 8.3.5. Vrede ten alle tye!

In April 1525 reageer Luther (WA 18, 291–334; [1523] 2016c) op die 25 Artikels van die boere in Schwaben (huidige Beiere) met ’n geskrif onder die titel *Vermaning tot vrede as antwoord op die Twaalf Artikels van die boeregemeenskap in Schwaben*.[176] Luther lig die onredelike belastinglas uit as die rede vir die dreigende opstand en geweldpleging. Hy dring aan op ’n vreedsame oplossing vir die probleme, aangesien al die rolspelers ’n ‘plig tot broederliefde’ het. Indien die wedersydse broederliefde nie triomfeer nie, sal ‘beide ryke’, die hemelse en die aardse ryk

176. In hierdie geskrif neem hy hulle artikels ernstig op, aangesien hulle voorgee dat hulle ’n Bybelse standpunt verdedig en dat hulle in die gees een is met die Wittenbergse Reformasie. In die eerste gedeelte van die traktaat wend hy hom tot beide die regente en die boere. Hy versoek dat daar ’n regverdige bestel tot stand sal kom en dat die boere nie in opstand moet kom nie sodat daar ’n vreedsame oplossing kan kom. In die tweede gedeelte tree hy krities met die boere in gesprek; hy betwyfel die Bybelse begronding van hulle aksies en meen dat hulle nie regter in hulle eie saak kan wees nie. Hy handhaaf sy standpunt dat die owerhede deur God ingestel is en dat hulle gerespekteer moet word. Die opklaring van die ekonomiese en regskwessies verwys hy na die regsgeleerdes sodat hulle kan meewerk aan ’n vreedsame oplossing. Hierdie traktaat het 19 drukke beleef (vgl. inleiding van Zschoch tot [1523] 2016c:455).

ten gronde gaan. Opstand en geweld kan die hele Duitsland verwoes, en daarmee saam die 'regiment wat die Woord moet verkondig' (WA 18, 292; [1523] 2016c:456, l. 12–458, l. 10). Volgens Luther is die hart van die probleem, die geldgierigheid van die sekulêre en geestelike adel. Hy waarsku hulle dat God se toorn hulle gaan tref en dat hulle alle aansien en mag gaan verloor. Die boere moet egter nie dink dat hulle opstand die 'arm van God' is nie. Hulle het 'n vredesplig en moet God in sy toorn vertrou (WA 18, 294; [1523] 2016c:458). Hy oordeel dat die boere reg het deur voor te stel dat hulle self predikante moet kan beroep en betaal, aangesien predikante nie ampsdraers van die owerheid mag wees nie. Die ander kwessies, meen hy, moet die regsgeleerdes hanteer, aangesien teoloë nie die kompetensie het om daaroor te onderhandel nie (WA 18, 299; [1523] 2016c:464). Hy kritiseer die boere se dreigement van gewelddadige opstand met die argument dat hulle die Tweede Gebod oortree deur te meen dat hulle in God se naam politieke doelwitte kan najaag. Weereens stel hy dat die oordeel God toekom en dat die boere se opstand nie as God se oordeel voorgehou moet word nie. Hy vermaan hulle om hulle saak in gebed aan die Here voor te lê en te vertrou dat Hy aan hulle reg sal laat geskied (WA 18, 302–306. 318; [1523] 2016c:466–470, 482).

## 8.3.6. Die verwerping van geweld en straf vir geweldenaars

Luther het 'n weersin in geweld gehad, aangesien hy oortuig was dat dit niemand baat nie. Hy skryf tussen 06 en 10 Mei 1525 'n traktaat met die titel *Teen die rower- en moordbendes van die ander boere*[177] (WA 18, 357–361: [1525] 2016d). Hy skroom nie om

177. Direk ná die dood van keurvors Frederik die Wyse op 05 Mei 1525, reis Luther deur Thüringen en kom onder die indruk van die omvang van afskuwelike wreedhede wat deur die boere gepleeg is. Tussen 06 en 10 Mei skryf hy aan die derde oplaag aan sy *Vermaning tot vrede*, en heg as 'n aanhangsel 'n nuwe gedeelte aan met bogenoemde titel. In die oorpronklike teks praat hy egter van *Teen die aanstormende boere*. Later verskyn daar

die owerhede te versoek om die gewelddadige roofbendes hard te straf nie. Hy het telkens hulle regverdige saak onder die aandag van die adel gebring, maar tegelyk versoek dat die boere geweldloos moet protesteer. Aangesien hulle wreedaardig opgetree het, en ander se besittings geplunder het, moet hulle hard gestraf word. Volgens Luther kan sosiaal-politieke probleme nie met geweld opgelos word nie. Dit moet vreedsaam, deur onderhandelinge opgelos word.

Luther is deur die boere en hulle simpatiseerders skerp veroordeel vir sy oproep dat hulle genadeloos gestraf moet word. Middel Julie 1525 was hy verplig om 'n regverdigingsgeskrif die wêreld in te stuur. Hy doen dit onder die titel *'n Omsendbrief oor die harde geskrif teen die boere* (WA 18, 384–401; [1525] 2016f).[178] Luther toon berou dat die owerhede wraakgierig opgetree het en die opstandelinge soos diere afgemaai het. Hy herhaal egter sy standpunt dat hulle die reg het om vir sosiale vrede en orde te sorg. Hy toon nogtans geen begrip vir die onbarmhartige optrede van die owerhede nie, met die argument dat die boere self geen barmhartigheid betoon het nie. Hulle moes geweet het dat geweld teengeweld ontlok. Met hierdie heen en weer gepratery het Luther aansien ingeboet onder die boere en werkersklas.

(voetnota 177 gaan voort...)
talle aparte uitgawes van die teks. Luther meen dat die bendes vir die wreedhede hard deur die owerhede gestraf moet word. Die teks word ook in Roomse stede versprei en gee aanleiding tot hardhandige optrede teen die opstandige boere. Die strafmaatreëls eindig in die slag van Frankenhausen op 15 Mei 1525. Luther word verwyt dat hy die boere verloën het (vgl. inleiding van Zschoch tot [1525] 2016d:503).

178. Na sy huwelik met Katharina von Bora, kon Luther eers teen middel Julie 1525 weer aan die boere-opstande aandag gee. Hierdie omsendskrywe of openbare brief is opgedra aan sy swaer, die kanselier van die graaf van Mansfeld, Kaspar Müller. Hy veroordeel die optrede van die adel as 'n aksie wat deur wraak aangedryf is. Nogtans herhaal hy dat die owerhede die plig het om vir orde te sorg en dat hulle die reg het om die swaard te gebruik. Hy verwerp die aanklag dat die owerhede nie barmhartigheid betoon het nie omdat die boere self geen barmhartigheid getoon het nie. Hy argumenteer dat die herstel van orde en vrede as sodanig 'n daad van barmhartigheid is. Hierdie brief het slegs enkele drukke beleef. Die afleiding moet gemaak word dat Luther aansien onder die bevolking verloor het (vgl. inleiding van Zschoch by [1525] 2016f:517).

## 8.3.7. Christenskap en oorlog

Na afloop van die boere-opstande is Luther van alle kante beskuldig. Die boere beskuldig hom van verraad en dat hy ten diepste slegs 'n 'kneg van die vorste' is. Die soldate wat in die weermagte teen die opstandelinge geveg het, beskuldig hom weer dat hy hulle in 'n gewetenskrisis gedompel het. Ná 'n gesprek met die hoofman Assa von Kram,[179] besef Luther dat hy aan die Christen-soldate se gewetenskrisis aandag moet gee. In 1526 reageer Luther (WA 19, 623–662; [1526] 2016e) in die geskrif[180] *Óf die beroep van soldaat God kan behaag?*

Volgens Luther, moet daar onderskei word tussen amp en persoon of tussen die beroep en die beoefening van die beroep. Die amp van soldaat is 'n eerbare amp, aangesien dit deel is van die swaardmag van die owerheid. Ter wille van die vrede moet oortredings en boosheid gestraf word. Oorlog bedreig die vrede en het meestal met boosheid te make. Oorlog, as die herstel van orde en vrede, is daarom 'n aardse noodwendigheid, en moet selfs as 'n 'daad van liefde' beskou word (WA 19, 625; [1526] 2016e:564, ll. 12–13). Soldate beskerm vrou en kind, en oorlog is 'n euwel wat groter ellende afweer. Die feit dat soldate moet optree, bring die regmatigheid van die amp egter nie in gevaar nie. Nogtans erken Luther (WA 19, 627; [1526] 2016e:566) dat soldate wat vir die genot moor en roof, nie volgens die wil van God handel nie. Die misbruik van die swaard is nie regverdigbaar nie, maar dít bring die regmatigheid van die swaard nie in gedrang nie.

179. Assa von Kram het as 'n soldaat aan die slag van Frankenhausen deelgeneem. Die brutaliteit tydens en ná die slag het hom laat twyfel of sy deelname aan die oorlog die wil van God kon wees? Sy aanvoeling was dat 'n Christen hom nie met oorlogvoering, in die lig van die brutaliteit daarvan, kan identifiseer nie. Luther vra hom om te onderskei tussen persoon en amp, wêreldlike geregtigheid en geregtigheid voor God en om in te sien dat sosiaal-etiese vraagstukke met behulp van die 'twee regimente-leer' hanteer moet word.

180. Die titel moet interpreterend weergegee word ter wille van beter begrip vir die tema. Die oorspronklike titel lui (in 'n direkte vertaling), *Óf mense wat oorlog voer in die salige stand kan wees?* Die titel in die nuwe Duits-Duitse studieuitgawe van 2016 lui, *Óf soldate in terme van hulle beroep God kan behaag?*

Die swaard wat onreg straf en vrede bewaar, is vir Luther (WA 19, 628; [1526] 2016e:568, l. 37) die 'toorn van God', en verdien daarom die hoogste respek. Hierdie onderskeid tussen amp en persoon het die gevolg dat daar tussen wêreldlike geregtigheid en geregtigheid voor God onderskei moet word. Die onderskeid tussen die twee gestaltes van geregtigheid het die implikasie dat daar ingesien moet word dat God met twee onderskeie regimente aan die werk is. Die volgende aanhaling vat alles goed saam (WA 19, 629–630; [1526] 2016e):

> Die amp van die swaard is op sigself reg en 'n nuttige verordening van God, wat Hy nie wil hê verag moet word nie, maar gevrees, geëer en gehoorsaam sal word, en diengevolge sal [*mense*] nie ongestraf bly nie, soos wat Paulus in Romeine 13 sê. God het twee soorte van regimente onder mense opgerig. Die een is geestelik, deur die Woord en sonder die swaard – hierdeur sal mense regskeppend en regverdig gemaak word sodat hulle danksy dié geregtigheid die ewige lewe sal ontvang. Hierdie geregtigheid bewerk Hy deur die Woord, wat hy aan die predikante opgedra het. Die ander is 'n wêreldlike regiment deur die swaard, waarmee diegene wat nie deur die Woord regskeppend en geregverdig wil word vir die ewige lewe nie, nogtans deur die wêreldlike regiment gedwing kan word om voor [*die oë van*] die wêreld regskeppend en geregverdig te lewe. Dié geregtigheid bewerk Hy deur die swaard, en alhoewel Hy hierdie geregtigheid nie met die ewige lewe beloon nie, wil Hy dit nogtans hê sodat vrede tussen mense bewaar sal word, en hulle met tydelike dinge beloon kan word [...] So is God self vir beide gestaltes van geregtigheid, vir die geestelike sowel as die liggaamlike, die stigter, Heer, leermeester, bevorderaar en beloner. En dit is geen menslike verordening of heerskappy nie, maar 'n suiwer Goddelike aangeleentheid. (p. 570, ll. 14–34)

Luther gaan voort om dan spesifieke gevalle te bespreek waar mense in die weermag opgeneem is en dan teen hulle sin deel aan wandade gehad het. In hierdie verband maak hy 'n opmerking wat vandag, in ander kontekste, steeds nuttig kan wees. Dit handel oor die beginsel van billikheid (Gr. *epieikeia*, Lat. *aequitas*). Volgens Luther (WA 19, 631–633; [1526] 2016e:574–576) kan daar nie in alle gevalle slegs met regsbeginsels gewerk word nie. In sekere gevalle kan skuld nie eenduidig op grond van 'n wet bepaal word nie. In sulke

gevalle moet die harde wetsreël plek vir billikheid maak. Luther argumenteer dus dat ’n regsreël alleen, nie noodwendig geregtigheid laat seëvier nie. Billikheid, wat op redelike argumente berus, moet soms die botoon voer in sake van skuld en onskuld. Volgens Luther is die lewe té gekompliseerd om mense net aan abstrakte wette uit te lewer. Billikheid – die gesonde menslike oordeel, moet soms die deurslag gee in tug- en hofsake.

Luther se standpunt oor geweldlose verset het egter ’n grens gehad. In Maart 1531 rig hy (WA 30(III), 276–320; [1531] 2016h) *’n Waarskuwing aan sy liewe Duitsers* nadat die besluite van die Ryksdag van Worms op 19 November 1530 in gedrukte vorm beskikbaar gestel is. Aangesien die keiser en die Roomse Kerk nie bereid was om godsdiensvryheid toe te laat nie, het hy gewaarsku dat dit uiteindelik tot gewelddadige verset aanleiding gaan gee. Hy was oortuig dat godsdienspluralisme ’n noodwendigheid was, en dat die weiering van hierdie reg tot geweld en teengeweld, met ander woorde tot oorlog, aanleiding gaan gee. Geweld teen die geweldenaars wat nie godsdiensvryheid wil toelaat nie, was vir Luther nie ’n probleem nie. Die geskiedenis vertel die verhaal dat Luther se profetiese woorde werklikheid geword het tydens die Smalkaldiese Oorlog van 1546–47.[181]

## 8.4. Teologiese verband: Skuld en skuldvergewing volgens die vyfde bede

Die Suider-Afrikaanse politieke toneel word al vir eeue gekenmerk deur onreg en wraak, die soeke na geregtigheid en die pleeg van nuwe onreg. Skuld, skuldontkenning en skuldtoewysing is ’n daaglikse bedryf in ons wêrelddeel. Luther se uitleg van die vyfde bede is, merkwaardig genoeg, uiters relevant in ons situasie.

181. Wie eerder kort, deeglike oorsigte oor Luther se verstaan van die owerheid en aanverwante vraagstukke wil lees, kan kyk na Härle (2017); Schmidt (2017) en Wolgast (2017).

Dit is nie net relevant nie, maar ook skerpsinnig. Sy analise bring ’n nuwe perspektief na die soeke na reg en geregtigheid.

In sy uitleg van die vyfde bede van die Onse Vader in sy *Klein en Groot kategismusse* van 1529, het Luther daarop gewys dat *alle mense* daagliks sondig en van God se genadige vergifnis afhanklik is. Luther se waarneming van die algemene sondigheid van die mensdom berus op die feit dat ons tussen en saam met ander mense lewe – mense wat by ons gevoelens van ongeduld, woede en wraak wek. Nadenkende mense besef dat hulle skuldig voor God se gereg staan. Die enigste troos vir hulle gekwelde gewetens is dat God hulle om Christus wil reeds vergewe het – ja, voordat hulle om vergewing bid, is hulle alreeds op grond van God se barmhartigheid vergewe. God verwag egter dat die begunstigdes van sy genade, diegene wat hulle skade, geweld en onreg aandoen, ook sal vergewe. Dit is waar die groot uitdaging lê. Om Christus hierin na te volg, is nie maklik nie. Mense wat verontreg is en verontreg word, soek op een of ander manier wraak, en kry dit ook reg om wraak te neem, al is dit op ’n onskuldige derde party (vgl. WA 30(I), 306; [1529] 2012b:588, ll. 26–35; WA 30(I), 206–208; [1529] 1983:109–112). Luther het nege jaar tevore, in 1520, die probleem van skuld goed geanaliseer. Hierdie analise is uiters relevant vir die mense van Suider-Afrika met hulle geskiedenis wat deurdrenk is van skuld en wraak.

In sy *Kort verklaring van die Onse Vader* van 1520 het Luther twee belangrike opmerkings oor die vyfde bede gemaak. In die eerste instansie wys hy daarop dat die vergewing van sondes teen die agtergrond van die eindoordeel verstaan moet word. Vergewing van sondes beteken ten diepste ’n bede dat die Here ons nie met sy harde oordeel sal tref nie, maar dat Hy ons in sy grondelose barmhartigheid tegemoet sal tree sodat ons die dood met gemoedsrus en vreugde kan inwag (vgl. WA 7, 226–227; [1520] 2012c:356, ll. 11–23). In die tweede instansie gaan hierdie bede, volgens Luther, om die ‘duiwel’ die stilswye op te lê. Onder ‘duiwel’ verstaan hy die ‘bose naprater van hulle wat ons sondes opblaas’ sodat ons in groter angs voor God se gerig te

staan kan kom. Vergewing beteken dus bevryding van die demonisering van ons bestaan. Vergewing beteken volgens Luther die vryspraak van die oordrewe beskuldigings van ander. Trouens, dit beteken om glad nie meer ag te slaan op die gemene aanklagte van ons opponente nie, en om slegs oog en oor te hê vir die barmhartige oordeel van God. Omdat hierdie bede ook veronderstel dat ons ander hulle skuld sal vergewe, impliseer dit dat ook ons sal ophou om ander mense se sondes booswillig op te blaas met die bedoeling dat hulle swaarder gestraf sal word. Ook ons teenstanders moet in ons daad van vergewing verseker word dat ons nie verder hulle skuld aanblaas nie (vgl. WA 7, 227; [1520] 2012c:356, l. 24–358, l. 6).

## 8.5. Oorsig

Hierdie hoofstuk handel oor kerk en politiek in Luther se sosiale etiek. Daar word begin met kort stukke inligting oor die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie (Luther se lewensruimte), die keisers en keurvorste met wie Luther te make gehad het, asook die *Smalkaldiese Bond* en die boere-opstande. Aan die hand van die daarstelling van Luther se geskrifte wat met opstand en geweld en die staatswese te make het, word daar verduidelik wat Luther se standpunte oor sosiaal-politieke kwessies was. Sy verstaan van die staatswese en sy tweeregimente-leer geniet besondere aandag. Die hoofstuk word afgesluit met sy uitleg van die vyfde bede wat relevant is vir die voortslepende politieke konflikte in Suider-Afrika.

Hoofstuk 9

# Oudword, siekte en die dood

## 9.1. Inleiding

Volgens Gunther Wenz (2015:18) behoort elke dogmatiek van agter na voor gelees te word. Hierdie aanbeveling geld in die besonder vir Martin Luther. Die kern van sy teologie is in 'sy eskatologie' te vinde. Wat Luther oor die dood, die eindoordeel en die ewige lewe gesê het, is bepalend vir die verstaan van die ander aspekte van sy teologie. Om hierdie rede is die laaste hoofstuk ook ietwat langer as die ander hoofstukke, aangesien ons sy totale leer nou in 'n neutedop het.

Luther se eskatologie kan moontlik in talle opsigte vreemd wees, aangesien dit 'n produk van die Laat Middeleeue is. Die voorstellingswêreld en die taalgebruik is ver verwyderd van die huidige leefwêreld. Ondanks die aanvanklike vreemdheid, bly dit van groot waarde. Luther se Christologiese benadering bly leersaam en bruikbaar. Die lesers van hierdie boek bevind hulle in omgewings waar die dood in talle gestaltes alewig teenwoordig is. Moord, selfdood, siektes, padslagtings en 'n vinnig verouderende

**How to cite:** Van Wyk, I.W.C., 2019, 'Oudword, siekte en die dood', in 'Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte', *HTS Theological Studies/Teologiese Studies,* suppl. 13, 75(5), pp. 231–276, AOSIS, Cape Town. https://doi.org/10.4102/aosis.2019.BK91.09

gemeenskap veroorsaak dat mense voortdurend met die dood gekonfronteer word. Luther se troosryke eskatologie bied baie om oor na te dink, pastorale werk mee te verrig en begrafnispreke voor te berei.

## 9.2. Biografie

Luther was reg deur sy lewe gekonfronteer met siekte, lyding en dood. Hy het alreeds as seun met siekte en dood in sy familie kennis gemaak deur minstens twee jonger broers aan die dood af te staan. Daar bestaan 'n vermoede dat hy dalk nie die oudste seun was nie, en dat hy daarom in die ouerhuis van 'n ouer broer gehoor het wat nie lank gelewe het nie (Treu 2015b). In 'n tyd toe die kindersterftesyfer geweldig hoog was, was Luther voortdurend gekonfronteer met die dood van kinders. Die lewensverwagting het nie veel verder as 60 jaar gestrek nie en daarom moes hy van die dood van talle familielede, vriende en kollegas kennis neem. Die dood van sy eie ouers was vir hom 'n smartlike ervaring. Daar word aan sy troosbriewe aan sy ouers in paragraaf 9.3.3 aandag gegee. Daar was talle redes vir al die sterftes, maar die dood weens die pes verdien spesiale vermelding.

### 9.2.1. Die pes

Die 'pes' was permanent op Luther se hakke. Wat die 'pes' werklik was, weet niemand presies nie. Oorspronklik het die woord 'pes', slegs 'epidemie' ('*Seuche*') beteken. Met die pesepidemie van 1348 is daar vermoed dat nagdiere die draers van die aansteeklike siekte was, wat deur vlieë en muskiete na mense oorgedra is. Dit moes iets soos klierontsteking gewees het, met geweldige gevolge, aangesien een derde van die bevolkings van Europa, Noord-Afrika en die Nabye Ooste gesterf het. Die mense van daardie tyd was in alle opsigte totaal magteloos teenoor hierdie siekte, en die besef het ontstaan dat die mensdom slegs op grond van groot hervormings in godsdiens en die mediese wetenskap

toekomstige aanslae sal kan oorleef. Luther het drie groot pesepidemies beleef 'n in 1505, 1511 en 1520. Hy is verder met 'n kleiner aanslag in 1527 in Wittenberg gekonfronteer. Sy briefwisseling tussen 19 Augustus en 14 Desember 1527 met Georg Spalatin en Nikolaus Hausmann bevat heelwat inligting oor hierdie ramp (vgl. Riha 2015). In die tyd het Luther ook 'n belangrike geskrif die lig laat sien wat gehandel het oor die vraag of mense uit Wittenberg moes vlug en die sterwendes moes agterlaat? Aan hierdie geskrif word aandag gegee in Afdeling 3 van hierdie hoofstuk.

## 9.2.2. Die dood van sy eie kinders

Luther se pynlikste ervaring met die dood, was die dood van sy twee dogtertjies. Sy tweedeoudste kind, Elisabeth (die naamgewing van die kind was na aanleiding van Johannes die Doper se moeder), het slegs ongeveer sewe maande gelewe (10 Desember 1527 – 03 Augustus 1528). Sy was 'n slagoffer van die pesepidemie van 1527 in Wittenberg. Sy is op 03 Augustus in die begraafplaas voor die ingangshek (*Elstertor*) begrawe. Die dood van hierdie kind was die eerste pyn wat Luther as vader sou ervaar. 'n Grafsteen in die stadskerk in Wittenberg herinner besoekers tot vandag aan die afsterwe van die dogtertjie. Die geboorte van die derde kind, Magdalena, is as trooskind en plaasvervanger vir Elisabeth beskou. Sy sou slegs 13 jaar lank lewe (04 Mei 1529 – 20 September 1542). Luther het dikwels na haar in sy briewe verwys. 'n Klein skilderytjie van haar het Luther tydens sy verblyf in Coburg (1530) staande gehou. Hy het baie tyd aan haar opvoeding spandeer. Sy moes saam met haar ouer broer Johannes die kategismus leer. Naas die onderrig deur private onderwysers, het Luther self tyd spandeer om haar onder meer musiek en Latyn te leer. Sy sterf onverwags aan 'n siekte wat nooit beskryf is nie, en word langs haar sussie begrawe. Die optekening van Luther se smart vóór en tydens haar dood in 'tafelgesprekke' is van die mees aangrypende literatuur oor die mens Luther (vgl. Bärenfänger 2015:342–343).

## 9.2.3. Sy eie siekte en dood

Luther self het sy hele lewe lank aan talle kwale en siektes gely. Hieroor het hy hom dikwels in briewe en tafelgesprekke uitgelaat. ’n Mens kan maklik tot die gevolgtrekking kom dat Luther se hele lewe ’n lewe van siekte en pyn moes gewees het. In die lig van sy magdom publikasies en sy werk as dosent en kerkleier kan dit nie waar wees nie. Een van die probleme van die navorsing is dat Luther se siektes en kwale nie maklik in hedendaagse mediese terminologie beskryf kan word nie. ’n Ander probleem is dat die byna ‘primitiewe godsdienstigheid’ van daardie tyd vir ons baie vreemd is. Duiwelbesetenheid en die magiese aansteeklikheid van siektes is nie meer deel van die verwysingsraamwerk van moderne mediese navorsing nie (vgl. in Treu 2015a en Schwindt 2013, inligting oor sy moontlike siektes).

Luther het byna ’n vroeë dood in Schmalkalden gesterf. Biografies en teologies is hierdie gebeure van groot belang vir die navorsing. In Junie 1536 het pous Paulus III keurvorste en teoloë uitgenooi om op 23 Mei 1537 in Mantua byeen te kom vir ’n konsilie. Die doel van die konsilie sou wees om besluite te neem op grond van die bul *Ad Dominici gregis curam* waardeur die nuwe ketterye binne die Christendom uitgeroei kon word. Die keurvors van Sakse Johann Friedrich was van mening dat die Protestante nie die uitnodiging moes aanneem nie. Luther was egter van mening dat hulle nie summier moes wegbly nie, aangesien dít die indruk sou skep dat hulle skuldig sou wees. Ná meningswisseling, gee Johann Friedrich aan Luther op 11 Desember die opdrag om ’n reeks kort artikels op te stel waarin daar gestel word in watter leeraangeleenthede hulle met die Roomse Kerk saamstem en in watter sake hulle verskil sodat die artikels aan die konsilie as verweerskrif voorgelê kon word. Luther het Johann Agricola, Georg Spalatin en Nikolaus von Amsdorf uitgenooi om saam met hom aan die artikels te werk. Op 18 Desember kry Luther ’n ligte hartaanval, wat hom gedeeltelik buite aksie plaas. Hy kon egter vanuit sy siekbed dikteer wat opgeteken moes word. Op 27 Desember 1536 was die

opdrag afgehandel. Enkele dae daarna versoek Luther Johannes Bugenhagen, Caspar Cruciger, Justus Jonas en Melanchthon om die kernkomitee by te staan om die teks te verbeter en te verfyn. Die finale teks, wat later as die *Schmalkaldische Artikel*[182] bekend sou staan, word dan op 05 Januarie 1537 aan die keurvors oorhandig. Hy besluit om 'n 'bondsdag van Protestantse vorste en teoloë' op 07 Februarie 1537 in Schmalkalden byeen te roep om amptelike goedkeuring aan die teks te verleen en om verdere strategieë te bespreek. Op 30 Januarie 1537 vertrek Luther, Bugenhagen en Melanchthon na Schmalkalden. In Altenburg sluit Justus Jonas hom by die geselskap aan. Ná drie weke, bereik hulle Schmalkalden op 07 Februarie. Luther het tuisgegaan aan huis van 'n sakeman Balthasar Wilhelm. Hierdie pragtige, nuwe dubbelverdiepingwoning op die markplein was egter klam en koud. Daardie aand het 'n niersteen losgekom, en kon Luther weer urineer – al was dit net die ene bloed. Nadat Luther genoegsaam herstel het, word die 'bondsvergadering' op 10 Februarie geopen in die teenwoordigheid van 20 gebiedsvorste, die verteenwoordigers van 28 handelstede, verteenwoordigers van die konings van Frankryk en Denemarke, asook die pous en 30 Protestantse teoloë. Van die begin af was dit duidelik dat niemand buiten Luther kans gesien het om die konsilie by te woon nie. Weens siekte, lewer Luther (WA 45, 11–24; [1537] 1911: 11–24) op 11 Februarie 'n 'huispreek', waarin hy die Apostoliese Geloofbelydenis uitlê. Hy besef dat hy kan sterf, maar sê dat al is hy in die kake van die dood, hy danksy God se wil, nog steeds aan die lewe is, en dat geen gerommel in sy maag hom vir die dood laat vrees nie. Die volgende dag word hy weens koliek en nierstene nog sieker. Vir die volgende vyf dae word daar vir sy lewe gevrees. Intussen gaan die vergadering voort. Luther se ontwerp van die *Smalkaldiese Artikels*, is sonder enige wysiging aanvaar. Die volgende Sondag was Luther weer op die kansel, met 'n preek oor Jesus se versoeking in die woestyn (Matt 4:1–11).

182. Die *Smalkaldiese Artikels* is een van die Lutherse Kerk se belydenisskrifte (vgl. Beutel 2013 vir verdere historiese inligting).

Op 19 Februarie versleg sy toestand dramaties. Aangesien hy nie in die 'Hessiese buiteland' wou sterf nie, dring hy daarop aan dat hulle Schmalkalden moet verlaat. Op 26 Februarie verlaat hy en sy geselskap die dorp, met allerlei medisyne in die wakis. Nadat nog nierstene uitgekom het, begin hy beter voel, en besef hy dat hy letterlik uit die dood opgestaan het. Eers op 14 Maart bereik die reisgeselskap Wittenberg. In die teenwoordigheid van sy vrou en kinders, sou Luther volkome herstel.[183] Hierdie ontmoeting met die dood, sou Luther laat besef het hoe belangrik sy vrou en kinders is. Naas die genade van God, was die liefde van vrou en kinders sy motivering om teen die dood te veg.[184] Aangesien die pous besef het dat die Protestante nie sy voorgestelde konsilie sou bywoon nie, het hy verdere beplanning gestaak. Eers nege jaar daarná, in Desember 1545, sou die Konsilie van Trente begin om oor die Protestantse krisis te beraadslaag (vgl. vollediger in Beutel 2013).

Luther se laaste siekbed en dood is 'n verhaal van historiese en teologiese belang. Op 23 Januarie 1546 reis Luther met sy seuns Hans, Martin en Paul na Eisleben om te bemiddel in die erftwis van die adellikes van Mansfeld. Saam met hulle reis Johannes Aurifaber, sy *famulus* ('n mediese student in sy praktiese jaar wat ook as sy sekretaris opgetree het), ook Ambros Rudtfeld sy dienskneg, en vanaf Halle sy vriend Justus Jonas. In Eisleben is hy soos 'n keiser ontvang, terwyl sy gesondheid kwyn. Dáár gaan hy tuis by die stadsekretaris Johann Albrecht Drachstädt. Naas die pogings om tussen die adellikes te bemiddel, preek hy ook in die Andreaskerk oor Matteus 11:29 en waarsku teen die gevare van die Jode, Turke en die pous. Op 17 Februarie slaag hy daarin om

183. Volgens Leppin (2019:53–55) het Luther se worsteling met die dood in hierdie tyd die volgende teologiese insigte vir die reformator opgelewer: Die dood is 'n gawe van God, die lewe is 'n stryd teen die duiwel (waarby die pous ingesluit is) en dat die troos in Christus genoeg bied om tevrede te sterwe.

184. In 'n tafelgesprek (WA TR 4, 504, 4–10, Nr. 4786; [1531–46] 1916:504) vertel Luther van sy doodservaring by Schmalkalden. Hy stel dit dat die verlange na, en sy liefde vir sy vrou en kinders, hom die wil tot lewe gegee het, en dat die liefdesband van 'n gesin 'n bolwerk teen die dood is.

die strydende partye tot ’n ooreenkoms te lei. Luther was egter té siek om die ondertekening van die ooreenkoms deur graaf Gebhard en graaf Albrecht by te woon. Hy gaan staan voor die venster en sê in Latyn: ‘In u hande beveel ek my gees, U het my verlos, Here God van die waarheid’ (‘*In manus tuas commendo spiritum meum, redimisti me, Domine Deus veritatis*’). Hy is tevrede om in die stad van sy doop te sterwe, en geniet ’n afskeidsmaal saam met sy vriende. Michael Coelius, die stadspredikant, sluit hom aan by die reisgeselskap om die sterfbed. Later kom graaf Albrecht en gravin Anna ook die kamer binne. Aanhoudend dank Luther God dat Hy aan hom die liefde van Christus geopenbaar het. Om drie-uur die oggend van 18 Februarie neem Coelius by hom ’n geloofsbelydenis af. ’n Hele reeks roubeklaers kom ook die vertrek binne. Justus Jonas se bedoeling daarmee was om aan al dié getuies te wys dat die reformator nie van die ‘laaste oliesalwing’ en die ‘sterfsakrament’ gebruik gemaak het nie, maar in die Protestantse geloof, in vreugde, dankbaarheid en sekerheid gesterf het (vgl. Roser 2019:12–13; Schwilk 2017:424–430).

Ná Luther se heengaan is daar vinnig gehandel. Die Roomse vyande was reg vir ’n verdere propaganda-oorlog. Die veroordeelde ketter wat op sy sterfbed die sakramente van die Roomse Kerk verwerp het, kon net in die hande van die duiwel gewees het, en sou tot op die laaste met die duiwel geworstel het.[185] Om in hierdie oorlog te veg moes Luther se liggaam die glans van ’n aura vertoon. Die lyk is gewas en ’n wit doodskleed is aangetrek. ’n Tekenkunstenaar uit Eisleben het onmiddellik die tevrede, byna

185. In 1548 is leuenagtige inligting oor Luther se dood deur ’n Roomse skrywer die wêreld ingestuur. Hierdie onbekende outeur het hom voorgedoen as Johann Landau, ’n apteker van Eisleben, wat ooggetuie sou gewees het van Luther se laaste ure. Volgens dié ‘berig’ sou Luther se dokters, pas ná sy heengaan, ’n poging aangewend het om hom weer aan die lewe te kry. Hulle sou ’n prosedure uitvoer waartydens sy ingewande uitgespoel sou word (‘*Klistier*’ in Duits). Dít was een metode om iemand wat aan duiwelbesetenheid gely het, van die bose te bevry. Die dokters sou met ander woorde die Roomse aanklag geglo het dat Luther ’n handlanger van die duiwel was. Sou die ‘duiwel uitgewas’ word, sou hy weer kon lewe. Die onware berig het deur die eeue deel van die Roomse kritiek op Luther gebly. Volgens Birkenmeier (2012) kan daar wetenskaplik bewys word dat dit van waarheid ontbloot is.

glimlaggende gesigsuitdrukking van Luther in sketse vasgevang. Die skilder Lukas Furtenagel is die volgende dag uit Halle gebring om 'n skildery te maak van die reformator met sy tevrede gesigsuitdrukking – ja, sy uitdrukking getuig van magiese verlossing. Lucas Cranach jr. sou Furtenagel se skildery gebruik om 'n wêreldberoemde skildery van Luther se lyk te maak. Dit is histories onseker of daar ook van Luther se gesig en hande wasbeelde gemaak is. Die wasbeelde wat tans in die Marktkirche in Halle uitgestal word, is produkte van die 17de eeu en nie oorspronklik nie. Justus Jonas het die keurvors, Melanchthon, Bugenhagen en Von Amsdorf per brief in kennis gestel van Luther se dood. Saam met Coelius het hy 'n noukeurige berig opgestel van Luther se laaste ure, wat alreeds in Maart 1546 gedruk en wyd versprei is. Die titel *Oor die Christelike afskeid [...] van die eerwaardige heer, dr Martin Luther* (vgl. Nieden 2017:11) getuig van die polemiese aard van hierdie 'doodsberig'. Luther, wat die twee sakramente van die Roomse Kerk nie vóór sy dood wou gebruik nie, maar eerder in gebed, geloofsbelydenis en in die aanhoor van die Bybel gesterf het, het sag, sonder enige vrees en worsteling gesterf – en daarom kon daar geen sprake gewees het van 'n worsteling met die duiwel nie. 'n Laaste opmerking oor die aangeleentheid: Jonas wys in sy doodsberig daarop dat Luther hom vir 'n jaar lank intensief voorberei het op sy eie dood deur daaroor te praat, te preek en te skryf. Sy dood was dus nie 'n verrassing nie – iets wat kenmerkend is van die dood van die 'kinders van die duiwel' (Nieden 2017:12). Op 19 Februarie 1546 is die liggaam na die Andreaskerk verskuif waar duisende roubeklaers respek betoon het. Tien burgers het die lyk in die nag opgepas. Justus Jonas het die volgende dag 'n strydlustige preek gelewer en aan Jan Hus herinner wat soos 'n 'gebraaide gans' gesterf het, maar danksy Luther soos 'n 'sierlike swaan' verder lewe.[186] Coelius het ook die geleentheid gekry om 'n preek te lewer, en hy het Luther vergelyk met die profete Elia en Johannes die Doper. Luther

186. Vergelyk in Van Wyk (2018a), volledige inligting en beeldmateriaal oor die band tussen Luther en Hus, die swaan en die gans.

is op hierdie wyse geïnterpreteer as die persoon met wie die eindtyd aangebreek het. Hierby sou Bugenhagen later aansluit. Die mense van Eisleben wou hom graag in sy geboortestad begrawe, maar keurvors Johann Friedrich het beveel dat hy in die kasteelkerk in Wittenberg begrawe moes word. Op 20 Februarie is die kis na Halle geneem waar Jonas weer 'n preek gelewer het. Die volgende dag is die reis voortgesit en op 22 Februarie om negeuur het 50 (65 volgens Roser 2019:15) perderuiters die begrafnisstoet die dorp binnegelei. Die keurvors het intussen vir Katharina en haar dogter in kennis gestel van die dood van hulle geliefde. Naas die rouproses, moes Katharina begin beplan hoe sy en die vier kinders sou oorleef. Alreeds in 1542 het Martin 'n testament opgestel waarin hy al sy besittings en die toesig oor die kinders aan Katharina oorgedra het. Sy het egter geweet dat dit in daardie tyd nie regtens toelaatbaar sou wees nie.[187] Die begrafnis was gesamentlik deur die hof van die keurvors en die Universiteit gereël. In die begrafnisstoet was honderde mense uit die politiek, universiteitswese en kerk en onder hulle die rektor van die Leucoria, Hieronymus Schurff, Philipp Melanchthon, Justus Jonas, Johannes Bugenhagen en Caspar Cruciger wat elkeen 'n bydrae sou lewer tydens die begrafnis. Die keurvors het die graf onder die preekstoel laat grawe, Johannes Bugenhagen het die begrafnisrede gehou terwyl Melanchthon voor die teraardebestelling in Latyn 'n gedenkrede (letterlik 'n 'lyksrede') gelewer het (vgl. Kohnle

187. Volgens Lück (2019) was daar eintlik drie testamente. Die eerste 'testament' (*Confessio et Testamentum venerandi Patris nostri D[octoris] Lutheri*) het Luther se wense in breë trekke verwoord. Dit is op 28 Februarie 1537 in Gotha deur Johannes Bugenhagen neergeskryf toe daar vrese was dat hy nie lewend uit Schmalkalden sou terugkeer nie. Die tweede of 'groot' of 'laaste' testament is op 06 Januarie 1542 in Wittenberg opgestel, en is deur Philipp Melanchthon, Caspar Cruciger en Johannes Bugenhagen as getuies onderteken. In hierdie testament het Luther al sy besittings en die toesig oor sy kinders aan Katharina bemaak. Die derde 'testament' is 'n inskrywing in die regsafdeling van die stadsraad van Wittenberg wat bepaal hoe Luther se huise, plotte en plase verder benut en verhuur kan word. Ná Luther se dood het keurvors Johann Friedrich hierdie testamente bekragtig, behalwe Katharina se reg om alleen voog oor die kinders te wees. Hy het Luther se broer Jacob, die huisdokter Matthäus Ratzenberger, die burgermeester Ambrosius Reuter, asook Melanchthon en Cruciger aangewys om Katharina by te staan. Die wetgewing rakende die reg van 'n weduwee om alleen voog vir die kinders te wees, is eers in 1998 finaal in Sakse geskrap (Lück 2019:84).

2019:23; Schwilk 2017:432–435). Bugenhagen het Coelius se argument van Luther as 'profeet' verder gevoer en hom geïdentifiseer met die engel van Openbaring 14:6–7 wat die goeie boodskap bring en die eindoordeel aankondig. Die oudste beeldepitaaf ('n grafskrif in beeld) wat van 'n Luther-motief gebruikgemaak het, 'n werk van Lucas Cranach jr. in 1546, het hierdie perspektief van Bugenhagen opgeneem, en só is die perspektief op Luther in die kuns verewig (vgl. Nieden 2017:13–15).

## 9.3. Tafelgesprekke, geskrifte, briewe, gesange en preke

In hierdie afdeling word gekyk na Luther se verstaan van die eskatologie. Daar word doelbewus uitvoerig aandag gegee aan enkele tafelgesprekke, troosbriewe, traktate en voorwoorde. In dié literatuur kom Luther se meelewende menslikheid en sy vaste geloof na vore. Dit gee ons 'n ander blik op Luther se eskatologie as wat 'n sistematiese oorsig stellig kan bied. Aangesien sistematisering ook noodwendig is, word enkele aanvullende perspektiewe uitgelig in die vertroue dat 'n gebalanseerde oorsig oor Luther se eskatologie voorgelê kan word.

### 9.3.1. Tafelgesprekke

Die dood van Luther se dogtertjies Elisabeth en Magdalena het 'n groot eksistensiële invloed op hom gehad. Die berigte oor Magdalena se dood wat in die vorm van 'tafelgesprekke' oorgelewer is, skets 'n beeld van Luther wat nie algemeen bekend is nie. Dit gee ook insae in sy verstaan van die dood en die lewe ná die dood. Die volgende aanhalings dien as goeie illustrasie vir hierdie stelling:

> Toe dit met die siek dogter slegter gegaan het, het hy gesê: 'Ek het jou baie lief. Maar as dit u wil is, liewe Vader, dat U haar wil neem, wil ek die versekering hê dat sy by U sal wees.' Toe het hy vir die dogter op die bed gevra: 'Magdaleentjie, my dogtertjie, jy wil graag hier by jou vader bly, maar wil jy ook graag na die Vader gaan?' Die siek

kind het geantwoord: 'Ja, liefste vader, net soos God wil.' Die vader antwoord: 'Jou liewe dogtertjie! Die gees is sterk, maar die vlees is swak. Ek het jou so oneindig lief' (WA TR 5, 189–192, Nr. 5494; [1531–46] 1919:189–192; Dithmar 2010:35).

Toe sy vrou [*by die sterfbed van Magdalena*] bedroef gehuil het, het Luther haar soos volg getroos: 'Dink daaraan waarheen sy op pad is! Sy gaan volkome geborge wees. Die vlees verval [*maar*] die gees haal asem. Die kinders het geen [*geloofs*-]bewyse nodig nie. Hulle glo wat 'n mens hulle vertel. Alles is vir die kinders eenvoudig; hulle sterf sonder angs, twyfel, aanvegting van die dood en het skaars enige pyn wanneer hulle die [*lang*] slaap binnegaan' (WA TR 5, 187, Nr. 5491; [1531–46] 1919:187; Dithmar 2010:35).

Toe die einde vir die dogter ingetree het, het hy op die knie voor die bed neergeval; het bitterlik geween en gebid dat God haar moet verlos. Sy het toe haar gees uitgeblaas – in die hande van die Vader. Ook die moeder was in die kamer, maar omdat sy só gely het, was sy nie direk langs die bed nie. Dít het kort ná nege-uur gebeur, op die Dinsdag vóór die 15de Sondag ná Trinitatis van die jaar 1542 (WA TR 5, 192–193, Nr. 5496; [1531–46] 1919:192–193; Dithmar 2010:35).

Luther was nie net 'n robuuste kampvegter vir die Bybelse waarheid nie, maar ook 'n sagte, liefdevolle vader met 'n 'vroulike hart'[188] (Roser 2019:16). Die dood van sy dogters het hom diep geraak, aangesien hy baie lief was vir sy kinders. Dit is merkwaardig dat Luther se hartseer en sy troos oor 'n sterwende kind as 'n narratief behoue gebly het. Dit is nog meer merkwaardig om eskatologiese insigte te abstraheer uit die dood van 'n kind. Die pastorale waarde van hierdie tafelgesprekke spreek vanself.

Vanselfsprekend was die aardse familiale bande vir Luther van groot belang. Belangriker is die troos dat 'n gelowige ná afsterwe geborge by God sal wees. Luther stel die 'tussentyd' voor as 'n 'lang slaap'. Hierdie metafoor is ten diepste 'n troosmotief – die troos dat pa, ma en kind saam in God se teenwoordigheid sal lewe. Luther spits Jesus se woorde 'dat 'n mens soos 'n kind moet

188. Kyk in Leppin (2019:56–60) , talle aanhalings en verwysings na Luther se sagte, vroulike kant.

glo' (Mark 10:15) toe op die sterwensproses. Om met kinderlike geloof te sterf bevry die mens van debatvoering oor bewyse vir die lewe ná die dood, asook angs vir en worsteling tydens die dood. Luther se eskatologiese insigte berus dus onder meer op die ervarings met die dood van kinders. Dít sal hier onder bevestig word wanneer daar na die troosbriewe gekyk word.

## 9.3.2. Geskrifte

(1) In 1519 het Luther op versoek[189] 'n 'preek' ('n kort traktaat) geskryf oor hoe mense hulle op die dood moet voorberei. Hierdie geskriffie, *'n Preek ter voorbereiding op die dood* (*Ein Sermon von der Bereitung zum sterben*) bied insae in die vroeë Luther[190] se denke oor die dood en sterfte.

Luther het 20 stukke advies vir mense wat hulle op die dood wil voorberei. Hy begin sy advies aan lidmate om hul aardse besittings vroegtydig te verdeel sodat daar nie ná die persoon se

189. Vroeg in 1519 het Marx Schart, 'n raadslid van die hof van die keurvors van Sakse, Luther versoek om 'n dokument op te stel wat handel oor voorbereiding op die dood. Luther het eers in Oktober tyd gevind om die skryfwerk te doen, aangesien hy besig was met die Leipzig-disputasie (Johannes Eck). Hy het Schart versoek om Johannes von Staupitz (1515) se *Oor die navolging van die gewillige sterwe van Christus* intussen te lees en te versprei. Met hierdie literatuur betree Luther die tradisie van die *ars moriendi,* 'n geestelike literatuursoort kenmerkend van die Laat Middeleeue wat handel oor die voorbereiding op die dood, en die kuns om goed te sterf. Hierdie literatuursoort het sy ontstaan gehad teen die agtergrond van die massasterftes wat deur die pes veroorsaak is. Die soort literatuur is ingelui deur die Fransman Jean Gerson († 1429) se *De arte bene moriendi* (1403) en het 'n hoogtepunt bereik met die blokboeke wat tydens die sterfproses gebruik is. Die hart van die teks het te make met die voorbereiding op die ontmoeting met God. Die konteks het te make met die Laat-Middeleeuse angs en vrees vir die sonde, bose, hel en die dood. In Christus kan al hierdie vrese oorwin word. Heel versigtig breek Luther met die Roomse hantering van dié vrese. Hy begin 'n totale nuwe pastorale teologie wat 'n ander benadering volg tot die hantering van menslike probleme. Die feit dat hierdie 'preek' 22 herdrukke beleef het, en in 1520 in Latyn, Deens en Nederlands vertaal is, getuig van die waardering wat daar vir Luther se poging was (vgl. Korsch se inleiding tot WA 2, 685-697; [1519] 2012a:47; Lasogga 2014:140–141; Leppin 2019:50–51; Schwillus 2019).

190. Luther was as jong teoloog sterk beïnvloed deur die mistiek en die vroomheidsteologie van die Laat Middeleeue. Volgens Leppin (2019:51) is hierdie geskrif 'n klassieke bewys vir die teorie.

dood onderling getwis sal word nie. Tweedens vermaan hy hulle om betyds 'geestelik afskeid te neem'. Dit beteken dat ander wat hulle beledig en te na gekom het, 'vriendelik en opreg vergewe moet word, as 'n laaste daad van Christelike liefde' (WA 2, 685; [1519] 2012a:48, ll. 8–15). Nadat daar van die mense rondom jou afskeid geneem is, moet daar geheel en al op God en sy dinge gekonsentreer word. Volgens Luther behoort 'n gelowige uit te sien na die lewe ná die dood. Hy vergelyk dié lewe met 'n 'nuwe geboorte'. Hy sien die aardse lewe as 'n 'nou poort', en die lewe saam met Christus as ''n groot ruimte gevul met vreugde'. As voorbereiding op die nuwe lewe, behoort 'n Christen ware berou te betoon oor skuld en sonde, en te bid om vergewing. Om verseker te word van skuldvergewing, moet die gelowige nagmaal ontvang. Die ontvangs van nagmaal sal mense weerhou van 'n aanhoudende geworstel met hul skuldgevoelens en hulle verseker dat die drie groot krisisse van die lewe, naamlik sonde, dood en hel, nie meer in hul pad staan nie (WA 2, 685–686; [1519] 2012a:48, l. 16–50, l. 20). Volgens Luther leer 'n mens die krag van die sakramente ken wanneer jy die 'teenkragte' of die 'ondeugde' ('*vntugent'*) ken waarteen die sakramente opgewasse is. Die eerste teenkrag of ondeug is die 'verskriklike beeld[191] van die dood', die tweede is die 'menigvuldige beelde van die sonde', en die derde is die 'ondraaglike beeld van die hel of die ewige verdoemenis.' Binne ons verbeeldingsvlugte is hierdie drie

191. Die gebruik van die woord 'beeld' is nie toevallig nie, en dit is belangrik om die agtergrond te ken. Sedert die middel van die 15de eeu is 'blokboeke' met beelde (sketse en skilderye) gebruik om analfabetiese sterwendes te begelei. Die hoofmotief was die geveg tussen die engel en die duiwel om die siel van die sterwende. Die blokboek het oorspronklik uit elf beelde bestaan waarin die versoekinge van die sterwende uitgebeeld is. Die elfde beeld het die geluksalige triomf van die engel aangedui. Pedagogies handel die beeldpare om die konflik tussen aanvegting en vertroosting – met die voordeel dat daar gesien kan word dat die duiwel en die dood verslaan word. Luther breek met die tradisie op twee maniere: Volgens hom begin die kuns om goed te sterf reeds vroeg in die lewe. Daar kan nie tot die laaste lewensuur gewag word nie. Verder reduseer Luther die elf beelde tot slegs drie (plus die drie troosbeelde). Die drie onheilsbeelde is sonde, hel en die dood, terwyl die drie beelde van heil met genade, hemel en lewe te make het. Hy laat dus aanvegtinge soos ongeloof, lewensvertwyfeling, ongeduld, hoogmoed en die verknogdheid aan aardse besittings buite berekening (Lasogga 2014:141–142; Schwillus 2019:38–39).

voorstellings van die werklikheid iets geweldigs en daarom vrees ons die dood, aangesien ons by die dood met hierdie werklikhede in hul brutale verskrikking te make kry. Beskou vanuit die perspektief van die sakrament van die nagmaal, is die dood, sonde en hel eintlik niks nie, aangesien dit reeds deur Christus van hul kamstige krag ontneem is. 'n Sterwende behoort glad nie met dié verskrikkings te worstel nie (WA 2, 686–688; [1519] 2012a:50, l. 21–54, l. 11). Binne hierdie konteks maak Luther (WA 2, 688; [1519] 2012a) dan die volgende treffende uitspraak:

> Die kuns [*om te sterf*] is om dit [*naamlik die geworstel met die dood*] geheel en al te laat en om jou glad nie daaroor te verknies nie. Maar hoe is dit moontlik? Jy moet die dood vanuit [*die perspektief van*] die lewe, die sonde vanuit die [*perspektief van die*] genade en die hel vanuit die [*perspektief van die*] hemel beskou, en nie toelaat dat jy van hierdie perspektiewe weggedryf word nie [...].[192] (p. 54, ll. 23–27)

Luther verduidelik vir sy lesers dat daar geen rede bestaan om in angs en benoudheid te sterf nie, aangesien die genade en barmhartigheid van die Here veel sterker is as enige voorstelling van pyn, straf of verwerping wat op die sterfbed in die verbeelding kan opkom. Die beeld van die nagmaal moet in die verbeelding van die sterwende opkom, aangesien hy of sy dan angsloos en rustig sal kan sterwe. Sterwendes behoort nie op hul eie sterwe te konsentreer nie, maar eerder op die sterwe van Christus, aangesien sy sterwe ons van angs en vrees bevry. Luther raai die gelowiges aan om ook nie té veel met hul sonde op die sterfbed te stoei nie. Dink eerder aan die kruis, aangesien die kruis die heenwysing is na die genade en barmhartigheid van die Here! Dink eerder aan die genade as aan die sonde van jou bestaan! Oor die hel, óf die ewigheid van lyding, óf die verwerping deur God, óf die uitverkiesing[193] moet 'n sterwende ook nie

192. Luther stel: '*Die kunst ists gantz vnd gar / sie fallen lassen / vnd nichts mit yhn handeln/ Wie geht aber das zu? Es geht alszo zu / Du must den tod / yn dem leben / die sund / yn der gnadenn / die hell / ym hymell ansehen / vnd dich von dem ansehen odder blick / nit lassen treyben [...].* '

193. Daar is reeds in Hoofstuk 3, paragraaf 3.1 in hierdie geskrif aandag gegee aan sy uitspraak oor die uitverkiesing.

begaan wees nie. Die genade in Christus bied genoeg sekerheid. Om die sekerheid van die uitverkiesing in Christus nogmaals te bevestig, is dit nodig vir sterwendes om die nagmaal te gebruik. Volgens Luther (WA 2, 693; [1519] 2012a) word daar in hierdie sakrament vir ons die teken gegee:

> [*D*]at Christus my dood in sy dood oorwin het, sy gehoorsaamheid my sonde in sy lyding verdelg het, sy liefde my hel in sy verlatenheid vernietig het. Die teken, die toesegging van my saligheid, sal my nie belieg of bedrieg nie; God het dít gesê en God kan nie lieg nie, nie met woorde en ook nie met werke nie.[194] (p. 64, ll. 3–7)

Luther (WA 2, 695–696; [1519] 2012a:68, l. 13–70, l. 19) sluit sy betoog oor die nagmaal af met 'n interessante, dog ongewone stuk vertroosting. Hy wys daarop dat gelowiges nie alleen sterf nie. As deelnemers aan die nagmaal is die oë van God, Christus, die engele, die heiliges en ander gelowiges op hulle gerig. Aan die nagmaaltafel kyk ons mekaar in die oë, en ons oë bly op mekaar gerig, selfs deur die dood heen. Hierdie onophoudelike, nieverbale kommunikasie is 'n troosvolle element van die nagmaal. As nagmaalganger sterf jy nie alleen nie. Die tafelgenote hou die oog op jou tot daar aangesit word aan die hemelse feesmaal.

Ten slotte beveel Luther aan dat 'n sterwende moet *bid* voordat die laaste asem uitgeblaas word. Die Christelike gebed staan in die lig van die amen – die sekere wete dat God jou gebed aanhoor. Wat deur God gehoor moet word, is jou vreugde oor sy genade en barmhartigheid in Christus, wat ook aan jou geskenk word. Die vreugde van die geloof wat in die gebed tot uiting kom, verdryf die vrees vir die dood. Sonder die vrees vir die dood, kan ons ons liefde vir die barmhartige Heer laat blyk. 'n Mens wat met lof en liefde op die lippe sterwe, het die evangelie gehoor en geglo! (WA 2, 696–697; [1519] 2012a:68–72).

194. Luther sê oor die nagmaal: '*[D]as Christus leben meynen tod yn seynem tod vberwunden hab / seyn gehorsam / meyne sund yn seynem leyden vortilget / seyn lieb meyn hell ynn seynem vorlassen zustort habe / das tzeichen / das zusagen meyner selickeit wirt myr nit liegen noch triegen / Gott hat es gesagt / gott mag nit ligen / noch mit worten noch mit wercken […].*'

In hierdie vroeë geskrif het Luther se grondoortuigings oor die eskatologie reeds begin gestalte kry. Hy het ingesien dat eksistensiële angste van mense nie vanuit die mens self, deur gerusstellende slagspreuke, oorkom kan word nie, maar dat die bedreigings *van buite*, deur ’n reddende ‘buite-mag’, Christus, oorkom word. Die mens moet van homself wegkyk, om Christus *extra nos* raak te sien. Sy *ars moriendi* kan daarom met reg die ‘bewysveld vir die reformatoriese regverdigingsleer’ (Lasogga 2014:143) genoem word. Dit kan ook as ’n ‘kort dogmatiek vir leke’ (Schwillus 2019:45) verstaan word.

Daar kan met reg gevra word of hierdie stuk literatuur nog enige relevansie in ’n (post-)moderne samelewing het? Dit het inderdaad wel relevansie, aangesien die beelde van bedreiging en dood wel verander het, maar dat ons nog steeds vanuit onsself nie in staat is om die angs te oorkom nie. Nog steeds is die dialektiek van eksistensiële nood en kruisgeloof nodig om vreedsaam te sterwe. In ons mediatiseerde samelewing word ons permanent aan ’n vloedgolf van beelde van die dood blootgestel. Ons eie sterfte, met ’n worsteling oor sonde, oordeel en hel, maak nie deel uit van hierdie storm van beelde nie. Ons sien egter hoe massas mense in oorloë en rampe sterf. Ons sien die lyke van hulle wat deur terroriste vermoor is, of wat selfmoord gepleeg het. Die vraag na ‘saligheid’, ‘hemel’ en ‘verlossing’ vir hierdie hordes word nie meer gevra nie, maar die angs en vrees vir die dood bly egter staan. In die ‘Westers tegnologiese’ deel van ons samelewing, is daar grootliks angs om bekwame verplegingsdienste voor sterfte, aangesien die geheime oor die dood tot ’n groot mate verdwyn het. Die dood word as die noodwendige afsluiting gesien van ’n lewe wat hopelik geluk het. Ondanks die wonder van tegnologie en goeie verpleging, bly die dood vir talle Westerlinge ’n onbegryplike en onberekenbare misterie. Ook die skuldvraagstuk het nie verdwyn nie. Die oënskynlik gelukte lewe is vol mislukkings en oordeelfoute. Die sogenaamde gelukte lewe is nie ’n harmonies geslote kunswerk nie. Die deurlopende angs om erkenning tydens die aardse lewe intensiveer voor afsterwe. Die angs om ’n laaste genadige oordeel is ook deel van die moderne mens se lewe. Ook hy en sy het angswekkende

beelde oor die dood, en om hierdie rede kan daar nog steeds baie by Luther geleer word (vgl. Lasogga 2014:144–148; Roser 2019:20).

(2) In November 1527 skryf Luther (WA 23, 323–386; [1527] 1901) teen die agtergrond van die pesepidemie[195] 'n aktuele geskrif *Of 'n mens van die dood mag wegvlug* (*Ob man vor dem Sterben fliehen möge*). Die vraag is of 'n mens, ter wille van eie oorlewing, uit 'n gebied mag wegvlug waar die pesepidemie woed? Mag jy siek en sterwende mense agterlaat in 'n gebied waar die epidemie woed sodat jyself aan die lewe kan bly? Volgens Luther het die beantwoording van hierdie vraag met die regte verstaan van Christelike liefde te make.

Volgens Luther moet daar onderskei word tussen die verpligting van die gewone publiek (die priesterskap van die gelowige) en die verpligting van mense wat besondere ampte vervul. In die kerk is daar die amp van pastor (ons sal vandag van die hospitaalpredikant praat) en in die wêreld is daar die amp van burgermeester (ons sal vandag verwys na die superintendent van die hospitaal en uitvoerende amptenare in die gesondheidsbedryf) wat elkeen op eie terrein verantwoordelik is vir pasiënte. Die owerhede (met hulle uitvoerende amptenare) is verantwoordelik vir die orde en welwese van die samelewing. Hierdie ampte is God se dienaars, en dit is sy wil dat hulle daar sal wees om vir die vrede en goeie funksionering van die samelewing te sorg. Dit is vanselfsprekend dat hierdie amptenare nie uit krisisgebiede mag wegvlug nie. Dit is hulle plig om daar te bly 'n

195. Hierdie geskrif moet gelees word teen die agtergrond van die pesepidemie wat eers in Breslau, en toe in Wittenberg uitgebreek het. Johannes Hess, reformator van Schleswig, het Luther genader met die vraag, hoe gelowiges in hierdie krisis moet optree? Luther skryf die traktaat op 'n tydstip toe hyself siek en depressief was. In Julie 1527 wou hy graag eerder sterf. Die hele Universiteit van Wittenberg het uit die stad gevlug, en net Luther en Bugenhagen het agtergebly om die siekes te versorg. Luther se geskrif getuig nie van iemand wat heldhaftig wou wees nie, maar slegs aan die Woord getrou (vgl. Van Dülmen [1983] 2017:150–151). Volgens Aland (1991:338) moet die titel eerder weergegee word as '*dürfe*' en nie as '*möge*' nie. Nogtans meen hy dat die titel gelaat moet word soos dit sedert 1883 weergegee word. Almal verstaan dat dit om die vraag handel of gelowiges die stad *mag* verlaat, en nie of hulle die stad *moet* verlaat nie. Hierdie geskrif handel spesifiek oor die pes, maar gaan ten diepste oor die algemene vraagstelling of 'n mens van doodsgevaar mag wegvlug?

net soos dit die plig van dokters en ander mediese personeel is om, te midde van lewensgevaarlike omstandighede, daar te bly en voort te gaan met hulle diens (WA 23, 338–343; [1527] 1901:338–343). Die publiek is, in die meeste van die gevalle, eweneens verplig om siek en sterwende mense by te staan. Die rede is dat ons deur diens en plig aan mekaar verbonde is. ’n Man kan nie sy sterwende vrou agterlaat en vlug nie. Ouers kan dit ook nie aan hulle kinders doen nie. Bure het ook ’n plig teenoor mekaar om te help waar hulle kan. Volgens Luther is daar egter geen wet wat mense verhinder om te vlug nie, maar die vraag bly: ‘wat is my plig op grond van my verpligting teenoor die gebod van die naasteliefde?’ (WA 23, 346, 2–15; [1527] 1901:346). Die vraag is dus nie wat mag ek vermy of ontduik nie, maar waartoe verplig die gebod van die naasteliefde my? Om te vlug is nie noodwendig verkeerd nie, maar die vraag is uiteindelik, waartoe verplig die naasteliefde my?

Luther (WA 23, 350–356; [1527] 1901:350–356) bespreek dan een van die argumente van sy tyd wat nie meer vandag deel vorm van baie mense se verstaanshorison nie, naamlik die vraag na die straf van God. In sy tyd het Christene gedink dat die pesepidemie God se straf is en dat daar van hulle verwag word om hierdie straf te verduur. Niemand mag dus uit die besmette gebiede vlug nie, aangesien dít ’n daad van ongeloof sou wees. Hy verwerp hierdie argument met die teenargument dat vuur ook dikwels as God se straf gebruik word, maar niemand sal sê dat wanneer jou huis afbrand, jy in die huis moet bly om God se straf te verduur nie. Die normale menslike reaksie is om jou kinders te red en te vlug. In hierdie situasie gaan dit om wat menslike plig is en nie om in gehoorsaamheid straf te verduur nie. ’n Ander mening is dat pestilensies deur die duiwel veroorsaak word en dat ’n mens daarom uitgelewer is aan magte groter as jyself. Jou enigste redding is dat God self die bose sal oorwin. Ook binne dié denkraamwerk gaan dit uiteindelik om pligsontduiking – die plig om self te doen wat menslik moontlik is. Luther breek weg van die Middeleeuse fatalisme en verwag van Christene om self handelend op te tree, maar om tegelyk op God te vertrou. Vir hom gaan dit om die kombinasie van die ‘vrees van die Here’ en

menslike plig. Hy (WA 23, 358, 18–20; [1527] 1901:358) sê: 'Die vrese van die Here is niks anders as Godsdiens nie; Godsdiens [diens aan God] is 'n werklikheid wanneer mens die naaste dien.' In die lig hiervan vermaan Luther mense om nie té vinnig van die pesepidemie af weg te vlug nie. Die plig tot naasteliefde is 'n belangriker deug as om te vlug ter wille van die behoud van die eie lewe. Naas die morele pligspleging is gesonde menslike verstand ook nodig. Aangesien die pes 'n aansteeklike siekte is, moet mense sorg dat kinders nie in die omgewing van peslyers speel nie, en die siekes moet hulle eenkant hou om te keer dat hulle gesonde mense aansteek. Gesonde menslike oordeel is net so 'n belangrike Christelike deug soos die liefde.

Luther (WA 23, 370; [1527] 1901:370) sluit sy betoog af met 'n vermaning oor Woord en sakrament. Die kerklike ampsdraers het die plig om selfs in gevaarlike situasies die Woord te verkondig. Siek en sterwende mense moet nooit die gevoel kry dat hulle uit die gemeenskap van die gelowiges uitgesluit word nie. Die beste manier om daarvoor te sorg is om aan sterwendes die nagmaal te bedien. Belangrik is egter dat die nagmaal nie aan 'n ieder en elk bedien sal word nie, maar slegs aan die gelowiges. Die nagmaal moet nie die magie en bygeloof versterk nie, maar diegene troos wat in Christus wil sterf (WA 23, 372; [1527] 1901:372).

(3) In 1542 het Luther (WA 35, 478-483; [1542] 1923) 'n *Voorrede tot die versameling van begrafnisliedere* (*Vorrede zur Sammlung der Begräbnislieder*) geskryf. In hierdie voorrede sê Luther hoe 'n Christelike begrafnis moet verloop en hoe die grafte moet lyk. Hy begin met 'n verwysing na 1 Tessalonisense 4:13–14 waar Paulus sê dat Christene nie treur soos diegene wat geen hoop het nie. Diegene buite Christus het niks waarop hulle kan hoop nie en gaan God se toorn en die hel tegemoet. En (WA 35, 478, 12–16; [1542] 1923):

> Christene, daarenteen, wat deur die duur bloed van die Seun van God verlos is, behoort hulle daarin te oefen en moet daaraan gewoond raak om die dood te verag en dit as 'n diepe, sterk, soete slaap aan te sien; die kis as niks anders as die skoot van ons Heer Christus, of die paradys; die graf as niks anders as 'n sagte rusbed nie. (p. 478)

Op voetspoor van Paulus behoort Christene die aaklige voorstellings van die dood uit hulle gedagtes te kry. Hulle behoort eerder op die vreugdevolle vooruitsig op die nuwe lewe te konsentreer. Aangesien die Protestantse kerke van die aaklige gedagtes rondom die vaevuur ontslae geraak het, moet die kerkgeboue waaruit die begrafnisse plaasvind, ook nie langer as plekke van vrees beskou word nie. Hy (WA 35, 478, 37–480, 20; [1542] 1923) stel dan verder:

> Ons sing ook nie treurliedere en lydensgesange by ons dooies en grafte nie, maar troosvolle liedere wat handel oor die vergewing van sondes, van rus, van slaap, lewe en opstanding van die gestorwe Christene sodat ons geloof daardeur versterk en die mense tot die regte nadenke aangespoor kan word. Dit is dus ook noodwendig en reg dat 'n mens die begrafnisse eerlik hou en afhandel, tot eer van die vrolike artikel van ons geloof, naamlik dié van die opstanding van die dooies [...] daartoe hoort ook dat die liggame versier en die graf met 'n grafsteen versier word [...] 'n mens kan die grafte ook verder eer deur aanhalings uit die Skrif op die grafstene aan te bring. (pp. 478–480)

## 9.3.3. Troosbriewe en -gesange

Om ander mense te troos is volgens Luther 'n opdrag van God. In 'n brief van 07 Oktober 1534 skryf hy aan Matthias Weller 'dat dit 'n opdrag van God is om ander mense te troos' (WA Br 7, 104, 6; Nr. 2139; [1534] 1937:104). Hy het hierdie opdrag, sy hele lewe lank, getrou uitgevoer. Daar bestaan konsensus in die navorsing oor Luther dat die troosmotief die kern uitmaak van sy 'sielsorg' of 'pastoraat' (vgl. Weyel 2017).

Op 19 Mei 1530 skryf Luther (WA Br 5, 323–324, Nr. 1571; [1530] 1934a:323–324) 'n troosbrief aan sy vriend en kollega Justus Jonas.[196] In 'n tyd waarin talle kinders gesterf het, sterf Jonas se

196. Justus Jonas (Jodocus Koch) lewe tussen 05 Junie 1493 en 09 Oktober 1555. Hy kom uit die humanistiese kringe van Erfurt. Aanvanklik studeer hy regte en word in 1516 'n priester met preekreg. In 1518 behaal hy 'n doktorsgraad in die Regte. In 1519 ageer hy as rektor. In 1520 sluit hy hom by die Reformasie aan en werk vanaf 1521 in Wittenberg. Hy vergesel Luther na die Ryksdag in Worms. Hy word professor in Kerkreg in Wittenberg. Op 14 Oktober 1521

seuntjie ook. Jonas het Wittenberg op 03 April 1530, as deel van die afvaardiging na die Ryksdag van Augsburg, verlaat. Sy seuntjie is twee weke later gebore, maar sterf ná drie dae aan pes. Justus was nie hiervan bewus nie. Luther het Philipp Melanchthon (die woordvoerder van die Protestante op die Ryksdag) gevra om die slegte nuus aan hom oor te dra. Voordat Luther hierdie brief aan Jonas geskryf het, het hy op 24 April vanuit sy kamer in Coburg 'n kort briefie aan Jonas se vrou, Katharina, gestuur waarin hy sy medelye betoon het. Katharina (Käthe) Luther wat by die bevalling teenwoordig was, het haar man van die dood van die kind in kennis gestel. Katharina Jonas was vier keer swanger, en slegs een kind het oorleef. Luther het daarom besef dat Justus en Katharina Jonas tot die uiterste beproef is. Sy brief aan Justus was dus vir Katharina se oë bedoel. Hierdie brief is verder van belang omdat dit in die dae van politieke, kerklike en teologiese hoogdrama geskryf is. Te midde van al die spanning rondom die Ryksdag, moes die drie belangrike figure van die Reformasie aandag gee aan die dood van 'n kind.

Die woorde waarmee Luther vir Jonas groet, is alreeds van groot teologiese betekenis. Op grond van Filippense 4:7 groet hy (WA Br 5, 323, 1–2; [1530] 1934a:323) Jonas soos volg: 'Genade en vrede in die Heilige Gees, wat alle denke en gevoelens oorstyg; mag Christus dít aan jou skenk, my liewe Jonas.' Hierdie woorde behoort voldoende te gewees het, maar ons is mense wat die inhoud van sulke groetwoorde medemenslik moet ervaar. Luther besef dat hy hierin tekort skiet. Hy is nie in staat om die belofte van Christus gevoelsmatig met sy vriend te deel nie. Wat hy wel

(voetnota 196 gaan voort…)
promoveer hy ook in die teologie en word lid van die Fakulteit Teologie. Tussen 1523 en 1533 is hy dekaan van die Fakulteit Regte. In 1526, 1530 en 1536 ageer hy as rektor in Wittenberg. In 1522 trou hy met die 22-jarige Katharina uit Halle. Die egpare Jonas, Luther, Melanchthon en Bugenhagen het die kerklike en teologiese toneel in Wittenberg oorheers. Hy vertaal talle van Luther se teologiese geskrifte in Duits. In 1541 neem hy 'n beroep aan na die Marktkirche in Halle en voer die Reformasie dáár deur. In 1543 skryf hy 'n kerkorde vir die stad Halle. Hy was ooggetuie van Luther se sterfte in 1546 in Eisleben. Ná die Smalkaldiese Oorlog moes hy uit Halle vlug. Hy sterf enkele dae ná die Godsdiensvrede van Augsburg in Eisfeld (vgl. Dingel 2015:322).

vir Jonas kan sê is dat 'Christus se krag is in ons swakheid magtig (2 Kor 12:9)' – met ander woorde, dat die krag en oorwinning van Christus in ons swakheid groei. Hierdie troos wil hy met Justus deel. Baie, gevoelvolle woorde is dus nie nodig nie, aangesien Christus deur die Heilige Gees ons in smart vertroos.

Luther besef dat ongelowiges bevestiging vir hulle ongeloof vind in tragiese gebeurtenisse soos die dood van kinders. Daarom moet Jonas verstaan dat 'alles só moet gebeur dat die Skrif ook in ons lewens tot vervulling kan kom' (WA Br 5, 323, 9–10; [1530] 1934a:323). Dit kom dus daarop neer dat die lyding ons voorlopig opgelê word as noodlot, wat ons moet verduur, maar dat dit uiteindelik oorwin sal word. Dit klink na boedel oorgee, maar dit is nie, aangesien die klem op die laaste gedeelte val. Die kind wat in Christus gesterf het, deel reeds in die nuwe lewe 'n en só gaan die Skrif in vervulling. Die verbondenheid aan die lyding van Christus laat die Skrif se beloftes in ons lewens van smart in vervulling gaan.

Luther herinner Jonas daaraan dat hy deel is van 'n 'troosgemeente'. Hulle almal troos mekaar in hierdie tyd van beproewing (die Ryksdag en die dood van die kind). Hulle troos mekaar op grond van die wete dat hulle beskermer nie slaap nie (WA Br 5, 323, 11–14; [1530] 1934a:323). In die daaropvolgende reëls herinner hy hom dat hy, as deel van hierdie troosgemeente, nogtans baie het om oor dankbaar te wees. Die belangrikste is dat hy 'n deugsame vrou het wat hom (en die hele Protestantse gemeente)[197] in alles bystaan.

Luther (WA Br 5, 324, 13–15; [1530] 1934a:324) sluit sy troosbrief af met 'n vergelyking tussen die seuntjie en Jesus Christus. Hy wys daarop dat die kind gebore is en na drie dae gesterf het. Christus het gesterf en na drie dae gelewe. Daar is dus 'n tyd vir alles: 'n Tyd om te rou en 'n tyd om te jubel.

197. Volgens Ebeling (1997:362) het Luther met die afsterwe van Katharina Jonas, in 'n brief aan Justus gesê dat sy verlies die hele Protestantse/Evangeliese Christendom raak. Sy was een van die moeders van die troosgemeente.

Te midde van die rou moet Justus ook jubel, aangesien Christus ook hierdie kind aangeneem het.

Op 15 Februarie 1530 skryf Luther (WA Br 5, 238–241, Nr. 1529: [1530] 1934b) ’n troosbrief in Duits aan sy ‘liewe vader[198] Hans Luder in Mansfeld’ wat dodelik siek was. Hy bied verskoning aan dat hy fisiek nie langs die sterfbed kan staan nie (aangesien hy in Coburg moes skuil), maar vertrou dat sy predikant hom beter sal begelei as wat hy dit self sou kon doen. In die lig van die Vierde Gebod (volgens die Lutherse telling) wil hy sy dankbaarheid en respek teenoor sy vader betoon. Hy glo dat die Skepper hom op grond van sy grondelose liefde sal versterk en hom met sy Gees sal verlig en bewaar sodat hy met vreugde en dankbaarheid die leer oor Jesus Christus sal omarm en in vrede sal sterwe. Hy wys hom daarop dat ons in Christus ’n getroue voorspraak het wat vir ons plek in die Vaderhuis voorberei en dat die toekomstige lewe veel beter as hierdie ‘jammerdal’ met al sy lyding en swaarkry sal wees. Hy verseker hom dat al sy sondes om Christus se ontwil vergewe is en dat hy geen vrees vir die dood moet hê nie. Hy verseker hom ook dat hulle mekaar weer in vreugde en blymoedigheid in Christus se teenwoordigheid gaan sien. Daar gaan net ‘’n uur se slaap’ wees voordat hulle mekaar weer ontmoet. Hy sluit af met die belofte dat hy, sy vrou en al die kinders vir hom en sy gade bid, en onderteken die brief as ‘u liewe seun, Martinus Luther’.[199]

198. Op 05 Junie 1530 skryf Luther (WA Br 5, 351; [1530] 1934c:351) in ’n brief aan Melanchthon die volgende aangrypende woorde oor sy vader: ‘Hans Reinicke [sy kindervriend uit Mansfeld] het my vandag per brief ingelig dat my liefste vader, die bejaarde Hans Luder, op Sondag Exaudi om eenuur in die nag van hierdie lewe afskeid geneem het. Die dood het my in diepe rou gedompel, terwyl ek nie alleenlik aan sy natuurlike geaardheid terugdink nie, maar ook aan sy hartlike liefde, aangesien my Skepper my deur hom geskenk het wat ek vandag is en het [...]. Ek is werklik verheug dat hy tot hier kon lewe sodat hy die lig van die waarheid kon sien [d.i. die evangeliese geloof].’

199. Volgens Leppin (2019:63) moet hierdie brief ook verstaan word as Luther se gehoorsaamheid aan die Vierde Gebod. Dit was met ander woorde sy plig as kind om sy vader in sy oomblikke van angs en nood by te staan.

Op 20 Mei 1531 (die aand ná die hemelvaart van Christus) skryf hy (WA Br 6, 103–106, Nr. 1820; [1531] 1936b:103–106) 'n troosbrief aan sy moeder, kort voor haar dood. Sy moeder kon waarskynlik nie lees nie, maar die verwagting was seker dat iemand dit vir haar sou voorlees. Uit hierdie brief is daar ook heelwat oor die eskatologie en sterwensbegeleiding te leer. Hy begin die brief aan sy moeder met die toesegging van seën: 'Genade en vrede in Christus Jesus, ons Heer en Heiland! Amen.' Hiermee gee Luther te kenne dat sy trooswoorde aan sy moeder méér is as familiale simpatie. Dit is niks minder as verkondiging nie. Hy maak verskoning dat hy nie self by haar sterfbed teenwoordig kan wees nie, maar bied hiermee sy 'geestelike teenwoordigheid' aan. Hy aanvaar met dankbaarheid dat sy deur die prediking en pastorale versorging genoegsaam vertroos is. Aangesien hulle beide skepsels van God is, en aangesien sy sy moeder is, is hy 'verplig om die troos te vermeerder'. Waarmee hy haar dan troos is 'n sistematiese besinning oor die dood.

Eerstens: Op grond van God se genade weet beide van hulle dat haar siekte, 'God se Vaderlike, genadige roede is (Ps 44:23; Rom 8:36)'. Aangesien ons danksy ons sonde daagliks sterf, moet sy hierdie siekte met dank aanneem as genade uit die hand van God. Sy moet weet dat haar lyding niks is in vergelyking met die lyding van Jesus Christus nie. Sy lyding was erger, maar dit was ook ter vergewing van ons sondes. Tweedens: Sy moet weet dat die basis van haar saligheid en troos Jesus Christus is (Rom 9:33; 1 Pet 2:6). Hy is die Heiland van die sondaars (1 Tim 1:4). Hy troos ons self met die woorde: 'Wees getroos, want kyk Ek het die vorswêreld met al sy mag oorwin.' Wat bedoel word, is dat Christus die sonde en die dood oorwin het, en daarom kan ons met vreugde sy troos met danksegging aanneem. Met 'alle sekerheid en vrolikheid kan ons met vreugde' aan die dood en die sonde vra 'weet julle dan nie dat julle reeds oorwin is nie?' met danksegging aanneem. 'n Mens moet na niks anders luister as na die woorde van ons Heiland wanneer Hy sê: 'Wees getroos, Ek het die wêreld oorwin!' Die valse skrikbeelde van die dood en die leuenagtige dreigemente oor die dood moet ons daarom nie

bangmaak nie. Hou vas aan die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 15:44-49! Hy vermaan sy moeder om haar op haar sterfbed met hierdie troosvolle gedagtes besig te hou en nie met allerlei vrese nie. Sy moet ook dankbaar wees oor die feit dat God haar tot hierdie kennis gelei het, en haar bevry het van die dwalings van die pous wat beweer dat 'n mens sekerheid kan verkry oor jou lot deur goeie werke te doen. Die God van hierdie godsdiens is 'n genadelose en grusame regter en tiran. Sy weet gelukkig iets anders, naamlik dat God ten diepste goed en barmhartig is. Sy ken die 'genadestoel' van Christus en ken God daarom nie as regter nie, maar as barmhartige Vader. As 'seëls' vir hierdie kennis het ons die evangelie, die doop en die nagmaal. Haar aanhoor van die prediking en haar deelname aan die sakramente moet haar met vreugde en groot genade vervul, en nie toelaat dat die twyfel haar oorval nie. Hy (WA Br 6, 106; [1531] 1936b) sluit sy brief met die volgende woorde af:

> Die Vader en God van alle troos, verleen aan u deur sy heilige Woord en Gees 'n vaste, vrolike en dankbare geloof sodat u dié, en alle ander nood, salig mag oorkom, en uiteindelik kan smaak en ervaar, dat dit die waarheid is wat Hy ons toebid: 'Wees getroos, Ek het die wêreld oorwin en [*daarom*] beveel Ek jou liggaam en siel aan my barmhartigheid toe. Amen.' Al u kleinkinders en my Kethe bid vir u. Sommige huil en ander eet en sê: 'Ouma is baie siek; mag God se genade met haar en ons almal wees. Amen. U liewe seun, Martin Luther. (p. 106)

Op 27 November[200] 1532 skryf Luther (Schilling 2010)[201] troosbriewe aan Jonas von Stockhausen en sy gade (wie se voornaam hy nie geken het nie), woonagtig in Nordhausen. Luther verneem van 'n vriend dat Jonas die aanvegting van lewensmoegheid (*Lebensüberdruss*; *taedium vitae*) beleef en

200. Luther dateer sy briewe as 'Woensdag ná die dag ter ere van Katharina' (25 November 1532). In daardie tyd was dit nog gebruiklik om die kalender vir die verering van die heiliges as tydsaanduiding te gebruik. Wanneer daar 'n belangrike datum uit die liturgiese kalender gebruik kon word, het Luther dít eerder gebruik (vgl. Schilling 2010:65).

201. Ek steun op die nuwe geredigeerde tekste van Schilling (2010). Die oorspronklike weergawes in WA Br 6, 386-388, Nr. 1974; [1532] 1936a is nie betroubare tekste nie.

selfdood oorweeg. Lewensmoegheid is in die Middeleeue beskou as ’n waarskuwingsteken (*arbores*) van swaarmoedigheid (*tristitia*) met die gevaar van selfdood as ’n konsekwensie van totale vertwyfeling (*desperatio*). As genesing vir hierdie ‘geestessiekte’ bied Luther die ‘hoor van die evangelie’ aan. Net soos die geloof uit die hoor van die evangelie kom (*fides ex auditu*), so groei die troos uit die hoor van die Woord (*consolatio ex auditu*), danksy iemand wat dit namens God doen. Om hierdie rede versoek Luther (Schilling 2010:62) Stockhausen om die volgende te doen: ‘Bind u ore vas aan ons mond, en laat ons woord in u hart ingaan; op hierdie wyse sal God u deur ons woord vertroos en versterk.’ Volgens Luther moet die man se lewensmoegheid en selfmoordneigings teruggevoer word na die aanvegtings van die ‘duiwel’. Die ‘duiwel’ is vir hom die reële mag wat teen die heilswil van God veg. Die ‘mag’ is lewensvyandig, en wil die mens van sy geloof en lewe ontneem. ‘Hy’ wil die mens van sy vryheid ontneem sodat die mens met homself in geveg gaan. Dít gebeur wanneer die mens vertroue in God verloor (vgl. Schilling 2010:66). Om hierdie man as pastor te help, maak Luther ’n reeks opmerkings. Eerstens wys hy daarop dat God sy skepper, die God van lewe is. Hy wil dat mense lewe en dat diegene wat lewe wil vernietig, nie aan sy wil gehoorsaam is nie. ’n Mens moet ondanks die oormag van eise van die lewe, met wil en daadkrag lewe. Jonas Stockhausen wat swaarkry onder die eise van die lewe, moet teen die ‘duiwel’, die vernietiger van die lewe, in opstand kom, met die wete dat God hom hierin sal help. Sy beste raad is dat hy permanent in gebed met God sal verkeer, aangesien swaarmoedige mense in en deur die gebed triomfeer. Hy teken die brief as ‘Doctor Martinus Luther’ (Schilling 2010:64). Hiermee wil hy aandui dat hy kenner van die Woord is en met gesag vanuit die Woord troos aanbied.

Die kort briefie wat hy (Schilling 2010:64) gelyktydig aan Stockhausen se vrou geskryf het, bevat praktiese raad. Hy raai haar aan om gedurig by haar man te wees en om aanhoudend met hom te praat. Eensaamheid is die stekste gif vir swaarmoedige mense. Sy moet hom laat lag deur voortdurend te skerts oor die

fasette van die lewe. Sy moet egter onthou dat sy 'God se oogappel' is – iemand wat op 'n besondere wyse namens God optree. Sy moet dus nie vir een oomblik twyfel aan God se ondersteuning nie. Die twee briewe, die eerste as 'kerugmatiese pastoraat' en die tweede as 'praktiese raadgewing' moet as 'n eenheid gelees word. Die twee aspekte hoort saam. Duidelik het Luther 'sukses' met hierdie strategie gehad, aangesien Jonas von Stockhausen moedig gestry het en die 'depressie', op grond van die vertroosting van die evangelie, tot die einde beveg het.

## 9.3.4. Preke

Hoe Luther oor die dood en die lewe ná die dood gedink het, word die beste in sy preke uitgespel. Drie preke is gekies waarin Luther se kernoortuigings na vore kom. (1) Die eerste preek (WA 32, 39–47; [1530] 1906:39–47) is op Paassondag, 17 April 1530, in die vesting Coburg gelewer. Alhoewel dit nie in die bronteks aangedui word nie, moes die preek uit Lukas 24 en/of 'n parallelle teks gekom het. Luther verwys slegs na die vreugde van die eerste ooggetuies van die leë graf en diegene wat die opgestane Heer ontmoet het. Luther het geen belangstelling getoon in vraagstellings wat met die historiese betroubaarheid van hierdie verhale verband hou nie. Sy belangstelling was eksistensieel van aard. Blote kennisname van die historiese inligting is vir Luther nie voldoende nie. Hy (WA 32, 39, 19–24; [1530] 1906:39) wil weet hoekom hierdie inligting 'vir my en vir jou nuttig en dienlik is, en hoe ons hierdeur gehelp en geadviseer' kan word? Vir Luther wys die opwekking van die gekruisigde heen na die oorwinning oor die 'sonde, dood, duiwel en al die boosheid van hierdie wêreld'. Op hierdie 'nut' van die opstanding wil Luther konsentreer. Vir Luther is die 'duiwel' die 'vors van die dood'. Hy stoot mense oor die afgronde van die sonde, en kan hulle selfs in die hel laat beland. Christus self was ook 'n slagoffer van die wurggreep van die duiwel. Ook Hý was bestem vir die ewige dood. Christus is egter die Heer oor die duiwel, sonde, dood en hel 'n en daaroor is daar vreugde by sy volgelinge. Christus se oorwinning oor hierdie

magte van die dood het, volgens Luther, nie met geweld te make nie, maar met 'reg'. Luther verduidelik die stryd tussen Christus en die magte van vernietiging in terme van 'n regstryd. Christus het die duiwel aangekla en voor die Regter gedaag. Die duiwel moes verduidelik waarom hy die Seun van God wat lewe wil skep, tot die ewige dood wou laat veroordeel. Op grond van die feit dat die duiwel die regsargument verloor het, moes hy sy heerskappy en mag prysgee. Hy het dus geen reg meer om ons as mense tot die dood toe te wurg nie. Die opstandingsfees is dus die fees van die triomf van Christus se reg – sy reg om ons te laat lewe. Danksy Christus se regsoorwinning is daar lewe in plaas van die dood, genade in plaas van die heerskappy van die sonde en hemel in plaas van hel. Ook die sonde was in 'n regstryd met Christus gewikkeld. Dit het Christus voor Pilatus aangekla. Onder die sonde waarvan Hy aangekla is, was die ewige geregtigheid egter versteek. Christus se geregtigheid kon die regstryd oorleef. Pilatus se strafoplegging kon dus nie die laaste woord gewees het nie. Christus se regsoorwinning oor die aanklagte van die duiwel, sonde en die dood is die rede vir die vreugde van die kerk. Paasfees is dus die viering van Christus se regsoorwinning oor die magte van vernietiging. Op Paasfees is daar eintlik niks te doen nie. Die boodskap van Christus se oorwinning moet aanvaar en gevier word. Die geskenk moet in dankbaarheid aangeneem word; dit moet nie eers handelend geskep word nie. Die opstandingsboodskap word deur die prediking aangebied, en dit moet met die hart aanvaar word. Dit is 'n geskenk, en vir 'n geskenk word nie betaal nie (ook nie betaling in die gestalte van goeie werke nie).

(2) Die tweede ([1532] 1991:177–183) is 'n preek op Paasaand, 31 Maart 1532, oor 'n gedeelte van die Apostoliese Geloofbelydenis. Luther behandel die uitsprake oor die 'neergedaal het na die hel' en 'op die derde dag opgestaan het uit die dood' as twee onlosmaaklike aspekte. Luther begin sy preek deur te stel dat hy nie geleerd oor Christus se 'hellevaart' wil probeer praat nie, aangesien hierdie misterie nie met die menslike verstand verklaar kan word nie. Hy wil dus eerder soos 'n kind daaroor praat – dit

beteken – wat Christus vir ons dáár in die hel gaan doen het. Die 'hellevaart' van Christus beteken dat Christus getoon het dat Hy Heer is oor die hel en die duiwel. Die Heer, Christus, het die mag wat hulle oor mense het, finaal gaan breek. Hoe Christus dit gedoen het, is nie ter sake nie; dis belangrik dat daar geglo word dat Christus dit vir ons gedoen het. Die geloof moet die angs en vrees vir die bose verdryf sodat daar in vryheid gelewe kan word. In die tweede gedeelte van die preek, konsentreer Luther dan op die opwekking van Christus uit die dood. Hierdie artikel is vir hom die hart van die Christelike geloof. Hy verwys na Romeine 4:25; Efesiërs 2:5 en 1 Tessalonisense 4:14 wat oor die samehang van sonde, dood en opstanding handel. Weereens beklemtoon Luther dit dat Christus die dood 'vir ons' oorwin het. Die implikasie is dat die ewige lewe vir ons alreeds begin het. Hy moedig die gemeente aan om hulle beeld van die dood en begraafplase dienooreenkomstig aan te pas. Hulle moet 'n tuin sien van vrolike mense wat vreugde in die lewe vind. Hy argumenteer verder dat aangesien Christus, as die hoof van die kerk, alreeds in die hemel is, die lidmate moet weet dat hulle alreeds halfpad in die hemel is. Die belofte van die nuwe lewe gaan eers later in volle vervulling, maar dit is alreeds 'n werklikheid. Daar moet geglo word dat dieselfde God wat Christus uit die dood opgewek het, ons ook uit die dood sal opwek. In sy laaste argument verwys hy na die betekenis van die doop. Danksy die doop, aldus Luther, het die gelowige alreeds begin met die opstanding. Danksy die doop deel lidmate reeds in die dood en die opwekking van Christus. Danksy die doop kan lidmate reeds juig oor hulle deelname aan die tuin van lewe. Elke dag staan hulle alreeds op om aan die belofte van die ewige lewe deel te hê.

(3) Die derde preek (WA 17(II), 264–268; [1527] 1927b: 264–268) waaraan aandag gegee word, is 'n 'feespostille' van 1527 wat oor die tien maagde (Matt 25:1–13) handel. Dit handel dus oor die onverwagse wederkoms van Christus. Luther beklemtoon 'n paar belangrike sake wat kenmerkend is van sy 'eskatologie'. Die eerste handel oor die dialektiek van genade en toorn. Die vyf verstandige meisies het genade gevind, terwyl die

vyf onverstandiges met die gebrek aan genade verder moes lewe. Die tweede het met sy verstaan van die 'koninkryk' te make. Onder 'koninkryk' verstaan hy nie 'n plek of 'n sosiaal-politieke toestand nie, maar waar daar sprake is van die evangelie, geloof, hoop en liefde. Die vyf wyse maagde versinnebeeld deelname aan die 'koninkryk'. Die vyf onverstandiges versinnebeeld vir hom diegene, binne die koninkryk, wat goeie werke wil doen sonder of buite die Christelike geloof – met ander woorde hulle wil goed doen, slegs ter wille van menslike erkenning. Vir Luther versinnebeeld die 10 maagde dus die twee groeperings in die Christendom – die evangeliese Christene en die volgelinge van die pous. Die eerste groepering vertrou slegs op die genade van die barmhartige God, terwyl die tweede groepering op hulle eie voortreflikheid vertrou. Sy laaste opmerking konsentreer op die feit dat al die meisies aan die slaap geraak het. Almal het in die sonde versink. Die verskil is egter dat vyf van hulle op die vergewing van Christus gesteun het. Die gebed om vergewing en genade is dus die finale woord in die lig van die komende eindoordeel.

## 9.4. Sistematiese opheldering van enkele eskatologiese vraagstukke

### 9.4.1. Die dood as 'slaap'

Luther deel die tradisioneel dualistiese mening dat liggaam en siel by die dood geskei word. Hy het egter besef dat hierdie mening nie kritiekloos nagepraat kan word nie. In die '*Promosiedisputasie van Petrus Hegemon*' (1545) het hy (WA 39(II), 354, 10–15; [1542] 1932) krities gevra:

> [*By die dood*] keer die gees terug na die Here. Dít leer die ganse kerk, naamlik dat siel en liggaam by die dood geskei word, maar dit is 'n ander vraag of die liggaam en die siel geheel en al onderskeie dinge is [...].[202] (p. 354)

202. Luther vra: '*Spiritus redit ad dominum. Hoc tota ecclesia dicit, et quod in morte separator anima a copere. Sed alia quaestio est, an corpus et anima sint distinctae res [...].*'

Dit is hierdie kritiese vraag wat Luther by die beeldspraak uitgebring het dat die gestorwene tussen hemel en aarde 'slaap', en by die wederkoms nuut opgewek sal word. Die dooies sal by die opwekking nie weet hoe lank hulle geslaap het nie, en daarom kon hy (WA 17(II), 235, 16–20; [1525] 1927a) op Sondag Judica, oor Johannes 8 sê:

> Daarom word die dood in die Skrif 'n slaap genoem. Net soos niemand weet wat met hom gebeur wanneer hy aan die slaap raak nie, weet hy ook nie wanneer hy opgewek is nie. Daarom sal ons ewe skielik op die jongste dag opstaan, sonder om te weet hoe ons in die dood gekom het of wat daar gebeur het.[203] (p. 235)

Dit kan nie betwis word dat Luther wel die leer oor die liggaam-siel-dualisme ondersteun het nie. Hy het dit egter anders as die skolastiek begrond. Hy het dit streng teologies gedoen. In die kerkpostille oor Johannes 1:1–14 van 1522 skryf hy (WA 10(I/I), 200, 6–8; [1522] 1910a):

> [*D*]iegene wat glo en Hom ken uit wie hulle lewe, sterf nooit nie, maar die natuurlike lewe word tot in die ewige lewe gestrek, met die gevolg dat die dood nooit gesmaak sal word nie, soos dit in Johannes 8[*:25*] gestel word: 'Wie aan my woord vashou, sal die dood nooit smaak nie'. (p. 200)

In 'n preek oor Lukas 7 uit die jaar 1533 stel hy (WA 37, 149, 19–21: [1533] 1910b) dit weer soos volg:

> Wanneer ons dood is, is ons vir Hom [*God*] nie dood nie, aangesien Hy nie 'n God van die dooies is nie, maar die God van Abraham en andere wat lewe, soos wat dit in Matteus 22 [*vers. 32*] staan dat hulle nie dood is nie, maar vir my lewe.[204] (p. 149)

---

203. Luther se eie woorde: '*Drumb heyst auch der tod ynn der schrifft eyn schlaff. Denn gleich wie der nicht weys, wie yhm geschicht, wer eynschlefft und kompt zu morgen unversehens, wenn er auffwacht. Also werden wyr plötzlich aufferstehen am Jüngsten tage, das wyr nicht wissen, wie wyr ynn den tod und durch den tod komen sind.*'

204. Luther sê: '*Quando sumus mortui, non sumus mortui coram eo. Quia ipse non est deus mortuorum, sed deus Abrahae etc. qui vivunt, ut Matth. 22 q.d. non sunt mortui, sed vivunt mihi.*'

In sy Genesisvoorlesing maak hy (WA 43, 481, 32–35; [1538–42] 1912) die volgende insiggewende opmerking by hoofstuk 26: 24–25:

> Hy [*God*] praat in alleenheid met die mens. Waar ook al en met wie God praat, of dit in toorn en/of genade is, dit is beslis onsterflik. Die persoon van die redevoerende God en die Woord maak dit duidelik dat ons sodanige skepsels is met wie God tot in ewigheid en op ’n onsterflike wyse wil praat.[205] (p. 481)

Luther argumenteer dus dat God sy gesprek met sy skepsels nie wil beëindig nie, en dít kan selfs die dood nie verhinder nie. Daar is dus nie ’n moontlikheid dat daar tussen die dood en die wederkoms geen gesprek tussen God en die gelowige skepsel kan wees nie – en daarom kan daar nie sprake wees van ’n ‘sieleslaap’ by Luther nie. Hy het dalk wel die terminologie van die skolastiek hier en daar gebruik, maar nie die leer oorgeneem nie.

Luther verstaan die ‘sieleslaap’ nie eng individualisties nie. Ook in hierdie opsig breek hy weg van die skolastiek. Hierdie aspek van sy eskatologie het ook ’n sosiale dimensie. Dit is nie vreemd nie, aangesien ons hierdie sosiale verstaan van die eskatologie ook elders teëgekom het: Die oë van die nagmaalgangers bly op mekaar gerig – selfs tot in die hemel (vgl. par. 3.2). By die dood van ’n geliefde is die treurende ingebed in die kerk as ‘troosgemeenskap’ – en hierdie ‘troosgemeenskap’ leef voort tot in ewigheid (vgl. par. 3.3). In die voorwoord van ’n geskrif van die gestorwe Urbanus Rhegius (1542), skryf Luther oor hierdie sosiale dimensie van die lewe direk ná die dood. Hy argumenteer dat Urbanus gewoon binne ‘hemelse gemeenteverband’ voortgaan met sy verkondigingstaak. Hy (WA 53, 400, 14–19; [1542] 1920) stel:

> Daarom moet ons weet dat ons Urbanus wat standvastig in die ware aanroeping van God en in die geloof in Christus gelewe, en die kerk getrou gedien het, en die evangelie met die kuisheid en vroomheid

205. Luther se opmerking: ‘*Cum solo homine loquitur. Ubi igitur et cum quocunque loquitur Deus, sive in ira, sive in gratia loquitur, is certo est immortalis. Persona Dei loquentis et verbum significant nos tales creaturas esse, cum quibus velit loqui Deus usque in aeternum et immortaliter.*’

> van sy wandel geëer het, salig is en die ewige lewe, sowel as die ewige vreugde in die gemeenskap met Christus en die hemelse kerk ervaar, waar hy tans heel duidelik leer, waarneem en hoor, in ooreenstemming wat hy hier [*op aarde*] in die kerk volgens die Woord van God gedoen het.[206] (p. 400)

Luther het wel hier en daar na die dood as 'sieleslaap' verwys, maar dit beteken nie dat hy dit met die skolastiek eens was nie. Luther het probeer om aan die veelkantigheid van die Nuwe Testament reg te laat geskiet. Die kern van sy leer kom neer op die oortuiging dat die band tussen God en mens nie by die dood ophou nie 'n juis aangesien God nie die gesprek met die mens by die dood staak nie. Dít moet egter gesê word, wel wetende dat die koninkryk nog nie finaal aangebreek het nie. In die lig hiervan moet daar ook 'n paar gedagtes oor die laaste oordeel en die regverdiging deur die geloof gewissel word.

## 9.4.2. Die laaste oordeel en die regverdiging deur die geloof

Die laaste oordeel het in die jong Luther se teologie 'n sentrale plek ingeneem. Dit kan dalk lyk of die belangrikheid van hierdie tema vir Luther algaande afgeneem het, maar dit is nie waar nie. Dit is wel waar dat daar in die *Klein kategismus* slegs terloops aan hierdie tema geraak is, maar talle aspekte van sy teologie kan nie verstaan word sonder die verwysings na die laaste oordeel nie. Hierdie tema is 'n grondliggende bestanddeel van sy teologiese denke (Danz 2013:133).

Ook ten opsigte van hierdie tema sluit Luther by die tradisie aan. Hy bely saam met die kerklike tradisie die volgende oor die eindtyd (WA 26, 509; [1528] 2012b):

206. Luther argumenteer: '*Quare et Urbanum nostrum, qui in vera invocatione Dei et fide Christi assidue vixit et fideliter servivit Ecclesiae et Euangeliu*m *castitate et pietate morum ornavit, sciamus beatum esse et habere vitam et laeticiam aeternam in societate Christi et Ecclesiae coelestis, in qua nunc ea coram discit, cernit et audit, de quibus hic in Ecclesia iuxta verbum Dei disseruit.*' Hierdie woorde volg op 'n verwysing na Openbaring 14:13: '... salig is diegene wat van nou af in die Here sterwe'.

> Ten slotte glo ek aan die opstanding van al die dooies op die jongste dag; die vromes [*gelowiges*], sowel as die booswilliges [*ongelowiges*], sodat elkeen aan sy eie lyf kan ervaar wat hy verdien, sodat die vromes tot in ewigheid met Christus kan lewe en die booswilliges vir ewig saam met die duiwel en sy engele kan sterwe. Ek deel nie die mening dat selfs die duiwel uiteindelik in die saligheid sal deel nie. [207] (p. 568, ll. 25–30)

Hy glo dus aan die algemene opstanding en die dubbele uitgang van die geskiedenis, maar verwerp die gedagte van die 'alversoening' of die verlossing van almal (insluitend die duiwel). Luther het egter nie by die tradisionele uitleg van die Christelike hoop stilgestaan nie. Hy het met verskeie innoverende gedagtes die nadenke oor die eskatologie verryk. Die een aspek wat hier vermelding verdien, is Luther se verstaan van God se gerigsdaad. Hy stel God nie voor as 'n wreedaardige monster wat mense wil vernietig nie, maar as 'n regter wat mense oorlaat aan die konsekwensies van hulle eie wil en besluit. Na aanleiding van Romeine 2:15 het Luther, so vroeg as in sy eerste voorlesing oor Romeine in die jare 1515–1516, die volgende insiggewende opmerking oor die God van die eindoordeel gemaak. Hy ([1515–1516] 1960) sê:

> So sal God ook alle mense se diepste gedagtes op grond hiervan oordeel; wanneer ons binneste [*geheime*] onthul word, sodat daar geen moontlikheid meer is om na een of ander verskuilde hoekie te vlug nie, maar dit word onafwendbaar voor alle oë ontbloot en sigbaar gemaak, soos wat God sal wil sê: 'Kyk Ek oordeel jou nie, Ek ondersteun slegs jou oordeel oor jouself, en bekragtig dit. Aangesien jy nie anders oor jouself kan oordeel nie, kan Ek dit ook nie doen nie. Daarom verdien jy volgens die getuienis van jou eie denke en gewete, óf die hemel óf die hel.'[208] (p. 115)

---

207. Luther bely: '*Am letzten gleube ich die aufferstehung aller todten am luengsten tage / beyde der frumen vnd boesen / das ein iglicher daselbs empfahe an seinem leibe / wie ers verdienet hat / Vnd also die frumen ewiglich leben mit Christo / vnd die boesen ewiglich sterben mit dem teuffel vnd seinen engeln / Denn ichs nicht halte mit denen / so da leren / das die teuffel auch werden endlich zur seligkeit komen.*'

208. Luther argumenteer: '*Ideo et Deus secundum easdem omnes Iudicabit et reuelabit intima nostra, ita vt intorsum et intimius fugiendi non sit locus. Sed necessario nuda erunt omnibus et aperta, Vt si diceret Deus: Ecce ego te non Iudico, Sed tuo de te Iudicio assentior*

Luther het ook tot ’n groot mate weggebreek van die apokaliptiese voorstellingswêreld waarin die ‘eindoordeel’ verpak is. As die grondlegger (Barth 2009:504) van die ‘teenwoordige eskatologie’ (‘*präsentische Eschatologie*’) kon Luther die verstaan van motiewe soos ‘hemel’ en ‘hel’ eksistensieel uitlê, en sodoende verhoed dat die debat oor die eskatologie vervlak tot ’n debat oor wêreldbeelde. In hierdie verband staan sy argumente oor die ‘gewete’ sentraal. Volgens Luther (WA 10(III), 191–192; [1522] 1905:191–192) ‘slaap’ die gelowige in die ‘skoot van Christus’ en/of die ‘skoot van Abraham’ tot en met die eindoordeel. Met dié metafoor bedoel hy dat die gelowige, vanweë die aanname van die Woord, veilig in die ‘skoot van Christus’ bewaar word tot en met die eindoordeel. Die gelowige word met ander woorde nie weens die dood en begrafnis van Christus geskei nie. Die ongelowige word egter, weens die verwerping van die Woord, nie op dieselfde wyse bewaar nie. In die graf het diegene geen eenheidsband met Christus nie. Na aanleiding van die gelykenis van die ryk man en Lazarus, stel Luther (WA 10(III), 192, 12–18; [1522) 1905) die volgende:

> Die ryk man se liggaam is beslis nie in die hel begrawe nie, maar in die aarde. Daar moet egter ’n plek wees waar die siel sonder enige berisping kan wees; en dít kan nie ’n plek vir die liggaam wees nie. Daarom oordeel ons dat hierdie ‘hel’ die bose gewete moet wees, wat sonder geloof en Gods Woord is, waarin die siel begrawe is en dáár bly tot by die jongste dag, wanneer die mens met liggaam en siel in die ware liggaamlike hel gestoot sal word.[209] (p. 192)

Die skeiding van die Woord binne die gewete loop dus uiteindelik uit in die ‘hel’ – en ‘hel’ is die gebroke band tussen mens en God.

---

(voetnota 208 gaan voort…)
*et confirmo, cum aliter tuipse de te non possis Iudicare, ideo neque ego. Ergo tuis testibus cogitationibus et conscientia dignus es Vel celo vel inferno.’*

209. Luther argumenteer: ‘*Denn des reychen leychnam ist on zweyffel nicht ynn die helle, ßondern ynn die erden begraben. Es muß aber eyn ortt seyn, da die seele seyn kann unnd keyne ruge hatt, der selbe kan nicht leyplich seyn. Darumb achten wyr, dieße helle sey das böße gewissen, das on glawbe und Gottis wort ist, ynn wilchem die seele vergraben ist unnd verfasset biß an iungsten tag, da der mensch mit leyb und seele ynn die rechte leypliche helle verstossen wirtt.*’

Die 'gewete' is vir Luther die plek waar die eindoordeel plaasvind en waar die lot van hel en hemel bepaal word, aangesien hy 'gewete' verstaan as die antropologiese plek waar die verhouding tot God bepaal word. Die 'gewete' is vir hom die 'eksentriese, forensiese instansie' waar die oordeel oor geloof en ongeloof gevel word (Slenczka 2015:258). 'Gewete' is by Luther nie die 'handelingsbegeleidende instansie' (*conscientia antecedens*) nie, maar die instansie waar die oordeel voltrek word oor volbragte handelinge (*conscientia subsequens*). In die lig hiervan praat Luther dikwels van die 'geknelde gewete' en die 'gewete wat rus vind'. Die gewete vind rus wanneer die boodskap van vergewing gehoor en aanvaar word, en die gewete bly ongetroos wanneer die belofte van verlossing verwerp word. As illustrasie, 'n verdere aanhaling uit die preek oor Lazarus en die ryk man (WA 10(III), 192, 18–23; [1522] 1905):

> Net soos wat Abraham se skoot God se Woord is waarin die gelowiges deur die geloof rus, slaap en bewaar word tot by die jongste dag, só moet, omgekeerd, die hel dáár wees waar God se Woord afwesig is, waarheen die ongelowiges weggestoot word tot by die jongste dag: Dit kan niks anders wees as 'n leë, ongelowige, sondige, bose gewete nie.[210] (p. 192)

Luther se gebruik van die woord 'gewete' is dus baie uniek en moet nie met die hedendaagse betekenisse verwar word nie. 'Gewete', volgens Luther, het met die posisie voor God te make in die lig van die aansprake van die wet. Die 'gewete' kan dus 'hemel' of 'hel' wees. Die 'gewete' ervaar óf die toorn van God, óf die genade van God. Op grond van geloof en/of ongeloof kan 'n mens in jou 'gewete', of in jou diepste wese, alreeds hemel en/of hel smaak. Die hemel en die hel is dus nie verborge ruimtelike plekke nie, maar die oordeel wat die 'gewete' aanhoor oor instemming tot die evangelie of verwerping van die evangelie. Die 'gewete'

210. Volgens die moderne weergawe van Slenczka (2015:259) sê Luther: '*Denn gleich wie Abrahams Schoß Gottes Wort ist, darinnen die Gläubigen durch den Glauben ruhen, schlafen und bewahrt werden bis an den Jüngsten Tag, so muss ja umgekehrt die Hölle da sein, wo Gottes Wort nicht ist, wohin die Ungläubigen verstoßen sind bis an den Jüngsten Tag: Das kann nicht anders als leeres, ungläubiges, sündiges, böses Gewissen sein.*'

beleef nou alreeds óf die barmhartigheid, óf die toorn van God – en só is die 'gewete' óf 'n getrooste gewete, óf 'n verskrikte gewete; en hierdie gewete bepaal 'hemel' en 'hel' (vgl. in Joest 1967:335–347, talle verwysings). Met hierdie argumentvoering het Luther weg die apokaliptiese voorstellingswêreld gebreek en só nuwe weë in die teologie geopen (Danz 2013:134).

## 9.5. Teologiese verband: Herinneringskultuur

Luther verdien om onthou te word – ook byna 500 jaar ná sy dood – in 'n wêrelddeel geografies, kultureel en polities ver verwyderd van Duitsland. Hy bly die vader van die Protestantisme, en sonder basiese kennis oor sy lewe en werk gaan ons in 'n tradisielose Christendom verval, wat gaan sukkel met fundamentele geloofsvraagstukke. Die vroeë Duitse herinneringskultuur bied baie stof tot nadenke.

Luther se kollegas, bondgenote, familie en vriende het direk ná sy afsterwe begin met die proses om sy lewe en werk in gedagtenis te hou. Die Europese herinneringskultuur het, danksy al hierdie pogings, aan nuwe dimensies gewen. Sekere pogings om Luther lewend te hou in die gedagtes van mense is prysenswaardig en leersaam. Ander pogings het weer heeltemal skeef geloop, tot groot skade van die Reformasie en die Duitse volk. Hier word aandag gegee aan 'n seleksie van voorbeelde uit die Lutherse herdenkingsgeskiedenis wat leersaam kan wees vir Afrikaanssprekende mense.

### 9.5.1. Melanchthon se lyksrede

Daar is in die loop van 500 jaar duisende boeke oor Luther en sy nalatenskap geskryf. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om binne die ruimte van enkele bladsye reg te laat geskied aan die uitgebreide navorsing oor Luther in hierdie verband. Ek oordeel dat die eerste huldeblyk aan Luther, nie net van historiese belang is nie, maar ook van aktuele belang. Om die rede lei ek hierdie gedeelte in met Philipp Melanchthon ([1546] 2011b) se

huldigingsrede tydens Luther se begrafnis. Niemand het Luther beter geken as Melanchthon nie, en daarom is sy oordeel oor Luther se lewe en werk van besondere historiese en akademiese waarde.

Melanchthon begin deur te stel dat hy nie 'n lofrede oor Luther wil lewer nie, maar sy bydrae, as werktuig van Christus, tot die leiding van die kerk, wil aantoon. Hy wys daarop dat mense wat wêrelds oor die lewe dink, glo dat alles maar blindelings en toevallig gebeur. Gelowiges glo egter dat die kerk deur God gelei en bewaar word, en dat Hy dus sorg dat daar begaafde mense kom wat die kerk volgens sy wil kan lei – en een van hulle was Martin Luther. Die taak van Luther, die uitverkorene, was om die kerk terug te lei na ware aanbidding, die Skrif reg uit te lê en om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Luther het die taak gehad om die 'ware en noodwendige leer' weer aan die lig te bring. Hy het daarop gewys dat die kerk nie sonder voortdurende bekering kan gedy nie. Hy het aangetoon dat diegene wat in vrees vir God se toorn lewe, die God van barmhartigheid in die Bybel kan leer ken. Hy het geleer dat die mens deur die geloof regverdig word, en dat daar tussen wet en evangelie, geestelike en wêreldlike geregtigheid onderskei moet word. Hy het die dwaasheid ontbloot dat 'n mens God nog steeds kan aanroep, al word jou gemoed oorheers deur twyfel en onsekerheid oor die waarheid van die evangelie. Hy het geleer dat God slegs in die geloof, 'met 'n goeie gewete', aangeroep kan word. Hy het geleer dat gebed tot die lewende en teenwoordige Christus gerig word, en dat gebed niks met 'n gepraat met beelde van dooie mense te make het nie. Hy het geleer dat die samelewing nie sonder goeie owerhede kan funksioneer nie, maar ook dat gehoorsaamheid aan staatswette en -ordinansies niks met jou saligheid te make het nie. Hy het daarop gewys dat die nakoming van kerkordelike reëlings weinig met lewende geloof te make het. Laastens het hy die Bybel in Duits vertaal sodat elkeen self kan lees en die prediking beoordeel. Deur sy pastorale adviese het hy talle mense in

krisismomente gehelp. Hy was ’n vriendelike en empatiese mens – nieteenstaande sy ongeduld en woede-uitbarstings oor lui en onbekwame mense. Hy het die kunste bevorder. Musiek en skilderkuns was, naas die teologie, vir hom die belangrikste aspekte van die lewe. Hy was lief vir sy vrou en kinders en ’n goeie buurman. Hy het daagliks vir hulle en die hele kerk voorbidding gedoen. Hy het die kerk geleer dat die tyd op aarde min is. Hardwerkendheid en pligsbesef was deugde wat hy bevorder het. Melanchthon ([1546] 2011b:175–176) sluit sy rede af met die sekere wete dat Luther wel gered is. Hy moedig die gemeente, en die nageslag, aan om Luther in herinnering te hou. Sy deugde, sy weldade en sy leer moet bewaar word. Sy voorbeeld moet ook deur volgende geslagte nagevolg word: Sy voorbeeld van volharding in gebed, weetgierigheid, hardwerkendheid en sorg vir armes en weeskinders. Tipies van Melanchthon, sluit hy sy rede met ’n gebed af. Hy dank die barmhartige Vader dat Luther die amp van predikant kom herstel het sodat die suiwer leer van die evangelie gehoor, geleer en bewaar kan word, aangesien die kerk hiermee in stand gehou word.

Melanchthon het dus ’n nugter en beskeie oordeel oor Luther gevel. Hy is nie verheerlik as ’n volksheld nie, maar geëer as ’n dienskneg van Christus. Die beeld van die man met die hamer ontbreek geheel en al, terwyl die man van gebed in die middelpunt van hierdie voordrag staan. Van ’n veglustige rebel is daar nie sprake nie, maar ons hoor van sy hardwerkendheid, pligsbesef en weetgierigheid – deugde wat op ’n groot skaal uit die Suid-Afrikaanse samelewing verdwyn het. Hierdie beeld van Luther moes binne een honderd jaar plek maak vir ander voorstellings van die kerkhervormer – en só sou dit deur die eeue aanhou. Elke eeu het min of meer ’n eie beeld van Luther opgelewer – beelde wat dikwels belangrike aspekte van hierdie man se werk belig het, maar beelde wat hom ook later (20ste eeu) in ’n demoon sou verander (vgl. Wendebourg 2017).

## 9.5.2. Uitgawes van Luther se versamelde werke

Om Luther in die gedagtes van volgende generasies lewend te hou, was dit belangrik om sy geskrifte byeen te bring en nuut uit te gee. Hierdie projek het alreeds tydens Luther se leeftyd begin. In 1539 is die eerste band van sy Duitse geskrifte en in 1545 is die eerste band van sy Latynse geskrifte in Wittenberg uitgegee. Luther se dienskneg en sekretaris (*famulus*) Georg Rörer het hierdie projek in 1559 voltooi. Die twaalf bande Duitse geskrifte en die sewe bande Latynse geskrifte was egter deurspek van onnoukeurighede – onder meer is daar van Melanchthon se werke onder Luther se naam uitgegee en is sekere formulerings met dié van Melanchthon vervang. Ná sy vrylating uit gevangeskap weens die Smalkaldiese Oorlog (1546 – 1547) in 1552, het keurvors Johann Friedrich van Sakse, met behulp van die teoloë van die Universiteit van Jena, begin om 'n wetenskaplik betroubare uitgawe van Luther se werke saam te stel. Tussen 1555 en 1558 is die werk voltooi, met agt bande Duitse geskrifte en vier bande Latynse geskrifte. Hierdie uitgawe het uiteindelik nie net op suiwer histories kritiese navorsing berus nie, maar is beklad met die binne-Lutherse teologiese stryd om die 'ware Luther', gedryf deur Matthias Flacius. Die teleurstelling in die 'wetenskaplike pogings' om 'n outentieke uitgawe van Luther se teologiese geskrifte saam te stel, het in die volgende dekades daartoe aanleiding gegee dat daar hoofsaaklik op Luther se pastorale en vroomheidsliteratuur gekonsentreer is. So het die beeld van Luther binne enkele dekades vanaf die genadelose voorvegter om die ware leer na die saggeaarde pastor verskuif (vgl. Nieden 2017:19–21). Een van die doelwitte van hierdie boek is om die balans te handhaaf tussen hierdie twee beelde van Luther.

## 9.5.3. Die behoefte aan 'n biografie

Herinneringskulture lewer biografieë op. Die Reformatoriese herinneringskultuur het alreeds in Luther se sterfjaar die eerste biografie opgelewer. Melanchthon ([1546] 2011a) se *Geskiedenis*

*van die lewe en werk van Martin Luther* (*Historia de vita et actis Martini Lutheri*) het die weg gebaan vir duisende biografieë wat in die volgende 500 jaar die lig sou sien. Een van die doelwitte van Melanchthon ([1546] 2011a:179) met die biografie was om 'die vroomheid van die lidmate te bevorder' – met ander woorde, om navolging van Christus op grond van Luther se voorbeeld in leer en lewe te bevorder. Die volgende invloedryke biografie oor Luther kom uit die pen van Johannes Mathesius, predikant in Joachimsthal, en 'n leerling van Melanchthon wat gereeld Luther se tafelgesprekke bygewoon het. Tussen 1562 en 1565 het hy 17 preke gelewer wat uiteindelik verwerk is tot 'n biografie met die titel *Vertellings oor die eerwaardige, salige, geliefde man van God, doktor Martin Luther* wat in 1566 gepubliseer is. Hierdie werk was spesifiek op die jeug gerig. Hulle moes bewus bly van Luther se lewe en werk. Mathesius stel Luther voor as 'n apolitiese pastoor wat mense getroos en bemoedig het. Teen 1600 was 13 oplaes van die boek reeds verkoop. Hierdie biografie beïnvloed tot vandag toe die populêre beeld van Luther in Duitsland (vgl. Nieden 2017:24).

## 9.5.4. Gedenkdae en die Luther-jubileum van 1617

Daar is baie vroeg in die Reformasiegeskiedenis besef dat Luther en sy medewerkers besig was met wêreldveranderende aktiwiteite en dat 'n tradisie gevestig moes word wat hierdie gebeure jaarliks kon herdenk. Danksy Johannes Bugenhagen,[211] die opsteller van talle kerkordes, is daar besluit om jaarliks 'n dankdag vir die Reformasie binne gemeenteverband te hou. Daar was aanvanklik geen vaste datum vir hierdie fees nie. Volgens die kerkorde van Braunschweig (1528) het die fees in die begin van September plaasgevind, volgens die kerkordes van Hamburg (1529) en Lübeck (1531) op Sondag Trinitatis en volgens die kerkorde van Pommern (1568) op 11 November, Luther se doopdatum en die

211. Vergelyk in Van Wyk 2018b, 'n oorsig oor Johannes Bugenhagen se kerkordes.

fees ter ere van die heilige Martin van Tours. In die suide van Duitsland was 25 Junie die dag van die oorhandiging van die *Confessio Augustana* gewild. Op 12 November 1548 het Melanchthon in die kasteelkerk in Wittenberg 'n voordrag gelewer met die titel *'n Besinning oor Luther en die tydsgewrig van die kerk* (*Declamatio de Luthero et aetatibus ecclesiae*) wat wegwysend sou wees vir universiteit en kerk in die toekoms. In 1561, 'n jaar ná Melanchthon se dood, besluit die senaat om jaarliks op 19 April (sterfdatum van Melanchthon) herdenkingsvoordragte te hou oor Luther en Melanchthon. Aangesien daar so 'n noue band tussen kerk en universiteit in Wittenberg bestaan het, het die lidmate van die kerk hierdie universiteitsgeleentheid in groot getalle bygewoon. Een-en-dertig Oktober sou tot en met 1617 liturgies geen belangrike rol speel nie, hoofsaaklik omdat die stryd teen die aflaatstelsel deur die eerste reformasiegenerasie nie aan 'n dramatiese vertoning met 'n hamer gekoppel is nie. Soos reeds voorheen daarop gewys is, was min tydgenote van Luther bewus van 'n 'hamer-episode' op 31 Oktober 1517.

Talle Reformatoriese kerke in Suider-Afrika handhaaf 'n diep verbondenheid met die Reformasie. Hierdie verbondenheid is ten diepste 'n liturgiese verbondenheid. Volgens dié kerke se kerkordes word die Reformasie jaarliks op 31 Oktober in 'n erediens herdenk. Die kerkordelike reëling, as sodanig, is merkwaardig. Kerklike feesdae word normaalweg kerkordelik vasgestel en gereël onder die rubriek 'liturgiese kalender' of gewoon 'liturgie'. 'n Kerklike gebeurtenis wat saam met gebeurtenisse soos die geboorte, kruisiging en opstanding van Christus op 'n kalender geplaas word, moet nie net van uitsonderlike historiese waarde wees nie, maar moet ook met die hart van die evangelie te make hê. Vir méér as 400 jaar word daar geglo dat die Reformatoriese wending wat deur Martin Luther, Philipp Melanchthon en andere teweeggebring is, in só 'n mate met die evangelie van Jesus Christus verbind kan word dat hulle arbeid jaarliks liturgies aandag moet geniet. Die vraag is egter nou, wie het en wanneer is besluit dat 31 Oktober die datum vir die Reformasiefees sal wees? Eers ná die 30-jarige Oorlog

(1618–1648), in 1667, het keurvors Johann Georg II van Sakse beslis dat die herdenking van die Reformasie, jaarliks op 31 Oktober moet plaasvind. Hierdie beslissing is egter beïnvloed deur vroeëre besluite aangaande ’n jubileum in 1617.

Sedert 1617 is daar naas die jaarlikse dankdiens, ook elke 100 jaar ’n jubileum gevier wat aan 31 Oktober 1517 gekoppel is. Die ‘eerste Luther-jubileum’ (*primus jubilaeus Lutheranus*) is deur die Universiteit van Wittenberg georganiseer en nie deur die kerk nie, aangesien hulle die ‘leerkateder van Luther’ (*cathedra Lutheri*) wou gedenk. Eeufees-jubileums was bekend binne die Duitse universiteitswese en daarom was ’n Luther-jubileum nie onvanpas nie. In 1577 is die 100-jarige bestaan van die Universiteit van Tübingen, in 1587 die 200-jarige bestaan van die Universiteit van Heidelberg en in 1602 die 100-jarige bestaan van die Universiteit van Wittenberg herdenk. Omdat daar binne die universiteite ervaringskennis oor eeufeesvierings was, verbaas dit nie dat die Universiteit van Wittenberg in 1617 die eerste jubileum aangebied het nie.

Aangesien daar ’n baie noue band tussen kerk en universiteit in Wittenberg was, was dit vanselfsprekend dat die kerk aktief aan die jubileum sou deelneem. Die vraag bly egter: Hoekom was 31 Oktober die gekose datum vir die jubileum? Een ooglopende antwoord sou wees dat die stryd teen die aflaatstelsel aanvanklik binne die universitêre disputasiestelsel gevoer is. Een-en-dertig Oktober, en eintlik 01 November, was bestem vir ’n akademiese strydgesprek en nie vir demonstratief kerklike vertoon nie. Nogtans bly die vraag hoekom die aflaatpraktyk soveel argwaan onder die bevolking uitgelok het?

Die ontsteltenis oor die aflaatpraktyk het ’n lang historiese aanloop gehad. Pous Bonifatius VIII het in 1300, op grond van Deuteronomium 25, ’n jubeljaar uitgeroep. In hierdie jaar is die sondes van pelgrims in Rome wat die kruistogte finansieel ondersteun het, deur die pous vergewe. Hierdie ‘voorreg’ is aanvanklik elke honderd jaar herhaal. Gedurende die 14de eeu is die wagtydperk van 100 jaar algaande verkort sodat daar al

vinniger méér geld gemaak kon word. In die 15de eeu het die pouse hierdie geleenthede ingekort tot periodes van 25 jaar. Die bedoeling was dat elke gelowige een keer in sy of haar lewe Rome as 'n pelgrim moes besoek sodat alle sondes vergewe kon word – natuurlik teen 'n prys. Hierdie 'plenaaraflaat' ('*plena remissio peccatorum*') – die afkoop van alle sondes teen betaling was natuurlik teologies skandalig. Hierdie aflaatteologie sou Wittenberg in 1516 in al sy aakligheid tref. Die openbare begin van die stryd teen die aflaatstelsel (31 Oktober 1517) was dus vir die Protestante die vanselfsprekende gebeure wat *herdenking* verdien. In die lig hiervan het die gemeentes in Wittenberg, naas die Universiteit se feesvieringe, in 1617 'n herinnerings- en jubileumkultuur geïnisieer wat tot vandag voortduur. Wat prakties gebeur het, was dat Luther se preke weer voorgelees is in die gemeentes en dat vlugskrifte en skilderye van Luther uitgestal is (argiefmateriaal is met ander woorde uitgestal). Luther is ook tydens hierdie jubileum nie net voorgestel as die man wat die Bybel aan die Duitsers teruggegee het nie, maar ook as 'n profeet uit die hemel wat die kerk uit die tirannie van die pous kom red het. Die besluit van die Wittenbergse gemeentes om die stryd teen die aflaatstelsel tot herinneringsplig te verhef, het die Roomse Kerk diep geraak. Pous Paulus V het, as 'n teenvoeter, 'n 'heilige jaar' in 1617 uitgeroep, net soos dit in 1983 (500-jarige herdenking van Luther se geboorte) gedoen is. Nieteenstaande die feit dat die aflaatstryd altyd 'n belangrike tema tydens die volgende jubileums gebly het, was daar elke eeu ook ander klemtone, aangesien daar ander uitdagings was.

## 9.5.5. 1717–1917

Die jubileum van 1717 was gekonfronteer met die stryd tussen die Piëtisme (Spener en Francke uit Halle) en die Ortodoksisme (Leipzig). Die primêre oogmerk van die jubileum was om die Duitse Lutherane te verenig. Daar is verder ook geargumenteer dat die Reformasie die land bevry het van die tientalle Roomse feesdae, en dat die vermeerdering van die werksdae bygedra het

tot die ekonomiese vooruitgang van daardie tyd. Vanselfsprekend is daar tydens kongresse oor Luther se arbeidsetiek gerefereer. Hierdie jubileum was ook ’n belangrike stimulus vir kerklike eenheid tussen Lutherane en Calviniste.

Die jubileum van 1817 sou geheel en al in die lig staan van die kerklike eenheid in Pruise. Luther is uitgebeeld as ‘vader van die Duitse nasie’. Hy is voorgestel as die voorloper van Bismarck. Die Duitse Bybel was vanselfsprekend die middelpunt van die aandag. Sy lied ’n *Vaste burg is onse God* is tot die ‘volkslied’ van die Duitsers verhef.

Die jubileum van 1917 het voortgebou op dié een van 1817. Luther is uitgebeeld as die ‘vader van die vaderland’. Hy is voorgehou as die trotse fondament van die volk. Sy liedere het al meer en meer politieke betekenis gekry – totdat selfs die Rooms-Katolieke Nazi’s teen 1933 (die 450-jarige Luther-jubileum) met gemak ’n *Vaste burg* kon gebruik vir hulle ideologiese propaganda. Die 1917-jubileum het midde in die Eerste Wêreldoorlog (Julie 1914 – November 1918) en die ineenstorting van die Pruisiese Ryk plaasgevind. Teoloë soos Karl Holl (1866–1926) het besef dat Luther opnuut nagevors en uitgelê moes word, aangesien die verstaanshorison waarbinne Luther geïnterpreteer is, verdwyn het. Die Luther-Renaissance wat deur Holl geïnisieer is, wou die waarde van Luther ontdek vir die nuwe politieke en sosiale werklikhede wat ontvou het. Holl kon sy kollegas oortuig om opnuut terug te keer na Luther se primêre geskrifte sodat daar op ’n vars manier verduidelik kon word waaroor temas soos die regverdigingsleer handel (vgl. Bauer 2017; Kaufmann [2016] 2017:373–424; Lorentzen 2017; Wendebourg 2017).

## ■ 9.6. Oorsig

In hierdie hoofstuk oor Luther se eskatologie word daar aandag gegee aan die redes vir die hoë sterftesyfer soos die pes. Sy eie, aanhoudende siektes geniet ook aandag. Die sagte menslikheid van Luther word geïllustreer aan hand van sy smart oor sy dogters

se dood. Luther se verstaan van die dood en sy troosvolle eskatologie word daargestel volgens sy tafelgesprekke, geskrifte, troosbriewe, gesange en preke. In die lig van die belangrikheid van sy eskatologie word daar kortliks en sistematies aandag gegee aan sy verstaan van die dood as 'slaap' en die laaste oordeel en die regverdiging deur die geloof. As teologiese verband word aan Luther en die herinneringskultuur aandag gegee. Veral die Luther-jubileums geniet aandag.

Aanhangsel

# Chronologiese oorsig oor Luther se lewe

## 1483–1502

### 1483

**10 November 1483**
Martin Luder word as oudste seun van Hans en Margarethe Luder in Eisleben gebore.

**11 November 1483**
Martin word deur Bartholomäus Rennebecker in die St. Petrikirche in Eisleben gedoop. Die naam Martin is ontleen aan die heilige Martin wat op daardie dag vereer is.

### 1484

Die familie verhuis na Mansfeld, waar Martin tussen 1488 en 1496 skoolgaan.

### 1497

Skoolonderrig aan die Latynskool in die dom van Magdeburg.

## 1498–1501

Skoolonderrig aan die Latynskool in St. Georg in Eisenach.

## 1501

Luther begin met algemene universiteitsonderrig aan die 'Fakulteit Lettere en Wysbegeerte' (*Artistenfakultät)* van die Universiteit Erfurt.

## 1502

**29 September 1502**
Luther ontvang 'n *Baccalaureus in die Vrye Kunste*.

# 1505–1509

## 1505

Ná afhandeling van die *Magister Artium*, begin hy regte studeer.

**02 Julie 1505**
Luther sterf byna in 'n storm by Stotternheim en belowe die heilige Anna dat hy 'n monnik sal word.

**17 Julie 1505**
Luther neem sy intrek by die Augustynse Eremiten-orde.

## 1507

**04 April 1507**
Luther word tot priester gewy en nadat hy sy eerste Mis op 2 Mei bedien het, begin hy op 24-jarige leeftyd op 02 Julie met sy teologiese studie.

## 1508

Luther studeer teologie en doseer moraalfilosofie in Wittenberg.

# 1509

**09 Maart 1509**
Luther behaal die graad *Baccalaureus Biblicus*.

**Augustus 1509**
Luther word *Baccalaureus Sententiarius.*

# 1510–1511

Reis na Rome ter wille van administratiewe aangeleenthede van die Augustynse orde.

**September 1511**
Luther neem sy permanente intrek in die klooster in Wittenberg en woon daar tot sy dood.

# 1512

**18–19 Oktober 1512**
Luther promoveer tot doktor in die teologie.

Hy word as opvolger van Johannes von Staupitz aangestel as professor in Bybelse eksegese in Wittenberg.

Hy word ook onderhoof van die klooster in Wittenberg.

# 1513–1515

- *Eerste voorlesings oor die Psalms*.[212]

# 1513

**11 Maart 1513**
Leo X († 01 Des. 1521) word tot pous verkies.

212. Al die kursiewe gedeeltes dui op (eventuele) publikasies. In die meeste van die gevalle word 'n verkorte titel aangegee.

## 1514

Luther word deur die stadsraad van Wittenberg beroep as prediker van die stadskerk.

## 1515

Luther word verkies tot distrikshoof van die Augustynse orde en toesighouer oor 10 kloosters in Thüringen en Meiβen.

# 1515–1516

- *Voorlesings oor Romeine*.

# 1516–1517

- *Voorlesings oor Galasiërs*.

# 1517–1518

- *Voorlesings oor Hebreërs*.

**Februarie 1517**
- *Uitleg van die sewe Boetpsalms* as eerste Duitse publikasie.

**04 September 1517**
- *Disputasie teen die skolastieke teologie*.

**31 Oktober 1517**
Volgens legende sou Luther op hierdie dag *Die 95 stellings* teen die aflaatstelsel aan die kerkdeur van die kasteelkerk in Wittenberg vasgespyker het. Wat wel seker is, is dat hy op dié dag 'n uitnodiging tot disputasie aan aartsbiskop Albrecht van Mainz, met as aanhangsel *Die 95 stellings teen die aflate*, gestuur het.

**Desember 1517**
- *Die 95 stellings* word in die openbaar versprei.

## 1518–1521

- *Tweede voorlesing oor die Psalms.*

**Maart 1518**
- Publisering van die *Preek oor die aflaat en die genade*.

**26 April 1518**
- *Die Heidelberg Disputasie*.

**07 Julie–14 Oktober 1518**
Die Ryksdag van Augsburg.

**25 Augustus 1518**
Melanchthon kom in Wittenberg aan en hou sy intreerede op 28 Augustus.

**12–14 Oktober 1518**
Luther word op die Ryksdag van Augsburg deur kardinaal Thomas Cajetan van kettery aangekla. Luther weier om sy geskrifte terug te trek.

**Desember 1518**
Keurvors Frederik die Wyse weier om Luther aan Rome uit te lewer.

## 1519

- *Preek oor die heilige lyding van Christus.*
- *Voorbereiding op die dood.*

Publikasies oor die *Onse Vader, bieg, boetedoening, doop, nagmaal* en *woeker.*

**27 Junie–16 Julie 1519**

Luther en sy kollega Karlstadt *disputeer in Leipzig* met Johannes Eck.

**28 Junie 1519**
Karl V († 1558) word in Frankfurt deur die keurvorste tot koning verkies. Ná die kroning in 1520 verwys hy na homself as die 'verkose keiser van die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie'.

**September 1519**
- *Latynse kommentaar oor Galasiërs*.

**Augustus –November 1519**
Die universiteite Keulen en Leuven veroordeel Luther se leermenings.

## 1520

**April 1520**
- *Preek oor die goeie werke*.

**Junie 1520**
- *Oor die pous in Rome.*

**15 Junie 1520**
Die pous dreig Luther met die ban (*Exurge Domine*) op grond van 41 leerveroordelings.

**Augustus 1520**
- *Aan die Christelike adel van die Duitse nasie oor die verbetering van die Christendom*.

**Oktober 1520**
- *Oor die Babiloniese gevangeskap van die kerk.*

**November 1520**
- *Oor die vryheid van 'n Christenmens*.

**November–Desember 1520**
Luther publiseer 'n begronde weerwoord op die 41 aanklagte in Latyn en Duits.

**10 Desember 1520**
Luther verbrand die 'bul' of ban-dreigement saam met die *Korpus van kanonieke reg* by die ingangspoort (*Elstertor*) van Wittenberg.

## 1521–1522

- *Die magnificat: Vertaal en uitgelê.*
- *Oor die geloftes van monnike.*
- *Oor die misbruik van die mis.*
- *Vermaning aan alle Christene om af te sien van oproer en sosiale verset.*

**03 Januarie 1521**
Die pouslike ban '*Decet Romanum Pontificem*' word oor Luther uitgespreek.

**06 Maart 1521**
Uitnodiging van Karel V om die Ryksdag van Worms by te woon.

**17/18 April 1521**
Op die Ryksdag van Worms eis Luther weerlegging van sy standpunte op grond van die Skrif alleen.

**26 April 1521**
Luther verlaat Worms. Keiser Karel V wil hom in hegtenis neem, maar keurvors Frederik die Wyse laat hom ontvoer en versteek hom in die Wartburg as Junker Jörg.

**04 Mei 1521**
Aanvang van sy verblyf in die Wartburg.

**08 Mei 1521**
Edik van Worms. Luther en sy aanhangers word voëlvry verklaar.

**Desember 1521–Februarie 1522**
Werk aan die vertaling van die Nuwe Testament.

**09 Januarie 1522**
Hadrianus VI († 14 September 1523) word tot pous verkies.

**01 Maart 1522**
Verlaat die Wartburg en keer terug na Wittenberg om die oproer te keer.

**09–16 Maart 1522**
Aanroepingspreke (*Invocavitpredigten*) in Wittenberg. In die volgende maande preek hy in Borna, Altenburg, Zwickau, Erfurt en Weimar.

**September 1522**
Publikasie van die Duitse vertaling van die Nuwe Testament (*Septembertestament*).

# 1523

**23 Februarie 1523**
Hervat nieamptelik voorlesings in die Wittenbergse klooster.

**April 1523**
Luther help 12 nonne naby Grimma om die klooster te ontvlug. Nege vind verblyf in Wittenberg.

**01 Julie 1523**
Twee Luther-aanhangers uit die Augustynse orde word in Brussel op die brandstapel tereggestel. Luther reageer met ’n bekende lied *Ons sing ’n nuwe lied.*

**18 November 1523**
Clemens VII († 25 September 1534) word tot pous verkies.

**Geskrifte uit 1523**

- *Oor die wêreldlike owerheid.*
- *Dat Jesus Christus ’n Jood van geboorte is.*
- *Dat ’n gemeente die reg en die mag het om predikante te beroep.*
- *Die orde van ’n erediens.*
- *Duitse doopliturgie.*

# 1524

- *Aan die burgermeesters van alle stede [...] dat hulle Christelike skole moet oprig.*
- *Eerste Wittenbergse versameling van 32 Duitse gemeentegesange.*
- *Strydgesprekke met Müntzer en Karlstadt.*

**09 Oktober 1524**
Luther trek sy priestergewaad uit en bedank uit die Augustynse orde.

# 1525–1526

- *Duitse Mis en die erediensorde.*

## 1525

**Mei 1525**
Hy poog om die boereopstande te stuit.
- *Teen die rooflustige en moorddadige boerehordes*.

**15 Mei 1525**
Die slag van Frankenhausen. Thomas Müntzer word gevange geneem.

**13 Junie 1525**
Hy trou met die gewese non Katharina von Bora. Die egpaar het ses kinders.

## 1526

Die Reformasie word in Hessen aanvaar.
- *Of soldate ook die hemel kan beërwe?*

**Junie 1526**
Luther ly aan nierstene.

**07 Junie 1526**
Sy seun Johannes word gebore.

## 1527–1528

Nagmaalstryd met Zwingli.
- *Oor die Nagmaal van Christus. 'n Belydenis.*

## 1527

**06 Julie 1527**
Ernstige depressie.

**10 Desember 1527**
Sy dogter Elizabeth word gebore.

## 1528

**Maart 1528**
- *Onderrig van die visitatore.* Gesamentlike projek van Luther en Melanchthon.

**03 Augustus 1528**
Sy dogter Elizabeth sterf.

## 1529

**April 1529**
- *Die groot kategismus*.

**19 April 1529**
Tweede Ryksdag van Speyer. Die *protestation* deur die evangeliesgesindes.

**Mei 1529**
- *Die klein kategismus*.
- *Oor oorlog teen die Turke.*

**04 Mei 1529**
Sy dogter Magdalena word gebore.

**01–04 Oktober 1529**
Vergader met ander Reformatore in Marburg oor leerkwessies. Ooreenstemming oor 14 kwessies. Geen ooreenstemming oor die nagmaal nie.

## 1530

- *’n Preek dat ’n mens kinders op skool moet hou.*
- *Omsendbrief oor die vertaalkuns (Dolmetschen).*
- *Uitleg (confitemini) van Psalm 118.*

**24 Februarie 1530**
Karel V word in Bologna deur pous Clemens VII as keiser gekroon.

**23 April–04 Oktober 1530**
Luther skuil in die Coburg-kasteel tydens die Ryksdag van Augsburg.

**20 Junie–19 November 1530**
Die Ryksdag van Augsburg.

**25 Junie 1530**
Die *Confessio Augustana*, hoofsaaklik deur Melanchthon opgestel, word voorgelees en aangebied.

**29 Junie 1530**
Luther se vader, Hans Luder, sterf.

## 1531

- *Waarskuwing aan sy liewe Duitsers* ná afloop van die Ryksdag van Augsburg.

**30 Junie 1531**
Sy moeder, Margarethe, sterf.

**07 November 1531**
Geboorte van sy seun Martin.

## 1532

- *Brief aan die dwepers en onbevoegde predikers.*

**28 Januarie 1533**
Geboorte van sy seun Paul.

## 1534

Die Reformasie word in Württemberg deur hertog Ulrich ingevoer.

**September 1534**
Die eerste volledige vertaling van die Bybel (Lutherse Bybel) word gepubliseer.

**13 Oktober 1534**
Paulus III († 1549) word tot pous verkies.

**17 Desember 1534**
Sy dogter Margarethe word gebore.

# 1535–1546

Luther is dekaan van die Fakulteit Teologie in Wittenberg.
Hy neem deel aan die ordening van predikante.
Hy tree op as voorsitter by die disputasies wat sedert 1533 weer ingestel is.

## 1535

- *Aan 'n goeie vriend: 'n Eenvoudige manier om te bid.*

## 1536

Denemarke word onder koning Christian III Protestants.

**Mei 1536**
*Die Wittenbergse konkordie* oor die nagmaal, doop en bieg, kom tot stand.

**Desember 1536**
Luther stel op aandrang van die keurvors die *Smalkaldiese Artikels* ('n geloofsbelydenis) op.

## 1537

**31 Januarie–26 Februarie 1537**
Luther, Bugenhagen en Melanchthon neem in Schmalkalden deel aan die vorming van die Smalkaldiese Bond.
Luther word siek weens nierstene.

**Desember 1537**
Begin van die stryd teen die antinomiste.

## 1538

- *Die Christelike geloofsbelydenis*.

## 1539

Sakse, onder leiding van hertog Heinrich, en Brandenburg onder leiding van keurvors Joachim word Protestantse gebiede.

- *Teen die antinomiste.*
- *Oor die konsilies en kerke.*

## 1540

- *Skrywe aan die predikante om teen woeker te preek.*

## 1541

- *Teen Hans Worst.*
- *Aanmoediging tot gebed teen die Turke.*
- *Voorbeeld om 'n ware Christelike biskop te kies.* (Nikolaus von Amsdorff as biskop van Naumburg).

## 1542

**06 Januarie 1542**
Luther stel sy tweede testament op.

**20 September 1542**
Luther se dogter Magdalena sterf.

## 1543

- *Oor die Jode en hulle leuens.*
- *Oor die laaste woorde van Dawid.*

## 1544

- *'n Kort belydenis oor die heilige sakrament.*

**19 September 1544**
Laaste sitting van die Bybelhersieningskomitee.

**05 Oktober 1544**
Luther wy die kasteelkerk in Torgau in as die eerste kerk wat deur Protestante self gebou is.

# 1545

- *Outobiografiese voorwoord tot die eerste Wittenbergse uitgawe van sy Latynse geskrifte.*
- *Teen die pous in Rome en sy duiwelse oorsprong.*

**17 November 1545**
Laaste universiteitslesing.

**28 Julie–16 Augustus 1545**
Besoeke aan Leipzig, Zeitz, Merseburg, Halle en Torgau.

# 1546

**28 Januarie 1546**
Aankoms in Eisleben.

**14 Februarie 1546**
Laaste preek in Eisleben.

**17 Februarie 1546**
Bemiddeling tussen graaf Albrecht en graaf Gebhard von Mansfeld.

**18 Februarie 1546**
Luther sterf in Eisleben.

**22 Februarie 1546**
Luther word deur sy kollegas Melanchthon en Bugenhagen in die kasteelkerk in Wittenberg begrawe.[213]

213. ’n Volledige chronologiese oorsig is te vinde by Van Dülmen ([1983] 2017) terwyl verkorte oorsigte by Gretzschel (2017:267–273), Leppin en Schneider-Ludorff (2015:799–801) en Schwarz ([1986] 2014:267–271) te vinde is.

# Literatuurverwysings

## Voorwoord


Korsch, D. & Leppin, V. (Hrsg.), [2010] 2017, *Martin Luther – Biographie und Theologie*, Mohr Siebeck, Tübingen.

Leppin, V., [2010] 2017, 'Biographie und Theologie Martin Luthers – eine Debatte und (k)ein Ende?', in D. Korsch & V. Leppin (Hrsg.), *Martin Luther – Biographie und Theologie*, pp. 313–318, Mohr Siebeck, Tübingen.

Nürnberger, K., 1975, *Sistematiese teologie*, Verenigde Lutherse Teologiese Semenarie, Genadendal.

Nürnberger, K., 2005, *Martin Luther's message for us today: A perspective from the South*, Cluster Publications, Pietermaritzburg.


## Hoofstuk 1


Anttila, M., 2017, *Luther's theology of music: Spiritual beauty and pleasure*, De Gruyter, Berlin.

Bärenfänger, K., 2015, s.v. 'Kinder Luthers', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 341–344, Bückle & Böhm, Regensburg.

Dietrich, V., [2008] 2013, *Martin Luther: Sein Leben und seine Zeit*, 3. Aufl., Deutscher Taschenbuch Verlag, München.

Dithmar, R. (Hrsg.), 2010, *Luthers Tischreden*, Wartburg Verlag, Eisenach.

Gause, U., 2015, s.v. 'Ehe/Familie', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 181–182, Bückle & Böhm, Regensburg.

Gräb-Schmidt, E., 2017, 'Gerechtigkeit und Freiheit in den Institutionen am Beispiel von Ehe und Familie', in U. Heckel, J. Kampmann, V. Leppin & C. Schwöbel (Hrsg.), *Luther heute: Ausstrahlungen der Wittenberger Reformation*, pp. 319–350, Mohr Siebeck, Tübingen.

Hamman, K., 2017, 'Impulse der Reformation für das Bildungswesen', in Wartburg-Stiftung Eisenach (Hrsg.), *Luther und die Deutschen: Begleitband zur Nationalen Sonderausstellung auf der Wartburg 4. Mai – 5. November 2017*, pp. 182–187, Michael Imhof Verlag, Eisenach.

Kohnle, A., 2015, *Martin Luther: Reformator, Ketzer, Ehemann*, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Köpf, U., 2015, *Martin Luther: Der Reformator und sein Werk*, Reclam Verlag, Stuttgart.

Leppin, V., [2006] 2010, *Martin Luther*, 2., durchgesehene, aktualisierte Aufl., Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.

Lohse, B., 1995, *Luthers Theologie in ihrer historischen Entwicklung und in ihrem systematischen Zusammenhang*, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Luther, M., [1519] 1884, 'Eyn Sermon von dem Elichen Standt vorendert und corrigirt duch D. Martinus Luther, Augustiner zu Wittenberg', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 2. Bd., pp. 166–171, Hermann Böhlau. Weimar.[214] (WA 2, 166-171).

Luther, M., [1526] 1897, 'Vorrede: Deutsche Messe und ordnung Gottis diensts', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 19. Bd., pp. 72–78, Hermann Böhlau Nachfolger, Weimar. (WA 19, 72–78).

Luther, M., [1530] 1909, '*Peri tes Mousikes*', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 30. Bd*., Zweite Abteilung*, pp. 695–696, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 30(II), 695–696).

Luther, M., [1537–40] 1912, 'Matthäus Kapitel 18–24 in Predigten ausgelegt', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 47. Bd., pp. 232–627, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 47, 232–627).

Luther, M., [1531–46] 1919, 'Tischreden 1531–46', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke. Kritische Gesamtausgabe.,* 5. Bd*., Tischreden aus den Jahren 1540–1544*, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA TR 5).

Luther, M., [1529] 2012, 'Der kleine Katechismus für die gemeine Pfarherr und Prediger', in D. Korsch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 1. Bd., *Glaube und Leben*, pp. 574–597, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 30(I), 264–326).

Luther, M., [1519] 2015, 'Sermon vom heiligen hochwürdigen Sakrament der Taufe', in D. Korsch & J. Schilling (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 2. Bd., *Wort und Sakrament*, pp. 1–27, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 2, 727–737)

Luther, M., [1520] 2016a, 'An den christlichen Adel deutscher Nation: Von der Reform der Christenheit', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 1–135, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 6, 404–469).

Luther, M., [1524] 2016b, 'An die Ratsherren aller Städte deutschen Landes, das sie christliche Schule aufrichten und halten sollen', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 356–405, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 15, 27–53).

Luther, M., [1530] 2016c, 'Ermahnung an die ganze Geistlichkeit, die in Augsburg im Jahr 1530 auf dem Reichstag versammelt ist', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 631–713, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 30(II), 268–356).

Luther, M., [1523] 2016d, 'Grund und Rechtfertigung dass Nonnen ihr Kloster nach Gottes Willen verlassen dürfen', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 339–355, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 11, 394–400).

214. Let daarop dat die spelling vóór en na 1900 verskil. Gesammtausgabe en Hermann Böhlau is verander na Gesamtausgabe en Hermann Böhlaus.

Luther, M., [1530] 2016e, 'Predigt, dass man Kinder zur Schule schicken soll', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe,* 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 716–787, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 30(II), 517–588).

Luther, M., [1522] 2016f, 'Vom ehelichen Leben', in H. Zschoch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe*, 3. Bd., *Christ und Welt*, pp. 165–215, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 10(II), 275–304).

Melanchthon, P., [1546] 2011, 'Historia Lutheri', in M. Beyer, S. Rhein & G. Wartenberg (Hrsg.), *Melanchthon Deutsch*, 2. Bd., *Theologie und Kirchenpolitik,* 2., korrigierte Aufl., pp. 178–197, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Schilling, H., 2014, *Martin Luther: Rebell in einer Zeit des Umbruchs*, C.H. Beck, München.

Schilling, J., 2012, '"Musicam semper amavi" – "Die Musik habe ich allezeit liebgehabt": Martin Luther, Johann Walter und die Anfänge evangelischer Kirchenmusik', *Luther* 83(3), 133–144.

Schilling, J., 2017, 'Luther, die Musik und der Gottesdienst', in U. Heckel, J. Kampmann, V. Leppin & C. Schwöbel (Hrsg.), *Luther heute: Ausstrahlungen der Wittenberger Reformation,* pp. 194–210, Mohr Siebeck, Tübingen.

Schweitzer, F., 2017, 'Die Reformation als Bildungsbewegung – Nicht nur im schulischen Bereich. Ausgangspunkte, Wirkungsgeschichte, Zukunftsbedeutung', in U. Heckel, J. Kampmann, V. Leppin & C. Schwöbel (Hrsg.), *Luther heute: Ausstrahlungen der Wittenberger Reformation,* pp. 275–293, Mohr Siebeck, Tübingen.

Schwilk, H., 2017, *Luther der Zorn Gottes. Biografie*, Blessing Verlag, München.

Spehr, C., 2017, 'Im Lutherhause. Luthers Familienleben und dessen spätere Idealisierung', in Wartburg-Stiftung Eisenach (Hrsg.), *Luther und die Deutschen: Begleitband zur Nationalen Sonderausstellung auf der Wartburg 4. Mai – 5. November 2017*, pp. 176–181, Michael Imhof Verlag, Eisenach.

Staats, R., 2015, s.v. 'Geburtsjahr', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 237–238, Bückle & Böhm, Regensburg.

Strohl, J., 2015, s.v. 'Mann und Frau', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 470–471, Bückle & Böhm, Regensburg.

Treu, M., 2015a, s.v. 'Eltern Luthers', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 189–190, Bückle & Böhm, Regensburg.

Treu, M., 2015b, s.v. 'Verwandtschaft Luthers', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 723–724, Bückle & Böhm, Regensburg.

Van Dülmen, A., [1983] 2017, *Luther-Chronik: Daten zu Leben und Werk*, überarbeitete Neuaufl. mit einem Vorwort von Klaus Berger, Patrimonium Verlag, Mainz.

## Hoofstuk 2

Burger, C., 2015, s.v. 'Humanismus', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 300–303, Bückle & Böhm, Regensburg.

Danz, C., 2013, *Einführung in die Theologie Martin Luthers,* Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.

Dieter, T., 2015, s.v. 'Theologie und Philosophie', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 545–549, Bückle & Böhm, Regensburg.

Dithmar, R., (Hrsg.), 2010, *Luthers Tischreden*, Wartburg Verlag, Eisenach.

Hamm, B., 2015, s.v. 'Staupitz, Johannes von', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 659–661, Bückle & Böhm, Regensburg.

Hamm, B., 2016, *Ablass und Reformation: Erstaunliche Kohärenzen*, Mohr Siebeck, Tübingen.

Hamman, K., 2017, 'Impulse der Reformation für das Bildungswesen', in Wartburg-Stiftung Eisenach (Hrsg.), *Luther und die Deutschen: Begleitband zur Nationalen Sonderausstellung auf der Wartburg 4. Mai – 5. November 2017*, pp. 182–187, Michael Imhof Verlag, Eisenach.

Hennen, I., 2017, 'Wittenbergs Stadtbild in der Reformationszeit', in I. Dingel, A. Kohnle, S. Rhein & E. Waschke (Hrsg.), *Initia Reformationis: Wittenberg und die frühe Reformation*, pp. 121–147, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Kaufmann, T., 2016, *Geschichte der Reformation in Deutschland*, Suhrkamp Verlag, Berlin.

Kohnle, A., 2015, *Martin Luther: Reformator, Ketzer, Ehemann*, Evangelische Verlagsanstalt (SCM), Leipzig.

Leppin, V., [2006] 2010a, *Martin Luther*, 2 durchgesehene, aktualisierte Aufl., Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.

Leppin, V., [2005] 2010b, 'Traditionen – Humanismus', in A. Beutel (Hrsg.), *Luther Handbuch,* 2. Aufl., pp. 67–70, Mohr Siebeck, Tübingen. (UTB 3416).

Leppin, V., [2005] 2010c, 'Traditionen – Universitätswissenschaft', in A. Beutel (Hrsg.), *Luther Handbuch,* 2. Aufl., pp. 62–67, Mohr Siebeck, Tübingen. (UTB 3416).

Leppin, V., 2015a, s.v. 'Disputation / Disputationen', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 166–172, Bückle & Böhm, Regensburg.

Leppin, V., 2015b, s.v. 'Tauler, Johannes', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 675–676, Bückle & Böhm, Regensburg.

Leppin, V., 2015c, s.v. 'Thesenanschlag', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 684–687, Bückle & Böhm, Regensburg.

Leppin, V., 2016, *Die fremde Reformation: Luthers mystische Wurzeln*, Verlag CH. Beck, München.

Lohse, B., 1995, *Luthers Theologie in ihrer historischen Entwicklung und in ihrem systematischen Zusammenhang,* Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen.

Lück, H., 2017, 'Die Leucoria im Jahr 1517: Eine Momentaufnahme', in I. Dingel, A. Kohnle, S. Rhein & E. Waschke (Hrsg.), *Initia Reformationis: Wittenberg und die frühe Reformation*, pp. 265–283, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Luther, M., [1518] 1883a, 'Resolutiones disputationum de indulgentiarum virtute', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 1. Bd., pp. 522–628, Hermann Böhlau, Weimar. (WA 1, 522–628).

Luther, M., [1518] 1883b, 'Vorrede zu der vollständigen Ausgabe der "deutschen Theologie" 1518', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 1. Bd., pp. 375–379, Hermann Böhlau, Weimar. (WA 1, 375–379).

Luther, M., [1520] 1888, 'Adversus execrabilem Antichristi bullam', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 6. Bd., pp. 597–612, Hermann Böhlau Nachfolger, Weimar. (WA 6, 597–612).

Luther, M., [1516] 1893, 'Randbemerkungen zu Taulers Predigten', in J.K.F Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 9. Bd., pp. 95–104, Hermann Böhlau Nachfolger, Weimar. (WA 9, 95–104).

Luther, M., [1531] 1908, 'Predigt am 12. Sonntag nach Trinitatis, am 27. August 1531, Nr. 78', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 34. Bd.*, Zweite Abteilung*, pp. 146–156, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 34(II), 146–156).

Luther, M., [1531–46] 1912, '*Tischreden 1531–46',* in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke. Kritische Gesamtausgabe.* 1. Bd., Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA TR 1).

Luther, M., [1541] 1914, 'Wider Hans Worst', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 51. Bd., pp. 461–572, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 51, 461–572).

Luther, M., [1531–46] 1919, 'Tischreden 1531–46', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 5. Bd.*, Tischreden aus den Jahren 1540–1544*, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA TR 5).

Luther, M., [1501–20] 1931a, 'Brief an Albrecht von Mainz, 31. Oktober 1517', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 1. Bd., *Briefwechsel,* Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA Br 1, 108–113, Nr. 48).

Luther, M., [1501–20] 1931b, 'Brief an Johannes Lang am 18. Mai 1517, Nr. 41', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 1. Bd., *Briefwechsel,* p. 99, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA Br 1, 99, Nr. 41).

Luther, M., [1517] 2006a, 'Disputatio contra scholasticum theologiam / Disputation gegen die scholastische Theologie', in W. Härle (Hrsg.), *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe,* 1. Bd.*, Der Mensch vor Gott*, pp. 19–33, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 1, 224–228).

Luther, M., [1517] 2006b, 'Disputatio pro declaratione virtutis indulgentiarum', in J. Schilling (Hrsg.), *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe,* 2. Bd.*, Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 1–15, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 1, 233–238).

Luther, M., [1518] 2006c, 'Widmungsbrief an Johannes von Staupitz zu den "Resolutiones disputationum de indulgentiarum virtute" 30. Mai 1518', in J. Schilling (Hrsg.), *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe,* 2. Bd., *Christusglaube und Rechtfertigung*, pp. 17–23, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 1, 525–527).

Luther, M., [1518] 2012, 'Ein Sermon von Ablass und Gnade', in D. Korsch (Hrsg.), *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe*, 1. Bd., *Glaube und Leben*, pp. 1–11, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig. (WA 1, 243–246).

Melanchthon, P., [1546] 2011, 'Historia Lutheri', in M. Beyer, S. Rhein & G. Wartenberg (Hrsg.), *Melanchthon Deutsch*, 2. Bd., *Theologie und Kirchenpolitik,* 2. korrigierte Aufl., pp. 178–197, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Nieden, M., 2015, s.v. 'Theologische Ausbildung', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 681–683, Bückle & Böhm, Regensburg.

Oehmig, S., 2017, 'Wittenberg am Beginn der Reformationszeit: Beobachtungen anhand der Kämmereirechnungen der Jahre um 1517', in I. Dingel, A. Kohnle, S. Rhein & E. Waschke (Hrsg.), *Initia Reformationis: Wittenberg und die frühe Reformation*, pp. 149–197, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Schenk, S., 2015, s.v. 'Ockham, Wilhelm von', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, p. 519, Bückle & Böhm, Regensburg.

Schilling, J., 2017, 'Die Verbreitung von Luthers Ablassthesen', in I. Dingel, A. Kohnle, S. Rhein & E. Waschke (Hrsg.), *Initia Reformationis: Wittenberg und die frühe Reformation*, pp. 351–365, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Schwarz, R., [2005] 2010, 'Gattungen – Disputationen', in A. Beutel (Hrsg.), *Luther Handbuch,* 2. Aufl., pp. 328–340, Mohr Siebeck, Tübingen. (UTB 3416).

Schwarz, R., [1986] 2014, *Luther,* 4. durchgesehene Aufl., Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen. (UTB 1926).

Schwilk, H., 2017, *Luther der Zorn Gottes. Biografie*, Blessing Verlag, München.

Spehr, C., 2017, 'Der Ablass am Vorabend der Reformation', in I. Dingel, A. Kohnle, S. Rhein & E. Waschke (Hrsg.), *Initia Reformationis: Wittenberg und die frühe Reformation*, pp. 15–33, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

## Hoofstuk 3

Barth, H.-M., 2009, *Die Theologie Martin Luthers: Eine kritische Würdigung*, Gütersloher Verlagshaus, Gütersloh.

Dietz, T., 2011, 'Martin Luthers theologischer Umgang mit Angsterfahrungen', *Luther* 82(2), 88–98.

Dörfler-Dierken, A., 2015, s.v. 'Anna (Heilige)', in V. Leppin & G. Schneider-Ludorff (Hrsg.), *Das Luther-Lexikon*, pp. 60–61, Bückle & Böhm, Regensburg.

Exalto, K., 1982, 'Luthers leer van de pradestinatie', in C. Graafland, J. Kamphuis, W. Van't Spijker & K. Exalto (eds.), *Luther en die Gereformeerd Protestantisme*, pp. 157–182, Boekencentrum, 's-Gravenhage.

Hamm, B., [2010] 2015, 'Naher Zorn und nahe Gnade. Luthers frühe Klosterjahre als Beginn seiner reformatorischen Neuorientierung', in C. Danz (Hrsg.), *Martin Luther*, pp. 39–83, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.

Härle, W. (Hrsg.), 2006, *Martin Luther: Lateinisch-Deutsche Studienausgabe,* 1. Bd., *Der Mensch vor Gott,* unter Mitarbeit von Miachael Beyer, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.

Jüngel, E., 1980, 'Quae supra nos, nihil ad nos: Eine Kurzformel der Lehre vom verborgenen Gott – im Anschluss an Luther interpretiert', in E. Jüngel (Hrsg.), *Entsprechungen: Gott – Wahrheit – Mensch. Theologische Erörterungen*, pp. 202–261, Chr. Kaiser, München.

Kaufmann, T., 2016, *Geschichte der Reformation in Deutschland*, Suhrkamp Verlag, Berlin.

Kolb, R., Dingel, I. & Batka, L. (eds.), 2016, *The Oxford handbook of Martin Luther's theology*, Oxford University Press, Oxford.

Köpf, U., 2015, *Martin Luther: Der Reformator und sein Werk*, Reclam Verlag, Stuttgart.

Leppin, V., [2006] 2010, *Martin Luther*, 2. durchgesehene, aktualisierte Aufl., Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.

Leppin, V., 2016, *Die fremde Reformation: Luthers mystische Wurzeln*, Verlag CH Beck, München.

Lohse, B., [1995] 1999, *Martin Luther's theology: Its historical and systematic developments*, transl. & ed. R. Harrisville, T & T Clark, Edinburgh.

Luther, M., [1518] 1883a, 'Decem Praecepta Wittenbergensi predicata populo. Praeceptum Primum', in J.K.F. Knaake (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 1. Bd., pp. 398–430, Hermann Böhlau, Weimar. (WA 1, 398– 430)

Luther, M., [1518] 1883b, 'Resolutiones disputationum de indulgentiarum virtute', in J.K.F. Knaake (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 1. Bd., pp. 522–628, Hermann Böhlau, Weimar. (WA 1, 522–628)

Luther, M., [1513–16] 1886, 'Dictata super Psalterium 1513–1516. Ps. LXXXV – CL', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesammtausgabe,* 4. Bd., pp. 1–463, Hermann Böhlau, Weimar. (WA 4, 1–463).

Luther, M., [1534] 1910, 'Predigten über die Taufe', in J.F.K. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 37. Bd., pp. 627–672, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 37, 627–672).

Luther, M., [1533] 1912a, 'Die kleine Antwort auff h. Georgen nehcstes buch', in J.K.F. Knaake et al. (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 38. Bd., pp. 141–170, Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 38, 141–170).

Luther, M., [1538–42] 1912b, 'Genesisvorlesung. Cap. 18–30', in J.K.F. Knaake (Hrsg.), *D. Martin Luthers Werke, Kritische Gesamtausgabe,* 43. Bd., Hermann Böhlaus Nachfolger, Weimar. (WA 43).

